




Rassie

Stories oor rugby en die lewe

RASSIE ERASMUS

en David O'Sullivan

Rassie

Stories oor rugby en die lewe

RASSIE ERASMUS

EN DAVID O'SULLIVAN

MACMILLAN

www.panmacmillan.co.za

*Vir my ma, Maria, my susters, Martlie en Gerda, my vrou, Nikki, en my
kinders, Nikki, Carli en Jani*

Voorwoord

MENSE DINK HULLE KEN MY. En ek verstaan hoekom. Ek is in die openbare oog sedert ek destyds, in 1994, vir die Vrystaat begin rugby speel het. Ek kom van die Oos-Kaapse dorpie Despatch, uit 'n nederige agtergrond, waar my wêreld ongelooflik klein was. En toe, namate my rugbyvaardighede ontwikkel het, was my naam skielik op die sportblaaie van koerante en in rugbytydskrifte, daar is op radio oor my gepraat en ek het op TV verskyn. Die wedstryde waarin ek gespeel het, is regstreeks in mense se huise uitgesaai.

Die openbare oog het aansienlik skerper op my begin val toe ek 'n Springbok geword het en later 'n afrigter wat die Curriebeker twee keer gewen het. En toe ek die Bokke afgerig en die Wêreldbeker in 2019 gewen het, het dit byna ondraaglik geword.

Met die koms van sosiale media was ek vinnig aan boord. Ek het nog altyd daarvan gehou om aan die voorpunt van sake te wees wanneer dit kom by tegnologie. Ek gebruik Twitter gereeld, partykeer om Twitter-storms en Twitter-oorloë te ontketen, en dit het die publiek groter toegang gegee tot wat ek doen en sê. Mense het dit gelees en kommentaar gelever op wat ek te sê gehad het, en na video's gekyk waar ek dans en die lewe geniet. Soveel mense het daardie berugte video gesien waarin ek 'n skeidsregter kritiseer. Dis alles daar buite vir die publiek om te sien en te oordeel.

Mense dink hulle ken my, en hulle vorm hul eie menings oor my. Ek het geen probleem daarmee nie. Mense kan en moet hul eie sienings hê. Natuurlik sal ek dit verkies dat daardie sienings en menings op feite gegrond is, maar ek weet die feite is nie altyd beskikbaar nie. So, mense besluit soms wat hulle van my dink op grond van iets wat eenvoudig nie waar is nie.

Om eerlik te wees, 'n groot deel van die openbare mening oor my is ver van die waarheid. Ek kom dalk voor as grootbek, eiewys, arrogant, onboetvaardig. Dit lyk dalk of ek nie ernstig is nie, of dalk 'n bietjie te veel van jol hou. Ek lyk dalk omgesukkel, ingewikkeld en befoeterd. Die lys persepsies is lank. En terwyl dié kritiek in sommige gevalle verstaanbaar,

selfs geregverdig is, is baie daarvan eenvoudig verkeerd.

Mense dink ek is 'n ekstrovert, maar ek is nie. Ek vind sosiale geleenthede moeilik, en interaksie met mense wat ek nie ken nie, is vir my ongemaklik. Wanneer ek op nuuskonferensies praat, is ek senuweeagtig en ver buite my gemaksone. Natuurlik is ek nou al gewoond daaraan en ek probeer dit met 'n glimlag doen, maar dit beteken nie die situasie is makliker om te hanteer nie.

Ek sê wat ek dink wanneer ek glo ek kan 'n verskil maak. Ek verwoord my siening wanneer ek dink mense kan dinge andersins verkeerd verstaan. Ek stel myself bloot. Maar dit beteken nie ek geniet die kollig nie. Die waarheid is, agter alles is ek 'n stil, ongekompliseerde mens. Ek kan my hegte vriende op een hand tel. Ek verkies dit om privaat te wees. Ek wil nie die middelpunt van die aandag wees nie. Maar dit is nie die lewe wat ek kan lei met die loopbaan wat ek vir myself gekies het nie, en daarmee kan ek saamleef.

Mense dink hulle ken my, maar dit is nie waar nie.

Wil jy weet wie die regte Rassie Erasmus is? Kom ek vertel jou ...

1

DIE NAAM RASSIE HET LATER GEKOM. Die eerste 18 jaar van my lewe was ek net Hannie, die kort weergawe van die naam op my geboortesertifikaat: Johan. Dis ek – net Johan Erasmus. Geen ander name nie.

My ou skoolmaats en mense wat my as laaitie geken het, noem my steeds Hannie.

Despatch in die Oos-Kaap, waar ek grootgeword het, is 'n klein werkersklasdorpie, die tuiste van 40 000 mense, sowat 30 kilometer van Port Elizabeth (deesdae Gqeberha). Ek is op 5 November 1972 in die provinsiale hospitaal van die buurdorp Uitenhage gebore, net anderkant die brug oor die Swartkopsrivier. Despatch het nie 'n hospitaal gehad nie. Dis hoe klein dit is.

Die meeste mense wat op Despatch gebly het, het by die Goodyear-fabriek of by Volkswagen in Uitenhage gewerk. Hulle is trotse mense en hulle werk hard. Nooit windgat nie. Jy kon nie windgat wees op Despatch nie, want daar was niks om oor windgat te wees nie.

Ek is die jongste van drie. My oudste suster, Martlie, is agt jaar ouer as ek. Sy en haar man, Bert, en hul twee kinders woon die afgelope 20 jaar in Engeland, waar sy as maatskaplike werker by die Nasionale Gesondheidsdiens werk. Ondanks die afstand tussen ons, is ons steeds baie na aan mekaar.

Dan is daar my ander suster, Gerda, drie jaar ouer as ek, wat saam met haar man, Willie, en hul twee kinders op 'n plaas in die Baviaanskloof bly. In my grootwordjare het die plaas aan my oupa-hulle behoort, en ons het elke liewe vakansie soontoe gegaan. Die tradisie duur tot vandag voort, en ek probeer so gereeld as moontlik 'n draai op die plaas maak as ek wil wegkom van die stres van my werk. Ek en Gerda het 'n wonderlike verhouding, want die ouderdomsverskil is kleiner. Toe ek hoërskool toe is, was sy in standerd nege (graad elf).

Ná Gerda op Caledon gebore is, het my ouers na Despatch verhuis.

Hulle het 'n bietjie rondgetrek voordat hulle oplaas in 'n huisie in President Reitzstraat 98 nesgeskop het. Ek onthou daardie huis so goed. Soveel goeie dinge het daar gebeur. En soveel slegte dinge.

Wanneer ek terugkyk na my lewe op Despatch, kan ek sê ek was 'n gelukkige seuntjie op daardie dorpie, met baie vriende; ek het skool geniet en ek was goed in sport. Ek het 'n liefdevolle, ondersteunende ma en twee wonderlike susters gehad. My pa was moeilik, maar ek was nogtans lief vir hom.

Kom ek vertel jou van my ingewikkelde pa, Abel Hermanus Erasmus. Hy het wel 'n bietjie rugby op skool en by die onderwysopleidingskollege gespeel, maar hy was meer kunssinnig en 'n ongelooflike musikant. My susters het daardie talente geërf. Ek het my sportvermoëns van my ma gekry. My pa het grootgeword op Sunland, 25 kilometer van Kirkwood en sowat 45 kilometer van Despatch, in die Sondagsriviervallei. Abel se pa, my oupa, het 'n ongewone werk gehad. Hy het bekend gestaan as die waterfiskaal, die ou wat die watervloei deur die besproeiingstelsels vir die sitrusplase op die oewer van die Sondagsrivier gereguleer het. Ek was mal daaroor om by hom te gaan kuier in sy kantoor met die meer as 30 stophorlosies – groot silwer nekhorlosies wat deur die regering uitgereik is en gebruik is om te bepaal hoe lank die besproeiingsluise oop moes bly. 'n Boer sou byvoorbeeld twee uur lank water kry, tot op die laaste sekonde afgemeet deur daardie groot stophorlosies wat die werkers aan 'n band om die nek gedra het.

My pa se jonger broer, Erik Erasmus, alombekend as oom Moos, het graag die storie vertel van hoe my pa een aand by die huis aangekom het met sy klere geskeur en bebloed en vol modder. Hy het gebibber van vrees. Moos, wat destyds omtrent tien jaar oud was, het gedog dis 'n monster by die hek en die hasepad gekies. Dit blyk toe my pa is raakgery deur 'n trein, wat seker baie stadig gery of hom net skrams getref het. Hy was nie ernstig beseer nie, net erg geskok oor wat gebeur het. Selfs ná my pa se dood het Moos nog gelag oor die storie van daai dag toe hy sy ouer broer vir 'n monster by die hek aangesien het.

My pa kon amper enige musiekinstrument bespeel: trekklavier, konsertina, elektriese kitaar, banjo, ukelele, noem maar op. Hy was so talentvol. As 'n musiekinstrument vir hom nuut was, kon hy dit binne 'n halfuur baasraak. Hy het in 'n orkes gespeel en was dikwels die

seremoniemeester op troues en danspartytjies in die stadsaal. Hy was 'n baie slim man; hy is skool toe op die ouderdom van vier, kon klavier speel toe hy vier was, en het op 16 klaargemaak met skool.

Onder my gunstelingherinneringe is van die kere wat my pa ons gesin op 'n Sondag sou bymekaarkry om musiek te maak. Dit het nie gereeld gebeur nie, maar dit was so spesiaal. My twee susters is baie musikaal. Martlie kan sing en Gerda kan orrel en klavier speel. Ek en my ma het geen ritme nie en ons kan nie sing nie, so, ons het maar die tamboeryn en die ratels gekry, met my pa op die elektriese kitaar. Dan het ons ons eie konsert gehou. Dit was gelukkige tye, maar ongelukkig was sulke tye skaars.

My pa het sy duiwels gehad, en sy grootste duiwel was drank.

Hy sou van die werk af kom, 'n bottel Mainstay-rietspirituss oopmaak en drink tot hy omkap. Ons het 'n waskamer langs die kombuis gehad waar my pa sy Mainstay gebêre het – oftewel sy bloukop-soldaatjie, soos my ma dit genoem het, oor die blou prop. Daar was soveel van daai bottels, die meeste daarvan leeg. Wanneer my pa nugter was, het hy graag geskerks dat hy baie geld kon maak deur daai leë bottels terug drankwinkel toe te vat.

So teen sesuur se kant saans sou hy 'n bierglas vat – die soort met die kort steel – en dit halfvol rietspirituss skink. Geen ys, geen water, niks daarby gemeng nie. Net so skoon. Dan het hy dit met een teug leeggedrink en in die sitkamer gaan TV kyk. Twintig minute later sou hy terug in die waskamer wees vir nog een.

Hy het in sy onderbroek geloop, met sy boepens wat uithang, van die sitkamer na die waskamer en terug, tot die bottel leeg was of hy so dronk was dat hy nie uit sy stoel kon opstaan nie, nie kon praat nie en met niemand kon stry nie.

Dit was senutergend om hom so in sy onderbroek te sien rondloop, want ons was bang iemand sien hom so, iemand wat nie deel van ons gesin is nie. Ons het hom vir besoekers weggesteek, en my susters wou nooit kêrels huis toe bring nie.

Hy het ons nooit fisiek aangerand nie, maar sy drinkery het my bang gemaak. As hy 'n woordewisseling wou uitlok terwyl hy dronk was, het ons geweet dis beter om pad te gee. As jy met 'n dronk mens stry, gaan jy net in 'n groter argument beland. My ouers het in aparte kamers geslaap, en die beste ding wat jy kon doen, was om hom in sy kamer te kry.

Maar hy was nie heeltemal veilig daar nie. Wanneer ons hom wel tot in

sy kamer gekry het, het hy – elke aand, sonder uitsondering – op sy sy gaan lê en homself op die bene geslaan. Hy het homself baie hard geslaan, oor en oor. Dan het hy sy been gevryf en weer begin slaan. So het dit aan- en aangehou. Dit het my ontstel en ek het hom soms probeer keer. Ek wou hom beskerm, so, ek sou langs hom gaan lê en sy hand vashou sodat hy homself nie kon slaan nie. Ek het handdoeke oor sy bene gesit om die impak van die houe te versag. Ek sou agter hom lê en hom vashou, wat partykeer gewerk het. Al wat ek wou doen, was om hom te troos, want ek kon sien hy was ontsteld.

Ek het ook kopspeletjies gespeel. Ek sou sê: “Pa, kan ek hier by Pa lê? Ek voel alleen.” Wat ek nie sou sê nie is: “Pa, ek wil jou beskerm.” Ek het net agter hom gelê sodat dit kon voel of iemand hom ’n drukkie gee.

As ek sou sê: “Pa, ek wil jou help. Pa, moet asseblief nie vir Pa so slaan nie,” sou hy my nie in die kamer toegelaat het nie. Die slanery was nie iets wat hy bewustelik gedoen het nie. Hy kon homself nie help nie. Party nagte het dit gevoel asof hy nooit gaan ophou nie. Baie nagte het ek net gestaan en toekyk terwyl hy dit doen.

Ek onthou een aand het my vriend David Malan by my gekuier en hy kon hoor hoe my pa homself in sy slaapkamer slaan. Ek het David in my vertrouwe geneem en verduidelik wat aangaan. David het die aaklige situasie probeer ligter maak deur te sê: “Nee, nee, dis muskiete – jou pa slaan muskiete teen die muur dood.”

Wanneer sy orkes by geleenthede gespeel het, was ek altyd benoud dat hy te veel sou drink. Die orkeslede sou begin speel en stadigaan meer en meer drink. My pa sou liggies dronk word en sy oë toemaak terwyl hy speel. Dit was asof hy in ’n ander wêreld was, asof die musiek en die drank hom weggevoer het van sy sorge.

Ek onthou hoe ’n vriend vir my gevra het: “Hoekom maak jou pa sy oë toe terwyl hy speel?”

Ek het vir hom gesê: “As jy regtig goed is, hoef jy nie na jou instrument te kyk nie.” Maar ek het geweet wat regtig aan die gang was, en ek was altyd bekommerd dat hy te dronk sou word. Ek het dit gehaat. Ek wou nie hê hy moes my in die skande steek nie. Of homself in die skande steek nie.

Partykeer het ons vroeg-vroeg die drinkery probeer stopsit sodat dit nie handuit kon ruk nie. Kort nadat hy begin drink het, sou ons hom in sy kamer kry en die deur sluit. Maar dan was die hel behoorlik los. Hy sou aan

die deur hamer totdat ons oopmaak. Dan het hy waskamer toe gestap, sy glas volgemaak en weer voor die TV gaan sit, en maar weer so aangehou totdat die Mainstay-bottel leeg was.

Eenkeer moes ons met hom hospitaal toe jaag nadat hy per ongeluk 'n groot sluk uit 'n bottel Jik gevat het. Iemand het die Jik-bottel in die yskas gesit en my pa, in sy besope toestand, het gedog dis melk en 'n groot sluk gevat. Hy het begin opgooi. Ek was 14 jaar oud en moes in die kar spring en na my neef toe jaag, met flitsende noodligte, en hulle het hom hospitaal toe gevat.

Sondae het ons dikwels by my oupa-hulle op Kirkwood gaan kuier. Ek onthou 'n keer toe ek ongeveer tien jaar oud was. Al was dit Sondag, was my pa dronk en hy wou opsluit Kirkwood toe gaan, maar my susters en my ma het geweier om saam met hom te gaan. Ek het my pa hoor sê net ek kon hom soontoe neem.

Al klink dit nou bisar, was dit veel veiliger so. Vir my was dit lekker om te bestuur en my gesin veilig langs my te hê. Op tienjarige ouderdom, in standaard vier (graad ses), het ek na my ma se ouers se plaas in die Baviaanskloof of my pa se ouers se huis op Kirkwood begin ry. Ek moes, want my pa was bloot te dronk om te bestuur. Hy het daarop aangedring dat ek die een agter die stuur moes wees, nie my ma of my susters nie. Ons het 'n outomatiese Ford Cortina gehad. Ek het op 'n groot kussing gesit sodat ek oor die stuurwiel kon sien. My pa het langs my gesit, met my ma en my susters agter. Ek weet nou dit was malligheid, maar destyds het ons nie so gedink nie. Ek was 'n goeie bestuurder. Ek het die trekkers en lorries op die plaas geleer bestuur, so, dit was nie regtig so 'n groot uitdaging om met die Cortina te ry nie en almal het heel veilig gevoel.

Op 'n dag was ek nie lus om saam met hom Kirkwood toe te gaan nie. Ek wou nie hê hy moes my in die hande kry sodat hy my kon vra nie, daarom het ek weggekruip. Maar hy het geweet ek is iewers in die huis.

My susters het my kom waarsku: "Pa soek jou."

Ek het gesê: "Nee, ek gaan nie saam met hom ry nie."

Hulle het vir hom gaan sê: "Johan is nie hier nie."

My pa het sy .303-geweer in die kamer gaan haal, en toe het hy my kom soek met die woorde: "Hy is hier!"

My susters het my benoud kom waarsku. "Kruip weg – hy soek jou! Hy't 'n geweer." Hulle was duidelik baie bang, en as hulle bang was, was

ek beslis nie van plan om my pa te konfronteer nie. Ek onthou dat ek nie bang was nie. Ek het geweet hy sou my nie regtig skiet nie.

Ek het op ons huis se dak geklim en daar gelê totdat my susters kom rapporteer het dat hy uitgepaas het. Ek onthou een van ons bure het my op die dak gesien en wou weet wat aangaan. Ek het gesê ek soek 'n tennisbal. Toe het ek net daar gelê, verveeld, terwyl ek wag dat hy moes uitpaas op sy bed.

My pa het my nooit fisiek seergemaak nie, maar hy het dinge gesê wat my seergemaak het. My ma het ook onder daardie sielkundige mishandeling deurgeloop. Hy het geweet hoe belangrik rugby vir my is, en nadat ons teen die Hoërskool Framesby verloor het, het hy iets gesê soos: “Ja, jy met jou dun nekkie, jy sal nêrens kom nie – julle kan nie eens vir Framesby klop nie.”

Dit het tien keer erger seergemaak as die feit dat hy my wou skiet.

Ek onthou 'n keer toe my pa met ons Port Elizabeth toe gery het en dronk was. My vriend David Malan was langs my op die agtersitplek en Ma was in die passasiersitplek. Toe hy op die N2-snelweg na PE afdraai, het hy aan die verkeerde kant van die pad beland, reg in die rigting van die aankomende verkeer. My ma was te bang om iets te sê, en David het oplaas aan my gestamp en gesê: “Jou pa ry nie aan die regte kant van die pad nie.”

My pa het my Kwedien genoem (Xhosa vir “klein seuntjie”). Ek het gevra: “Pa, kan Kwedien nie bestuur nie?”

Hy het van die snelweg afgetrek, en ek het agter die stuurwiel ingeskuif en verder bestuur.

Hoewel hy 'n onderwyser was, het hy glad nie in my skoolwerk belang gestel nie. Hy het na party van my rugbywedstryde kom kyk toe ek op laerskool was, want dit het vroeg begin, so agtuur of negeuur die oggend, maar toe ek op hoërskool was en vir die eerste span gespeel het, het die wedstryde eers teen elfuur of twaalfuur begin. Hy sou 'n rukkie lank kyk en dan na iemand se huis toe ry om weer te begin drink.

Dit was 'n verleentheid as die skoolhoof of die dominee na ons huis toe kom en sê: “Ons is hier vir julle. Ons weet waardeur julle gaan.” Hulle kon kom inloer om te gesels, maar hulle het fokkol gedoen om ons te help. Ek was skaam vir my ma se onthalwe. En vir my pa s'n. Ek wou nie hê die skoolhoof en die dominee moes enige iets oor ons weet nie. Gaan net weg, ons sal oukei wees. Ek haat dit as mense sê hulle is daar vir jou. Sê eerder

niks. Wees eerder daar. Wees regtig daar.

Ek dink nie die mense by sy werk het geweet my pa is 'n alkoholis nie. Hy het elke oggend halfses opgestaan en voordat hy werk toe gery het, het hy 'n glas sodawater gedrink. Dan het hy in sy Mazda 323-staatsmotor geklim en na Port Elizabeth gery waar hy werksaam was by die Departement van Bantoe-administrasie. (Dit is later, met apartheid se ondergang, afgeskaf en die werksaamhede is deur verskeie ander departemente oorgeneem.) Hy het nooit 'n dag by die werk misgeloop nie en hy was nooit dronk by die werk nie.

Wat my omkrap, is hoe hy drank gelos het nadat ek op 18 die huis verlaat het en weermag toe is. My ma het besluit om by hom te bly solank die kinders in die huis is. Toe, nadat Martlie weg is om aan die Universiteit van Port Elizabeth te studeer en Gerda later Bloemfontein toe getrek het, het sy vir haarself gesê om vas te byt omdat sy geweet het ek wou nie hê sy moes my pa los nie. Die oomblik toe ek Bloemfontein toe is vir die weermag, het sy van hom geskei. My pa se ouers het hom na hulle huis op Kirkwood gevat waar hulle hom versorg en hom gehelp het om die onttrekkingsimptome te hanteer. Hulle het hom in sy kamer van alkohol weggehou totdat hy sy verslawing kon beheer en ophou drink.

As dit net jare vroeër gebeur het. As my pa in die vroeë 1980's hulp gekry het, toe hy begin drink het, het hy dalk vandag nog gelewe. Toe ek jonk was, is alkoholiste as slegte mense beskou wat dié lewe vir hulself gekies het. Niemand het ons as gesin gehelp nie, en ons kon onself nie help nie, want ons het nie geweet wat om te doen nie.

My ma is Maria Elizabeth Erasmus (nooiensvan Terblanche), en sy was die sportiewe een in die gesin. Sy was 'n naelloper en sy het netbal gespeel. My sporttalent het ek by haar gekry. Sy is nou in haar tagtigs. Sy was my grootste ondersteuner toe ek op skool aan sport deelgeneem het. Sy is steeds my grootste ondersteuner. Sy kon ure lank vir my 'n tennisbal gooi, nie net sodat ek kon oefen nie, maar ook omdat ons albei mal was daaroor.

Ons het ons eie speletjies opgemaak. Ons kombuisstoele het metaalpote gehad, met rubberproppe aan die onderkant, en ek het graag die stoel op sy voorpote gekantel en dan gebons-bons-bons terwyl ek op die twee pote balanseer. My ma sou dan tel hoeveel keer ek dit kon doen sonder om om te

val. Ons sou tot 130 tel, en die volgende dag sou sy sê: “Komaan, ons probeer weer,” en dan bons ek tot 140. Ek was mal oor daai speletjie.

My ma het by die plaaslike munisipaliteit gewerk. Sy het elke erfnommer op Despatch geken. As jy haar gewys het waar iemand bly, kon sy vir jou sê wat die erfnommer is en of die mense se munisipale rekening betyds betaal is.

My laerskool, Susannah Fourie, was reg langs die munisipaliteit. Uit haar kantoorvenster kon my ma die skoolhek en die sportvelde sien. Sy het my uit haar kantoor dopgehou terwyl ek rugby speel. Sy het al my wedstryde gekyk, hetsy deur haar kantoorvenster of langs die veld. Sy kyk steeds krieket, netbal en rugby en het heelwat te sê oor die manier waarop elke sportsoort gespeel word. Sy het ’n sterk mening oor die duikreëls. Sy sal sê: “Niemand kan sonder sy bene hardloop nie. Jy moet vir daai Springbokspan sê.”

En dan sê ek vir haar: “Ja, Ma, ek sal vir hulle sê.”

My ouers het mekaar by die onderwysopleidingskollege op Graaff-Reinet ontmoet. My pa het ’n onderwyser in Port Elizabeth geword toe hy net 18 jaar oud was, en op 24 was hy vir ’n wyle die waarnemende skoolhoof van ’n skool op Graaff-Reinet. Hy het egter op die ou end die onderwys laat vaar omdat die geld te min was. Dit was in die dae voor hy begin drink het.

Baie van my familieledede was in die onderwys, insluitende oom Moos en my pa se suster, tannie Tilla. My ma se suster was ’n onderwyser en my suster Martlie het ’n rukkie lank kuns gegee voordat sy teruggekeer het na maatskaplike werk. Ek het planne gehad om ’n liggaamsopvoedingsonnie te word, maar dit het toe nie so uitgewerk nie.

Aan my ma se kant was daar my oupa, Daniel Johannes Terblanche. Ons het hom oupa Bokkedaat genoem – dit het geen betekenis gehad nie, dit was sommer net ’n bynaam. Hy en my ouma, ouma Marta, het drie kinders gehad: my ma, my tannie Taniela en my oom Boetie.

Oupa Bokkedaat was ’n ryk, suksesvolle boer in die Baviaanskloof. Sy plaas was elke vakansie ons bestemming. Dit is steeds. My oupa het sy hand aan enige iets onder die son gewaag. Hy het met bokke, beeste en skape geboer, en tabak, pampoen en uiesaad geplant. Hy het op die ou end vier of vyf plase besit. Hy was streng ook. Hy het geen alkohol in sy huis toegelaat nie. Hy was selfs gekant teen ’n glas wyn saam met ete, so, my pa

moes skelm agter die skuur gaan drink. Ek het hom nooit dronk voor my oupa gesien nie.

Kom ek vertel jou van my grootwordjare tussen die mense van Despatch.

Die Human-gesin het langsaan gebly. Oom Piet en tannie Leah en hul vyf kinders: Gerhard (bynaam Pote), Dawie, Herman (bynaam Harry), Siegie en Leah. Die seuns het almal rugby gespeel. Pote, wat 13 jaar ouer as ek is, was die suksesvolste. Hy het meer as 200 provinsiale rugbywedstryde vir die Oostelike Provinsie en die Vrystaat gespeel en die Bulle afgerig. Hy rig nou die Houston SaberCats in die VSA af. In 2006 was ek en Pote die opponerende afrigters van die spanne wat die Curriebeker gedeel het nadat die eindstryd gelykop, 28-28, geëindig het. Toe ons destyds langs mekaar in Despatch gebly het, was dit iets waarvan ons nooit sou kon droom nie. Die Humans was vir my 'n tweede gesin. Hulle het na my omgesien. Tussen ons huise was 'n eenvoudige heining, met 'n gat waardeur ek kon kruip. Ek het die meeste van my tyd daar by hulle deurgebring. As ek in die moeilikheid was, het ek gereeld gevlug en by hulle huis gaan wegkruip. Hulle het my gesin verstaan en geweet wat aangaan.

Harry het op my eerste skooldag saam met my skool toe gestap. Dit was iets wat hy en Siegie gereeld gedoen het toe ek klein was, want ons het naby die skool gebly. Ek het skool toe gestap totdat ek 16 geword en 'n 50cc-motorfiets gekry het.

Ek het altyd die klere gedra wat die Human-seuns ontgroeï het, nie omdat my ma nie nuwe klere kon bekostig nie – dit is maar net wat jy op Despatch gedoen het. As klere steeds gedra kon word en gepas het, hoekom sou jy dit nie dra nie? Skoolklere is van een ná die ander Human-seun aangegee tot dit by my uitgekom het.

Ek onthou die Humans het bokshandskoene gehad. Ons het in hulle voortuin teen mekaar geveg, en enige verbyganger in die straat uitgedaag om teen ons te baklei. Hulle sou inkom, kyk of hulle die groter Human-seuns kon ore aansit, dalk platgeslaan word, en dan weer verder stap. Despatch se mense was goed met baklei. Dis 'n tawwe dorp. As daar 'n bakleiery uitbreek, is daar min wat terugstaan. Nie omdat hulle moeilikheidmakers is nie, maar mense sê nie net: “Ag nou ja,” en stap verder nie. Hulle klim in.

Ons tuingevegte was heel fatsoenlik. Ons het vir drie rondes teen mekaar geboks, mekaar behoorlik gemoer – maar met bokshandskoene aan. Selfs Pote, wat veel ouer as ek was, het teen my baklei. En hy het nie sommer net afgehaak en my platgeslaan nie, al kon hy. Dit was nooit wreed nie, maar dit was hard.

Op die hoek het Willie en Gerhard Meyer gebly. Willie, wat vyf jaar ouer as ek is, het later 'n Springbokspanmaat geword en in 26 toetswedstryde gespeel.

Rugby was ons gunstelingsport. Al wat ek moes doen om 'n wedstryd aan die gang te kry, was om tot in die straat te stap en vir my pelle te fluit. Niemand het mekaar gebel nie. Ons moes net hard fluit. Ek sou fluit en die Humans sou fluit, die Meyers sou fluit, en my vriende Conrad Fouche en Pieter O'Neill (wat later SA Skole en vir die Boland gespeel het) en sy broer, Paul, sou fluit. En Riaan Scholtz en Werner Terblanche. Die hele straat deur is daar gefluit. Ons is in, ons is in, ons is in – en sommer tjoeftjaf was daar 'n groep spelers bymekaar.

Partykeer het ons in iemand se erf gespeel tot dit donker was. Meestal is ons na 'n oop stuk veld, 'n park wat selde gebruik is, so 800 meter van my huis af en naby die kerk, waar ons 'n rugbyveld uitgemeet en gespeel het.

Reg oorkant die Laerskool Susannah Fourie is die Hoërskool Despatch, en 'n ent daarvandaan is die hoofrugbyveld. Dis waar ek my eerste rugbywedstryd ooit gespeel het, as jy nie daai private sosiale wedstryde in die parkie bytel nie. Deesdae staan die Rassie Erasmus-pawiljoen langs daardie einste veld. Elke keer as ek Despatch toe gaan, maak ek 'n draai by daardie veld. Ek voel baie trots en ietwat oorweldig dat die pawiljoen na my vernoem is. Dis lekker om dit vir my kinders te wys, maar toe die naam onthul is, was ek nie seker of die eer my regtig toegekom het vir iets waarvoor ek so lief is en waarvoor ek betaal is nie.

Pote en Siegie was my eerste rugbyhelde, want hulle het vir die Despatch-rugbyklub gespeel, asook vir die Oostelike Provinsie. Maar my grootste held was ook 'n Despatch-boorling, die Springboklegende Danie Gerber. Die sportkompleks by die Hoërskool Despatch is na hom vernoem.

Ek het nie nodig gehad om ver te gaan om hom te sien nie. Sy ouma het verder af in ons straat gebly en ek het hom gesien as hy by haar kom kuier het. Danie was 'n superster. Hy word steeds beskou as een van die wêreld se beste senters ooit in toetsrugby. Hy het 19 drieë vir Suid-Afrika in

24 wedstryde gedruk en 179 provinsiale wedstryde vir die Oostelike Provinsie, die Westelike Provinsie en die Vrystaat gespeel. Ek was sewe jaar oud toe hy sy internasionale debuut gemaak het. In my klein wêreldjie was die feit dat hy vir die Despatch-rugbyklub gespeel het 'n baie groot ding. Ek het nooit 'n enkele tuiswedstryd misgeloop nie.

Danie en Pote het vir oefendraffies deur die strate van Despatch gegaan. Hulle was ongelooflik sterk. Hulle het 'n klompie bakstene in hulle sagte groen rugsakke gepak en dan agt kilometer ver gaan draf, rugsakke op die rug. Ná die tyd, as hulle die rugsakke afhaal, het hulle vir ons die skaafmerke gewys. Dit het ons mateloos beïndruk.

Ek en my maats het met ons fietse langs hulle gery of saam gedraf, net om naby hulle te kon wees. Ons het deur die begraafplaas en deur die buitewyke van die township gehardloop. Ek was skytbang vir daai begraafplaas, maar die township het my belangstelling geprikkel. Op daardie jong ouderdom het ek nie gewonder hoekom swart mense daar gebly het nie. Dit was maar net hoe dinge was.

Ek het aan 'n klomp sportsoorte deelgeneem, vir my skool en vir die Despatch-sportklub – rugby in die winter, krieket in die somer. Tennis ook. Ek en my vriende sou rugby speel en ná die tyd die ligte by die klub se tennisbane aanskakel en tot laataand speel.

In standerd sewe (graad nege) het ek my ouderdomsgroep gewen en toe tennis laat vaar. Maar twee jaar later het ek besluit om weer te probeer en my ouderdomsgroep gewen, sonder enige oefening en met 'n stokou raket. Ek onthou my teenstander in die halfeindronde was 'n seun genaamd Morne Mostert. Hy het later 'n baie suksesvolle loopbaan gehad. Nie as 'n tennisspeler nie, maar as 'n akademikus. Dit was nie regtig 'n verrassing nie, want al was ek akademies redelik sterk, met 'n gemiddeld van so om en by 75%, het Morne se punte so rondom 95% geboer. Hy is nou dr. Morne Mostert, dien op die Nasionale Beplanningskommissie, en is direkteur van die Instituut vir Toekomsnavorsing by die Universiteit Stellenbosch. Hy leer ons om te dink oor dinge wat nog nie gebeur het nie. Ons het altyd geweet Morne sou groot hoogtes bereik met sy manier van dink. Hy is ongelooflik slim, maar hy is vandag steeds 'n plat-op-die-aarde, lekker ou. Hy kom immers van Despatch af.

In die somer het ek krieket gespeel. Op laerskool en hoërskool was ek dikwels die openingskolwer en -bouler. Oom Moos, my pa se broer, het by

ons gebly en ek en hy het in die agterplaas gespeel. Ons het verskillende voorwerpe, soos 'n asdrom, in die tuin gesit om veldwerkers te wees. As jy die voorwerp tref, is jy uit. Die kolfblad het oor die lengte van die oprit gestrek, met ons huis se muur aan een kant en die bure se muur aan die ander kant. As jy die muur raakslaan, of die bal verby die bouler terugslaan, was dit 'n vier. Ek moes een boulbeurt draaiballe boul, een boulbeurt vinnige balle, een boulbeurt teen 'n medium tempo, totdat ek tien paaltjies gehad het. Tannie Tilla het telling gehou.

Ek was goed genoeg om Nuffieldweekproewe in matriek te speel, maar ek het nie die Oostelike Provinsie-span gehaal nie. Ek het krieket nie soveel soos rugby geniet nie. Dit het nie vir my soos 'n spansport gevoel nie. Of ek nou gekolf, geboul of veldwerk gedoen het, dit het vir my gevoel of ek altyd op my eie was.

Ek het ook fietsry probeer. In my laaste jaar op laerskool het ek besluit om in te skryf vir 'n fietswedren wat deur die *Oosterlig*-koerant geborg is. Ek kan nie onthou hoe ver dit was nie – ek dink dit was so 45 of 65 kilometer. My beentjies was dun en ek het nie 'n behoorlike resiesfiets gehad nie. Die roete het ons deur Uitenhage gevat, uit in die rigting van Jeffreysbaai, en terug na Port Elizabeth. Daar is 'n hele paar stywe bulte voordat jy by die St. Albans-gevangenis kom (waar Charles Wessels, ons huidige Springbokspanbestuurder, in die 1980's as politieke gevangene aangehou is).

'n Foto van my het in die *Oosterlig* verskyn waar ek by een van daai lang bulte opry in 'n sweetpak wat my ma vir my gemaak het. Ek het haar nie genoeg tyd gegee om enige van die behoorlike fietsryklere te koop wat my maats gedra het nie. Daai broek was van wol gemaak; dit het my geskaaf en dit was vrek warm. Ek dink ek het my skoolskoene gedra. Die onderskrif het gelui: *Sjoe, hierdie bult is steil, dink Johan Erasmus*. En daar's 'n ander foto waarop ek my fiets stoot terwyl 'n vroulike deelnemer – 'n jong meisie – verby my ry.

Rugby was my hoofsport. Ek het as tjokker, by die Despatch Voorbereidingskool, begin speel waar Frikkie Meyer – ook 'n rugbylegende op die dorp – ons afrigter was. Ek onthou nog ons groen truitjies met die bruin krae toe ek in die o. 9A-span was. In my laerskooljare aan die Laerskool Susannah Fourie was ek een van die ouens wat die vinnigste kon hardloop, so, ek het losskakel gespeel. By die Hoërskool Despatch het jy

nie 'n keuse gehad nie – as jy 'n seun was, het jy rugby gespeel. Ons moes 'n doktersertifikaat bring as ons 'n oefening misgeloop het. Ek was aanvanklik nogal 'n pokkel, tot so in standerd vyf (graad sewe) rond. Op hoërskool het ek lank en skraal geword en tot op 16 losskakel gespeel omdat ek redelik vinnig was, maar namate ek ouer en langer geword het, het my afrigters begin besef ek sou beter vaar as 'n vinnige losvoerspeler. Ek was ook kaptein van die span.

Van jongs af kon ek 'n rugbywedstryd instinktief ontleed, en ek het beter gespeel wanneer ek op my instink staatmaak. Sodra ek tyd gehad het om oor die situasie te dink, het ek dit oordoen. As ek geweet het ons gaan 'n sekere beweging uit 'n lynstaan doen, maar spel is vertraag weens 'n besering, sou ek die beweging óórdink en dit op die ou end kanselleer uit vrees dat ons dit sou opmors.

Tennis was altyd vir my 'n uitdaging omdat ek tyd gehad het om die situasie tussen stelle te óórdink. Ek was egter goed met sarsies, want dan het alles vinnig en instinktief gebeur.

Op daardie ouderdom het ek nie regtig geweet ek is goed in rugby nie. Maar op laerskool het een van die afrigters, Pypies van Vuuren, ons in groepe verdeel en vir my gesê: “Oukei, Tiger, staan daar.”

Ek was nie seker wat hy bedoel het nie en het gedog hy terg my. “Wie is jou Tiger?” het ek gevra.

Hy het gesê hy bedoel ek is sterk, dat ek nooit ophou hardloop nie en almal duik. Ek was baie in my skik en ek wou graag Tiger bly, maar die bynaam het ongelukkig nie geklou nie. Almal het my steeds Hannie genoem.

Ons grootste teenstanders was Uitenhage se Hoërskool Brandwag, teen wie ons altyd gewen het, en die Daniel Pienaar Tegniese Hoërskool, wat heelwat taaier teenstanders was. Toe ek in matriek kaptein van die eerste span was, het Pote Human vir die Vrystaat gespeel en hy het gereël dat Hoërskool Despatch teen die land se voorste rugbyskool, Grey Kollege in Bloemfontein, speel. Ek het niks van hulle geweet nie.

Ek was verstom oor die grootte van hul spelers, die grootte van die skool, die tradisies en die oorlogskrete. Net voor ons op die veld moes draf, moes ek toilet toe. Ek het nie daarvan gehou om die kleedkamertoilette te

gebruik nie, so, ek het die gewone skooltoilette gaan soek. Terwyl ek gepie het, kon ek hoor hoe iemand die blok toilette se buitedeur sluit. Ek het hard begin roep, maar die persoon het weggestap.

Dit was die dae voor selfone. Ek het geweet die spanne is op die punt om op te draf en hulle wag dat ek Despatch op die veld lei. Maar ek was toegesluit. Die vensters was te hoog en te klein, ek kon nie daardeur klim nie. Ek het geroep en geroep, maar daar was niemand in die skoolgebou nie. Almal was langs die rugbyveld. Desperaat het ek aangehou roep.

Uiteindelik het 'n onderwyser my gehoor. Ek het geskree ek is die kaptein van Despatch en ek word op die veld benodig. Die ietwat verbaasde onderwyser moes die opsigter gaan soek, en oplaas is ek vrygelaat. Ek het na die veld genael waar die ongeduldige spelers gewag het, en ons het uitgedraf met die wedstryd wat effe vertraag is deur die besoekende kaptein se pie.

Grey Kollege hou die ongelooflikste tuisrekord in rugby. Sedert 1855 het die skool 91% van sy tuiswedstryde gewen. Maar toe kom Grey teen klein Hoërskool Despatch te staan. Teen rustyd het ons met 7-4 voorgeloop (in die dae toe 'n drie vier punte getel het). Mense het opgewonde begin raak. Kon Despatch die ondenkbare doen en die magtige Grey Kollege ore aansit? Ek sou baie graag wou vertel die storie het 'n sprokieseeinde gehad, met 'n oorwinning teen alle verwagtinge in. Maar dit het nie. Destyds het ek nie geweet Grey Kollege het 'n reputasie vir terugbaklei in die tweede helfte nie. Hulle het die veld met ons gegee. Ons kon die res van die wedstryd nie 'n enkele punt behaal nie en ons het met 7-50 verloor.

In 1990, my matriekjaar, het ek in die Oostelike Provinsie-proewe gespeel vir die Cravenweek, die heel belangrikste interprovinsiale rugbykompetisie vir skole. Die proewe is op Uitenhage gehou, en ek het 'n goeie toernooi gehad. Die span wat die Oostelike Provinsie by die Cravenweek in Durban sou verteenwoordig, sou in die *Oosterlig*-koerant bekend gemaak word. Toe die koerant die strate net ná middernag tref, het my ma sonder my medewete uitgeglim om 'n kopie in die hande te kry. Sy was so opgewonde oor die moontlikheid dat ek die span kon haal, dat sy nie kon wag tot die koerant die volgende oggend op ons stoep afgelewer word nie.

Om die Cravenweekspan te haal was nie regtig vir my so 'n groot ding

nie. Omdat my wêreld so klein was en ek gelukkig daarin was, was ek nie gereed om Durban toe te gaan nie. Behalwe vir Bloemfontein en die Baviaanskloof, was ek nog skaars buite die Oos-Kaap. Ek het nie 'n avontuurlustige streep gehad wat my gretig gemaak het om te reis nie. Ek haat dit om verneder te word, en ek was bang ek sou nie regkom nie. Ek het geweet as ek nie die span haal nie, sou die lewe net normaalweg voortgaan. Die Cravenweek was nie 'n obsessie nie.

Maar vir my ma was dit 'n groot ding. Die feit dat sy senuweeagtig was, het my senuweeagtig gemaak. Die *Oosterlig* was in Port Elizabeth gesetel en dit is daar gedruk, maar sy het uitgevind waar dit afgelaai word vir verspreiding in Despatch, en net ná middernag het sy 'n kopie gaan haal. Toe ek die volgende oggend opstaan, het sy so ewe koel en kalm vir my gesê ek moet die koerant by die voordeur gaan haal. Sy het klaar geweet ek het die span gehaal, as agtsteman. Sy was ongelooflik bly en trots – en ek was ook.

Ek kan nie my pa se reaksie onthou nie. Ek kan nie onthou dat hy enige iets vir my gesê het nie, maar hy was seker trots, want hulle twee het al die pad van Despatch tot in Durban gery om na die toernooi te gaan kyk, terwyl ek saam met die span Durban toe gevlieg het. Ek was 17 jaar oud, en dit was my eerste keer op 'n vliegtuig.

Ek was senuweeagtig om Cravenweek te speel, maar dit was nie soseer die rugby waaroor ek angstig was nie. Daar was soveel dinge wat ek nie geweet het nie. Hoe werk dinge in 'n hotel? Ek het nog nooit tevore in een gebly nie. Wanneer ek op toer gegaan het, het ons altyd by ander mense se huise oorgebly. Ek was nog nooit in 'n span waar jy ná die wedstryd stort en in die kleedkamer verkleed nie. Moet ek 'n handdoek saamvat, of gee hulle vir ons handdoeke? Ek was bekommerd oor watter mes en vurk ek tydens etes moes gebruik. Sulke klein dingetjies het my gepla. Die wêreld daar buite was senutergend.

Maar op die veld was ek nie vir 'n oomblik senuweeagtig nie. Ek het net gespeel om die spel te geniet. Ek het nie omgee of ek die SA Skolespan, wat aan die einde van die Cravenweek gekies word, haal nie. Ek het trouens nie eens geweet so 'n span word gekies nie. Dis hoe klein my wêreld was. Ek het gedog daar gaan 'n groot eindstryd of iets wees, maar dis nie hoe die

Cravenweek werk nie. Ek kan nie veel van die wedstryde onthou nie, maar ek dink ons het teen Noord-Transvaal verloor. Ek onthou van my spanmaats het regtig goed gevaar. Michael Catt, van Grey Hoër in Port Elizabeth, het later 'n suksesvolle loopbaan vir Engeland gehad, en 75 toetswedstryde gespeel. Ons losskakel, Greg Miller, het later vir Grens gespeel.

Van ons teenstanders onthou ek die Westelike Provinsie se agtsteman, Dion O'Cuinneagain. Hy was in Rondebosch Hoër Seunskool en 'n ongelooflike sportman. Teen die einde van die Cravenweek is hy as agtsteman vir die SA Skolespan gekies, nie ek nie. Maar ek was nie teleurgesteld nie, want ek het regtig nie verwag om die skolespan te haal nie omdat Dion beslis die beter speler was.

Ek sou later teen Dion te staan kom in Curriebekerwedstryde. Ek het vir die Vrystaat gespeel en hy het die Westelike Provinsie verteenwoordig. Ons paaie het ook later in 'n toetswedstryd gekruis toe Dion sy debuut vir Ierland gemaak het (sy pa was Iers) teen Suid-Afrika in 'n meedoënlose kragmeting op die Vrystaatstadion in Bloemfontein. Ons was albei op flank, en die Springbokke het met 37-13 gewen.

Rugby was groot op Despatch. Die sport en die dorp het hand aan hand geloop. Jy kon dit nie vermy nie, en niks kon daarby kers vashou nie. Partykeer het meer as 1 000 mense opgedaag om Despatch se eerste span te sien oefen. Omtrent 2 000 het Saterdag die klubwedstryde bygewoon. Ons het die spelers verafgod. Ek het nie 'n oefensessie of wedstryd misgeloop nie. Ek kon binne vyf minute van ons huis na die rugbyveld hardloop, en dan was ek die baljoggie en het ek sand vir die skoppers uitgevat.

Toe ek op 16 my 50cc-motorfiets gekry het, het ek altyd Saterdag stadion toe gery vir 'n groot wedstryd met die skool se gelukbringer, 'n enorme teddiebeer, agterop my fiets. Ek het in die hoofstraat afgery met my rug teen die beer aangeleun. Dit was vir my die lekkerste rit.

Ek het noue bande met 'n paar van die Despatch-rugbyklub se eerstespanlede gehad. My skoolhoof op hoërskool, Jan Hurter, was die afrigter daar, my skool se rugbyafrigter en wiskunde- en rekeningkundeonderwyser, Koenie Strumpher, het haker gespeel, oom Moos het stut gespeel, en my suster se beste vriendin se kêrel, Hennie Bezuidenhout, het heelagter gespeel. Ook in die span was van die groot

name in Oostelike Provinsie-rugby, soos Elandré van der Bergh en Frans Erasmus (albei Springbokke), Mynhardt le Roux, Giepie van Zyl, Neels Lombard, en die groot vleuel Kallie Grobler.

Die speler wat die grootste impak op my lewe gehad het, was Despatch se eerstespankaptein, Gideon van Rensburg, wat die span aangevoer het toe Despatch twee keer die Nasionale Klubkampioenskap gewen het. Hy het bedags by die munisipaliteit gewerk en my ma geken. Gideon het seker gemaak dinge by die munisipaliteit loop seepglad, en as daar 'n kragonderbreking of waterlekkasie was, was hy die man met wie jy gesels het. En omdat hy Despatch se kaptein was, was hy 'n belangrike ou op die dorp. Maar beslis nie windgat nie.

Hy het my in my matriekjaar gesien speel en op 'n dag het hy vir my gesê ek moet sterker word as ek beter wou speel. Sonder dat ek gevra het, het hy soggens vyfuur by my huis begin opdaag sodat ek saam met hom by die plaaslike gim kon gaan oefen. Daar was net een gim op die dorp en Gideon het die sleutel gehad. Dit was maar 'n primitiewe opset vergeleke met deesdae se geriewe.

Ek het nooit uitgevind hoekom hy besluit het om my te help nie. Ek was bekommerd dat my ma hom gevra het om te help weens die situasie met my pa, maar ek verkies om te glo hy het dit gedoen omdat hy iets in my gesien het en geglo het ek kon eendag vir Despatch speel as ek behoorlik oefen. Ek het nooit my ma gevra nie en ek het nooit vir Gideon gevra nie. As dit nie die geval was nie, verkies ek om dit eerder nie te weet nie. Wat ek wel weet, is dat hy dit 'n jaar lank gedoen het en dit het 'n groot verskil gemaak, want dit was die jaar toe ek die Cravenweekspan gehaal het. Tot vandag toe is ek verstom oor sy onselfsugtige optrede. Waarom sou Despatch se rugbykaptein na 'n 17-jarige laaitie se huis ry, hom gim toe vat, hom kragoefeninge leer doen en hom weer aflaai – en niemand daarvan vertel nie? Dis vir my ongelooflik om te dink hy het soveel moeite gedoen. Op daardie tydstip het ek verwag hy sou dit dalk een of twee keer doen, maar hy het 'n volle blerrie jaar lank daarmee volgehou. Ek is steeds so dankbaar.

'n Paar van Despatch se eerstespanspelers het geld gekry by 'n plaaslike prokureur, Piet Hancke, wat die Despatch-rugbyklub help befonds het. Om 'n Despatch-rugbyspeler te wees én boonop 'n bietjie ekstra geld te verdien, was ongelooflik.

Toe ek 12 jaar oud was, het Despatch die prestigeryke Nasionale

Klubkampioenskap in Durban die eerste keer gewen, en sodoende 'n paar hoog aangeskrewe klubs uitgestof wat oor veel beter hulpbronne beskik het. Dit was die grootste ding wat met Despatch gebeur het – totdat hulle dit drie jaar later weer gewen het, en toe weer twee jaar later.

Een van my lekkerste uitstappies buite Despatch was na die klubkampioenskap van 1985 saam met een van my beste maats, Murto Loots, en sy pa. Ek het Murto sedert graad een geken, en sy gesin het partykeer saam met ons in die Baviaanskloof gaan vakansie hou. Hulle was seker die enigste vriende wat my pa gehad het. Murto het tragies aan 'n hartaanval gesterf toe hy 19 jaar oud was. Dit het my platgeslaan. Hy het met hartprobleme gesukkel, en nadat iets tydens 'n operasie verkeerd geloop het, was hy nooit weer dieselfde nie. Hy moes na 'n spesiale skool buite Port Elizabeth gaan, maar ons het soveel moontlik kontak probeer behou.

Ek sal nooit daardie avontuurbelaaide uitstappie na die klubkampioenskap vergeet nie, wat nog meer spesiaal gemaak is deur die feit dat Despatch gewen het. Ek het al die spelers geken. Danie Gerber was die kaptein, Siegie Human was ons buurman, Gerhard Meyer het net op in die straat gebly, Koenie Strumpher was my rekeningkundeonnie, Frans Erasmus het die plaaslike vulstasie besit.

Op daardie jong ouderdom was dit my droom om vir die Despatch-rugbyklub te speel. Ek het nooit daarvan gedroom om vir die Springbokke uit te draf nie. Ten spyte van wat ek in my loopbaan as rugbyspeler vermag het, kon ek op die ou end net een wedstryd vir Despatch speel. Dit was in 1992. Ek was in die weermag en op Despatch op naweekpas. Destyds was daar 'n eerste span, 'n eerste reserwespan, en dan 'n tweede en derde span. Daar was geen reserwes vir die eerste span nie. Geen Bomb Squad nie. In plaas daarvan sou die eerstereserwespanspelers teen die opponerende reserwes speel en dan vir die hoofwedstryd op die kantlyn sit ingeval iemand beseer word. My weermagpas het saamgeval met 'n Despatch-tuiswedstryd en ek het eindelijk kans gekry om heelagter vir die reserwespan te speel. Op daardie tydstip het ek vir die Vrystaat se o. 20-span gespeel, maar ek het nooit die kans gekry om vir Despatch se eerste span uit te draf nie.

Vir die eerste 12 jaar van my lewe was my heelal baie klein – Despatch en

die Baviaanskloof. Port Elizabeth was net 30 kilometer van ons af, maar ons is nooit soontoe om in 'n restaurant te gaan eet of strand toe te gaan nie. Partykeer sou ek 'n geleentheid kry of saam met my pelle duimgooi na die Boet Erasmus-stadion om te kyk hoe my helde vir die Oostelike Provinsie rugby speel, of na St. Georgespark om Benson & Hedges-eendagkrieket te kyk. Toe ons ouer was, het ek en my pelle met ons motorfietse daarheen gery.

Die belangrike dinge het op Despatch gebeur, veral in die saal langs die rugbyklub. Wanneer ek aan daardie saal dink, sien ek baie dinge: kerkbasaars, stoeigevegte, judo- en karatekompetisies, matriekafskeide, sokkies, partytjies ná elke Despatch-rugbywedstryd – maar net as jy gelukkig genoeg was om te kon inglip. Baie mense op Despatch se lewe het om daardie saal gedraai.

OP SKOOL WAS EK DEEL VAN 'N GROEP VAN SES PELLE. Ons het onself “Die Boys” genoem. Pousetye het ons harde kontakrugby in die vierkant gespeel, en agterna was ons natgesweet en ons hemde geskeur. Die onderwysers het gekla en daarop begin aandring dat ons tien minute voor die einde van pouse gaan stort voordat ons terug klas toe gaan. Die skoolhoof was so lief vir rugby dat hy ons toegelaat het om langer te speel en 'n bietjie laat te kom vir klas.

Almal van ons kon meisies gehad het, maar daar was nie tyd vir sulke dinge nie. Al waarin ons belang gestel het, was rugby en om seuns te wees. Daar was sosiale geleenthede saam met die meisies, soos rolskaatsaande waar jy R10 betaal het om al om die skoolvierkant te skaats terwyl jy 'n meisie se hand vashou.

Ek onthou ek het nie juis belang gestel daarin om na my matriekafskeid toe te gaan nie, maar my ma het my omgepraat om Liesl van Eeden, die meisie oorkant die straat, te vra. Ek het oorgestap na haar huis toe en gesê: “As niemand jou nog gevra het nie, sal jy saam met my matriekafskeid toe gaan?”

En sy het gesê: “Ja, goed.”

Dis hoe ons dinge op Despatch gedoen het. Eenvoudig en onskuldig. Ons het nie ons uitrustings beplan nie, daar was nie vooraf-dranksies of 'n groot gekuier ná die tyd nie. Nie soos vandag se kinders nie. Dis malligheid. Hulle huur selfs motors. Dis soos die deftigste troue ooit.

Die mense van Despatch spreek nie *rugby* behoorlik uit nie. Hulle sê “rappie”, nooit “rugby” nie. Ons praat nie van *wasgoedpennetjies* of *washing pegs* nie. Ons sê “pecks”. As jy iemand van Despatch saam met tien ander mense in 'n vertrek sit, sal ek vir jou kan sê watter een kom van Despatch.

Daar was 'n deel van my pa wat verstaan het wat regtig op Despatch aangaan, en in Suid-Afrika, anderkant ons slegs-blankes-grense. Hy het my

vertel van sy werk by Bantoe-administrasie, waar hy dompasse uitgereik het. Ek onthou hoe ontsteld hy geword het as hy gepraat het oor die uitreiking van daardie dokumente wat swart mense so gehaat het. Ek wonder soms of daardie werk 'n rol in sy drinkery gespeel het. Hy het vir ons gesê die stelsel is verkeerd, maar ek kon dit nie verstaan nie, want op my oupa se plaas kon ek tog met swart en bruin kinders speel. Ek het langs hulle geslaap. Ek het nie verstaan dat swart mense op die dorpe en in die stede teen sonder weg moes wees nie, en dat slegs dié met die regte dompas toegelaat is om te bly. Die paswetstelsel het met my pa se kop gelol.

Sy drinkery het nie op daardie spesifieke dag begin nie, maar hy het baie emosioneel geraak oor 'n voorval waar 'n groep mense buite hul kantore in Port Elizabeth saamgetrek het in die hoop dat hulle geld sou kry wat aan hulle belowe is. Ek het 'n koerantberig gehou oor die voorval, wat gewelddadig geëindig het nadat die polisie rubberkoeëls gevuur het om die skare uiteen te jaag. My pa het gesê die mense was baie kalm en het nie moeilikheid probeer maak nie. Hy het vir die mense gesê hulle sal hulle geld kry en hulle het sy woord daarvoor aanvaar, so, daar was geen nodigheid vir aggressie van die polisie se kant nie. Hy was baie kwaad oor die manier waarop die hele voorval hanteer is.

Ek was so polities naïef. Eers later in my lewe het ek besef hoe ons in die 1970's en 1980's weggehou is van die harde realiteit van die lewe buite ons slegs-blankes-dorpie. Die township Khayamnandi was net 'n paar kilometer buite Uitenhage, maar dit kon net sowel in 'n ander land gewees het, want ek het nooit daar gekom nie en niks geweet van wat daar gebeur nie. Ons het drie verskillende huishulpe op verskillende stadiums van my kinderjare gehad. Eers was daar Maina, gevolg deur Dorothy en toe Gladys, wat in die huis gewerk en na my omgesien het terwyl my ouers by die werk was. Hulle het in die township gebly, maar ek het nooit daaraan gedink om iets oor die lewe daar te probeer uitvind nie.

Die taal waarmee ons na swart mense verwys het, was ongelooflik neerhalend. In my grootwordjare was dié terme so algemeen dat dit normaal gevoel het. Ek wil nie vir een oomblik te kenne gee dat dit die gebruik daarvan geregverdig het nie. Ek wys bloot op die realiteit van grootword op 'n dorp soos Despatch en die rassisme wat in daardie dae deel was van die samelewing. Ek het nie geweet hoe vernederend dit was om 'n volwasse

swart mens “boy” of “girl” te noem nie. Of, nog erger, om die k-woord te gebruik nie.

Die eerste keer toe ek besef het hoeveel pyn die k-woord veroorsaak, was ek tien jaar oud en ek het dit gebruik om ’n bejaarde swart man aan te spreek. Ek het op my fiets gery en die ketting het afgeval. Ek het die man oorkant die straat gesien en hom herken van die kere wat hy in ons tuin gehelp het. Ek het nie sy naam geken nie, so, ek het gedoen wat baie grootmense gedoen het – ek het hom die k-woord genoem. Ek sal nooit sy gesig vergeet nie. Dit spook tot vandag by my. Dit het amper gelyk of hy wou sê: *Fok jou, wit seuntjie*. Maar hy het steeds oor die straat gestap, my kom help om die ketting op te sit en weggestap. Ek het aaklig gevoel. Ek het besef ek het iets verkeerd gesê, maar ek het nie geweet hoekom nie. Dit was onnodig vir hom om te sê: *Haai, moenie my daai woord noem nie*. Ek het sommer geweet.

Ek het huis toe gegaan en my ouers vertel wat gebeur het. Hulle was geskok. Ek het gesê: “Maar almal praat so.”

My ma was baie streng met my en het vir my gesê dit is een van die lelikste woorde op aarde. My pa was kwaad. “Moet dit nie weer doen nie!” het hy gesê.

Ek was ontsteld omdat ek die man beledig en verneder het. Ek kon dit in sy oë sien. Ek het nooit daardie oomblik vergeet toe ek besef het my woorde kon soveel skade berokken nie. Dalk omdat ek geweet het hoe aaklig iemand se woorde ’n mens kon laat voel – my pa se woorde het my dikwels seergemaak. Maar in dié geval was dit baie erger, en dit was my skuld dat die man kak gevoel het. Ek wou nooit iemand vernederd laat voel nie. Dit was ’n massiewe wekroep.

’n Paar kilometer van Despatch is die township KwaNobuhle, waar swart mense gewoon het wat in Uitenhage gewerk het, want hulle is nie in die apartheidsjare toegelaat om in die slegs-blanke-gebiede te woon nie. Ek was 12 jaar oud en in standerd vyf (graad sewe), sonder die vaagste benul wat buite die blanke gebied van Despatch aangegaan het. Die 1980’s was ’n tyd van reuse- politieke protes en geweld in die Oos-Kaap. Al die swart townships is daardeur geraak, insluitende KwaNobuhle. Ek onthou vaagweg ek het gehoor van “die onluste”, maar dit was vir my niksseggend.

Op wit Despatch is ek beskerm teen die politieke geweld in die swart townships. Vir ’n buitestander klink dit dalk vreemd dat dié gebeure my nie

geraak het nie, maar daar was baie sensuur in die media tydens die noodtoestand wat in 1985 ingestel is, en die SAUK, ons enigste bron van TV-nuus, het 'n baie eensydige prentjie geskets van wat aan die gang was. Dit was maklik om in 'n borrel te leef, veral as jou wêreld Despatch, Kirkwood en die Baviaanskloof was, en weinig anders.

Op 'n dag in 1985 het my pa van die werk af gekom, ontsteld oor 'n aaklige voorval wat in KwaNobuhle plaasgevind het. Ek sal dit nooit vergeet nie, want die man wat daarby betrokke was, het 'n ongewone naam gehad: Benjamin Kinikini. Hy en lede van sy familie is op straat vermoor. Ek onthou hoe gewalg my pa was omdat mense gespot het dat jy “steak and Kinikini pies” in KwaNobuhle kon koop. Hy was omgekrap en kwaad omdat mense grappies oor iets so aakligs kon maak.

Benjamin Kinikini was die eerste slagoffer van 'n besonder wrede vorm van moord wat as “halssnoermoord” bekend gestaan het. 'n Buiteband is om 'n slagoffer se kop gesit, vol petrol gemaak en aan die brand gestee. Ons huishulp, Dorothy, het vir my gesê: “O, hierdie necklace is lelik.”

Ek het nie verstaan nie. “Hoe bedoel jy die necklace is lelik?” wou ek weet.

“Dis lelik, jong,” het sy gesê. “As daai tyre so aan is, dan wriemel daai mense nog so.”

Toe ek terugdink aan die Benjamin Kinikini-voorval, het ek besluit om meer uit te vind. Ek het kontak gemaak met 'n verslaggewer, Ken Vernon, wat hoof van die *Argus*-koerant se Port Elizabeth-buro was. Hy het vir my die merkwaardige storie van die Kinikini-moord vertel:

Op Donderdag 21 Maart 1985 was ek op die foon met die polisie se skakelbeampte, Gerrie van Rooyen, toe hy uit die bloute sê: “Ek moet gaan, daar’s iets op Uitenhage aan die gang,” en die foon in my oor neerplak. Ek het net geweet ek moet sorg dat ek daar kom. Ek het gevind die township Langa buite Uitenhage was afgesper. Daar was die vorige naweek stakings waartydens verskeie aktiviste doodgeskiet is en mense het nou na die begrafnisse opgetrek. Die polisie het die gebied afgesper, sodat mense nie verder kon stap nie. Klippe is gegooi en die polisie het losgebrand op die skare en 19 mense doodgeskiet. Dit het as die Langa-slagting bekend geword,

en dit het presies op die dag van die 25ste herdenking van die Sharpeville-slagting gebeur. Dit was die sneller vir verdere politieke geweld. In die nabygeleë township KwaNobuhle is al die raadslede van die swart plaaslike regering aangesê om te bedank. Hulle is beskou as kop in een mus met die apartheidstaat. Een van hulle was Benjamin Kinikini, en ek het die volgende dag 'n onderhoud met hom gevoer. Hy het geweier om te bedank, en gesê hy sal nie die knie buig voor wat hy “daardie skurke en vandale” genoem het nie. Beroemde laaste woorde, want die volgende oggend, 23 Maart, is hy aangeval. Hy is met 'n graaf gestee en gedwing om petrol te drink, waarna 'n buiteband om sy nek gesit en aan die brand gestee is. Hy word gereken as die eerste slagoffer van die berugte “halssnoer”.

Ek is ore in die nek terug Langa toe saam met my fotograaf, Willie de Klerk, net om te vind die gebied was steeds afgesper. Jy kon dit net met 'n spesiale polisiepermit binnegaan. Willie het toevallig 'n permit gehad wat aan hom toegang tot die Langa-township buite Kaapstad gegee het. Ons het 'n kans gevat. Willie het die Langa Kaapstad-permit vir die polisie gewys. Hulle het aangeneem dit is vir Langa Uitenhage en ons ingelaat. Ons het daardie permit 'n paar dae lank gebruik voordat die polisie besef het dit is nie geldig nie. Die situasie in Langa en KwaNobuhle was baie gespanne, met baie polisie- en weermagpatrollies en aktiviste wat in die strate rondloop. Willie het voorgestel ek moet maak dat ek daar wegkom, want 'n wit gesig kon probleme veroorsaak. Hy het weggedraf om foto's te neem terwyl ek my na die buitewyke van Langa gehaas het. Ek het amper in 'n skare van drie- of vierduisend oproerige mense vasgery wat in die straat afgestap het. Ek het op 'n bult stilgehou en die gebeurde deur 'n 600 mm-lens dopgehou. Willie het kort voor lank teruggekom met die foto van Benjamin Kinikini se verkoolde oorblyfsels in die straat, en mense op die agtergrond wat die swartmagsalut gee. In die verte kon jy die verbrande oorblyfsels sien van vier van sy seuns en broerskinders wat ook aangeval en aan die brand gestee is.

Willie was gelukkig dat daar nie beslag gelê is op die film nie, maar hy het baie ervaring gehad van hoe dinge in die townships werk. Nadat hy die foto geneem het, het hy vinnig die film uitgehaal, dit in sy sokkie gestee en 'n nuwe rol film in die kamera gesit. Soos

verwag, het die polisie hom voorgekeer en aangesê om die film uit sy kamera te haal, wat hy gedoen het, en hulle het hom laat gaan met die inkriminerende film deeglik versteek. Willie se foto van Kinikini se liggaam is regoor die wêreld gepubliseer, wat die afgrysgelykheid van die situasie onder die aandag van 'n wêreldwye gehoor gebring het.

Ek het eers onlangs uitgevind twee mans is ter dood veroordeel en gehang vir hul aandeel aan die Kinikini-moorde. Destyds het ek nie verstaan waarom my pa so ontsteld was nie. Ek onthou die grusame foto wat Willie de Klerk geneem het. As jy 12 jaar oud is, onthou jy sulke beelde. Dit het my laat besef daar was baie dinge aan die gang wat ek nie verstaan het nie.

My ouers het déúr die konserwatiewe wêreld van Despatch gesien, en deur die vooroordeel wat so alledaags was. My pa was 'n verligte man, en hy het geweet wat in die township aangegaan het. Ek dink hy was erg in twee geskeur deur die situasie.

Ek het in 1990 met universiteitsvrystelling gematrikuleer en is as die Hoërskool Despatch se Rugbyspeler van die Jaar aangewys. Ek het besluit om die jaar daarna weermag toe te gaan. Daardie dae is alle wit mans ouer as 18 opgeroep om 'n jaar lank verpligte diensplig in die Suid-Afrikaanse Weermag te doen. Vroeër was dit twee jaar, maar die tydperk was teen daardie tyd verkort.

Ek wou die familietradisie voortsit en 'n onderwyser word, wat in liggaamsoefening spesialiseer. Maar ons het nie geld gehad vir universiteit nie, en ek kon nie 'n sportbeurs kry nie, al het ek Cravenweekrugby gespeel. Al uitweg was om my nasionale diensplig te doen of tronk toe te gaan, maar niemand op Despatch het ooit hul oproep om diensplig geweier nie.

Ek is opgeroep na 6 Suid-Afrikaanse Infanteriebataljon op Grahamstad, vanwaar ek gekeur sou kon word vir Juniorleier-opleiding (JL's) by die Infanterieskool in Oudtshoorn. Ek was baie benoud om te gaan – nie weens die eenheid se skrikwekkende reputasie nie, maar bloot omdat ek Oudtshoorn nie geken het nie. Maar uit die bloute bel Gysie Pienaar, legendariese heeagter van die Vrystaat en die Springbokke wat my teen

Grey Kollege gesien speel het, en sê hy het gereël dat ek na 1 Spesiale Diensbataljon in Tempe (Bloemfontein) opgeroep word, vanwaar ek JL's by die Pantsterskool kan gaan doen.

Nie een van my vriende – Die Boys – is weermag toe nie. Party het gaan swot, ander het by die polisie aangesluit, nog een het 'n werktuigkundige geword. Ek was die enigste een wat diensplig verrig het.

Toe ek by die weermagbasis aankom, het ek gedink: *Fok, hoe gaan ek dit oorleef?* Ek was bederf by die huis. Ek het nooit my eie klere gestryk nie, nooit vir myself kos gemaak nie; ek kon nie 'n eier bak of 'n beker koffie maak nie. My ma of Dorothy het dit altyd vir my gedoen. Ek het kadette op skool gedoen, so, ek het darem 'n bietjie geweet van marsjeer, maar dit was omtrent al.

My ouers is saam met my Bloemfontein toe, maar in verskillende motors, want teen daardie tyd het hulle reeds afsonderlik gewoon. Ek is tussen 'n spul intimiderende mense ingegooi wat ek nog nooit teëgekom het nie. Daar was ouens met lang hare, ouens met baarde, ouens met grade, ouens wat dagga gerook het. En ek. Die eerste ding wat gebeur het, is dat ons koppe geskeer is. Daarna het ons almal dieselfde gelyk; niemand was meer intimiderend nie en ek het gevoel: *Oukei, ek gaan orraait wees.*

Ons het bruin oorpakke en tekkies gekry, en toe begin die moordende fisieke oefening. Ek was fiks, maar net skoolrugbyfiks, beslis nie opfokfiks nie, en dis in 'n heel ander liga. Die fisieke deel was vir almal rof. Die politieke goed wat hulle in ons koppe probeer inpraat het, was vir my niksseggend. Ek het nie geweet waarvan hulle praat nie. Ek het nie die groter wêreld geken nie en dit het my min geskeel. Ek het nie geweet die troepe patrolleer die townships en dat dit vir die inwoners 'n groot doring in die vlees was omdat dit beteken het hulle bly in 'n oorlogsone nie. Al is ons in stedelike oorlogvoering opgelei, is ek nooit na die townships ontplooi nie, en ek het ook geen weermagpligte met betrekking tot die onluste verrig nie.

Dikwels was vrugte al wat ons gekry het om te eet, so, ek het eerder honger gely, want daar's iets vreemds aan my – ek het 'n vrugtefobie. Ek gril my dood vir vrugte. Ek kan nie na vrugte kyk nie, ek kan nie aan vrugte vat nie, ek kan nie naby vrugte kom nie, en ek kan nie kyk of luister hoe iemand vrugte eet nie. Ek kan nie eens 'n vrug optel en in die vullisdrom gooi nie. Hongerly was beter as om vrugte te eet.

Ná twee weke is ek in die Juniorleier-opleidingsprogram geplaas om 'n luitenant te word. Ek het hard gewerk om seker te maak ek vaar goed in die kursus, en ek het my rang verwerf, eerste luitenant. Hoewel ek kon bestuur toe ek op Despatch was, het ek nie eens geweet hoe om 'n kar se enjinkap oop te maak nie. Maar nou het ek alles oor die enjins in militêre voertuie geweet. Ek kon 'n Rooikat-pantservoertuig se band ruil en het 'n rybewys gekry om vier verskillende soorte voertuie te bestuur, selfs 'n bus – iets wat ek tot vandag toe kan doen.

Deel van ons opleiding was oorlogspel in die bos by De Brug, 35 kilometer buite Bloemfontein, met skerp ammunisie. Toe ek nog 'n troep sonder rang was, het ek tydens een van dié oefeninge in groot moeilikheid beland. Ons was op patrollie en ek het die Browning-masjiengeweer wat op ons Rooikat gemonteer was, begin afvuur. Die spanleier in die Rooikat voor my het sy kop buite die voertuig gehad met die luik oop agter hom. Gelukkig het die patrone die luik getref, anders sou ek hom in die kop getref en gedood het. Dit was 'n uiters ernstige misstap en as straf moes ek die volgende drie weke lank harde fisieke oefening doen, dag en nag. Ek was 'n teiken vir enige iemand wat my wou straf. Die gewone troepe het my met rus gelaat, maar die bevelvoerders het seker gemaak dat ek klippe kou. Ek moes opsy staan vir almal in die ry by die menasie, wat beteken het die kos was op teen die tyd dat ek voor gekom het.

Ek het beswaarlik geëet of geslaap. Die opfokke was aaklig en dit was 'n stryd om daardeur te kom. Ek het dit uiteraard oorleef, maar ek weet van 'n paar troepe wat dieselfde soort ding deurgemaak het, en later om mediese redes uit die weermag ontslaan is. Ek het vasgebyt en deurgedruk. Ek sou eerder daardie straf vat as om saam te leef met die wete dat ek 'n medesoldaat doodgemaak het.

Dit was nie my enigste blaps nie. Die volgende jaar, toe ek 'n luitenant was, het ons 'n nagrit van agtuur die aand tot agtuur die oggend gedoen. Ons het 'n chemiese oorlog nageboots, en ek was in bevel van 16 Rooikat-pantservoertuie. Ek het in die tweede voertuig in konvooi gery. Ons was reg agter mekaar, so vyf meter uitmekaar, met alle enjins op lae revolusie in die stilste rat. Ons was afgeseël binne ons voertuie, met die luik toe, en het die omgewing met nagsig bespied. Dit was 'n lang, vervelige nag, so, ek het my gemaklik gemaak met 'n bottel Old Brown Sherry en 'n uiltjie geknip.

My bestuurder het my wakker gemaak om te sê hy het 'n versperring

teëgekom. Hy kon nie sien wat dit was nie, maar die voertuig het moeilik beweeg. Ek het hom aangesê om deur te druk. Ons ligte was afgeskakel en elke voertuig het die klein oranje konvooiligte aan die agterkant van die voertuig voor hom gevolg. My bestuurder kon nie die liggies van die voorste voertuig met sy nagsig sien nie. Ek het my slaapposisie verlaat en my sitplek ingeneem. Ek het dadelik besef iets was fout, want die Rooikat het skaars beweeg al het die bestuurder sy voet op die versneller gehad. Ek het kontak gemaak met my hoër offisier, 'n majoor wat die hele operasie van 'n afstand beheer het, en hy het my aangesê om 'n fakkel af te vuur om die gebied te verlig.

Onmiddellik kon ek die probleem sien. Die Rooikat voor ons het in 'n dam ingery en ons is agterna. Net die loop van die voorste voertuig het bo die water uitgesteek; die res was onder water. Die voertuie was dig verseël, so geen water kon in- of uitkom nie, en niemand het agtergekom dat ons reg in die dam inry nie. Toe ek by die luik bo-op die Rooikat uitloer, kon ek aan die water om ons raak.

Toe begin die water deur die seëls sypel, en die troepe het benoud begin uitskarrel uit vrees dat hulle sou verdrink. Op die horison kon ek die majoor sien aankom en ek het geweet nog 'n opfok is my voorland. 'n Groter pantservoertuig moes ons met 'n swaar staaltrekstang uit die dam sleep, wat op sigself al 'n vernedering was, maar die ergste was nog nie verby nie. My hele span is aangesê om die swaar trekstang te voet terug kamp toe te dra. Dit het ons sewe uur gevat, en ons was vodde toe ons by die basis aankom. Dié keer was die opfok langer as drie weke, maar ek het oorleef danksy die feit dat ek fiks was. Naweke moes ek op my eie by De Brug in die veld bly terwyl my makkers in Bloemfontein kon gaan asemskip. Die straf het nog langer gevoel omdat ek vir drie maande nie toegelaat is om aan sport deel te neem nie.

Ondanks die feit dat ek op skool eerstespanrugby en Cravenweek vir die Oostelike Provinsie gespeel het, het ek nie aanvanklik in die weermag veel rugby gespeel nie, afgesien van 'n bietjie sosiale rugby tussen ons eskadrons. Toe spanne kort ná ons aankoms gekies is, het hulle gesê: “Hande op, dié van julle wat vir Grey Kollege of Paul Roos Gimnasium gespeel het.” 'n Stuk of dertig ouens het hulle hande opgesteek. En toe: “Wie het vir SA Skole gespeel?” Sewe of agt hande het opgegaan. “Wie het Cravenweek gespeel?” Nog agt hande is opgesteek. Teen die tyd dat hulle

by my gekom het, het hulle klaar genoeg spelers gehad.

Ek het besluit om nie te kla nie, en my spelpeil in die ligawedstryde tussen die eskadrons het gou daarvoor gesorg dat ek wel raakgesien is. In my tweede jaar in die weermag het ek behoorlik begin rugby speel. Hoewel ek volgens wet net een jaar diensplig moes doen, het ek vrywilliglik 'n tweede jaar gedoen sodat ek geld kon spaar om universiteit toe te gaan. Ek was bekommerd oor wat ek met my lewe sou doen. My droom was steeds om vir Despatch te speel, nie vir die Oostelike Provinsie nie en beslis nie vir die Springbokke nie. My ambisie het niks verder as Despatch gestrek nie, en ek was bekommerd oor hoe ek 'n salaris sou verdien, want Despatch-rugby was 'n amateurspel. So, ek het besluit om nog 'n jaar in die weermag te bly. Die verblyf, kos en klere was immers verniet, en ek kon 'n klein karretjie bekostig.

In my eerste jaar in die weermag was ek nie op rugby gefokus nie, ek wou bloot 'n sukses van my militêre opleiding maak. Nog 'n rede waarom rugby nie 'n prioriteit was nie, was omdat ek emosioneel deur 'n rowwe tyd gegaan het. My ouers is geskei kort ná ek uit die huis is, en dit het 'n verwoestende impak op my gehad. Toe sterf my vriend Murto skielik, wat nog 'n nare skok was. Ongeveer in daardie tyd het my pa ophou drink en my ouers kon hul probleme opsy skuif en versoen raak, maar toe word my pa siek.

My ouers het afsonderlik gewoon toe my pa my by die stasie opgelaai het vir my eerste huistoegaanpas in April 1991. Hy het my vertel hy het 'n bietjie maagpyn, maar andersins het dit goed gegaan met hom. Maar dit was lewerkanker, wat waarskynlik veroorsaak is deur lewersirroose weens al die alkohol. Teen die tyd dat ek in Augustus op my tweede pas huis toe gegaan het, was my ouers weer saam, maar my pa was bedlêend. Hy was geel van die lewerkanker.

My herinneringe aan daardie tyd is baie vaag, asof ek dit probeer vergeet. Ek het my pa in die hospitaal gaan besoek, maar om een of ander rede het dinge skeefgeloop tussen ons. Ek kan nie onthou wat gebeur het nie, maar ek onthou ek het in trane by sy hospitaalkamer uitgestap. Ek het nie gehuil omdat hy siek was nie; ek het gehuil oor iets wat hy vir my gesê het. Wat dit was, het ek begrawe. Ek onthou my pa se een vriend het gesê: "Ek kan nie glo hy's so siek en hy praat so met jou nie." Ek kon nie meer my pa se aanmerkings verduur nie en ek het besluit om die pad te vat. Ek

was ook nog besig om oor Murto se dood te treur en ek is na my vriend Henri Hurter se huis op 'n kleinhoewe net buite Despatch om my aandag af te lei met 'n paar dae van motorfiets ry.

Daar was nie selfone nie en ek onthou Henri se ma het my 'n paar dae later kom roep om te sê my suster het gebel. Sy wou hê ek moes dringend hospitaal toe kom. In die saal het my gesin rondom my pa se bed gestaan. Sy oë was toe en ek het gedog hy is dood. Toe roer hy en kyk op na my. Hy het een woord gesê: “Kwedien,” om te wys hy weet ek is daar. Toe maak hy sy oë toe en sterf. My swaer het later vir my vertel hulle het my pa gepor om nog 'n bietjie langer te probeer uithou. “Wag, Johan is nog nie hier nie.” Ek dink my pa het gewag om my vir oulaas te sien voordat hy laat gaan het.

Wanneer ek nou aan daardie oomblik terugdink, word ek ongelooflik hartseer. Maar op daardie tydstip het ek nie geweet wat ek voel nie. Daar was verligting oor sy dood omdat hy baie siek was. Maar daar was ook 'n skuldgevoel omdat ek sy alkoholisme en die rede waarom hy homself geslaan het nie beter verstaan het nie. As ek net wyser was en meer van die wêreld geweet het.

As ek terugkyk, weet ek hy was nie 'n slegte mens nie. Hy het vir sy gesin voorsien; hy het nooit sy werk afgeskeep nie. Hel, hy het my toegelaat om die kar te bestuur toe ek nog net 'n laaitie was!

Ek dink aan hoe hy in die laaste paar maande van sy lewe die drankduiwel getem het. As ons net vroeër iets gedoen het – veel vroeër. Wat dit my geleer het, is om nooit stil te bly as iets verkeerd is nie. Ek kan nie met myself saamleef wetende dat iets verkeerd is en ek doen niks daaraan nie. As ek oortuig is iets is nie oukei nie, kan ek nie my mond hou nie. Dis nie omdat ek dapper is nie; dis omdat ek weet wat die gevolge is as jy stilbly. Dalk is dit waarom ek die skeidsregters aanvat.

Ek onthou nie veel van my pa se begrafnis nie. Ek was 'n kisdraer, maar ek het geen herinneringe daaraan nie. Ná die tyd is ek reguit terug weermagbasis toe en die lewe het aangegaan. Die ouer ouens in my eenheid was bekommerd oor my en het aangebied om vir my berading te kry. Hulle het Sondagaande bymekaargekom, gesing en my aangemoedig om oop te maak oor my pa. Daardie manne, wat my met hulle lang hare en universiteitsgrade geïntimideer het toe ek die eerste keer by die weermag aangekom het, wou my net help. Hulle was regtig daar vir my, nie soos die dominee en die skoolhoof wat belowe het om te help toe my pa se drinkery

op die ergste was nie. Elke aand het iemand by my kom sit, en dan het ons dinge deurgepraat. Ek onthou een ou, Reinecke Oosthuizen, het gesê: “Iemand moet jou help om die boek toe te maak.” My houding was: *Moenie worry nie, die boek is toe*. Maar dit was nie, en daai ouens se warmte, omgee en troos het my gehelp om te genees.

Behalwe vir my ma en my vriende op Despatch, het niemand my meer Hannie genoem nie. Ek was nou Rassie. Ek kan nie onthou wie my die bynaam gegee het nie, maar dit was iemand in die weermag. Almal met die van Erasmus kry outomaties die bynaam Rassie. Toe ek weermag toe is, is ek “troep Rassie” genoem.

Ek het ook ’n meisie gehad, wat ek in my eerste jaar in die weermag ontmoet het. Haar naam was Nikki Myburgh en sy het aan die Skool vir Verpleegkunde aan die Universiteit van die Vrystaat geswot. Haar neef was in dieselfde woonkwartier as ek en hy het my een Sondagmiddag saamgenooi om sy familie te ontmoet. Ek en Nikki het vriende geword en dit het algaande in iets ernstigers ontwikkel.

IN MY TWEEDE JAAR IN DIE WEERMAG, toe ek 19 was, het ek vir Vrystaat Weermag in die Bloemfonteinse klubliga begin rugby speel, teen goeie spanne soos Old Greys en die Universiteit van die Vrystaat se Shimlas. Daarna het dinge vir my begin gebeur. Ek het die Suid-Afrikaanse Magte se o. 20-span gehaal (wat spelers van die polisie en die gevangenisdiens ingesluit het), asook die weermag se nasionale o. 20-span. Ek het ook vir die Vrystaat se o. 20-span begin speel, waar ek vir Werner Swanepoel ontmoet het. Werner het later 'n indrukwekkende internasionale loopbaan gehad, wat 20 toetsoorwinnings vir die Springbokke ingesluit het, en ons het in 1999 saam in die Rugbywêreldbeker gespeel.

Ek het in 1992 goeie rugby gespeel en ek is as die Vrystaat Weermag se Rugbyspeler van die Jaar aangewys. My droom om vir Despatch te speel het begin vervaag. Dit was steeds iets wat ek wou doen, maar dit was nie meer belangrik nie. Ek het geweet ek wou nie op Despatch gaan bly nie.

In Desember 1992 is ek uit die weermag ontslaan nadat ek my ekstra jaar diensplig voltooi het en die jaar daarna het ek my, danksy die geld wat ek gespaar het, by die Universiteit van die Vrystaat ingeskryf om Menslike Bewegingskunde te studeer. Ek het 'n kamer gehuur in 'n huis 'n blok van die universiteit af, saam met ses of sewe ander studente.

Ek was besig om bekend te word in Bloemfonteinse rugbykringe omdat ek vir die Vrystaat o. 21 en Weermag o. 20 gespeel het. Ek het ook vir die Weermagspan in die plaaslike klubliga gespeel wat die Shimlas vir die eerste keer in jare geklop het.

As 'n student is ek vir die Shimlas gekies. Ons het 'n goeie span gehad, wat twee spelers ingesluit het wat later in 1995 Wêreldbekerwenners geword het: kaptein Naka Drotské en Os du Randt (wat ook in die Rugbywêreldbeker-wenspan van 2007 was). Danksy rugby het my wêreld groter begin word. Ek het vir die eerste keer Kaap toe gereis om in 'n intervarsitywedstryd teen Maties, die Universiteit Stellenbosch se span, te speel. Ons het gewen. Ek was so naïef dat ek nie eens geweet het daar

bestaan 'n span genaamd Maties nie.

In die middel van my eerste universiteitsjaar het my geld begin opdroog en my aansoek om 'n beurs was onsuksesvol. Ek kon ook nie my ma vra om te help nie, want sy het afgetree en moes op my pa se pensioen oorleef. Ek het uit die universiteitsverblyf getrek na 'n vooraf vervaardigde gebou naby die Shimlapark-rugbyveld. Naka het daar naby gebly, in 'n stoorkamer wat in 'n blyplek omgeskep is, langs die Shimlapark-kleedkamers. Die prefab was 'n beter opsie as die universiteitshuis, want die elektrisiteit was gratis, maar dit was ontsettend koud omdat daar geen plafon was nie. Dit was 'n eenvoudige plekkie, maar ek het daarvan gehou en op die ou end twee en 'n half jaar lank daar gebly. 'n Paar ander rugbyspelers het hulle later by my aangesluit en ons het die plek begin regmaak. Ons het 'n plafon ingesit, 'n kroeg gebou en 'n jacuzzi geïnstalleer. Deesdae word dit Bosbok genoem, en studente bly tot vandag toe nog daar.

Akademies het ek goed gevaar, maar in my tweede studiejaar, in 1994, was my finansiële situasie benard. Ek het gehoop om vir die Vrystaat te speel waar, omdat dit op amateurvlak was, ek ná elke wedstryd R800 in 'n koevertjie kon kry, en nog R800 as ons gewen het. R1 600 per naweek was goeie geld, maar ek kon net nie die provinsiale span haal nie. Ek het besluit om saam met twee vriende, Rampie Harmse en Tokkie Kasselmann, Pretoria toe te ry om te kyk of die Universiteit van Pretoria (UP) ons nie wou hê nie, want danksy intervarsitywedstryde het hulle van ons geweet.

Die UP het gesê hulle sou my vat op grond van my ervaring in die weermag, maar ek sou moes werk vir universiteitsekerheid. Ek het nie belang gestel nie. Daarna het ek en Rampie en Tokkie Durban toe gery om wyle Ian McIntosh te ontmoet, die legendariese afrigter wat Natal na sy heel eerste Curriebekeroorwinning gelei het – oor Noord-Transvaal op Loftus, in 1990. Ons het in die weermagbarakke naby die stadion gebly en 'n proefwedstryd vir Durban Collegians gespeel. Die volgende dag het ons 'n oproep gekry van die Vrystaatafrigter, Nelie Smith, wat ons aangesê het om huis toe te kom. Ons het nooit weer van McIntosh gehoor nie, maar hy het waarskynlik geweet ons is terug in Bloemfontein.

Met my geldsake op 'n geskiedkundige laagtepunt, moes ek oplaas opskop. Een van my spanmaats by die Shimlas, Ryno Opperman, was ook verkoopsbestuurder by Minolta, die kantoortegnologiemaatskappy, en ek het hom gevra of daar enige vakante poste was. Hy het my aan sy baas,

John Matthyssen, voorgestel wat my 'n pos as verkoopsman van kantoortoerusting aangebied het. Ek het saamgespan met kollega Blake Summers en met ons eerste verkoopstransaksie het ons genoeg kommissie verdien om nog 'n jaar op universiteit te kon befonds. Ek sal nooit daardie bedrag vergeet nie. Dit was die grootste enkele bedrag geld wat ek tot in daardie stadium van my lewe verdien het: R76 000. Ek het nooit weer soveel kommissie verdien nie. Ek het dit oorweeg om my studie te hervat, maar ek kon dit nie oor my hart kry om vir John te sê ek bedank ná net een maand by Minolta nie, so, ek het aangebly.

In 1994, op die ouderdom van 21, het ek my debuut vir die Vrystaat gemaak in 'n weekwedstryd teen Grens. My ma en my suster Gerda het van Despatch af gery om my te sien speel. Dit sal om al die verkeerde redes onthou word, want ek is afgestuur omdat ek 'n teenstander met die kop gestamp het.

Ek het steeds gespook om 'n plek in die Vrystaatse hoofspan. Ek was een van die vurke, soos die ekstra spelers bekend gestaan het. Ek is in 1995 op 'n Super 10-toer na Nieu-Seeland as deel van die uitgebreide groep van 28 spelers, maar ek het nie speelkans gekry nie in 'n fantastiese wedstryd waarin ons die magtige Crusaders met 42-35 op Lancaster Park geklop het. Spelers soos André Venter, Joe Beukes, Jaco Coetzee en Luther Bakkes het my uit die span gehou.

Ek het aanhou klop aan die deur, vir die Shimlas gespeel, en saam met die Vrystaatspan geoefen. Ek het nie aanvanklik gedink Nelie Smith dink veel van my nie, maar algaande het ek meer en meer verskynings op die veld begin maak, en teen die volgende jaar was ek 'n gereelde lid van die Vrystaat- en die Vrystaat Sewesspan. Die hoogtepunt vir die Vrystaat daardie jaar was om die halfeindronde van die Curriebeker te haal, maar ons het 20-35 teen Natal verloor.

Ons was 'n hegte groep in die Vrystaatspan; ons het ons rugby geniet en lekker saam gelag. Een van my gunstelingstories is van 'n keer toe ons lynstane geoefen het. Ons het 'n basiese roepstelsel gebruik, deur die letters B, O en K te gebruik. As die roep met die letter B begin, het die haker die bal na voor in die lynstaan gegooi, O was die middel en K die agterkant. Ons het almal in posisie gekom, wagtend op die ingooi van Naka Drotské, en ons slot Braam Els het uitgeroep: "Auckland!"

Almal het orent gekom en vir mekaar gekyk.

Naka het van die kantlyn af geskree: “Wat was die *call*?”

“Auckland!” het Braam herhaal.

Ons was almal uit die veld geslaan. “Wat bedoel jy Auckland?” wou ons weet.

Braam het die woord stadig gesê: “Orkland, met ’n ‘O’.”

Ek was nie trots op die feit dat ek ’n rooi kaart gekry het nie – voor my ma. Ek dink dit was in 1997, toe die Cheetahs teen Grens in Oos-Londen gespeel het. My ma en ’n paar vriende het van Despatch af deurgery om die wedstryd te kyk. Die skeidsregter, Tappe Henning, het in ons hotel gebly en tydens ontbyt het ek hom geterg: “Ja, vandag gaan ek jou baie kak gee.”

Hy het geantwoord: “As ek vir jou ’n kaart gee, is dit net een kleur – rooi.”

’n Bakleiry het tydens die wedstryd uitgebreek en een van die Grensspelers het my arms vasgehou. Grens se losskakel, Greg Miller, het op my afgestorm en ek het hom met die kop gestamp. Ek het daardie rooi kaart verdien.

Ek was baie toegewyd aan my werk by Minolta; soggens vroeg het ek gaan gim, daarna is ek kantoor toe vir werk, en in die aande was dit rugbyoefening. Ek het dit geniet om transaksies by Minolta te beklank, maar ek het die sogenaamde *cold-calling* verpes. Ek het dit verkies om self voornemende kliënte uit te snuffel wat in ons produk belang stel en dan vir hulle ’n pakket uit te werk. Ek was nie bekend genoeg om sommer uit die bloute mense te bel en te verwag hulle moet met my besigheid praat net omdat hulle weet ek speel rugby nie.

Teen daardie tyd was Suid-Afrika terug in die internasionale arena ná jare van isolasie weens die sportboikot teen apartheid. Spanmaats soos Os du Randt en Naka Drotské was gevestigde name in die Springbokspan en was in Wêreldbekerwenspanne. Os is ’n supertalentvolle *freak* wat altyd vir groot dinge bestem was. Ek was goeie vriende met Naka en het een Desember saam met hom en sy meisie met vakansie gegaan, met net ’n tweemantent om in te slaap. Ek het vir myself gesê as Naka en Os dit kan maak, dan kan ek ook.

Ek het ’n verandering nodig gehad, en dit het in 1996 gekom toe ek die bekende Suid-Afrikaanse sakeman Bill Troskie ontmoet het. Bill en sy broer Boet was aan die stuur van ’n suksesvolle rolprentmaatskappy, Mimosa Films, en het in 1980 ’n wêreldwye treffer met *The Gods Must Be*

Crazy gehad. Bill het my R10 000 vir die jaar gegee en gevra ek moet die Shimlas – wat 'n oop klub was, dus nie net vir studente nie – verruil vir Old Greys.

Toe was die geluk aan my kant. Die Springbokke het teen die Vrystaat in Bloemfontein kom oefen. Dit het aan al die jong ouens, aan my inkluis, die kans gegee om teen die Bokke te speel. Ons het natuurlik alles gegee en hulle opgefok. Ons het nie regte wedstryde gespeel nie. Dit was koppestamrugby, en duik oefeninge met voorspelers teen voorspelers, agterspelers teen agterspelers. Ek het my hart uitgeduik om 'n punt te probeer bewys. Die Springbokafrigter, Andre Markgraaff, het ná die tyd na my toe gekom en gevra wat my naam is. Ek het duidelik sy oog gevang. Later daardie jaar het hy my vir Old Greys sien speel in die klubrugbykampioenskap waarin ons teen Pretoria Polisie in die eindstryd verloor het.

Voor die klubkampioenskap het ek 'n heel bisarre mediese probleem ontwikkel. Dit het begin as 'n seer dyspier, wat my dokter met 'n Voltaren-inspuiting behandel het. Dit het my in staat gestel om te oefen, maar teen die tyd wat ek by die huis kom, sou die pyn terug wees. Nikki, wat teen daardie tyd 'n gekwalifiseerde verpleegster was, sou my nog 'n Voltaren-inspuiting gee. Dit het weke lank so aangehou. Nikki was altyd baie versigtig om nie die naald op dieselfde plek in te druk nie en het altyd eers seker gemaak waar die dokter my ingespuut het – linker- of regterboud. Ek het nie vir die dokter gesê my meisie behandel my ook nie. Soos die geluk dit wou hê, het die dokter en Nikki dieselfde spuitplek getref, wat 'n ramp was, want toe kry ek weefselontsteking. 'n Pynlike abses het op my regterboud gevorm, en ek kon skaars loop. Ek het gevoel ek kon Old Greys nie in die klubkampioenskap verteenwoordig nie.

Bill Troskie het egter daarop aangedring dat ek gaan omdat hy my R10 000 betaal het, maar ek was koorsig en ek het kwaai pyn verduur. Ek moes 'n operasie ondergaan sodat die abses uitgesny kon word, wat 'n gat so diep soos my middelvinger en twee vingers breed gelaat het. Die dokter het die bloedvate gekouteriseer sodat die wond nie moes bloei nie, maar dit kon steeds ontsteek.

Ek was kamermaats met die wonderlike Dennis van Zyl, wat die einde van sy loopbaan genader het. Hy was tien jaar ouer as ek, 'n dieselwerktuigkundige van ambag, bang vir niks, en hy het reeds alles

onder die son gesien. Tydens die klubkampioenskap het Dennis 'n tampon gevat, dit die regte lengte gesny, in ontsmettingsmiddel gedoop, in die gat in my boud geprop en met pleisters toegeplak. Toe het hy vir my 'n onderbroek van 'n kar se binneband gemaak, om my kortbroek te beskerm. Wanneer iemand aan daardie deel van my geraak het, was dit vrek seer. Dennis het gesê hy het my nog nooit so vinnig gesien hardloop op die veld nie. Wanneer iemand my van agter af probeer duik het, het ek behoorlik vet gegee. Dis hoe ek in die klubkampioenskap gespeel het waarin Andre Markgraaff my vir die tweede keer raakgesien het.

My spel vir Old Greys en die Vrystaat het aan my 'n plek in die Suid-Afrika A-span besorg wat na Engeland en Wallis getoer het. Die Springbokke was terselfdertyd op toer in Frankryk en besig om voor te berei vir 'n wedstryd teen die Franse Barbarians in Brive toe die agtsteman Schutte Bekker tydens 'n oefensessie beseer is.

Ek was besig om voor te berei vir 'n wedstryd teen London Counties op Twickenham en ek het saam met my spanmaat Ricardo Loubscher gaan draf. Toe ek terug by die hotel kom, het iemand 'n selfoon in my hand gestop en gesê dis Andre Markgraaff op die lyn. Ek onthou hy het gevra: “Wil jy vir die Springbokke speel?” Ek moes Parys toe vlieg en daarna 500 km suid na Brive reis om my by die Springbokspan aan te sluit.

My wêreld was daardie tyd nog maar baie klein. In 1994 het ek saam met die Shimlas na die Verenigde Koninkryk getoer, en in 1995 na Nieu-Seeland en Australië saam met die Vrystaat vir die Super 10-kompetisie. Maar nou was ek op my eie; ek moes Parys toe vlieg en op 'n manier in Brive uitkom. Ek het nie 'n selfoon gehad nie en ek het nie die vaagste benul gehad wat ek sou doen wanneer ek in Parys aankom nie, want ek kon nie Frans praat nie. Ek kon nie eens behoorlik Engels praat nie!

Toe ek land, was daar niemand om my te ontmoet nie, so, ek het die Franse Rugbyfederasie, Fédération Française de Rugby (FFR), gebel om hulp te vra. Die ou wat hulle gestuur het om my te kom haal se asem het na polonie geruik en hy het gebroke Engels gepraat. Eers kon ek hom nie opspoor nie, want hy het nie 'n bord met my naam daarop in die internasionale aankomssaal gehad nie. Ek moes rondvra, maar met my swak Engels het mense nou nie juis oor hulle voete geval om te help nie. Ons het

mekaar uiteindelik gekry en ons is na die Federasie se kantoor, waar ek verduidelik het dat ek in Brive moes kom. Maar daar was 'n probleem. Daar was 'n staking deur vragmotorbestuurders, sommige van die hoofweë was versper, en daar was niks wat hulle daaraan kon doen nie. Dit was Vrydag en my wedstryd teen die Franse Barbarians was die volgende middag. Ek was desperaat.

Heel per toeval het ek buite die FFR se kantoor 'n student raakgeloop wat Engels kon praat. Ons het begin gesels en ek het hom vertel van my dilemma en die feit dat ek waarskynlik die wedstryd sou misloop. Hy het gesê sy ma bly in Brive en hy was op pad huis toe vir die naweek. Ek het hom vermoedelik kaartjies vir die wedstryd belowe, en hy het ingestem om my 'n saamrygeleentheid te gee. Ek kon my geluk nie glo nie. Ek hoop ek kan eendag weer daardie man raakloop om nog 'n keer vir hom dankie te sê. Ek het my sakke bo-op 'n hoop vuil wasgoed op die agtersitplek van die kar gegooi, en ons het in die pad geval. Ons is verby vragmotors en tenkwaens langs die pad en ons het dwarsdeur die nag gery, net nou en dan stilgehou vir 'n vinnig blaaskans of om brandstof in te gooi. Die Saterdagoggend het ek by die hotel aangekom, betyds vir die wedstryd. Ek dink ek het op die ou end vir die student geld gegee, want ek kon nie daarin slaag om kaartjies te reël nie. Dit was my eerste keer in die Springbokkamp, en ek het nie geweet wie om te vra nie. Ek het nie eens spandrag gehad nie. Ek was so senuweeagtig.

Die eerste keer toe ek die ander spelers te siene kry, was hulle besig om lynstane te oefen, soos altyd op 'n Saterdagoggend. Ek het nog ongemakliker gevoel toe ek besef het ek ken nie die lynstaankodes nie. Markgraaff was nie daar nie, maar ek het Nick Mallett, die hulpafrigter, ontmoet, wat sy bes gedoen het om my te kalmeer. “Moenie bekommerd wees nie, speel net soos jy altyd speel,” was sy raad. Die oggend het in 'n waas verbygegaan en voor ek my oë kon uitvee, het ek in die Munisipale Stadion in Brive uitgedraf om my eerste wedstryd in 'n Springboktrui te speel, as agtsteman, op 23 November 1996. Ek het nie tyd gehad om die oomblik te verwerk nie. Ek het dit my doel gemaak om vir die Springbokke te speel, en al was dit nie 'n toetswedstryd nie, het ek oplaas daardie beroemde trui gedra. Op daardie tydstip kon ek dit nie behoorlik waardeer nie.

Met die eerste afbreek, toe die bal uitkom, het ek gesien dis 'n ou

leerbal. Ek onthou ek het gedink: *Hoekom speel ons met leerballe?* Toe tref die All Black-flank Josh Kronfeld my hard, en duik die kak uit my uit. Terwyl ek op die grond lê, het ek Nick Mallett hoor skree: “Erasmus, jou tweedehandse, hopelose stuk &^%!” Nick ontken dit, maar ek onthou dit glashelder. Ek het Nick dikwels dinge van die kantlyn af hoor skree terwyl hy die Boland afgerig het. Dis maar net sy manier van praat. Ons het die wedstryd 22-30 verloor.

Al was ek die nuweling in die span, het dit my nie gekeer om poetse te bak nie. Ons het met ’n bus van Brive na Bordeaux gereis toe ek, Dick Muir en Jeremy Thomson besluit het om Nick ’n streep te trek. Die spandokter, dr. Frans Verster, het vir ons slaappille gegee sodat ons ons vlugvoosheid kon afskud, en ons het besluit dit sou vrek snaaks wees om vir Nick ’n paar met middagete in te jaag, een in sy vis en twee in sy koeldrank.

Ek was een van die jongstes en volgens die hiërargie moes ek voor in die bus sit, so, ek was naby Nick en ek kon die pille sien inskop. Hy het gesê: “Fok, hierdie *jet lag*! Dis die eerste keer wat dit my so vang.” Hy was so vaak, maar hy is die soort ou wat vasbyt. Hy het van die bus afgeklim om ’n groep Franse verslaggewers te woord te staan en reg in ’n plas water getrap. Maar dit het hom nie van stryk gebring nie en hy het sy onderhoude in vlot Frans gevoer asof niks gebeur het nie. Hy het ons die hele sessie lank afgerig, met ons gepraat op die bus terug hotel toe, en daarna aandete gehad. Hy is met slaappille en al deur die hele dag en ek het hom net een keer hoor sê dat hy sukkel. Ek was beïndruk.

Een van my kleintyddrome was om die Curriebeker te wen, en in Oktober 1997 was ek in die Vrystaatspan wat teen die Westelike Provinsie in die eindstryd op Nuweland sou speel. Ons het derde op die punteleer geëindig, agter die WP en die verdedigende kampioen, Natal, en ons was nie die gunsteling om Natal in die halfeindstryd in Durban te klop nie. Maar ons het met 40-22 gewen en die volgende week die pad gevat Kaap toe. Ons spanne was omtrent ewe sterk, albei het goeie rugby gespeel, hoewel die WP ons vroeër in die seisoen met 31-22 in Bloemfontein geklop het. Omdat die WP die tuisvoordeel gehad het, was hy die gunsteling.

Soos sake in daardie stadium gestaan het, het die Vrystaat in 1976 laas die Curriebeker gewen en sedertdien vier keer in die eindstryd verloor. Ons

was daaraan gewoond om tweede te kom. Maar dit was die Vrystaat se probleem – altyd tweede. Ons was almal se naasgunsteling-rugbyspan. Dit het my gek maak. Ek het gereken ons is beter as die WP. Ons het 'n baie goeie span gehad, propvol Springbokke soos Werner Swanepoel, Jannie de Beer, Os du Randt, Naka Drotské, Brendan Venter, AJ Venter, Willie Meyer en ons kaptein, Helgard Müller. Maar ons het daai Afrikaanse-boerseun-sindroom gehad waar ons bloot te eerbiedig was – ja, Oom, nee, Oom. Ons het eenvoudig nie hard genoeg in onself geglo nie.

'n Groep van ons het die oggend van die wedstryd 'n ent gaan draf en 'n paar Vrystaatondersteuners teëgekom wat van Bloemfontein af gery het vir die wedstryd. Hulle het 'n pap wiel gehad en ons het hulle gehelp om hul kar te stoot. Dit was 'n vreemde manier om een van Vrystaatrugby se grootste dae te begin.

Sowat vier minute ná die afskop het die WP 'n vinnige 22-meter-afskop gehad en toe ek die bal vang, is ek hard deur hul slot Fritz van Heerden getref, wat een van my ribbes gebreek het. Ek het dadelik geweet dis 'n fraktuur, maar ek was nie van plan om so vroeg in my eerste Curriebekereindstryd af te gaan nie. Baie mense speel met gebreekte ribbes; dis nie so 'n groot ding nie. Dit het net beteken ek kon nie so hard soos gewoonlik duik nie, ek het nie in ander spelers vasgehardloop nie, en ek het basies 'n skakelspel gespeel, gevang en aangegee en gedoen wat ek kon doen. Ek kon nie die skrumme, losskrumme, losgemale en afbreekpunte vermy nie, maar my adrenalienvlak was so hoog dat ek nie die pyn gevoel het nie.

Veertien minute voor die einde van die wedstryd, met die WP wat met 14-9 voorloop, het ek 'n fantastiese kans gehad om 'n drie te druk. Jannie de Beer het 'n briljante breekslag maak en is twee meter voor die doellyn platgetrek. Uit die losskrum het Werner vir my 'n lang, lae aangee gegooi, waarmee ek gehardloop het met twee WP-spelers reg in my gesig. Ek het gesystap voor ek die bal gekry het, en dit aangeslaan. Die bal het vorentoe gespring, en die geleentheid was daarmee heen.

Ek dink nie ek sou 'n drie gedruk het nie. As ek nie gesystap het toe ek die bal gekry het nie, sou hulle die kak uit my geduik het en ek sou buitendien die bal verloor het. Maar ek moes 'n kans vat en in die bal tree, wat moeilik is om te doen as die opposisie op jou is.

Ek het nie sleg gevoel oor die aanslaan nie, want ons het nog tyd gehad en ons het die gebiedsvoordeel en balbesit oorheers. Toe skop Jannie 'n

lang strafskop in winderige toestande om ons binne twee punte van 'n voorsprong te bring, met tien minute spel oor.

Ons het almal begin glo ons kan dit doen. In die laaste minuut van die wedstryd, met die WP wat met 14-12 voorloop, het die bal in die Vrystaat se agterlyn afgekom ná 'n losskrum 30 meter van die doellyn af. Helgard het 'n gaping gevat en uitgegee na vleuel Jan-Harm van Wyk, wat in die hoek oor die doellyn is. Maar voor hy nog die bal kon druk, het die skeidsregter, André Watson, geblaas vir 'n vorentoe-aangee. Ek het geen probleme daarmee nie – maar ek weet geharde Vrystaatondersteuners betwis dit tot vandag toe. Ek is as Speler van die Wedstryd aangewys al het ons verloor, maar dit het nie vergoed vir die teleurstelling van die nederlaag nie. Ons kon daardie wedstryd gewen het.

Op 10 Januarie 1998 is ek en Nikki getroud in die Bloemfontein-hotel, wat destyds 'n deftige plek was. WJ Visagie, 'n Cheetahs-spanmaat wat saam met my op Shimlapark gebly het, was my strooijonker. Dit was nogal 'n groot troue, met familie en vriende en 'n klomp rugbymense. Ons wittebrood was 'n vaart op 'n passasierskip na Bazaruto-eiland in Mosambiek.

Later daardie jaar het ek dr. Louis Luyt ontmoet wat president van die Goue Leeus was. Hy was president van die Suid-Afrikaanse Rugbyvoetbalunie (Sarvu) toe die Springbokke die Rugbywêreldbeker in 1995 gewen het. Luyt het 'n formidabele geen-nonsens-reputasie gehad en was 'n magtige figuur in Suid-Afrikaanse rugby. Ek het baie respek vir hom gehad as gevolg van die manier waarop hy die Wêreldbeker georganiseer het en verseker het dat die Springbokke se halfeindstryd teen Frankryk op die sopnat veld op Kingspark in Durban voortgaan.

Dit was nie 'n beplande ontmoeting nie, maar dit het gebeur toe 'n groep van ons, insluitende my Vrystaatse spanmaats Werner Swanepoel, AJ Venter en Willie Meyer, vir ons vroue vertel het ons gaan Johannesburg toe vir 'n fondsinsameling, maar in werklikheid het ons klompie manne 'n gholfruitstappie gereël. Ons was besig met die veertiende putjie by die Wanderers-gholfklub toe my foon lui. Dit was een van dok Luyt se personeellede wat gesê het hy wou met my praat. Voor ek my oë kon uitvee, was dok Luyt op die lyn, en hy wou hê ek moes hom dadelik kom sien. Eers

het ek gedog dis die bekende poetsbakker Leon Schuster wat met my probeer gekskeer. Leon was 'n gereelde gesig by ons klubhuis in Bloemfontein, so, ons het sy streke geken.

Toe ons by die klubhuis aankom, het 'n man my genader en gevra: “Is jy Rassie Erasmus?” Ek het ja gesê en hy het gesê: “Klim in die kar. Dr Luyt wag vir jou.” Daar was drankies in die kar, so, ek het vir my sjampanje geskink. Ons het by 'n groot huis met hoë mure aangekom, en ek is na binne gelei. Ek was 'n bietjie senuweeagtig, want ek het geweet dok Luyt is 'n intimiderende persoon. Hy het die vertrek binnegestap en die eerste ding wat hy gesê het, was: “Het jy 'n mandaat om hier te wees?” Ek wou nie ja sê nie, want ek het nie geweet wat 'n mandaat is nie, so, ek het nee gesê. Die gesprek het daarna half verwarrend geraak, want hy het gevra: “Wat help dit as jy hier is sonder 'n mandaat?” Ek was uit die veld geslaan.

“Nee, nee,” het ek gesê, “jy het my gebel, op die gholfbaan – ek het jou nie net kom sien nie.”

Toe vra hy of my vrou weet waar ek is. Ek het gesê sy weet nie, en toe sê hy: “Wel, dan het jy uiteraard nie 'n mandaat nie.”

Hy het gevra of ek gelukkig is by die Vrystaat. Ek was baie gelukkig – ek het R360 000 per jaar verdien en 'n paar sakeondernemings bestuur. Toe vra hy hoeveel ek wou hê. Ek het besluit ek sou hom afsit met 'n belaglike bedrag, so, ek het gesê ek soek R860 000 per jaar. Hy het na my gekyk en gesê: “Jy het dit.” My eerste gedagte was: *Fok, wat nou? Ek wil nie die Vrystaat los nie.* Toe sê hy: “Bel jou vrou. Kry die mandaat.” Uiteindelik het ek verstaan wat mandaat beteken. Ek het Nikki gebel en vir haar gesê ek is by dok Luyt en dat hy wou hê ek moes vir die Goue Leeus speel.

Sy het dadelik gesê: “Ag, julle ouens kuier weer ... Moenie kak praat nie, man.”

Toe sy besef ek is ernstig, het sy gesê ons kan nie Johannesburg toe trek nie, want sy het pas 'n nuwe verpleegpos by die hospitaal gekry.

Dok Luyt het gesê: “Vertel haar hoeveel jy gaan kry.”

Ek het haar vertel ek gaan R860 000 kry. Sy het gesê: “Nee, nee, ons kan 'n plan maak.”

Ek het gedink aan Werner (wat ons Smiley genoem het omdat hy altyd 'n glimlag op sy gesig het) en Willie wat nog by die Wanderers-gholfklub was. Ek het vir dok Luyt gesê ons het 'n skrumskakel nodig en dat ek vir Smiley sal probeer kry. Hy het gesê: “Bel hom nou.”

Toe Smiley antwoord, moes ek hom eers oortuig dat ek regtig besig was met salarisonderhandelinge met Louis Luyt. Ek het hom gevra of hy vir die Leeus wou speel. Hy was nie baie gretig nie, want sy vrou het 'n goeie pos as dieetkundige in Bloemfontein gehad. Sy het R280 000 per jaar verdien, so, hy het besluit om hoog te mik en vir R400 000 te vra. Dok Luyt kon nie die gesprek hoor nie, so, ek het na hom gedraai en gesê: “Hy soek R800 000.”

Dok Luyt het gesê: “Hy het dit.”

Ek het vir Smiley gesê: “Ek sal later met jou praat, maar die geld is joune.”

Op daardie tydstip het ek sleg gevoel omdat AJ Venter en Willie Meyer, wat ook nog by die klubhuis was, nie deel van die onderhandelinge was nie, so ek het vir Dok Luyt gesê ons kort 'n flank en 'n stut. AJ en Willie het ook kontrakte gekry, en dit is hoe ons almal oor is na die Leeus toe.

Destyds het ek dit geniet om spelers se prestasie op die veld met behulp van VHS-opnames van die wedstryd te ontleed, en ek het besluit om dit 'n stap verder te vat. Ek het vir my 'n duur rekenaar gekoop met 'n sagtewareprogram genaamd Rugbystat, waarmee ek rugbywedstryde op 'n meer gesofistikeerde manier kon ontleed. Ek het by die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad (WNNR) daarvan te hore gekom, en ek was die eerste private persoon in Suid-Afrika wat een besit het. Ek moes om die waarheid te sê 'n banklening bekom om dit by 'n maatskappy in Israel te koop, met die WNNR se hulp, vir R125 000. In vandag se terme is dit meer as R400 000. Ek het 'n ou met die naam Willie Maree geken, deesdae die bestuurder van tegniese steun vir die Suid-Afrikaanse Rugbyunie (Saru). Hy het destyds Menslike Bewegingskunde studeer, en in sy vrye tyd het hy geleer hoe om vir ander sportsoorte by die WNNR te kodeer. Ná sy lesings het ek by hom gaan sit en dan het hy my vertel wat hy geleer het.

Om wedstryde te ontleed was ontsettend tydrowend, want ek moes oor en oor deur die videomateriaal gaan om die inligting vir elke individuele speler vas te lê: hoeveel losskrums hy skoongemaak het, hoeveel duikslae hy uitgevoer het, hoeveel keer hy die bal gedra het. Ek was nie 'n rekenaarkenner nie en ek moes maar leer deur probeer en fouteer. Deesdae is daar groot maatskappye wat tot 60 kodeerders aan een wedstryd laat werk sodat jy die inligting binne agt uur ná 'n wedstryd kan bekom. Party spanne het vier tegniese ontleders wat dan deur die data gaan en die inligting aan

die afrigters deurgee. Dit is so gesofistikeerd in vergelyking met die dae van VHS-opnames. Die Cheetahs het later die rekenaar vir R15 000 by my gekoop toe ek in 2007 by hulle weg is. Deesdae kan 'n skootrekenaar dieselfde taak verrig.

Ek het nie baie wedstryde vir die Leeus gespeel nie, altesaam sewe, en ons het hulle almal gewen. Ek het nie in die 1999-Curriebekerhalfeindstryd of -eindstryd gespeel toe die Leeus die Haaie met 32-9 geklop het nie, want ek was besig om voor te berei vir die Rugbywêreldbeker saam met die Springbokke.

In 1997 het ek vir die Vrystaat in die Super 12 gespeel. Ons was nie deel van die heel eerste Super 12 in 1996 nie, maar die jaar daarna het ons gekwalifiseer in die plek van die Westelike Provinsie, wat nie die topvier in 1996 se Curriebeker kon haal nie. Ons het daarin geslaag om sewende op die punteleer te eindig, en 'n onvergeetlike 49-18-sege oor die Highlanders in Invercargill en 'n 35-23-oorwinning teen Noord-Transvaal in Pretoria behaal. Maar die Brumbies en die Hurricanes het ons ore aangesit, met weghoorwinnings in albei wegwedstryde waarin hulle 50 of meer punte teen ons opgestapel het.

Of ek nou by die Vrystaat gebly of na die Goue Leeus geskuif het, in die Super 12 het dit geen verskil aan my gemaak nie, want in 1998 is die Cats gebore, 'n span wat bestaan het uit spelers van die Goue Leeus, die Vrystaat, Griekwas, die Luiperds, die Poemas en die Griffons. Ons het op vier verskillende plekke geoefen – Kimberley, Welkom, Bloemfontein en Johannesburg – en ons tuiswedstryde in Johannesburg of Bloem gespeel. Dit het nie gewerk nie; niemand kan so baie reis en steeds goed speel nie.

Andre Markgraaff, wat 'n jaar tevore die trekpas as Springbokafrigter gekry het, was die Cats se afrigter.

Ons het 'n aaklige seisoen beleef, net twee van ons 11 wedstryde gewen en laaste op die punteleer geëindig. Die eenvoudige waarheid is ons was 'n kak span. Ons was nie sleg voorlans nie, maar die agterlyn het nie genoeg slaankrag gehad nie.

Een van my herinneringe van daardie tyd is hoe Andre, ná die soveelste nederlaag, nie 'n TV-onderhoud wou doen nie en my uitgestuur het omdat ek kaptein was. Ek het nie geweet wat om te sê nie. Met my Afrikaanse

aksent het ek gesê: “We’re very close to clicking.” Die onderhoudvoerder het gevra wat ek bedoel. Skielik was daar geen keer aan my nie. Ek het gesê: “Next week, I’m pretty sure, 100% sure, 99% sure we’re going to click. But if we don’t click next week, we’ll definitely click the week after that.” Dit was een van my vernederendste TV-onderhoude en ek onthou dit tot vandag toe.

Die jaar daarna was ook niks om oor huis toe te skryf nie. Ons het tweede laaste geëindig, net bo die Bulle, en vier van ons 11 wedstryde gewen. Ons het darem ’n bietjie plaaslike trots verwerf deur die Bulle met 50 punte te klop en op Nuweland met die Westelike Provinsie af te reken.

In 2000 is Laurie Mains as die Goue Leeus en Cats se afrigter aangestel. Laurie, ’n voormalige All Black-heelagter wat Nieu-Seeland vir die 1995-Wêreldbeker afgerig het en beweer het sy span is voor die eindstryd deur ’n kelnerin by die hotel gif ingejaag, het daarin geslaag om die Cats se geluk blitsvinnig te laat draai. Na die voorafgaande twee jaar se laaste en tweede laaste plek, het die Cats die halfeindstryd twee jaar in ’n ry gehaal.

Ons het in 2000 ’n goeie span gehad, maar vier van ons ses wedstryde verloor, insluitende ’n rooigesig-nederlaag van 64-0 teen die Brumbies in Canberra. Ek was kaptein in daardie wedstryd, en op ’n kol het ons twee geel kaarte teen ons gehad en moes ek binnesenter langs Japie Mulder speel. Die Brumbies se aanvalslyne was ongelooflik. Terwyl ons agter die pale gewag het vir een doelskop, het ons na die groot skerm gekyk om te sien wie ’n duikslag gemis het. Oplaas het ek gesê: “Hoor hier, ons weet ons gaan oor ’n paar minute weer hier staan, dan moet almal net sê watter fokken speler hulle gemis of nie gemis het nie.” Dit het in ’n stadion so erg geraak dat ek vir die skeidsregter gevra het of die Brumbies meer as 15 spelers op die veld het. Ek het dit nie heeltemal as ’n grap bedoel nie.

Maar die res van die seisoen het goed verloop en ons kon daarin slaag om al ons oorblywende wedstryde te wen en vierde op die punteleer te eindig. Ons moes terug na Canberra om teen die Brumbies in die halfeindstryd te speel en ons het weer verloor, dié keer met 28-5.

In die 2001-seisoen het my verhouding met Laurie vinnig versuur. Dit was ’n tyd toe Sarvu kwotas begin instel het om meer swart spelers by die spel te betrek, en al is Laurie se vrou ’n Suid-Afrikaner, het ek gevoel hy

verstaan nie Suid-Afrika en sy mense behoorlik nie. Hy het nie begrip gehad vir die politieke sensitiwiteite in Suid-Afrika nie, vir die ongelykhede waardeur mense in die gesig gestaar word en die betekenis van transformasie nie. Hy was koppig en hy het aangejaag wanneer hy probeer het om kwotas te laat uitwerk.

Hy het Dean Hall verkies bo Conrad Jantjes, wat 'n ongelooflik talentvolle speler was. Conrad het internasionale sokker op o. 17-vlak gespeel, internasionale krieket op o. 19-vlak en 24 toetse vir die Springbokke. Hy was in 'n privaat skool in Boksburg, waar hy geblom het. Om as 'n "kwotaspeler" beskou te word, was vir hom 'n baie groot verrassing. Dean was 'n groot, harde vleuel van Springs, wat na regte meer moes speel as die 13 keer wat hy vir die Springbokke uitgedraf het.

Conrad is gekies om 'n wedstryd te begin, maar Laurie het hom aangesê om ná die eerste sewe minute te maak of hy beseer is sodat Dean op die veld kon kom. Ek het vir Conrad gevra: "Wat de fok is hier aan die gang?" Ek was kwaad, want ek het gevoel dit is 'n groot vernedering vir Conrad, en onregverdig teenoor Dean. Ek het vir Laurie gesê: "Moenie dit doen nie – kom ons maak 'n ander plan, maar moenie dat iemand 'n besering veins nie."

Jy kan nie 'n span bou en die spelers in mekaar laat glo terwyl sulke dinge aan die gang is nie. Hoe hou jy 'n spanpraatjie met 'n ou wat weet hy gaan net sewe minute speel en dan moet hy maak of hy beseer is?

Maar my geloofwaardigheid was nie juis wonderlik nie, en Laurie het my nie ernstig opgeneem nie. Ek het my swak begin gedra en al hoe meer selfgesentreerd begin raak. Alles het oor Rassie Erasmus gegaan. Ek was in die sewende hemel, kaptein van die Cats, en ek het meer as R1 miljoen per jaar verdien (vergeleke met die ander ouens wat R700 000 verdien het).

Ek en Nikki was al twee jaar getroud, maar sy het in Bloemfontein gebly, waar sy by die Universitas-hospitaal gewerk het, terwyl ek 'n glanslewe in Johannesburg gelei het, met jols in raveklubs, oordaad en te veel partytjies. Die Vrystaatkêrels – ek, Smiley Swanepoel, Naka Drotské en Willie Meyer – sou Maandag, Dinsdag en Woensdag oefen, dan Woensdagmiddag in die kar spring, Donderdag in Bloem oorslaap en terugry vir Vrydag se kapteinsoefening. Ek het goed gespeel, so, ek het gereken: *Hoekom nie?* Die enigste manier hoe ek dit kan beskryf, is: Die liggies het my gevang.

Met daardie leefstyl van oordaad, partytjies en te veel drank, hoe kon ek die ou wees wat vir Laurie voorsê wat om te doen? Hy het my as 'n windgat en 'n dronkgat beskou. Hy was nie van plan om sy weë te verander nie, so, voor ons volgende wedstryd het ek my ou Vrystaatafrigter Peet Kleynhans gebel en hom vertel wat met Conrad en Dean sou gebeur. Peet het dit in die oor gefluister van 'n rugbyjoernalis, wat toe die storie geskryf het, en 'n storm het om Laurie se kop losgebars.

'n Ander probleem was dat Laurie nie geweet het hoe om met ons te werk en te praat nie, veral wanneer dit by die swart spelers gekom het. Hy het dalk geweet hoe om met 'n Maori-speler te praat, maar jy kan nie op dieselfde manier met Suid-Afrikaners, met ons mengelmoes van huistale, verskillende kulture en verskillende agtergronde, praat nie. Conrad is dikwels as plaasvervanger gekies, wel wetend dat Laurie hom nooit speelkans sou gee nie. Ek en Chester Williams, as die senior spelers, het met dok Luyt gaan gesels en hom vertel ons kon nie meer onder Laurie speel nie. Dok het na ons geluister en Laurie uit sy pos begin werk.

Ek het gevoel Laurie se afrigtingsmetodes is uit die oude doos omdat hy nie 'n behoorlike ontleding van sy eie spelers en die opposisie gedoen het nie. Hy het die ouskoolmanier van afrigting verkies. Ek het heelwat tegniese ontleding vir die span gedoen, en Laurie sou sommer aan die slaap raak terwyl ek deur die statistieke op my rekenaar werk. Hy was nie van plan om die moderne benadering tot afrigting te leer nie. Ons verhouding het besonder toksies geraak op ons toer na Nieu-Seeland en Australië. Ondanks die probleme het ek goeie rugby gespeel (ek is later as Sanzar se Spelers se Speler van die Jaar aangewys), en ons het die Blues en die Crusaders oorwin, wat altyd moeilik voor 'n tuisskare geklop word.

Laurie het vir ons gesê die gevaarlike ouens in die Blues-span is Matua Parkinson en Carlos Spencer. Maar omdat hy nie daarin geglo het om die opposisie behoorlik te bestudeer nie, het hy nie geweet nie een van die twee gaan speel nie. Tydens die wedstryd het Laurie my daarvan beskuldig dat ek die wedstrydplan verander. Hy het nie verstaan dat ek en André Venter ons rolle op die veld verwissel het nie, en die wedstrydplan was onveranderd. Ek het las van 'n maagkiem gehad en ek wou teen rustyd afgaan, maar Laurie het geweier om my te laat gaan.

Ek het nie gebly vir die geselligheid ná die wedstryd nie en 'n taxi terug hotel toe geneem.

Dinge het ontplof toe ons in Brisbane teen die Reds te staan gekom het. Ek en Laurie het 'n vuurwarm woordewisseling in die spankamer in die hotel gehad, ten aanskoue van sommige van die spelers. Hy het my daarvan beskuldig dat ek ontwrigtend en onstabiel was, en gesê ek moet behandeling vir depressie kry. Dit was die laaste strooi. Ek het die spelers bymekaargeroep en vir hulle gesê ek gaan maak of ek 'n spier beseer het en terug huis toe vlieg.

By nabetragting was dit die verkeerde besluit. As kaptein moes ek dinge met Laurie uitgepraat en die probleem uitgesorteer het.

Toe, net voor ons laaste wedstryd van die seisoen teen die Bulle, het Laurie die spelers sover probeer kry om tussen hom en my te kies. Hulle het my gekies.

Ek het baie ondersteuning van die swart spelers in die span gekry. Ek het hulle aangemoedig terwyl Laurie hulle afgekraak het. Hy het Conrad hel gegee oor die manier waarop hy Trevor Halstead in 'n wedstryd teen die Haaie geduik het. Ek het gereken Conrad het verdomp goed gedoen om Trevor te stuit, wat drie sentimeter langer en 18 kilogram swaarder as Conrad was, en ek het vir hom so gesê.

Ons het ons laaste twee wedstryde teen die Reds en die Bulle – waarin ek nie gespeel het nie – naelskraap verloor en daarin geslaag om derde op die punteleer te eindig, en vir die halfeindstryd te kwalifiseer. Ek het my by die span aangesluit vir die wedstryd teen die Haaie in Durban, wat met 12-30 verloor het.

Ek aanvaar baie van die skuld vir wat gebeur het. Ek moes 'n behoorlike gesprek met Laurie gehad het oor die dinge wat my gepla het, eerder as om toe te laat dat dit aanhou prut en op die ou end oorkook. Maar ek het geleer uit die foute wat albei van ons gemaak het. Ek duld nie spelers wat hulle so swak gedra soos wat ek het nie, wat eiegeregtig voel net omdat hulle goed speel. Die manier waarop Laurie afgerig en ontleed het, is presies hoe ek nie as afrigter wil wees nie. Maar belangriker nog, ek het geleer om behoorlik met die spelers te kommunikeer, om griewe behoorlik te hanteer en nie toe te laat dat kwade gevoelens aanhou sweer en die hele span beïnvloed nie.

Deur die loop van 2001 het ek oplaas besef ek moet my lewe begin regruk, wat besig was om buite beheer te raak met al die raveklubs, die oordadige gedrag en partytjies. Ek was gereeld weg van Nikki, en as jy geld

het en geen gesinsverpligtinge nie, staan niks in jou pad om 'n lewe van oordaad te geniet nie. Ek was basies 'n vrygesel wat getroud was.

My gesondheid het ook daaronder begin ly. Ek het my metabolisme laat toets en die uitslae het gewys dat my metabolisme wanneer ek slaap dieselfde is as dié van iemand wat stadig stap, soveel energie het ek verbrand. Ek het 92 kilogram geweeg en hulle het my op 'n dieet gesit wat behels het dat ek drie keer saans en snags kos gekry het – teen sesuur en elfuur die aand en drieuur die volgende oggend.

Partykeer het ek my hartklopmonitor tydens oefensessies gedra, en die fiksheidsafrigter het my aangeraai om 'n ander een te kry, want hy het gereken daar is fout met die een wat ek dra. My hartklop was 180 slae per minuut terwyl ek opwarm en het tot 192 geklim, maar ek het dit nie eens gevoel nie – omdat ek so min geslaap en so baie by raves rondgehang het. Partykeer sou ek 'n Vrydagnag glad nie slaap nie, dan die Saterdag 'n wedstryd speel, as Speler van die Wedstryd aangewys word, uitgaan en kuier, en die Saterdag- of Sondag ook nie slaap nie. En Maandagoggend was ek weer aan die oefen.

So, wanneer ek 'n vinger na Laurie Mains gewys het, was daar drie vingers wat terug na my gewys het. Ek het eintlik nie die reg gehad om oor enige iets te kla nie. Laurie was dalk nie vreeslik eietyds of modern nie, maar ek was ook nie 'n moderne professionele rugbyspeler nie.

Ek is weggelaat uit die Springbokspan weens my voorliefde vir partytjies, so, ek het 'n dyspierbesering geveins en die Springbokspan voor die toetswedstryd teen Italië in Port Elizabeth verlaat. Dit was tyd om terug te gaan Bloemfontein toe. Ek het met Louis Luyt gaan praat en vir hom gesê ek wil die Goue Leeus verlaat. Hy het my kontrak sonder enige teëstribbeling opgeskeur en my laat gaan.

Ek het nie eens die Vrystaatrugbyouens gevra of ek kon terugkom nie. Ek het Harold Verster, die besturende direkteur van die Cheetahs, gebel en vir hom gesê ek is terug.

“Lekker,” het hy gesê en vir my 'n nuwe kontrak gegee. My salaris het aansienlik geval, maar dit het my nie in die minste gepla nie.

Ek het in Bloemfontein nesgeskop en 'n huis op 'n kleinhoeve gekoop. Dit is Die Ark genoem, want daar was twee elande, twee sebras, twee koeie, twee varke, twee donkies ... jy kry die idee. Daar was sewe damme met swane en eende. Die Vrystaatspan het soms daar kom braai.

Dit het gevoel of my lewe drie jaar lank stilgestaan het, en toe het dit eensklaps weer aangegaan waar dit opgehou het in Bloem. Oom Peet Kleynhans was steeds die afrigter, my vrou het steeds daar gewerk. Mense het my klaar geken. Dit was lekker.

EK HET MY TOETSDEBUUT VIR DIE SPRINGBOKKE in die derde toets teen die Britse en Ierse Leeus op 5 Julie 1997 op Ellispark gemaak. Dit was nie die beste tyd daarvoor nie, want die Leeus het toe reeds die reeks gewen nadat hulle die Bokke in die eerste twee toetse van die drietoetsreeks verslaan het, en daar het groot teleurstelling geheers omdat dié belangrike teenstanders 'n tweede reeks in Suid-Afrika kon wen nadat hulle dit laas in 1974 kon regkry.

Ek het aan die rand van die Bokspan beweeg sedert ek die vorige jaar ontbied is om in die wedstryd in Brive teen die Franse Barbarians te speel. Ek was selfs ingelyf in die span, wat behels het dat jy 'n liedjie moes sing of 'n grap moes vertel. Maar daar was ook 'n baie pynlike deel aan die inlywing. 'n Senior Springbok – in my geval was dit André Joubert – het jou agterstewe geslaan met 'n sweep wat Bliksem genoem is, soos Danie Craven se hond. Terwyl jy geslaan is, moes jy uitroep: “Bliksem!” Dit was 'n ou tradisie in die Bokspan, so, ek het nie regtig omgee nie, al was dit fokken seer. Ek het drie houe by André gekry, almal se blad geskud en 'n paar biere gedrink. Dit het my laat voel, oukei, ek is nou deel van die span. Ek was deel van die uitgebreide span en het saam met die Bokke geoefen.

Carel du Plessis het in Junie 1997 die leisels by Andre Markgraaff oorgeneem en die nuwe Springbokafrigter geword. Hy het die lostrio Gary Teichmann, André Venter en Ruben Kruger geërf, wat almal baie gemaklik in die span was en mekaar goed verstaan het. Carel het by dié drie gehou vir 'n enkeltoets teen Tonga en die eerste twee toetse teen die Leeus.

Ek kon aanvoel ek was naby daaraan om gekies te word, maar ek moes teen 'n paar groot name met indrukwekkende reputasies meeding. André was my vriend en spanmaat van die Vrystaat, en het vir Technikon gespeel terwyl ek vir die Shimlas of Old Greys gespeel het. Ons het saam geoefen en gedraf. Ruben was ook 'n Vrystaatboikie. Hy het van Vrede gekom, was in Grey Kollege en deel van die span wat die Rugbywêreldbeker in 1995 gewen het, maar in daardie stadium het hy vir Noord-Transvaal

gespeel. Hy was 'n soort held vir my en aanvanklik was ek 'n bietjie skrikkerig vir hom. Gary, Natal se kaptein, was 'n stil leier en 'n uiters goeie agtsteman. Ek het baie respek vir hom gehad.

Ek het my kans gekry toe Ruben Kruger in die tweede toets op Kingspark in Durban beseer is, en ek is gekies vir die volgende naweek se wedstryd op Ellispark. Ek het eerlikwaar nie geweet 'n wedstryd teen die Leeus is so 'n groot storie nie, met 'n lang geskiedenis van wedywing met die Springbokke, en dat hulle net een keer elke 12 jaar na Suid-Afrika getoer het. Dit het nie eens by my opgekom dat ek dalk net een kans sou kry om in 'n toets teen hulle te speel nie omdat die volgende toets eers weer in 2009 sou wees.

Wat vir my lekker was, was om my internasionale debuut te maak in dieselfde wedstryd as twee van my Vrystaatspanmaats, my goeie vriend Smiley en Jannie de Beer. Ons het in 'n weekwedstryd vir die Vrystaat teen die Leeus gespeel tussen die eerste en tweede toetse, waarin hul senter, Will Greenwood, maaltvleis van ons gemaak het. Hy het my met gemak gesystap en ek het besef hulle gaan 'n probleem wees. Hul balvaardighede was ongelooflik, en al kon die Vrystaatspan met die bal hardloop, was ons nie opgewasse teen hulle nie. Met spelers soos Helgard Müller, Brendan Venter, Jannie de Beer, André Venter en ekself, het ons spoed in die span gehad, maar in Bloemfontein, op 'n droë veld, het hulle eenvoudig onder ons uitgehardloop en met 52-30 gewen.

Ek is die Dinsdag voor die wedstryd meegedeel dat ek my debuut sou maak, maar dit het nie soos 'n groot oomblik gevoel nie. Die Leeus se senter Jeremy Guscott het die reeks beklank met 'n skepdoel vier minute voor die eindfluitjie in die tweede toets in Durban, so, in plaas van groot opgewondenheid oor die wedstryd was daar 'n kak gevoel in die kamp omdat die derde toets betekenisloos was, 'n *dead rubber*. Al aansporing was om minstens 'n bietjie respek met 'n wen te verdien. Nie 'n wonderlike week om my debuut te maak nie.

Ons Springboktruie het vir ons in die kleedkamer gewag die dag van die toets, nie soos deesdae wat dit die dag voor die tyd uitgedeel word nie. Dit het lang moue gehad, en die tradisie was om 'n skêr te vat en die moue af te knip. Maar jy moes dit reg doen sodat dit nie lyk asof jy dit versnipper het nie. Ek was 'n bietjie benoud om aan my trui te knip, want ek wou eintlik met lang moue speel.

Al was die reeks vir ons verlore, was dit uiteraard vir my persoonlik 'n groot ding om my debuut te maak, al het ek nie hoendervleis gekry toe ons die volksliedere gesing het nie. Ek het net uitgesien na die wedstryd.

Die Leeus se hantering was eindeloos beter as ons s'n. Ons ouens kon nie links en regs met dieselfde akkuraatheid uitgee nie en ons het nie oor dieselfde kernvaardighede as hulle beskik nie. Met twee aangeë kon hulle die breedte van die veld dek. Guscott en Scott Gibbs het verby ons gesweef.

Maar ons het een ding gehad wat hulle kortgekom het – krag. Dis nie iets wat jy kan aanleer nie. Ons het hulle goeie, outydse Suid-Afrikaanse krag voorlans gewys, en dan was daardie aangevaardighede nie so doeltreffend nie. Met groot ouens soos Os du Randt, Dawie Theron, Hannes Strydom en Krynauw Otto aan my sy, het hul hardloop- en aangevaardighede verdof. Ons het die wedstryd oorheers en die Leeus met 35-16 geklop, met vier drieë teen een.

Ruben het van sy besering herstel en teruggekeer na die Springbokspan vir die Drienasies. Ek het dus op die pawiljoen toegekyk hoe ons met 32-35 teen Nieu-Seeland op Ellispark verloor voordat ons na Australië en Nieu-Seeland vertrek het vir die wegwedstrydgedeelte van die toernooi.

Carel was onder druk omdat die Britse en Ierse Leeus 'n reeks gewen het vir slegs die tweede keer in Suid-Afrika sedert 1896. Hy kon dit nie bekostig om die Drienasies ook te verloor nie. Toe Carel sy wedstrydplan aan ons verduidelik het, het groot Engelse woorde uit sy mond gekom. Hy was 'n briljante speler en hoogs intelligent wat sy begrip van die spel betref, maar ons kon eenvoudig nie sien wat hy sien nie. Die manier waarop hy ruimtes op die veld verduidelik het, was amper wetenskaplik. Ons het nie tyd gehad om by sy spelstyl aan te pas nie en ek dink hy het gefrustreerd geraak.

Ek het nie in enige van die wegwedstryde gespeel nie, wat almal in 'n nederlaag vir die Bokke geëindig het. Ons was baie futloos toe ons met 20-32 teen Australië in Brisbane verloor het, maar het goed weggespring teen Nieu-Seeland op Eden Park in Auckland. Ons het vroeg-vroeg 'n voorsprong van tien punte gehad en teen rustyd was ons steeds in die wedstryd, slegs twee punte agter, met 21-23. Maar toe val die wiele af nadat André Venter 'n rooi kaart gekry het omdat hy op Sean Fitzpatrick getrap het, James Small 'n geel kaart gekry het omdat hy Christian Cullen probeer pootjie het, en Ruben Kruger sy enkel gebreek het. Ons het sleg gekwyn, en

die All Blacks het sewe drieë gedruk om vir die eerste keer 55 punte teen ons in 'n toetswedstryd aan te teken.

Ons kon nie meer die Drienasies wen nie. Daar was 'n slegte atmosfeer in die span, en ons het gevoel die skrif is aan die muur vir Carel. Ons het huis toe gekom, en ek is vir my tweede toets gekies, as plaasvervanger vir die geskorste André, terwyl Warren Brosnihan sy debuut gemaak het deur Ruben aan die ander kant van die skrum te vervang teen Australië in Pretoria.

Ek het my internasionale debuutdrie in die eerste vyf minute van die wedstryd gedruk. Joost van der Westhuizen het die drie geskep deur 'n losbal vorentoe te skop toe die Aussie-skrumskakel, George Gregan, 'n lynstaanbal misgetas het. Joost het na my aan sy binnekant uitgegee net toe hy geduik is, en ek het lyn toe laat loop. Die flank David Wilson was op my gat, en het my probeer skaapvang, maar ek het weggekom en gedruk net toe senter James Holbeck bo-op my duik. Maar dit was alles te danke aan Joost; ek het net die aangee gevat en die laaste paar meter gehardloop.

Daai eerste drie was lekker, maar vreemd genoeg sou ek verkies het dat Joost daardie drie moes druk. Ek hou daarvan om beter as die teenstanders te dink, uit te gee en te beplan. Daar was 'n wedstryd later in my loopbaan, teen Nieu-Seeland, waarin ek twee drieë vir Robbie Fleck geskep het – en dááruit het ek groot behae geput. (Op dieselfde manier is 'n ou soos Willie le Roux in sy skik om 'n drie te druk, maar hy put meer behae daaruit as hy 'n drie skep, en min mense besef dit. Hy skep die meeste drieë en dit is vir hom baie meer bevredigend.)

Ons het daardie dag agt drieë gedruk en met 61-22 gewen, die eerste keer dat die Wallabies meer as 50 punte in 'n toetswedstryd afgestaan het. Ons het oplaas besef wat Carel ons heelyd probeer leer het. Ek het dalk nie verstaan wat hy gesê het nie, maar ek het verstaan wat hy wou hê. Maar dit was te laat, want dit was sy laaste wedstryd as Bokafrigter – 'n week later is hy geapos.

Ek het so sleg gevoel. Ek het die manier gehaat waarop die aanhangers en die media hierdie voormalige Springbokheld, 'n kalm, ingetoë gesinsman, uitgekryt het. Ek glo jy moet 'n ou 'n kans gee, en as dit dan nie werk nie, laat jy mense wat rugby ken oor sy toekoms besluit. In plaas daarvan het ek gesien hoe mense wat glad nie by rugby betrokke is nie hom afbreek. Ek het nie 'n spesiale band met Carel gehad nie, maar daar het ek

gesien hoe wreed rugby kan wees.

Teen daardie tyd het ek meer vertrouwe as 'n internasionale speler begin kry. Ek het begin gewoon raak aan reis, dit selfs begin geniet, en al het ek nog net twee toetse gespeel, het ek gemaklik gevoel in die span. Maar ek kon nie bekostig om op my louere te rus nie, want ander spelers soos Warren Brosnihan, Bobby Skinstad, André Vos, Corné Krige, Wayne Fyvie en Andrew Aitken het aan my gat gehap vir 'n plek in die span.

Ek het Bobby nie aan die begin waardeur nie (al het ek later wel behoorlik). Hy het 'n fantastiese systappie gehad en kon baie fisiek wees.

Corné Krige was hierdie welsprekende ou van die Hoër Jongenskool Paarl wat 'n aura aan hom gehad het. Hy was baie goed daarmee om die bal te steel. Wayne was sterk en Warren was vinnig, terwyl André goed was met skakelwerk. Hulle het almal eienskappe gehad wat my op my tone gehou het.

Ek het gevoel vir my grootte (ek het in daardie stadium 92 kilogram geweeg) was my verdediging deurgaans akkurater en aggressiewer as baie van daardie spelers s'n. Ek was nie bang om te duik nie en ek kon dit goed doen. Ek kon 'n bal steel, in die lynstaan spring, 'n hoë bal vang, kort skoppe skop, en ek kon op die aanval systap. Ek kon selfs skepdoele skop. Ek was dalk nie die vinnigste van flanke nie, maar ek kon myself darem laat geld. Oor 100 meter het Bobby my met so 10 meter geklop.

Ek het geweet aan die fisieke kant kon ek inklim, want ek was 'n straatvegter van Despatch wat nie bang was vir baklei nie. In my grootwordjare het ek net raakrugby gespeel, so, ek het geweet hoe om kortpaaie te vat om vinnig by die aksie uit te kom. My visie en begrip van die verskillende soorte spel en waar om die gapings te vind, was 'n natuurlike aanvoeling.

Al was ek jonk en 'n nuweling, was ek nie huiwerig om met my spanmaats te praat en hulle aan die wedstrydplan te herinner nie. “André, onthou, jy moet hierdie lyn hardloop,” of “Smiley, ek gaan op jou skouer wees,” of “Hoor julle, boys, watch vir Kronfeld”.

Ek was mal daaroor om dieselfde speler in tien verskillende wedstryde dop te hou voordat ek in 'n wedstryd teen hom te staan gekom het. Ek sou hom behoorlik uitpluis en vir die ander wys wat om by oefensessies te doen. Ek sou 'n spanmaat aan sy hardlooplyn en aan sy verdediging herinner. Die spelers het dit aanvaar, al sou hulle partykeer ongeduldig word

en sê: “Ja, fok, ek weet, man.” Dit is waar my afrigstyl begin vorm kry het. Ek het geweet presies wat ek moes doen, en ek kon die spelers om my sover kry om te doen wat ek hulle gewys het. Dit was vir my lekker.

Op 25 September 1997 het Nick Mallett – bo wie Carel ses maande tevore as Springbokhoofafrigter gekies is – uiteindelik die pos gekry. Hy het die Boland in daardie stadium afgerig, maar hy het die Bokspelers goed geken en hy was nie van plan om enige groot veranderinge aan te bring nie. Hy het Dick Muir en Breyton Paulse teruggebring in die agterlyn en Adrian Garvey by die voorspelers, maar die res van die span het basies onveranderd gebly. Destyds het ek nie vir Nick baie goed geken nie. Ek het teen sy span gespeel toe hy die Boland afgerig het en ons paaie het die vorige jaar gekruis in daardie eenmalige wedstryd waarin ek vir die Bokke teen die Franse Barbarians uitgedraf het, toe hy die Bokke se hulpafrigter was. Ek het geweet hy is ’n reguit ou en baie selfversekerd. Ek het ook geweet hy skrik nie vir gekruide taal nie. Toe die Vrystaat teen die Boland in Bloemfontein gespeel het, het ons hulle ’n loesing gegee, en ek – wat op die pawiljoen in plaas van langs die veld gestaan het – kon hoor hoe Nick op sy spelers vloek.

Namate ek hom leer ken het, het ek besef hy beskik oor fantastiese rugbykennis, hy het ’n goeie hart en hy is baie passievol. Die skreëry was maar net sy persoonlikheid. Hy is brutaal eerlik en hy gaan nie toelaat dat ’n vloekwoord in sy pad staan nie. Hy was om die regte redes by rugby betrokke. Toe my ma hom in 1999 by die Wêreldbeker ontmoet het, het hy haar ’n drukkie gegee en sy het gesê hy was die gaafste man wat sy ooit ontmoet het. Ek was egter nie seker of my plek in Mallett se span verseker was nie. Skinstad, Aitken en Krige was reeds daar om my opdraande te gee. Ruben Kruger was aan die herstel van sy besering en André Venter was reeds goed gevestig. Ek het gevoel ek het die eienskappe wat Nick wou hê, maar ek het nooit heeltemal gemaklik gevoel dat my plek gewaarborg is nie. As ek maar net geweet het ek was Nick se eerste keuse vir die posisie van oopkantflank. Hier is wat hy oor my gesê het:

Rassie was ’n ou wat ek nooit, ooit oorweeg het om uit die span te laat nie, want ek het al die aspekte van sy spel bewonder en al die dinge wat hy tot ons span toegevoeg het. Sy lakwerk was ongelooflik

goed en baie fisiek. Maar sy sterk punt was sy vermoë om te lees wat die opposisie gaan doen, en hulle dan te onderbreek deur in die pad te kom, of die regte ou te duik, of 'n aangee te onderskep. Hy het ongelooflike intuïsie. Hy het ander kwaliteite gehad as iemand soos Corné Krige, wat 'n absolute werkesel was wat eindelose duikslae in 'n wedstryd kon uitvoer en telkens balbesit kon omkeer. Dikwels was dit nie die kwaliteite waarna ek op soek was nie. Ek was lojaal teenoor die spelers, mits ons gewen het. Toe ek die Springbokke afgerig het, het Rassie baie goed vir die Cheetahs gespeel en daar was geen rede om 'n ou soos Corné of Andrew Aitken bo hom te kies nie, tensy hy beseer was. Hy was altyd my eerste keuse en daar was nooit 'n geval waar ek gedink het ek behoort my keuse te verander nie. Sover ek onthou, het ek Rassie nooit weggelaat nie. Hy is net uit een van my toetsspanne weggelaat omdat hy beseer was.

Rassie was uitmuntend. Hy was nie 'n groot, sterk ou nie, en hy was ook nie besonder vinnig nie, maar hy was vinnig genoeg en het 'n ongelooflike begrip van die spel gehad en briljante aanvoeling vir wat gaan volg. Hy was 'n speler soos Rob Louw of die Fransman Laurent Cabannes, wat flank en senter kon speel. Hy het die vermoë gehad om die bal te behou, dit in kontak te vat, om op die regte tyd uit te gee, om gapings te sien. Hy het geweet presies waarheen die bal op pad is, so, hy kon 'n reguit lyn daarheen sny. Ander spelers jaag die bal. Hulle kan twee keer vinniger hardloop, maar hulle moet ook twee keer verder hardloop. Rassie het uitstekende balvaardighede gehad en 'n begrip van wat sy opponent gaan doen; hy kan sien hoe die ander span opgestel is en die volgende beweging voorspel. Hy kon na die veld kyk en 'n ontleding maak van wat hy dink gaan gebeur nog voor hy in die skrum sak. Hy was nie regtig 'n baljagter nie, maar hy kon die bal steel deur dit te onderskep of deur druk toe te pas sodat sy teenstanders aanslaan. Ek was veral mal oor sy aanvalsvaardighede. Met 'n flank soos hy het ons 'n derde senter in die span gehad en soms het hy beter aangegee as die regte senters.

Nick het 'n aanvoeling daarvoor gehad om die regte spelers te kies wat

vinnig goed kon begin saamwerk. In daardie dae was daar nie belyningskampe en *roadmaps* nie, niemand het met die provinsiale en franchise- afrigters gepraat nie, en niemand het video-uittreksels met die spelers gedeel nie. Dit was onmoontlik vir Nick om nuwe vaardighede oor te dra of 'n speler 'n nuwe visie te gee, want daar was bloot nie genoeg tyd nie.

Nick het geglo jy kies 'n paar harde fokken Afrikaanse ouens vir jou pak, een of twee Engelse ouens vir jou losvoorspelers, 'n paar harde manne in die agterlyn, en 'n paar met flair. Ons het in Bologna, Italië, aangekom vir die afskop van die Bokke se jaareindtoer. Ek was nie senuweeagtig toe ons wedstryd teen Italië begin nie, nie omdat ek hulle onderskat het nie, maar omdat ons geweet het ons het beter spelers en ons is beter georganiseer. Italië se toetrede tot die Sesnasies was eers drie jaar later, so, ons het nie veel tyd gehad om hulle dop te hou of te volg nie, en ek het die helfte van die spelers nie geken nie.

Italië was vol selfvertroue omdat hulle Ierland aan die begin van die jaar in Dublin geklop het, en die vorige maand gelykop teen Argentinië gespeel het in die Latynse Beker in Frankryk. In die eerste helfte het hulle hul man goed gestaan. Teen rustyd was ons net twee punte voor. Nick het gesê hy soek vier drieë per wedstryd, maar ons het hom daardie dag nege gegee, 40 punte in die tweede helfte aangeteken en met 62-31 gewen.

Ná rustyd het ek twee drieë gedruk, maar ek kan die eerste een, wat deur Joost geskep is, beswaarlik onthou. In die eerste minuut het hy vorentoe geskop en die bal het Justin Swart se been in die doelgebied getref. Al wat ek moes doen, was om op die bal te val. Tien minute later het Joost die bal gekry van Henry Honiball – wat die verdedigers gelok het – 'n potensieële duikslag ontglip en toe na my aangegee terwyl ek aan sy binnekant ingekom het. Op volle vaart was ek moeilik om te stuit.

Daar was nooit enige twyfel dat ons Italië sou klop nie, maar daar het nog werk voorgelê as ons 'n puik span wou word, al het die toer op 'n hoë noot afgeskop.

Ons het van Bologna na Lyon gereis vir die eerste van twee toetse teen Frankryk, wat vroeër daardie jaar as die Vyfnasies se Grand Slam-kampioen gekroon is. Hulle het gehaltespelers in die agterlyn gehad, insluitende hul kaptein Philippe Saint-André, Christophe Lamaison, Thierry Lacroix en Fabien Galthié, en 'n paar monstervoorspelers, onder meer Christian

Califano, Olivier Merle, Olivier Brouzet, Laurent Cabannes en die massiewe Abdelatif Benazzi.

Dit was 'n helse taai kragmeting, maar dinge het in daardie wedstryd vir ons begin uitwerk. Op 'n kol het ons met 25 punte voorgeloop, en toe drie drieë in die laaste 20 minute afgestaan vir 'n eindtelling van 36-32.

Die Woensdag voor die wedstryd het ek my rug seergemaak en die pyn was so erg dat ek skaars kon loop. Op 'n manier het ek my rug vreemd gedraai en iets het vasgehaak. Terwyl die oefening voortgegaan het, het twee van my spanmaats my bus toe gedra en ek het in die gangetjie gelê met my voete op 'n sitplek.

Terug by die hotel het dok Verster vir my pynstillers en antiinflammatoriese middels ingespuut om my reg te kry vir die wedstryd. Smiley was my kamermaat en ons het plek gemaak sodat ek op die vloer kon slaap met my bene op die bed, want ek het gehoor dit help met spasmas of senuwees wat vasknyp. In daardie dae het ons nie vir skanderings gegaan nie. My rug was baie styf toe ons uiteindelik uitgedraf het op Stade de Gerland in Lyon, wat in die proses was om groter gemaak te word.

In die eerste helfte het Benazzi op my afgestorm gekom met die bal onder sy arm. Ses voet ses en 'n volle 115 kilogram. Ek het gedink: *Fok dit, ek gaan die kak uit hom uit tackle*. Ek het in hom vasgehardloop en in die kleedkamer wakker geword terwyl dok Verster besig was om 'n wond by my oog toe te werk. Ek het natuurlik harsingskudding opgedoen. Dok het vir my gevra: “Hoe voel jou rugpyn?”

Ek het geantwoord: “Watter rugpyn?”

Hy het stip na my gekyk en gesê: “Jou rug was opgefoeter voor die wedstryd – hoe voel dit nou?”

Benazzi het my so hard getref dat my rug weer piekfyn was.

Ek het steke gekry en weer op die veld gedraf. Ná die wedstryd het ek vir Benazzi gevra of ek darem daarin kon slaag om hom grond toe te bring. “Nee,” het hy gesê, “ek het net bo-oor jou gehardloop.”

Wat ook al my rug makeer het, Benazzi het dit reggemaak deur in my vas te duiwel. My oog is nou wel in die proses oopgesny, maar my rug was daarna piekfyn.

Daar was 'n reuse-opbou tot die tweede toets in Parys – die laaste internasionale rugbywedstryd wat by die beroemde Parc des Princes gespeel sou word voordat die tuiste van Franse rugby na die Stade de France sou

verskuif. Cabannes, Merle, Lacroix en Saint-André – almal legendes van Franse rugby – het hul laaste toetswedstryd gespeel, so, gemoedere in die Franse skare het hoog geloop.

Die wedstryd was taai aan die begin, en dit het al hoe duideliker geword dat die Franse op die oorlogspad is. In ongeveer die twintigste minuut, met die Bokke wat met 7-3 voorloop, het ek die bal op ons kwartlyn onderskep en die pad doellyn toe was oop voor my. Lacroix was blitsig op pad en sou my gevang het, maar ek het die bal met 'n kort aangee aan die binnekant na Pieter Rossouw uitgegee wat die eerste van sy vier drieë onder die pale gaan druk het.

Nick Mallett onthou daardie beweging:

Rassie was 'n gebrokespelspesialis. Hy kon 'n besitomkeer- of 'n onderskepsituasie in 'n oogwink opsom. In daardie wedstryd teen Frankryk op Parc des Princes het ons met vier punte voorgeloop toe Frankryk steelkant om gespeel het. Rassie het die beweging sien kom, sy kans waargeneem om te onderskep en op die Franse doellyn afgepyl voordat hy uitgegee het na Pieter Rossouw, wat gaan druk het. Dit het die wedstryd in ons guns geswaai, want dit het die Franse se gees gebreek. Dit was die soort vernuf wat ander spelers hom nie kon nadoen nie. Nie een van die spelers kon die spel lees soos Rassie kon nie.

Daardie beweging het die sluise vir ons oopgemaak en ons het daarna nog vyf drieë gedruk. Dit was een van die beste vertonings ooit deur 'n Springbokspan, maar ek kan dit skaars onthou omdat ek harsingskudding opgedoen het. In die tweede helfte het Smiley uit 'n skrum losgebreek, bo-oor na Henry Honiball op losskakel aangegee, wat die bal aan die binnekant na my toe probeer aangee het net toe ek om hom vleg. Maar ek kon dit nie vang nie en die bal het los gespat. Ek het instinktief vir die bal geduik op dieselfde tyd as wat Laurent Leflamand ingehardloop het om dit te skop. Ek het voor sy been ingegly net toe hy vir die bal mik, en my kop het sy maermerrie met 'n slag getref. Hy het skynbaar geen pyn gevoel nie en net die bal agternagesit. Ek het op die gras gelê en krul, met bloed wat uit 'n sny aan my voorkop stroom. Os het kom hoor of ek oukei is, maar ek kon

net my kop in pyn vasklou.

Dok Verster het by my gehurk, die wond ondersoek en vir my vrae gevra om vas te stel of ek harsingskudding gehad het. Toe ek opstaan, was my bene baie wankelrig en hy moes my aan my trui gryp om te keer dat ek omval. Andrew Aitken het op die veld gedraf om my te vervang terwyl die noodhulpspan met 'n draagbaar opgedaag het.

Ek is af om steke te kry. Dok het vir my nog vrae gevra terwyl hy besig was, vrae soos: “Wat is die telling?” Ek kon nie onthou nie. Ek kon niks onthou nie. Ek was nie in staat om verder te speel nie, veral nie ná my harde kennismaking met Benazzi ook nog die vorige week nie.

As ek terugkyk op daardie wedstryd besef ek waarom Gary Teichmann dit beskryf het as die beste 80 minute se rugby wat hy die Springbokke ooit sien speel het. Ek het langs die veld gesit en die res van die wedstryd gekyk. Nick het van die pawiljoen afgekóm om daardie wonderlike minute te geniet terwyl die skare hom toegejuig het. Hy het trane in sy oë gehad en ek kon verstaan waarom hy emosioneel was. Hy het 'n lang pad saam met die Bokke gestap, van 'n speler in 1984, toe hulpafrigter, en nou as hoofafrigter. Hy was onder baie druk om die span om te swaai ná daardie nederlae teen die Britse en Ierse Leeus en in die Drienasies. En nou was sy span besig om die Vyfnasieskampioen plat te vee. Daardie laaste tien minute van die wedstryd was vir hom baie spesiaal; hy kon ontspan in die wete dat ons besig was om hulle op te foeter.

In die laaste paar minute het Henry 'n drie gedruk wat 'n beweging afgerond het waarin die bal deur tien paar Springbokhande gegaan het terwyl ons vanaf ons kwartlyn gehardloop het. Die kommentator Hugh Bladen het gesê ons het met die Franse “gespeel”. Hy was in die kol.

Ná die wedstryd het ons 'n ereronde gedoen, met party van die Bokspelers wat Franse truie gedra het. Ons het 'n staande applous van die gewoonlik partydige Franse skare ontvang, wat duidelik keelvol was vir hul eie span se vertoning maar steeds die hardlooprugby kon waardeer waarop ons hulle getrakteer het.

Die Engelse media het daarop gesinspeel dat die volgende wedstryd, teen Engeland op Twickenham, 'n wraakwedstryd soos wees ná die nederlaag teen die Leeus, maar ons het dit nie so beskou nie. Vir ons was dit net nog 'n toetswedstryd.

Ek het alles probeer om dok Verster te oortuig om my die groen lig te

gee om te speel, maar hy het geweier. Ek was verpletter. Destyds was daar geen protokol wat my verbied het om te speel nie. Dok het net op mediese gronde geweier. Hy was nie die soort ou wat jou sommer vir niks van die veld af sou hou nie. Hy was self 'n taai ou, 'n oudsoldaat van die Suid-Afrikaanse Spesiale Magte (ook bekend as die Recces), die taaiste eenheid in die weermag. Hy was 'n baie kalm man, waarskynlik omdat hy in sy vorige lewe gewonde soldate behandel het. Hy het altyd 'n plan gehad. Of jy nou na hom toe gekom het met 'n verkoue, 'n ontwrigte skouer, 'n gebreekte been of harsingskudding, hy sou op sy stil manier sê: “O, ja, ek sien,” en dan 'n oplossing uitwerk. Die feit dat hy besluit het ek kon nie speel nie, het beteken my harsingskudding was ernstig.

En so het ek van die pawiljoen af toegekyk terwyl Andrew Aitken my plek ingeneem en die Bokke Engeland hul grootste pak slae (daardie tyd) op Twickenham gegee het, deur met 29-11 te wen. Engeland het met 11-0 voorgeloop, maar nadat hul losskakel, my ou Oostelike Provinsie-Cravenweekspanmaat Mike Catt, op 'n draagbaar van die veld is, het ons die wedstryd oorheers.

Ek het my terugkeer na die span die daaropvolgende week gemaak met 'n maklike drie teen Skotland terwyl ons nog 'n reusetelling op die telbord gesit en met 68-10 op Murrayfield gewen het. Jannie de Beer het deurgebreek en 'n lae aangee effens agter my gegooi. Ek het agtertoe gereik, die bal raakgevat en gedruk. Ek het maklik in die bal ingehardloop sonder enige iemand wat my probeer keer, maar dit was nogtans lekker om te luister hoe die legendariese Skotse kommentator Bill McLaren my drie geprys het: “Did you see the pass gathered in by this laddie, Johan Erasmus of the Orange Free State, in only his sixth international? He took a ball behind him with probably three fingers.” McLaren was 'n briljante omroeper, en wanneer ek video-ontleding gedoen het, was dit altyd 'n plesier om beeldmateriaal vorentoe en terug te speel waarop hy die kommentator was, en na sy stem te luister.

Nick onthou 'n ander voorval uit daardie wedstryd waar ek 'n drie vir Pieter Rossouw geskep het:

In daardie wedstryd teen Skotland was ons strategie van hul afskop af vir Krynaauw Otto om die bal te vang en vir ons voorspelers om 'n

dryfmaalbeweging te begin waaruit ons óf 'n strafskop kon wen óf ons senters kon wegstuur. Rassie het opgekyk en gesien dat die Skotse voorspelers almal by die losgemaal aangesluit het terwyl die agterspelers diep bly. Hy sê toe vir Krynauw om die bal te vang, maar dit net vanuit die lug na hom te gooi. Ek kyk van die pawiljoen af en dit lyk soos basketbal. Krynauw kry die bal, gooi dit vir Rassie, wat hul losskakel, Gregor Townsend, systap en daar is hy deur. Rassie was vinnig oor 20 meter, maar nie so vinnig oor 70 meter nie. Hy het opgekyk en Pieter Rossouw op vleuel 35 meter daarvandaan gesien. Hy het 'n lang steekskop na links geskop. Die bal het perfek vir Pieter gespring en hy het onder die pale gaan druk. Ons het nooit daardie beweging geoefen nie. Dit was 'n idee wat hom op die veld te binne geskiet het. Dis waar Rassie Erasmus se genialiteit lê.

In daardie wedstryd het James Small twee drieë gedruk en die Springbokdrieërekord verpletter. Die tweede drie het gewys hoeveel gees die span het en watter bande tussen die spelers gevorm het. Percy Montgomery kon dit gedruk het, want die veld was oop voor hom, maar hy het die bal na James aan sy buitekant uitgegee sodat hy sy rekord- 20ste drie kon druk. James het dadelik van die veld afgehardloop, taak afgehandel, en die teken gegee vir 'n plaasvervanger om op te kom. Hy het ná daardie wedstryd uitgetree.

James was vir my 'n soort held. Hy was nogal emosioneel op die bus terug na die hotel. Hy het 'n helse passie vir die spel gehad. Ek weet hy is as die stout seun van rugby beskou omdat hy 'n rebel was, maar ek het baie respek vir hom gehad. Die regte speler in 'n span hoef nie iemand te wees wat net ja, nee of miskien sê nie. Jy wil mense hê wat uitdaag wat hulle voorgesê word om te doen as hulle glo daar is 'n beter manier. Dis wat James sou doen. Soms was hy stroomop sommer net omdat hy wou wees, maar hy het altyd uit die bloute gekom en dinge anders gedoen. Ek was sy kaptein by die Cats en ek het altyd seker gemaak ek luister na hom. As hy 'n kak idee gehad het, sou ek reguit vir hom so sê en dan sou hy dit aanvaar. Maar ek het besef dit sou 'n fout wees om hom te ignoreer. Ek het 'n bietjie van daardie rebel met 'n voorliefde vir pret in myself gesien, asook my sterk behoefte om my mond oop te maak wanneer ek gevoel het dinge is

verkeerd en kon anders gedoen word.

Nick het 'n interessante benadering gehad om James in toom te hou. Hy het James in beheer van die spandissipline geplaas deur hom die boetemeester te maak. Dit is die ou wat boetes moes uitdeel as iemand byvoorbeeld laat was vir die bus. Ná elke wedstryd het ons 'n boetevergadering gehad, wat 'n kontiki genoem is, en James het die straf uitgedeel – wat gewoonlik behels het dat 'n bier met een asenteug afgesluk moes word.

Ons het 'n paar wonderlike karakters in daardie span gehad, en min was groter van statuur as Krynauw Otto. Ons was eenkeer by 'n geselligheid van borge waar die bekende TV-aanbieder Candice Hillebrand onderhoude gevoer het. Sy wou met 'n Springbokspeler praat. Die Afrikaanse ouens was 'n bietjie sku om met Candice in Engels te gesels, maar Krynauw het nooit geskrik vir 'n uitdaging nie, so, hy het vorentoe getree. Ons het saamgedrom om te luister terwyl Candice vir Krynauw gevra het hoe dit voel om die volkslied voor 'n toetswedstryd te sing. Krynauw het 'n oomblik lank gedink. Hy wou sê hy kry “goosebumps” en het vinnig die Afrikaanse “hoendervleis” in sy kop probeer vertaal. Die ene selfvertroue het Krynauw van hom laat hoor: “Ja, it’s quite emotional. I get chicken pox all over.” Die Engelse spelers het uitgebars van die lag, maar die Afrikaanse ouens was beïndruk en het vir Krynauw duim in die lug gewys: “Kolskoot!”

Die Vrystaatspelers was dikwels huiwerig om as Speler van die Wedstryd aangewys te word, want dan het dit beteken jy moet 'n onderhoud in Engels op TV toestaan. Toe ek 'n speler was, het ons die ouens wat gemakliker daarmee was om Engels te praat vorentoe gestoot om die toekenning te ontvang en die gewraakte TV-onderhoud te voer, en die res van ons die moontlike verleentheid te spaar. Toe ek afrigter van die Vrystaatse Vodacombekerspan geword het, het ons met 'n soortgelyke kwessie gesit. Gelukkig het ons die Engelssprekende Rory Duncan gekontrakteer, en hy het die probleem opgelos. Rory moes gereeld as Speler van die Wedstryd in TV-onderhoude verskyn – selfs al het hy nie 'n wafferse wedstryd gehad nie.

Nog 'n geval van 'n gesprek wat deur taalprobleme gepootjie is, was toe die Cheetahs in Hamilton, Nieu-Seeland, was om voor te berei vir 'n wedstryd teen die Chiefs. 'n Groep van ons het besluit om 'n bier te gaan drink ná 'n vergadering in ons spankamer in die hotel. 'n Beeldskone vrou

wat by die kroeg gesit het, het met ons slot Corniel van Zyl begin gesels. Hy is 'n baie lang ou wat stadig praat en het 'n wonderlike humorsin. Sy het hom gevra wat hy doen, en hy het haar vertel hy is 'n rugbyspeler. Unie of liga, wou sy weet. Unie, het hy geantwoord. Wanneer speel hy? Saterdag, het Corniel geantwoord. Ons het almal ons ore gespits om na die gesprek te luister, 'n bietjie jaloers dat sy hom gekies het om mee te praat. Toe voeg sy by: "So where are you guys from?"

Corniel het 'n paar sekondes lank gedink en toe geantwoord: "Well, we're from the team room."

Ek en Smiley was altyd met een of ander ondeundheid besig. Op 'n lang vlug terug van Australië was hy vas aan die slaap. Ek het 'n kopie van die Sondagkoerant gekry en hom van kop tot toon in die bladsye toegedraai. Hy het soos 'n Egiptiese mummie gelyk. Toe het ek sy knoppie gedruk om die lugwaardin te ontbied en teruggeglip na my sitplek om te kyk hoe die verbaasde lugwaardin met 'n verbysterde Smiley sit. 'n Ander keer, in Nieu-Seeland, net toe hy aan die tydverskil begin gewoond raak, het ek sy horlosie 'n uur vorentoe gestel terwyl hy geslaap het. Toe maak ek hom wakker en sê ons is laat vir die bus lughawe toe, en ek het gekyk hoe hy benoud rondskarrel om sy tasse te pak.

Aan die begin van 1998 se internasionale seisoen het ons in wit Springboktruie teen Ierland in twee tuistoetse gespeel. Die eerste een voor my tuisskare in Bloemfontein was baie spesiaal en my gesin het kom kyk. Dion O'Cuinneagain, die skoolseun wat die SA Skolespan bo my gehaal het in ons Cravenweek, het sy debuut vir Ierland gemaak.

Dit was 'n rowwe kragmeting, met hul kaptein, Paddy Johns, en haker, Keith Wood, wat met die vuiste laat loop het. Ons losskakel, Gaffie du Toit, in sy debuutwedstryd, het met gebreekte ribbes en 'n sny aan die kop daarvan afgekom nadat Johns hom gemoker het. Ek het geweet Wood was 'n tawwe kalant, want ons paaie het al voorheen gekruis toe Suid-Afrika A twee jaar tevore teen Ierland in Dublin gespeel het en ons met 25-28 verloor het. Wood was sekerlik een van die taaiste spelers wat ek ooit teëgekom het, maar hy het teen James Dalton te staan gekom wat nie geskrik het vir 'n bakleiery nie, en dieselfde het gegeld vir Ollie le Roux op stut. Dan het ons ook vir Krynauw Otto en Mark Andrews gehad wat albei monsters was as

dit kom by fisieke spel en die losskrum. Al sou hy nooit 'n bakleiery begin nie, was ons kaptein, Gary Teichmann, ook nie iemand wat sou terugstaan nie. André Venter was so sterk soos 'n os en Joost was 'n lekker hardekwas ou. So, ons was reg vir enige fisieke intimidasie.

Teen rustyd het ons met vier punte voorgeloop, maar in die tweede helfte het ons oor hulle geloop en met 37-13 gewen, met Stefan Terblanche wat vier drieë in sy debuut gedruk het.

Die tweede toets op Loftus 'n week later was die vuilste wedstryd waarin ek ooit gespeel het. Ek het nog nooit soveel vuishoue in 'n rugbywedstryd sien vlieg nie. Party van die voorspelers het mekaar reg in die gesig geslaan, terwyl ander mekaar teen die kop geskop het. As ek terugdink aan daardie wedstryd, dink ek die meeste van ons wat daarby betrokke was, aan albei kante, sal verleë wees oor ons optrede. As daardie wedstryd vandag gespeel moes word, sou die skeidsregter ten minste sewe rooi kaarte uitgedeel het. Jare later, toe ek by Munster aangesluit het, het ek hul hoofafrigter, Anthony Foley, ontmoet wat destyds in daardie einste Ierse span was maar nie in enige van die toetse gespeel het nie. Hy het daardie wedstryd die Slag van Pretoria genoem.

Die bakleiery het dalk gelykop geëindig, maar wat die rugby betref, het ons Ierland goed pakgegee. Ons het met 33-0 gewen en ek het een van vyf drieë gedruk. Dit was ons agtste oorwinning in 'n ry, maar ons het nog nie daaraan begin dink om rekords vir opeenvolgende toetsoorwinnings te verbeter nie. Ons het baie gemaklik en vol selfvertroue oor die beginvyftiental begin voel. Ons lostrio was gevestig met my, André Venter en kaptein Gary Teichmann. Die slotte was Krynauw Otto en Mark Andrews. Os, Ollie of Adrian Garvey was die stutte; James Dalton of Naka was op haker. Wanneer jy weet hoe 99% van die span gaan lyk, weet jy wat om op die veld te doen om te wen.

Ons het met 96-13 die vloer gegee met 'n derderangse Wallis-span op Loftus, en 15 drieë gedruk. Die kommentator Hugh Bladen het gekla dat hy nie genoeg papier het om telling te hou nie. Ek het 'n drie ná 'n fopaangee gedruk.

Engeland het 'n B-span gestuur en ons het hulle 18-0 in die modder op Nuweland geklop. Die dreineringsstelsel het nie gewerk nie en die veld was nog omgedolwe ná 'n wedstryd 'n paar weke tevore. Al wat ek van die wedstryd onthou, is dat ek nie wou hê die bal moes na my toe uitgegee

word nie omdat 'n mens dit nie behoorlik kon hanteer nie. Almal was vol modder en ons kon skaars die twee spanne se truie van mekaar onderskei. As 'n speler nie die modder van sy gesig afgevee of met jou gepraat het nie, het jy nie geweet of dit 'n Engelsman of 'n Springbok reg langs jou is nie. Nick het nie eens gebodder met 'n videosessie ná die tyd nie, want dit was net aanslaan op aanslaan op aanslaan.

Ons was nou in tien wedstryde onoorwonne en die media het begin bespiegel oor die moontlikheid van 'n nuwe rekord vir die meeste toetsoorwinnings in 'n ry, wat op 17 gestaan het. Ons het nie daaraan gedink nie en was meer gefokus daarop om ons eerste oorwinning in 'n wegwedstryd in die Drienasies te behaal.

Ons het byna-byna ons rieme styfgeloop in die reën op die Subiaco-ovaal in Perth, maar die Aussie-heelagter, Matt Burke, het 'n strafskop voor die pale in die laaste minute verbrou. Ons het 'n naelskraapoorwinning van 14-13 behaal in ons swakste vertoning onder Nick Mallett. Agter die skerms het party van die senior spelers begin kla oor hoe min ons betaal is, en dit het hul aandag van die spel afgetrek. Ek was van die Vrystaat en wat ook al die kontrak bepaal het of wat ook al die toetswedstrydfooi was, ek was gelukkig daarmee. Ek was nie betrokke by enige klagte aan die bestuur nie; ek het nie daarvan geweet nie en ek het nie gestem of enige so iets nie. Wat ek wel onthou, is dat Nick ons in die videosessie ná die wedstryd uitmekaargetrek het oor ons kak vertoning.

Terwyl ons in Perth was, het 'n sny aan my been ontsteek, waarskynlik weens die kunsmis op die gras. Die wond het begin opswel en 'n abses gevorm. Dok Verster het vir my sterk antibiotika gegee, so, ek was steeds vol hoop dat ek in die volgende wedstryd, teen Nieu-Seeland op Athletic Park in Wellington, sou kon speel. Ek het geweet die wedstryd teen Australië was net 'n haakplekkie en dat ons 'n goeie kans gestaan het om die All Blacks op een van hulle vestings te klop. Ek was desperaat om op die veld te wees.

Die probleem met my been was nie die pyn nie, maar eerder die koors wat deur die infeksie veroorsaak is. Die abses het nie weggegaan nie en ek moes geopereer word om dit te verwyder. Andrew Aitken het my vervang en 'n fantastiese wedstryd gehad, hoewel ek nog nie bekommerd was dat hy in die toekoms my plek sou inneem nie. Die span was gevestig en hoewel dit nie juis wonderlik was om die Wellington-toets mis te loop nie, was dit

vir my lekker om te kyk hoe ons die All Blacks klop, selfs al moes ek langs die veld sit met my been in die lug, op die advertensieborde. In plaas daarvan om te voel: *Ag, ek is nie op die fokken veld nie*, het ek net die wedstryd geniet.

Nick was in tranes ná die wedstryd, en met rede ook. Dit was 'n dawerende oorwinning, ons het weer soos vroeër die spel oorheers en die wedstryd met 13-3 gewen. Die All Black-losskakel, Carlos Spencer, het 'n nagmerriedwedstryd gehad en vyf strafskoppe verbrou.

Ek was op krukke toe ons ná die tyd in die kleedkamer die oorwinning gevier het. Dit was 'n spesiale oomblik, maar ek het steeds siek gevoel. Dit was die een aand wat ek nie saam gekuier en die sege soveel as gewoonlik geniet het nie.

Die herontmoeting met Nieu-Seeland op Kingspark in Durban was een van die beroemdste terugvegpogings in toetsgeskiedenis, en weer was ek nie op die veld om deel daarvan te wees nie. In die laaste 15 minute was ons met 5-23 agter, en Nick het besluit om my met Andrew Aitken te vervang. Ek het gevoel: *Fok, dis nie lekker om vervang te word nie*. Ek kon nie verstaan waarom ek moes afgaan nie, want ek het nie 'n slegte wedstryd gehad nie. Dit was nie 'n taktiese plaasvervanging nie, want die huidige Bomb Squad-stelsel was nog nie in gebruik nie – van spelers wat alles gee vir die tydjie wat hulle op die veld is, welwetend dat een van die Bomb Squad-reserwes hulle gaan vervang.

Daai afgepiste gevoel het my bygebly en toe ek Bok-afrigter geword het, het ek seker gemaak my spelers verstaan altyd wie gaan die wedstryd begin en wie gaan klaarmaak, en die redes daarvoor. Ek vra vir hulle: “Wil jy aan die begin van die wedstryd op die veld wees of wil jy op die veld wees wanneer die eindfluitjie blaas?” Ek wil nie hê enige iemand moet sleg voel omdat hy vervang word nie.

In daardie dae is jy vervang as jy sleg gespeel het, of as jy moeg of beseer was. Ek het goed gevoel en ek het gevoel ek kon steeds 'n verskil maak. Dis toe ek geweet het, oukei, iemand begin nou aan my gat hap, want ons het Aitken, Bobby Skinstad, Corné Krige en André Vos agter die skerm gehad.

Ons het die toets op dramatiese wyse met 24-23 gewen, met drie drieë in

die laaste 15 minute. Die tyd op die klok was reeds verstreke toe ons 'n lynstaan op hul vyfmeterlyn gekry het. Ons het hulle teruggedryf, en terwyl die pak in 'n bondel oor die lyn geval het, het die skeidsregter, Peter Marshall, 'n drie aan James Dalton toegeken. Ná die wedstryd is Andrew Aitken as volg aangehaal: “Ons het dit net-net gedruk.”

Ons was baie bly oor ons opeenvolgende oorwinnings oor die magtige All Blacks, maar ek was afgepis omdat ek vervang is, en Nick was woedend omdat ons eers teen die einde van die wedstryd behoorlik begin speel het, en hy het ons ná die wedstryd kak gegee daaroor.

Ek het jammer gevoel vir myself, maar ek moes toegee Andrew Aitken het 'n fantastiese wedstryd gehad en 'n verskil gemaak waar dit saak gemaak het. Ek kon nie dikbek en gatvol daaroor wees nie. Ek moes 'n goeie span-ou wees wat verstaan wat vir ons belangrik is en gelukkig is met die uitslag.

Volgende het ons teen Australië op Ellispark te staan gekom om die wenner van die Drienasiestitel te bepaal. Persoonlik het ek harder klippe gekou teen ouens soos George Gregan, Stephen Larkham, Toutai Kefu en John Eales as teen die All Blacks.

Die Wallabies het die All Blacks op Lancaster Park in Christchurch geklop, so, ons het 'n taai wedstryd verwag. Hulle het kalm ouens soos Gregan gehad wat gedurig besig was om jou te koggel. Hulle kon 'n ou nogal van stryk bring met die manier waarop hulle kon *sledge* soos die Aussie-krieketspelers. Dit was nie lelik uittart nie, maar net genoeg om jou soos 'n poephol te laat voel. Ons het met 29-15 gewen en die uitslag was nooit in gevaar nie. Bobby het as plaasvervanger opgekom en 'n briljante drie gedruk.

Die oorwinning was 'n verligting, maar ek is nie trots op die manier waarop ek die Drienasies-sege gevier het nie. Dit was die begin van my wilde partytjiedae. Ek het die Drienasiestrofee saamgevat na 'n nagklub waar ons al ons drank daaruit gedrink het. Ek dink dis waar ek die balans begin versteur het tussen respek vir die spel hê en pret hê. Ek het die partytjies te veel begin geniet. 'n Normale speler sou gesê het: “Ouens, kom ons sit die beker neer, hou ons voete op die grond en wees goeie ambassadeurs.” Ek was beslis nie een van daai ouens nie en vandag skaam

ek my daaroor.

Teen die tyd dat die jaareindtoer aangebreek het, het ek geglo ek is geregtig op my plek in die span en dat ek daarvan verseker kon wees. Maar daar was ook 'n knaende gevoel dat dinge nie so heg soos altyd was nie. Daar was nog altyd 'n mate van provinsialisme in die Springbokspan, maar dit het gevoel of dit erger word. Gary Teichmann is tydens die Drienasies beseer en sy spelpeil was nie meer wat dit vroeër was nie. Die media het al hoe meer begin bespiegel of hy die Springbokke in die 1999-Wêreldbeker sou aanvoer.

Vyf maande nadat ons Wallis met 83 punte op Loftus verpletter het, het ons weer teen hulle te staan gekom, dié keer op Londen se Wembleystadion, want die Millenniumstadion in Cardiff was nog in aanbou. Dit was 'n heel ander Walliese span, met slegs drie spelers van daardie Loftus-wedstryd en 'n nuwe afrigter, die Nieu-Seelander Graham Henry.

Ons het gesukkel teen hulle pak, en ek het nie 'n wafferse wedstryd gehad nie. Nick het my ná die tyd kak gegee daaroor. Ons was met 17-20 agter met drie minute speelyd oor. Maar Franco Smith het twee strafskoppe oorgeklits en, met tyd op die klok verstreke, het Joost 'n gaping gevat deur die lynstaan en na my uitgegee met die duikslag. Ek kon nie die bal raakvat nie, maar André Venter was reg agter my om dit te beheer en te druk. Dit was ons vyftiende opeenvolgende oorwinning, net twee minder as die rekord van 17 ná mekaar.

Bobby Skinstad was nou 'n sterk aanspraakmaker om in die beginvyftiental van 'n toets te wees, eerder as om later as plaasvervanger op te draf – soos in al sewe toetse wat hy tot in daardie stadium gespeel het, en waarin hy elke keer 'n beduidende verskil gemaak en drie drieë gedruk het. Hy het altyd 'n impak gemaak, op die veld en van die veld af. Bobby was 'n ongelooflike rugbyspeler. Sy lakwerk was voortreflik, hy kon 'n bal steel, hy kon na beide kante systap en uitgee, en hy kon hardloop. Ek het geweet hy hoort in die beginspan.

Ons het soms verkeerdelik gedink hy's 'n windgat laaitie, maar hy was net uitgesproke. Eintlik moes hy 'n loopbaan van 100 toetswedstryde pleks van 42 gehad het, maar aanvanklik het hy nie altyd die kans gekry nie, en hy is ook beseer.

Ons was nie gereed vir die Bobby Skinstad-era nie. Wanneer ons Woensdae en Donderdae af tye gehad het en nagklubs toe gegaan het, het

Bobby na SuperSport toe gegaan en ekstra klasse gaan neem oor hoe om te kommunikeer. Hy kon 'n stoutgat wees en 'n paar doppe drink, maar as Bobby by 'n geselligheid was, het hy elke liewe mens se naam geken. Ek was baie sleg daarmee. Bobby was die ou agter die Stormers se beeld van die “men in black” met hul swart spandrag. Die ouens het dalk gedink hy's windgat, maar ons was 'n bietjie agter die klip – Bobby was ons een voor.

In daardie stadium het die taktiek en verdedigingstelsels van rugbyliga begin om rugby binne te sypel, wat meegebring het dat die verdediging meer georganiseerd en solied was. André, met sy krag, kon bo-oor die opposisie hardloop. Ek kon nie omdat ek slegs 92 kilogram geweeg het. Dit was ook moeilik om die opposisie te systap as jy te staan gekom het voor 'n muur van verdedigers wat hul storie geken het.

Ek het vaardighede begin ontwikkel soos om die bal te steel, omgekeerde besit vas te maak en met momentum deur 'n duikslag te kom, wat my in die span gehou het. My sterk punt was dat ek die spel kon lees. Ek kon ook die hel uit die opposisie ontleed op my rekenaar. Daarom het ek gereken as hulle Bobby in die beginvyftiental wou hê, sal dit nie in my of André se plek wees nie. André was stewig soos 'n rots op oopkantflank. Ek het die lekkerste in kontaksituasies gespeel, terwyl Bobby in oper spel gedy het. My spelpeil was goed, en ek het gedink dat Gary dalk die een sou wees wat nie die beginspan haal as Bobby gekies word nie.

Bobby was 'n agtsteman wat oopkantflank ook kon speel, terwyl ek die steelkantflank was wat ook agtsteman kon speel. My redenasie, suiwer op grond van rugby, was dat Bobby 'n vanselfsprekende plaasvervanger vir Gary sou wees.

Hoewel ons verwag het dat Bobby sy kans sou kry, was dit nogtans 'n skok toe Nick besluit het om André op die bank te laat sit as plaasvervangerslot vir die Skotlandtoets op Murrayfield, met Bobby wat sy plek aan die kant van die skrum ingeneem het. Ek het so sleg gevoel vir André se part, want ons was goeie pelle en hy was my Vrystaatspanmaat. Hy was baie ontsteld en na aan trane oor die besluit.

Ons was senuweeagtig oor die invloed wat die verandering op die span sou hê. Ons was 15 toetse lank 'n gevestigde span en nou het dit gevoel of ons begin uitrafel. Ons het ook gerugte gehoor dat die verhouding tussen Gary en Nick nie goed was nie en dat Gary dalk nie die volgende jaar kaptein by die Wêreldbeker sou wees nie. En so het 'n paar van ons

informeel besluit dat wie ook al die kapteinskap ná Gary aangebied sou word, dit sou weier. Ons kon sien dinge was besig om skeef te loop.

Een van die probleme was dat ons nie behoorlik op die hoogte van sake gehou is nie. Daar is eenvoudig van ons verwag om te verstaan wat die afrigters sê en waarom hulle dit sê. In stede daarvan het ons net gerugte gehoor; dinge was nooit in die ope nie. Daardie dae was dit hoe rugby gewerk het – daar was baie min deursigtigheid. Nick het nie elke dag persoonlike gesprekke gehad waarin hy mense vertel het wat aangaan nie, so, uiteraard het daar soms onsekerheid in die span geheers.

Die probleme in die span het almal van ons geaffekteer en ons het 'n flou vertoning teen Skotland gelever, al het ons met 35-10 gewen. Bobby het sy insluiting met 'n briljante drie geregverdig. Ons het nou 16 seges in 'n ry gehad en ek het nog nie 'n wedstryd as Springbok verloor nie.

Ek het heluit baie uit daardie ondervinding geleer. Afrigters en spelers moet behoorlik kommunikeer. Spelers moet vir die afrigter vra wat aangaan as hulle onseker is. Hulle moenie aannames maak en pakte sluit soos ons het nie. Toe ons stories gehoor het dat André of Gary vervang sou word, moes ons met Nick gepraat het. Ek dink nie ons was volwasse genoeg om professionele sport te hanteer nie. Die span was so gewoond daaraan om saam te speel en te wen, dat ons benoud was vir verandering. Dalk was ons bloot te naïef om die regte vrae oor die kwessie van die kapteinskap te vra. Ons het ons soos onnosel spelers gedra met 'n houding van: *Fok dit! As hulle Gary wil uitwerk, gaan ons nie die kapteinskap aanvaar nie.* Selfs by oefensessies was dit ons teen hulle. Wanneer ek daaraan terugdink, was dit so fokken onnosel.

'n Afrigter moet 'n behoorlike, oop kommunikasiestelsel met sy spelers hê. Wat ook al aan die gang is, of in die raadsaal besluit word, of op vergaderings waar spanne gekies word, as die afrigter nie deurgaans vir spelers inligting gee nie, sal hulle net gerugte en vals inligting op ander maniere bekom, byvoorbeeld deur sosiale media. Ek het situasies beleef waar ons die oggend 'n spanpraatjie gehad het waar 'n speler vol selfvertroue wegstap, en die volgende dag is hy 'n gebroke man oor iets wat sy vriende of ouers op Twitter gesien het. Watter gerugte ook al die rondte doen, dit kom op die ou end by die speler uit. Deursigtigheid is noodsaaklik.

Ons was nou egter een wedstryd weg daarvan om die All Blacks se

rekord van 17 opeenvolgende oorwinnings te ewenaar. Steeds was die rekord egter nie vir die span 'n kwessie nie, al het die media en die aanhangers 'n groot bohaai daarvan gemaak. Ek het nie eens geweet 'n oorwinning teen Ierland op Lansdowne Road in Dublin het die rekord geëwenaar nie. Ons wou net vir Ierland klop ná die brutale toets vroeër daardie jaar. Die wedstryd was so taai soos wat ons verwag het en drie geel kaarte is uitgedeel: Keith Wood was weer eens in die sop, saam met Peter Clohessy, en Adrian Garvey vir die Bokke. Ons is deurentyd gepenaliseer – daar was iets soos 25 strafskoppe teen ons. Maar dit was nie naastenby soos daardie toetse in Bloemfontein en Pretoria nie.

Ons het met 27-13 gewen en sodoende die rekord geëwenaar. Ek was baie tevrede met my spel en ek het een van my beste toetsdrieë gedruk toe ek 'n losbal opgetel het nadat Mark Andrews nie 'n aangee van Pieter Rossouw kon raakvat nie. Die bal het agter my grondgevat, maar ek dit onder beheer gekry, die naderende verdediging met 'n fopaangee na Bobby geflous, 'n gaping gesien en 30 meter gehardloop om langs die regoppaal te druk.

En daarna is ons na Twickenham, waar ons die oorweldigende gunsteling was om Engeland die volgende naweek te klop en die toetsoorwinningsrekord te verbeter. Maar dit was nie dieselfde selfversekerde span van sewe toetse tevore nie. Daar was stories dat ons aandag afgelei is omdat ons vroue en meisies saam op die toer was. Dis stront. As jy volwasse daaroor is, help hulle teenwoordigheid jou in der waarheid om op die wedstryd te fokus.

Ons het dit deur ons vingers laat glip en met 7-13 verloor al was die geleentheid daar. Monty het 'n maklike skop voor die pale gemis. In die laaste beweging van die wedstryd het ons 'n geleentheid gehad om te druk, maar terwyl ons op hul doellyn afbeweeg het, het hul vleuel Dan Luger dit reggekry om in te meng met die laaste aangee, wat die veld vir Stefan Terblanche sou ooplaat. In internasionale rugby balanseer dinge soms op 'n mespunt. As Luger nie die bal weggeklap het nie, sou ons met 14-13 gewen, die rekord verbeter en terugkeer het huis toe as helde.

In plaas daarvan is ons heel verstaanbaar gekritiseer dat ons moeg en ongefokus was en 'n gebrek aan motivering gehad het. Nick het gesê ons hou te veel partytjie. 'n Groep spelers het vroeër daardie week voor die toetswedstryd uitgegaan, maar ek het nie belang gestel in 'n gekuier voor

die wedstryd nie. In daardie stadium van die toer het dit vir 'n paar van die ouens, vir my inkluis, 'n groot ding geword om daardie rekord te verbeter. Al wat ek onthou, is dat ek verbete geveg het. Ek wou regtig daardie wedstryd wen. Daar is 'n paar redes waarom ons verloor het, insluitende die feit dat die verwagting om die rekord te breek swaar op party spelers se skouers gerus het, en die druk het hulle verhoed om hul beste te gee.

Ons het dit nie destyds besef nie, maar dit was die einde van 'n era. Ons was op die punt om deur 'n moeilike tyd te gaan in die opbou na die Wêreldbeker net tien maande later.

DIE RUGBYWÊRELDBEKER WAS DIE FOKUS van die internasionale seisoen van 1999. Ons het begin met twee tuistoetse teen Italië in Junie, toe 'n eenmalige toets teen Wallis in Cardiff, daarna die Drienasies in Julie en Augustus, en eindelik die Rugbywêreldbeker in Oktober en November. Die Wallis-wedstryd het buite die toetskalender geval, wat beteken het klubs was nie verplig om hul spelers vry te stel nie. Dit is gespeel ter viering van die opening van die Millenniumstadion, wat Cardiff Arms Park vervang het, en om geld vir Sarvu en die Walliese Rugbyunie te genereer.

Italië het nooit lyf weggesteek nie en kon hul man teen die tradisionele rugbynasies staan. Die vorige jaar het hulle Argentinië en Skotland geklop en so byna-byna gesorg vir 'n opskudding teen Wallis in Llanelli. Hul 1999-seisoen het afgeskop met nederlae teen Skotland en Ierland in wegwedstryde, hoewel hulle die Iere die skrik op die lyf gejaag het deur teen rustyd voor te loop. Maar hulle was nie opgewasse teen die Springbokke nie en ons het krieteltellings teen hulle aangeteken: 74-3 in Port Elizabeth en 101-0 in Durban.

Ondanks dié maklike oorwinnings was ons steeds van stryk gebring, met al hoe meer gerugte oor die toekoms van Gary Teichmann, nie net as kaptein nie maar ook as lid van die Wêreldbekerspan. Hy het las gehad van 'n nekbесering en 'n paar groot Superrugbywedstryde misgeloop. Nick het ook begin eksperimenteer en 11 spelers, onder wie André Vos en Corné Krige, hul internasionale debuut laat maak, wat my laat voel het daar is al hoe meer druk op my om my plek in die span te probeer behou. Bobby Skinstad was uit weens 'n besering, nadat hy sy knie ernstig seergemaak het in 'n motorongeluk die vorige maand.

In die Kingspark-toets teen Italië is Gary deur 'n dyspierbesering uitgeskakel en Nick het my gevra om kaptein te wees. Sover ek kan onthou, het hy my twee keer gevra, die eerste keer sommerso half terloops die week voor die wedstryd. Hy het net gevra: “Sal jy dit oorweeg om kaptein te

wees?” Ek was 26 jaar oud en ek was nie baie gretig om dit te doen nie, so, ek het dit van die hand gewys. Later was hy baie ernstiger toe hy my ingeroep en die gesprek begin het met: “Luister nou hier ...”

Dit was nie ’n moeilike besluit om vir die tweede keer nee te sê nie. Ek het daardie dae nogal hard gekuier en ek was nie ’n besonder goeie rolmodel nie. In my oë moet die kaptein so te sê perfek wees en met my swak gedrag van die veld, was ek allesbehalwe dit. Kortom, ek was ietwat verbaas dat Nick my gevra het, want ek het nooit gedink die kapteinskap sou na my kant toe kom nie. Ek het geweet hy was baie teleurgesteld, want hy het gedink ek het die nodige leierskapspotensiaal. Maar ek het verstaan wat van ’n kaptein verwag word – ek het immers daardie rol op skool, vir die Vrystaat en vir die Cats vervul. Die Bokkapteinskap het vir my op die verkeerde tyd gekom.

Nick was verbaas dat ek sy aanbod van die hand gewys het:

Ek was bewus van sy partytjiegedrag. Maar ek kon nooit, ooit sy teësinigheid verstaan om kaptein te wees nie. Hy was sedert sy skooldae kaptein van sy span. Ek kan dit net toeskryf aan sy eie onsekerhede. Ek dink ook nie hy hou daarvan om hoofafrigter te wees nie. Hy hou nie daarvan om voor die media te sit en te verduidelik hoekom hy doen wat hy doen nie. Vir hom is dit die pynlikste deel van die werk, want dit maak hom ongemaklik.

Ek het geweet hy kuier hard. Die spel was nie 100% professioneel nie en almal van ons het hard gekuier. Toe ons Frankryk met 52-10 verslaan het, was ek saam met Gary Teichmann in ’n nagklub tot sesuur die oggend. Dis hoe ons oorwinnings gevier het. Ons het nie negeuur saans bed toe gegaan nie. Dit het die bande binne die span versterk en ons beter gemaak. Ek was nooit bekommerd oor die partytjies op ’n Saterdagand nie. Wat my wel sou omkrap, is as ek uitgevind het hulle kuier die Woensdag of Donderdag. Ek het die verantwoordelikheid aan die spelers oorgelaat. Ek het uit die staanspoor vir hulle gesê ek gaan nie polisieman speel nie, maar as ek uitvind hulle drink op weeksaande, is hulle hul plek in die span kwyd. Ek sou nie elfuur die aand aan hulle deure kom klop om seker te maak hulle is in die bed nie. Hulle

is grootmense. Hulle het hul span in die steek gelaat as hulle nie behoorlik voorberei het nie. Hulle moes hulle spanmaats respekteer.

Daar was 'n keer in 1998 toe ek meegedeel is dat [Rassie] saam met 'n paar van die ander spelers uitgegaan het voor die toets teen Engeland, maar ek kon dit nie bevestig nie en hulle het dit ontken, so, wat kon ek doen? Hy was afgepis omdat Gary Teichmann nie in die Wêreldbeker sou speel nie, maar hy het sy bes gedoen om die span te motiveer. Hy en Smiley het besluit om nie alkohol te drink nie, maar nadat ons Engeland in die kwarteindstryd verslaan het en daar soveel druk op ons was omdat ons nie goed gespeel het in die groepfase nie, het Rassie sy vas verbreek. Ons was terug in Londen en Rassie het vir die spelers gesê daar is nege dae voor die halfeindstryd, so, kom ons hou 'n behoorlike partytjie – nie saam met die afrigtingspersoneel nie, net ons klomp. Hy het die ouens laat gees vang; hy was goed daarmee.

Afgesien van my gedrag, wou ek ook nie kaptein wees in 'n tyd wat dinge verander het en die spelers so onseker van hulleself was nie. Om onder sulke omstandighede kaptein te wees was nie iets wat ek wou hê nie, want ek was nie gretig om die middelpunt van die aandag te wees nie. Ek wou ook nie hê mense moes dink ek wou dolgraag kaptein wees en dat ek Gary in die rug gestee het nie. Hy was so 'n rolmodel as kaptein.

Corné het die kapteinskap in sy debuutwedstryd oorgeneem en my plek as oopkantflank ingeneem. Ek het na die ander kant van die skrum verskuif met André Vos as agtsteman en André Venter op die bank.

Ná die Italië-reeks het ons 'n dol skedule gehad. Ons moes na Wallis vlieg vir die toetswedstryd om die Millenniumstadion te open, terug na Suid-Afrika en dan Nieu-Seeland toe vir die Drienasies. Die baie reis het my nie gepla nie. Ek het dit geniet om die wêreld te sien en mense van verskillende kulture te ontmoet.

Die toets teen Wallis sal onthou word as die eerste keer wat Wallis Suid-Afrika in 'n internasionale rugbywedstryd kon klop, en as die laaste keer wat Suid-Afrika 'n toetswedstryd afgeskop het met net wit spelers in die span (Breyton Paulse was op die bank).

Voor die wedstryd was daar 'n kwessie oor geld, met die senior spelers

wat met bestuur koppe gestamp het oor 'n regverdige deel van die wins uit dié eenmalige wedstryd. Ek was nie daarby betrokke nie. Komende van Despatch en die Vrystaat, wou ek net speel. Ek wou nie oor geld baklei nie.

Ons het die wedstryd met 19-29 verloor. Al wat ek kan onthou, is dat ek 'n duikslag op die Walliese senter Mark Taylor gemis het, wat tot 'n drie gelei het. Ek was skytbang vir die videosessie ná die tyd, want dit was so 'n maklike duikslag. Dit was dalk die rede waarom ek weggelaat is vir die volgende toetswedstryd.

Daarna het ons na Dunedin gevlieg om teen die All Blacks op Carisbrook in die Drienasies te speel, 'n wedstryd wat ek van die pawiljoen moes volg terwyl Corné in my plek gespeel het. Die wedstryd – wat heel gepas gespeel is op die stadion met die bynaam “die Huis van Pyn” – was 'n ramp, met Corné wat sy knie vergruis het in 'n botsing tussen hom en Os du Randt en die All Black-vleuel Christian Cullen, wat Corné se hoop verydel het om in die Rugbywêreldbeker te speel. Ons kon nie 'n enkele punt op die telbord sit nie en het met 0-28 verloor. Dit het geblyk Gary se laaste toetswedstryd te wees. Hy het 'n hou teen die been gekry en 'n hematoom opgedoen, wat hom uitgeskakel het vir die volgende wedstryd teen Australië in Brisbane. Hy het geïsoleerd begin raak en geweet sy plek in die span was in gedrang. Toe ons terug in Suid-Afrika kom, het Nick hom die trekpas gegee.

Met Gary en André Vos wat beseer was en Corné wat reeds huis toe gevlieg het, was daar eenvoudig niemand anders met genoeg ondervinding om die span aan te voer nie. Ons het nie eens 'n losvoerspeler op die bank gehad nie. Dié keer het Nick my nie gevra of ek kaptein wou wees nie. Hy was baie meer op die man af, en het gesê: “Fok jou, nou gaan jy nie nee sê nie, jy sál kaptein wees.” En dis hoe ek die Springbokkaptein geword het. Vir net een wedstryd.

Gary kon huis toe gegaan het, maar hy het gekies om by die span te bly en my die volgende paar dae te ondersteun en raad te gee in die aanloop tot die wedstryd. Dit moes eintlik vir my 'n groot oomblik gewees het, maar met die drama in die span rondom die kwessie van die kapteinskap en die onsekerheid oor wie ons Wêreldbekerspan sou aanvoer, het dit nie regtig so spesiaal gevoel nie. Ek was nie hierdie charismatiese ou met die vermoë om die span reg te ruk in 'n Wêreldbekerjaar nie. Ek het my beperkinge geken.

Ons het met 6-32 verloor, destyds die tweede grootste nederlaag in die

Springbokke se geskiedenis en die grootste teen Australië. Met ouens soos Gregan en Larkham in hul geledere, het ek geweet ons het nie 'n span wat die Wallabies kan klop nie. Ek het 'n goeie wedstryd gehad, maar ek was verpletter deur die uitslag.

Ons het drie kapteins in drie toetse gehad, maar ek het nie oor die volwassenheid of emosionele intelligensie beskik om die kwessie van die kapteinskap met Nick te bespreek nie. Ek het nie gevoel dis my plek om hom aan te vat nie. Ek was hierdie Afrikaanssprekende ou wat nooit iets by die Vrystaat gewen het nie. Ek het nie 'n minderwaardigheidskompleks gehad nie – ek het maar net my plek geken.

Die span was besig om in faksies te verdeel. Provinsialisme is altyd 'n kwessie, maar dié keer was dit intens. Komende van die Vrystaat kon ek nie die ouens van die Stormers, die Bulle en die Haaie sover kry om hulle reg te ruk in dié onseker tye nie. Die mededinging vir plekke in die span was ook besig om strawwer te raak, met Ruben Kruger (terug van 'n besering), Skinstad (terug van 'n besering), Aitken, Vos, Venter, Teichmann en ek, sewe ouens wat om drie posisies moes meeding. (Corné se aaklige kniebesering het hom uitgeskakel.) Ons was almal in 'n stryd om oorlewing gewikkel.

Dit was nie net die losvoorspelers nie – almal kon die druk voel om in die Wêreldbeker te speel. Spelers beplan hul hele loopbaan daarrondom, en sal nog 'n jaar speel selfs al is hulle reeds te oud. Jonges sal ingestoot word om die publiek gelukkig te hou. In 'n Wêreldbekerjaar het jy 'n groep kernspelers nodig, en as die span verander, moet dit slegs verander wanneer iemand so goed speel dat jy hom eenvoudig móét insluit. As iemand te vol van homself raak, laat jy hom weg. As iemand se spelpeil drasties verswak, laat jy hom weg. So, natuurlik begin daar groepe vorm. Dinge raak chaoties en die media klim ook op die lawaaiwa, en kies spanne met buiteperde wat min mense sou oorweeg. Soms laat dit afrigters swig.

Die afrigters verkeer onder enorme druk, want hulle weet nie of hulle kort voor lank sonder werk gaan sit nie. In 'n Wêreldbekerjaar weet die Springbokafrigter selde of hy die jaar daarna steeds 'n werk gaan hê, en die hulpafrigter en ontleders ook nie.

Met Gary wat die trekpas gekry het, het ons terug huis toe gekom om die All Blacks op Loftus Versfeld te trotseer, met Joost van der Westhuizen as ons nuwe kaptein. Ek het Gary se plek aan die agterkant van die skrum

ingeneem vir my eerste internasionale verskyning as agtsteman. Asof daar nie reeds genoeg druk op die span was nie, was ons sterk op pad na ons vierde nederlaag in 'n ry. Daar was ook transformasiekwessies, want Nick het weer 'n wit beginvyftiental gekies. Ek was nie destyds bewus daarvan nie, maar Rian Oberholzer, hoof- uitvoerende beampte van Sarvu, het hom aangesê om die span te wysig, wat beteken het Deon Kayser het begin met Stefan op die bank. Terugskouend kan ek sien dit was onregverdig teenoor albei spelers, want Deon is laat voel dat sy insluiting op sy velkleur gegrond was, terwyl Stefan geweet het hy was sy plek in die beginspan kwyt om redes wat niks met rugby uit te waai gehad het nie. Ons het nie 'n groot ophef daarvan gemaak nie, en ek kan nie regtig onthou dat dit iets was wat ons aandag van die wedstryd afgelei het nie.

Ons het die All Black-toets met 18-43 verloor, ons vierde pak slae in 'n ry en ons ergste opeenvolgende reeks nederlae sedert 1974. Hoe vinnig het ons geluk gedraai, ná ons nege maande tevore nog ons grootste reeks oorwinnings behaal het. Ons het 'n miserabele Drienasies afgesluit met 'n 10-9-oorwinning teen Australië op Nuweland in aaklige weersomstandighede, maar ten minste kon ons sodoende verhoed dat ons die toernooi sonder 'n enkele oorwinning afsluit. Ons was op pad na die Wêreldbeker nadat ons vier van ons laaste vyf toetswedstryde verloor het.

VASBESLOTE OM IN TOPKONDISIE VIR DIE TOERNOOI TE wees, het ek en Smiley in die aanloop tot die 1999-Wêreldbeker vir meer as 50 dae op 'n biervas gegaan, en elke dag op 'n kalender afgemerkt. Die weke voor die aankondiging van die span was baie gespanne. Ek het begin dink: *Ag, as ek dit nie maak nie, sal ek weer in 2003 'n kans kry.* Maar ek het my gat afgewerk om gekies te word.

Nick het nie vir ons gesê ons is in die Wêreldbekerspan nie, maar hy het leidrade laat val deur spelers te vra om aansoek te doen om visums vir die Verenigde Koninkryk. Die aap was behoorlik uit die mou toe die gekose spelers 'n uitnodiging ontvang het na wat op die ou end 'n bisarre geleentheid by SuperSport was waar die span amptelik aan die media en die publiek bekend gemaak is. Die organiseerders van die aankondigingsgeleentheid het ons belaglike ruimtepakke laat dra, met helms oor ons gesigte. Ons is een vir een vorentoe geroep en dan moes ons die helms afhaal sodat mense kon sien wie ons was. Dit was 'n goedkoop foefie en beslis nie my soort ding nie.

Ná die span aangewys is, het ons saam begin oefen, leer aanpas by Joost as kaptein en die feit probeer verwerk dat party ouens, soos Gary Teichmann, nie gekies is nie.

'n Groot probleem was dat ek erge pyn en swelling rondom my liesarea ondervind het. Ek het dit die eerste keer aan die begin van die jaar gevoel, en die pyn het gekom en gegaan. Dit blyk toe skaambeentsteking te wees, wanneer die gewrig tussen die linker- en regterskaambeen ontsteek. Dit is 'n toestand wat algemeen by sokkerspelers voorkom. Vir lank is die toestand nie behoorlik gediagnoseer nie, maar danksy behandeling deur dok Verster kon ek deur die pyn speel. Daar is 'n soom tussen die skaambene net bo die lies en Dok het my met kortisoon ingespuut, reg in daardie soom. Fok, dit was seer. Ek kon nie eens die kombers met my voet oplig sonder pyn nie. Selfs om my voet van die versneller na die rem te beweeg as ek bestuur het, was seer. In 2000 het ek uiteindelik 'n operasie ondergaan wat

uitgevoer is deur dr. Mark Ferguson, 'n spesialis-ortopediese chirurg by die Rosebank-kliniek, wat die probleem opgelos het. Maar in die opbou tot die Wêreldbeker was daar nie tyd vir chirurgie nie. Ek was nie uitermate bekommerd nie, want ek het geweet ek sou oukei wees ná ek opgewarm het, en ek kon ook teen rustyd 'n antiinflammatoriese inspuiting kry as die pyn regtig erg was. Ek het ook probleme met my skouers gehad en een van hulle moes dikwels verbind word voor 'n wedstryd. Dit sou ingrypende chirurgie – soos 'n knieligamentoperasie – kos om my uit die Wêreldbeker te hou. Baie spelers het met beserings saamgeleef. Os het met 'n kniebesering gespeel en 'n knieskut gedra.

Dok Verster het verstaan hoeveel pyn ons in 'n wedstryd kon verduur. Hy het my die vorige jaar uit die wedstryd teen Engeland gehaal nadat ek harsingskudding teen Frankryk opgedoen het. Hy sou weet as 'n speler soveel pyn gehad het dat hy nie kon speel nie. Ek het seker gemaak ek kla nie oor my beserings nie. As ek gesê het ek het nie seer nie en Dok kon my verby die besering kry sodat ek kon speel, dan sou ek speel.

Wallis was die gasheer vir die Wêreldbeker, maar ons het in Edinburgh, Skotland, gebly. Dit het my min geskeel waar ons was, want ek het my nie juis aan sulke dinge gesteur nie. Ek was eerder gefokus op hoe ons afgerig is, teen wie ons sou speel en wat ons taktiek was.

Ons openingswedstryd was teen Skotland voor 'n passievolle skare op Murrayfield. Skotland was altyd die soort span wat kon teleurstel en kak speel wanneer jy dit die minste verwag, maar wanneer dit by die Wêreldbeker kom, was hulle waardige teenstanders. Hulle was ook die Vyfnasieskampioen, en het slegs teen Engeland (met drie punte) verloor in daardie toernooi, en Frankryk in Parys ore aangesit. Met hul goeie aanloop tot die toernooi, veral vergeleke met ons reeks ramspoedige vertonings, was daar bespiegeling dat hulle ons dalk onkant kon vang.

Ons het 'n onmiddellike terugslag beleef toe Henry Honiball sy dyspier in 'n oefening beseer het, en Nick moes sy taktiek verander om my Vrystaatspanmaat Jannie de Beer op losskakel te akkommodeer. Ons het stadig begin teen Skotland en teen rustyd was ons agter, voor 'n oplewing in die tweede helfte aan ons 'n 46-29-oorwinning besorg het. Dit het 'n drie ingesluit deur 'n ander Vrystaatspanmaat, Ollie le Roux, 'n stut wat soos 'n agterspeler kon hardloop.

Ons het dit opgevolg met twee groot oorwinnings, teen Spanje (47-3) en

Uruguay (39-3), maar omdat hulle sulke klein vissies was en ons die verdedigende Wêreldbekerkampioen, was die verwagting dat ons hulle met meer punte sou klop. Die Uruguay-spelers het selfs ná die tyd feesgevier, want hulle was 'n veel groter loesing te wagte. Brendan Venter het 'n rooi kaart gekry vir trap – al moes dit eintlik 'n geel kaart gewees het – so, ons het 'n strafmerk op ons dissiplinerekord gehad, wat 'n bepalende faktor kon wees indien 'n wedstryd sou uitreën of gelykop eindig.

As span was ons nog besig om momentum op te bou, maar omdat ons nie daarin kon slaag om Spanje en Uruguay te verpletter nie, het die media ons afgeskryf, ondanks die feit dat ons gemiddeld 44 punte per wedstryd in die toernooi aangeteken het.

Ons het in die kwarteindstryd teen Engeland te staan gekom. Hulle was so seker dat hulle ons sou klop, dat hulle nie eens voor die wedstryd uitgeteken het uit hul hotel in Londen nie. Hulle het gereken hulle sou daardie aand terug wees daar, deur na die halfeindstryd. Ek was egter vol vertroue oor ons kanse, want in ons koppe was hulle nie onoorwinlik nie. Ja, ons het op kritieke tye teen hulle verloor, maar ek het nog nooit teen Engeland op die veld gedraf met die gedagte dat ons sou verloor nie.

Die wedstryd was 'n hoogtepunt vir Jannie de Beer, wat 34 punte ('n Springbokrekord) aangeteken het, insluitende vyf skepdoele ('n wêreldrekord). Ek het baie mense hoor beweer die skepdoele was hulle idee, maar dit was in werklikheid Jannie se plan. Omdat ek saam met hom by die Vrystaat gespeel het, het ek geweet hy kon 'n skepdoel van enige plek op die veld skop. Hy het die idee tydens 'n oefensessie geopper, so, ons het 'n paar bewegings geoefen wat die geleenthede daarvoor sou skep. Ons het 'n skepdoel 'n “Naas” genoem, na Naas Botha, die meester van die skepdoel in die 1980's, met 18 skepdoele in sy 28 toetswedstryde, insluitende daardie befaamde skepskop wat Noord-Transvaal se oorwinning in die 1987-Curriebekereindstryd teen Transvaal op Ellispark in die modder en reën beklank het.

Nick onthou die skepdoelstrategie anders:

Die Woensdag voor die wedstryd het ek en Brendan Venter in 'n gholfkarretjie gesit. Ek was bekommerd oor Engeland, want hulle het nie maklik strafpunte afgestaan nie en hulle het 'n goeie pak

voorspelers gehad wat moontlik by ons s'n kon kers vashou. Henry Honiball was beseer, so, Jannie sou losskakel speel. Hy kon nie die voordeellyn op dieselfde manier as Henry aanval nie, so, ons agterspelers het gesukkel om dit oor te steek. Brendan, wat Jannie van die Vrystaat geken het, het gesê: "Hoekom vra jy nie vir Jannie om skepdoele te skop nie?" Jannie het ook gholf gespeel, so, ek het met hom oor Brendan se idee gaan gesels. Ek het vir hom gevra as hy skepdoele kan skop, vir wat het hy dan nog nooit geskop nie? Hy het gesê ek laat hom plat speel, soos Henry. Ek het gesê dis 'n baie belangrike wedstryd, as hy skepdoele wou skop, hoe moet ons hom daarvoor opstel? Sy antwoord was: "Reg voor die pale," en hy het my aangekyk of ek mal is. Die volgende dag het ons in die oefensessie 'n strategie uitgewerk waarvolgens die voorspelers die bal vorentoe vat, dit dan na die agterspelers aangee, wat dit na die middel van die veld vat en terug na Jannie uitgee sodat hy kan skop. Jannie het tien uit tien geskop, en die langste was 45 meter. Ek kon dit nie glo nie. In die wedstryd het hy twee of drie geskop van daardie scenario's wat ons geoefen het, maar 'n paar van hulle was vanuit algemene spel.

Nadat Jannie sy eerste "Naas" net ná rustyd oorgeskop het, het hy gedink: *Hoekom nie weer probeer nie?* Twee minute later het hy nog een oorgeskop. Dit het die telbord met reëlmaat laat aanskuif en die puntegaping het vergroot. Joost op skrumskakel het 'n fantastiese verstandhouding met Jannie gehad en seker gemaak hy kry baie geleenthede.

Jannie was seker die beste losskakel saam met wie ek in my hele loopbaan gespeel het. Ek het sedert my universiteitsdae by die Shimlas saam met hom gespeel. Hy was baie soos Henry Honiball – stil en hardwerkend. Jannie het 'n natuurlike talent gehad, hy kon duik en hy kon skop. Min mense het geweet hoe goed die ou regtig was. Maar ek dink partykeer het hy nie genoeg in homself geglo nie.

Ons het met 44-21 gewen en ons was deur na die halfeindrondte van die Wêreldbeker. Die sege het al die kak met Gary en die kapteinskap uit die weg geruim. Ons moes wag vir die Engelse spelers om hul kamers in die

Petersham-hotel in Richmond te ontruim sodat ons kon intrek.

Nou moes ons teen Australië, 'n span wat ons dikwels gesukkel het om te klop, in ons halfeindstryd op Twickenham speel. Ek het 'n sielkundige blok gehad wanneer dit gekom het by die Wallabies. Ons was sonder Brendan Venter ná 'n dissiplinêre komitee hom vir 21 dae geskors het weens die rooi kaart teen Uruguay, wat beteken het hy was eers die dag voor die Wêreldbekereindstryd weer beskikbaar. Henry Honiball was fiks, maar Jannie se spogvertoning ses dae tevore het hom die eerste keuse op losskakel gemaak en Henry was op die bank. Dit was die mees intense toetswedstryd denkbaar, baie spannend en fisiek. Geen drieë is gedruk nie, maar Jannie en Australië se Matt Burke het die telbord aan die gang gehou met strafskoppe, en een skepdoel van Jannie. Die Aussies het oor en oor aangeval, en ons het hulle elke keer teruggeduik.

Dit was 'n helse wedstryd om te kyk, met albei spanne wat ongelooflike rugby gespeel het, mekaar se lyne aangeval het ondanks moeilike toestande met reën en sterk wind. Die hele 80 minute van normale spel het ons nie een keer voorgeloop nie. Elke keer as Burke 'n strafskop of twee oorgeskop het om ons agterstand in punte te vergroot, het Jannie dit weer afgebring met 'n paar strafskoppe of 'n skepdoel. Ons was nooit meer as ses punte agter nie.

Dit het gevoel of die tweede helfte nooit sou klaarkry nie, want blaser Derek Bevan het agt ekstra minute speelyd toegelaat. Ons het nie gekla nie, want ons was met 15-18 agter. Ons het die momentum gehad en was op die aanval toe Bevan die Wallabies gestraf het omdat hulle die bal op die grond gespeel het met sekondes op die horlosie oor. Ek het altyd in Jannie se vermoëns geglo, maar dit was 'n moeilike skop wyd aan die regterkant, halfpad tussen die halflyn en die Aussies se kwartlyn. Ek kon my skaars indink hoeveel druk Jannie moes voel, wetende dat daardie skop ons kans was om in die toernooi te bly. 'n Paar spelers het krampe begin kry en ek het gewonder hoe Jannie se bene voel. Hy het heel kalm gelyk en sy tyd gevat om die bal reg te sit. Weens die sterk wind het hy Robbie Fleck gevra om dit stil te hou terwyl hy gereed maak vir die skop. Ek het op die halflyn gestaan en ek kon amper nie kyk nie. Ná wat soos eeue gevoel het, het hy uiteindelik geskop ... netjies tussen die regoppale deur. Die telling was gelykop, 18 elk, en Bevan het dadelik die eindfluitjie geblaas en die wedstryd met 20 minute ekstra speelyd verleng.

Burke en Jannie het strafskoppe afgewissel, en toe kom die uitklophou. In die tweede deel van ekstra tyd, het die Wallabies se losskakel, Stephen Larkham, besluit om Jannie se voorbeeld te volg en 'n skepdoel te probeer. Ons het dit kwalik verwag, want Larkham het nie skepdoele geskop nie en hy was ver, 48 meter van die pale. Ek het op hom afgepyl en instinktief my hande in die lug gegooi om die skop af te keer. Ek het gedog hy mik hoek toe, maar toe besef ek hy gaan vir die pale. Ek sweer die blerrie bal het tussen my uitgestrekte duime deurgevlieg.

Mense onthou daardie skepskop as die een wat Australië se wen beklink het, maar daar was nog sewe minute speelyd oor, genoeg vir ons om weer die telling gelykop te maak. Die probleem was dat ons die wedstryd moes probeer wen. As die wedstryd gelykop geëindig het, sou Australië deurdring na die eindstryd omdat hulle 'n beter dissiplinerekord as ons gehad het, met Brendan Venter se rooi kaart wat teen ons getel het.

Almal het erg begin kramp, en ons kon nie meer hardloop nie. Nie een van ons het ooit tevore ekstra tyd in 'n internasionale wedstryd gespeel nie, en dit het nie een keer gelyk of ons 'n drie gaan druk nie. Dit het boonop begin sous en ons moes rond en bont hardloop om daardie drie te probeer kry. Matt Burke het nog 'n strafskop oorgeskop met drie minute speelyd oor. Ons het nog een keer probeer aanval, maar die Wallabies se verdediging was solied en hulle het dit enduit volgehou vir 'n 27-21-oorwinning.

Ek het geweet ons het in 'n rugbywedstryd gespeel wat nog vir 'n baie lang tyd onthou sou word. Ons het ons harte uitgespeel, so, dit was nie 'n skande om te verloor nie. Ek is as volg aangehaal: "Die hart bly 'n bietjie meer seer as die lyf ná jy 'n wedstryd soos daardie verloor het." Ek kan in der waarheid nie onthou dat ek dit gesê het nie, maar dit is 'n akkurate weerspieëling van hoe ek gevoel het.

Vir my persoonlik was dit so 'n teleurstelling. Ek het gedink: *Fok, man, ons het so hard gewerk, teen alle verwagting in. Hoekom kon daai skepskop nie net my hand getref en weggespat het nie?* Dit was een van die teleurstellendste dinge wat nog ooit op 'n rugbyveld met my gebeur het.

Ons moes nou teen Frankryk of Nieu-Seeland uitspeel om die derde plek in die toernooi. Ons was oortuig ons sou teen Frankryk speel, en Nick het ons

drie dae afgegee. Ons vroue het by ons aangesluit, so, ek en Nikki, en Smiley en sy vrou, Corne, het 'n draai in Amsterdam gaan maak. Ons het besluit om 'n blaaskans van rugby te vat en het nie eens die moeite gedoen om die halfeindstryd tussen Frankryk en Nieu-Seeland te kyk nie, so, ons het die dramatiese Franse terugvegpoging en hul verrassende 43-31-oorwinning oor die All Blacks misgeloop. Ons het 'n paar besienswaardighede gaan besoek en toe ons terugkom, het Smiley voorgestel ons kyk wat die telling is. Ons kon dit nie glo nie. Ons moes teen Nieu-Seeland speel om die derde plek. Ek het nie gedink ons uitstappie na Amsterdam was toelaatbaar nie. Ek het nie gedink Nick weet eens waar ons was nie, want ons was nie veronderstel om die pad te vat en pret in 'n ander land te gaan hê nie. Ons moes inderhaas ons vlugte verander en teruggaan. Ons was net 'n dag lank daar, en nou moes ons weer begin oefen.

Nick hét toe al die tyd geweet waar ons was:

Ek het goed geweet van daai uitstappie na Amsterdam, en dit het my glad nie gepla nie. Ons het die vorige drie maande so hard gewerk om vir die Wêreldbeker voor te berei, en dit was bitter teleurstellend om te verloor en toe teen Nieu-Seeland te moes speel om die derde plek. Ek het nie gedink om die Maandagaand voor die Donderdag se wedstryd te oefen, sou enigsins help nie. So, ek het vir die spelers gesê hulle moet teen Woensdag almal terug wees. Ek het vir hulle gesê ons was voorbereid genoeg, so, gaan geniet julleself, gaan Spanje toe, of waarheen julle ook al wil, ek gee nie om nie.

Dit was moeilik om gemotiveerd te wees vir wat na 'n sinnelose wedstryd gevoel het. Niemand wil derde in die Wêreldbeker eindig nie. Maar dit was ons ou vyande, so, dit was nogtans lekker om met hulle af te reken. Ons het die hele wedstryd lank voorgeloop en met 22-18 gewen. Al wat vir my uitgestaan het, afgesien van ons sege, was dat ek nog nooit 'n haka gesien het waarin die All Blacks so futloos gelyk het nie. Ek het na hul kaptein, Taine Randell, gekyk en gesien sy kop was nie by die wedstryd nie. Ek het vyf keer in my loopbaan voor die All Black-haka gestaan, en dit was die enigste keer wat ek gevoel het: *Fok, hulle lyk nie reg vir hierdie wedstryd nie.*

Toe die Springbokke se 2000- internasionale seisoen in Junie met 'n eenmalige toets teen Kanada en twee toetse teen Engeland afgeskop het, was Nick steeds die breier, hoewel hy onder druk was omdat ons die Wêreldbeker verloor het. Ek het 'n lekker lewe in Johannesburg gelei, vir die Cats gespeel, my onderskeie beserings met gereelde inspuitings behandel, maar steeds goeie rugby gespeel. Die Cats is in daardie stadium deur Laurie Mains afgerig, en het vierde op die Super 12-punteleer geëindig, nadat hulle teen die Brumbies in die halfeindstryd in Canberra verloor het. Die Cats se lostrio was André Venter, André Vos en ek – dieselfde drie wat vir die Springbokke gespeel het in ons laaste wedstryd van die 1999-Wêreldbeker. Nick het besluit om dié suksesvolle trio vir die nuwe Springbokseisoen te behou, en die kapteinskap is gegee aan Vossie pleks van Joost van der Westhuizen, wat terug was ná 'n besering en die grootste deel van die Super 12 misgeloop het.

Nick het op 'n nuwe benadering besluit – soos gebeur met elke afrigter wat aan sy pos probeer vasklou. Dis so maklik om in die strik te trap om na te veel mense te luister net om die media en diegene wat politieke speletjies speel gelukkig te hou. Ek onthou die poging om 'n totale kopskuif te maak, maar dit sou nooit vir ons werk nie. Voorheen het ons baie op die fisieke krag en harde lakwerk van die voorspelers staatgemaak. Ons sou die swaar werk voorlangs doen, terwyl die agterspelers gesorg het vir vuurwerke oor die breër veld. Met die verandering is daar nou van die voorspelers verwag om hardloopwerk te doen, wat vir baie van die groot slotte moeilik was. Ons moes 'n vinnige, aanvallende houding ontwikkel met 'n sirkustoertjie of twee daarby, iets waaroor nie almal beskik het nie. Dit het my gepas omdat ek hard kon duik maar ook met die bal kon hardloop, die gapings kon raaksien en my teenstander kon systap. Dit het vir my al hoe moeiliker geraak om oor die teenstanders te hardloop as gevolg van die rugbyligastyl-verdedigingstelsel wat toenemend in rugby begin veld wen het, so, ek was nogal opgewonde oor die nuwe wedstrydplan.

Soos verwag is, het ons Kanada in Oos-Londen geklop, met 51-18, en ons het Nick se nuwe “bal-in-die-hand”-taktiek op die proef gestel, maar ons was gelukkig om naelskraap teen Engeland te wen die naweek daarna op Loftus nadat die TV-skeidsregter besluit het om 'n Engeland-drie nie toe te ken nie.

Toe volg daar drie verloorwedstryde in 'n ry, wat die druk op Nick net

nog meer laat oplaai het om sy pos te behou. Engeland het die tweetoetsreeks gelykop laat eindig met 'n oorwinning in Bloemfontein, waarna ons Melbourne toe gevlieg het vir 'n geldmakertoets wat onderdak op die Docklands-stadion gespeel is. Dit was ons vierde poging om Nick se nuwe hardlooprugbytaktiek te gebruik teen 'n span wat dit reeds vervolmaak het. Dit was geen verrassing dat ons vasgeval en met 23-44 verloor het nie. Ons het ook ons twee Drienasieswedstryde, teen Nieu-Seeland in Christchurch en daarna teen Australië in Sydney, verloor, voordat ons darem 'n bietjie trots kon herwin deur die All Blacks op Ellispark met 46-40 te klop. Dit was die meeste punte en ook die meeste drieë (ses) wat die All Blacks nog ooit in 'n toetswedstryd afgestaan het. Dit het begin lyk of Nick se wedstrydplan vorm aanneem en ek het 'n ietwat ongewone rol as hulplosskakel gespeel, wat my in staat gestel het om meer te hardloop en die agterlyn op te stel.

LEKKER SOOS DIT WAS OM SES DRIEË TEEN die All Blacks te druk, het ons ook vier drieë afgestaan, wat kommerwekkend was. Die Wallabies was nommer een op die wêreldranglys en ons moes volgende teen hulle speel. Ek was altyd bekommerd oor Australië. Vir my was hulle altyd 'n moeiliker span om teen te speel as Nieu-Seeland. Die wen teen die All Blacks, ons grootste teenstanders, het niks gedoen om die druk op Nick te verlig nie. Ons het nou vier uit vyf wedstryde verloor, en Sarvu het 'n rede gesoek om van hom ontslae te raak. Maar hulle kon hom nie net die trekpas gee as ons opeenvolgende oorwinnings teen Drienasies-spanne kon behaal nie.

Ons het een van ons beste vertonings op Kingspark teen 'n baie sterk Australiese span gelewer. Voor die wedstryd het ek Nick 'n beweging gewys wat die Aussies vanuit 'n lynstaan gebruik het. Ek het 'n strategie voorgestel om die beweging te stuit, wat behels het dat ek ingaan om te onderskep eerder as om teen hul agtsteman, Toutai Kefu, te verdedig. Ek het opgelet dat Kefu net 'n foplopie in die beweging uitgevoer het, so, as ek probeer onderskep het eerder as om vir Kefu op te pas, kon dit ons dalk 'n drie in die sak bring. Nick was aanvanklik skepties, maar toe hy insien dat die idee potensiaal het, het hy ingestem dat ons dit op die veld kon probeer. Ons het die beweging sien kom, ons plan in werking gestel en dit het perfek gewerk. Ek het weggebars en oor die lyn gegaan vir 'n drie. Maar die blaser, Paul Honiss, het beslis dat hy nie seker kon wees ek het die bal geplant nie en die drie is nie toegeken nie.

Nick Mallett onthou ook die voorval:

Die Woensdag voor die wedstryd het Rassie met sy rekenaar na my toe gekom en gesê: “Kyk bietjie hier.” In hul kwartgebied het hulle 'n beweging van die verdedigende lynstaan af gehad wat hulle elke liewe keer gebruik het. Dit was baie effektief. Hulle doen 'n fopsprong, John Eales kom vorentoe, gaan vir die bal en klap dit af

na Michael Foley op haker. Dié gee dit vir George Gregan, wat agter Toutai Kefu vir Stirling Mortlock aangee om verligting te bring met sy skopvoet. Ek het gesê: “Dis geen probleem nie, ons blok hulle mos. Jy duik Kefu, André Venter duik Gregan en Henry Honiball duik Mortlock.” Maar Rassie wys my daarop dat Kefu nooit die bal kry nie – hy doen net ’n foplopie. Hy stel toe voor: “Laat ek onderskep. As hulle wel die bal vir Kefu gee, is ons skrumskakel daar om te verdedig.” Hulle het ’n lynstaan in hul kwartgebied gekry en daar kom die beweging toe – Eales na Foley, Foley na Gregan, Gregan na ... Rassie Erasmus, wat die bal onderskep. Hy het 20 meter gehardloop en oor die lyn geduik. Maar twee spelers het hom met die oorgaanslag probeer loop.

Dit was die heel eerste keer dat hulle boontoe [na die TV-skeidsregter] is. Die skeidsregter het nie gevra of daar enige rede was om die drie nie toe te ken nie. Die opdrag is sedertdien verander. Hy het gevra: “Kan jy sien hoe die bal gedruk word?”

Die TV-skeidsregter het laat weet: “Ongelukkig is daar twee Australiese spelers op Rassie se rug, so, ek kan nie sien hoe die bal gedruk word nie.”

En die skeidsregter het gesê: “Wel, ek kan nie die drie toeken nie.”

Dit was belaglik. Rassie het bo-op die bal gelê, stewig op die grond vasgedruk, met die ander spelers bo-op hom. Dit het ons sewe punte gekos, ons het die wedstryd met 18-19 verloor, en ek is gevolglik afgedank.

Dit het Rassie se vermoë op flank opgesom, die manier waarop hy die opposisie uitpluis en verstaan wat hy moet doen. Dit was vir my ’n enorme terugslag om in daardie stadium nie meer die Bokke te kon afrig nie terwyl ek ’n speler soos hy gehad het wat swak punte in die opposisie se spel kon uitbuit. Ek is nie seker waarom Rassie nie vroeër in sy loopbaan met dié soort ontleding na my toe gekom het nie. Dalk het hy gereken ek sou dit nie goed vat nie, en dat ek dit as kritiek op die afrigter sou beskou. Dit is beslis nie hoe ek dit gesien het nie. Ek het gedink dis fantasties. Rassie het homself nie regtig die eer gegee wat hom toegekome het nie; hy het dit onderspeel en gesê dis net iets wat hy opgelet het, want hy wou nie regtig die aandag op

homself vestig nie. Ek wens meer spelers kon die spel soos hy ontleed.

Braam van Straaten het ons in die wedstryd gehou met ses strafskoppe, die laaste een van binne ons halfgebied om aan ons 'n 18-16-voorsprong te besorg met die eindfluitjie wat kort voor lank sou blaas. Dit sou genoeg wees om baie van ons trots terug te kry en dit sou dit vir die rugbybase moeilik maak om Nick af te dank. Maar ons het 'n strafskop in die doodsnikke van die wedstryd afgestaan, wat Stirling Mortlock oorgeskop het, en ons het met 18-19 verloor.

Dit was weer eens duidelik hoe dinge in internasionale rugby op 'n mespunt balanseer. As Mortlock misgeskop het, sou ons gewen het en Nick sou dalk sy pos behou het. Sarvu was op soek na iets om teen hom te gebruik. Hul kans het gekom toe Nick vroeër daardie week saamgestem het met 'n vrou – wat hom gevra het om rugbyballe te teken – dat kaartjiepryse te hoog was. Sy was in werklikheid 'n verslaggewer vir die *Independent on Sunday* en Nick se opmerkings het die voorblad gehaal, op die dag van die toets. Dit het dinge maklik gemaak vir Sarvu. Hulle het hom daarvan beskuldig dat hy Sarvu skade berokken en 'n maand later met tugstappe teen hom begin.

Ons het almal gevoel as ons gewen het, sou die kwessie van die kaartjiepryse nie so 'n groot impak gehad het nie. Sarvu het 'n verklaring uitgereik om te sê die aangeleentheid is uitgeklaar, nog voor die dissiplinêre verhoor plaasgevind het, en dat Nick nie meer die afrigter sou wees nie, maar ons het vermoed dat hy vir alle praktiese doeleindes afgedank is ...

Harry Viljoen, die voormalige Transvaal-skrumskakel, het die leisels by Nick oorgeneem. Harry was voorheen die afrigter van Transvaal (en het hulle in twee Curriebekereindstryde gekry), Natal (een Curriebekereindstryd) en die Westelike Provinsie (waar hy uiteindelik die Curriebeker in 1997 gewen het). Hy was ook 'n baie suksesvolle sakeman wat sy geld in die versekeringsbedryf gemaak het. Hy het geweet van my reputasie as stout seun, met al die drinkery en partytjies waarvan ek daardie tyd deel was, en hy het my nie gekies vir die jaareindtoer na Argentinië, Ierland, Wallis en Engeland nie. In plaas daarvan het Harry besluit op Corné Krige, André Venter en André Vos as sy lostrio, met AJ Venter wat in die

wedstryd teen Engeland speelkans gekry het, wat die enigste wedstryd op die toer is wat hulle verloor het. Al het ek goed gespeel, het ek verdien om weggelaat te word. My dissipline was baie swak en ek het 'n wekroep nodig gehad. Dis toe ek na dok Luyt toe is en vir hom gesê het ek wil terug Vrystaat toe, en hy my kontrak opgeskeur het.

Ek was 'n rukkie lank weer in Harry se goeie boekies – vir twee toetse van die 2001- internasionale seisoen, teen Frankryk op Ellispark en Kingspark in Junie – maar ek het gou besef daar was aspekte van sy benadering tot rugby wat ek ietwat vreemd gevind het. Terwyl ons by 'n oefenbasis op Plettenbergbaai vir die eerste toets voorberei het, het Harry begin praat oor hoe ons die bes geklede span moes wees. Ons het reeds goeie klereborge gehad, maar Harry wou hê ons moes meer gesogte handelsmerke dra. Dit was nie my styl nie. Dit kon my min skeel of ek Armani of Gucci dra. Al wat ek nodig gehad het, was 'n ordentlike sweetpak, en ek was piekfyn. Toe wou hy weet hoeveel drieë ons teen Frankryk sou druk, en ons was realisties daaroor en het voorgestel dat ons vir drie of vier sou mik. Hy het gesê ons moet sewe drieë per toetswedstryd druk, wat vreeslik ambisieus was. Op die ou end het ons een drie in elk van die twee toetse gedruk. Harry wou ook hê ek moes soos Australië se Owen Finegan wees, wat flank en slot kon speel. Maar Finegan het 120 kilogram geweeg en was ses voet vyf. Ek was drie duim korter en het destyds 92 kilogram geweeg. Daar was nie 'n manier waarop ek dieselfde kon speel nie. Dit was alles vir my effe vreemd.

Ons het met 23-32 op Ellispark verloor teen 'n onervare Franse span wat vier debuutspelers ingesluit het. Pieter de Villiers, Suid-Afrikaans-gebore stut, was ook in die span en het vir die eerste keer teen die Springbokke gespeel. Hy was 'n man vir wie ek later jare baie respek as 'n voorryafrigter gehad het. Ons het terugbakei en die tweede toets op Kingspark met 20-15 gewen. Ek het dit nie op daardie tydstip geweet nie, maar dit was die laaste keer wat ek vir die Springbokke uitgedraf het.

Die volgende Saterdag was ons in Port Elizabeth om teen Italië te speel. Dit is waar die kak gespat het. My hele familie sou die wedstryd kom kyk – ek dink ek het omtrent 25 kaartjies gereël. Maar ek het vermoed Harry sou my nie kies nie omdat hy gereken het ek is te lig. Hy wou iemand groter en

swaarder hê. Bobby Skinstad is stadig maar seker weer in die span ingebring nadat hy die grootste deel van die vorige seisoen beseer was. Hy het van die plaasvervangerbank af gespeel in albei Franse toetse en hy was nou reg vir die beginspan. Corné was ook terug ná 'n besering en André Venter het homself begin vestig as 'n veelsydige losvoerspeler/slot. Ek het ongemaklik gevoel in daardie span.

Ek het nie verwag om in die beginvyftiental te wees nie, maar tot my verbasing het Harry my as reserweslot op die plaasvervangerbank gekies. Dit het geen sin gemaak nie. Ek het gaan praat met Andre Markgraaff, my heel eerste Springbokafrigter toe ek vier jaar tevore vir die weekspan gespeel het en op daardie tydstip een van die keurders, en vir hom gevra: “As ek te lig is vir 'n losvoerspeler, hoe de fok kan ek op die bank wees as reserweslot, veral as ons slotte Johan Ackermann is, wat 110 kilogram weeg, en Mark Andrews, wat 115 kilogram weeg?”

Dit wou voorkom of die idee was dat ek moes misluk, en dis toe ek besluit het om 'n dyspierbesering te veins om uit die wedstryd te kom. Ek het Markgraaff van my plan vertel en hy het vir my gesê ek sou die eerste speler wees wat homself so sou opoffer. Ek het nie verwag om vir die Drienasiesreeks oor drie weke gekies te word nie en ek sou heel waarskynlik in elk geval ná die wedstryd teen Italië huis toe gestuur word. Ek het oorgestap na Victor Matfield, wat nie vir die Springbokspan gekies is nie. Hy was in daardie stadium 'n belowende nuweling wat op 'n deurbraak gewag het en ek was die ou wat dit vir hom sou gee. Ek het gesê: “Victor, luister hier, jy moet fokken opstaan en begin hardloop. Ek gaan onttrek. Ek gaan sê my dyspier is seer. Sal jy kan speel?”

Victor kon sy ore nie glo nie. “Ja, fok, fok!” Hy het opgespring om saam met die res van die span te gaan oefen. Ek het na Harry toe gestap en vir hom gesê ek het my dyspier verrek, en dat ek seker is dis geskeur, want ek ken die gevoel. Ek wou nie hê hy moes my vir skanderings stuur nie, want dan sou my leuen aan die lig kom. Ek het vir hom gesê ek wil huis toe gaan, terug Bloemfontein toe. Ek was verleë omdat 25 van my vriende en familie die wedstryd sou bywoon. Ek wou nie in Port Elizabeth sit en die wedstryd kyk met die wete dat ek kon speel en dat my dyspier nie regtig opgefoeter was nie. Ek was baie hartseer. Victor het my plek op die plaasvervangerbank ingeneem, en dit was die ietwat bisarre begin van sy merkwaardige loopbaan van 127 toetswedstryde, wat 'n Wêreldbekersege

ingesluit het.

Op die lughawe, net toe ek op die punt was om terug te vlieg, het een van die Springbokke se steunpersoneel my gevra om my spelhandleiding terug te gee. Ek wou weet waarom hy dit wou hê, want ons sou binnekort weer bymekaarkom vir die Drienasies. Hy het gesê hy weet nie en dat hy maar net opdragte uitvoer. Dis toe ek sonder twyfel besef het Harry sou my nie vir die toernooi kies nie. Ek het net gesê: “Oukei, jy kan dit kry.” Dit was my laaste kontak met die Springbokspan as ’n speler, en ek het die handleiding sonder ’n sweempie emosie oorhandig.

Ek het vir Andre Markgraaff gebel en hom meegedeel dat ek nie deel was van Harry se planne vir die Drienasies nie, dat my laaste toetswedstryd teen Frankryk was en dat my internasionale loopbaan verby was. Ek moes vrede maak daarmee. Ek het vir hom gesê ek gaan nie verder saam met die Springbokke oefen nie en dat my fokus van nou af op die Vrystaat-Cheetahs en die Curriebeker sou wees.

Markgraaff het gesê: “As jy nie vir hierdie Drienasies gekies word nie, sal ek as keurder bedank.” Ek was verbaas en het vir hom gesê dis nie nodig nie. Ek het sy gebaar waardeur en dit vir hom gesê, en dat hy altyd baie goed vir my was toe ons by die Cats was.

Die volgende Dinsdag het ek ’n oproep van Markgraaff gekry. Hy het vir my gesê hy gaan later daardie oggend bedank, want ek was, soos ek ver wag het, nie ingesluit in die span vir die Drienasies nie. Getrou aan sy woord het hy later daardie dag die keuringspaneel verlaat.

Ek kon aanvoel wanneer mense my uit ’n span begin werk. Ek het net in my hart geweet waarmee Harry besig was. Ek wens hy kon net na my toe gekom en vir my gesê het wat die probleem was – jy’s te vol van jouself, jy hou te veel partytjie, jy pas nie in by ons kultuur nie, jy’s nie ’n spanspeler nie, wat ook al. Dit sou nie lekker wees om te hoor nie en ek sou nie lang trane daarvoor kon huil nie omdat dit deur my eie toedoen was. Ek was die een wat ’n partytjieleefstyl gekies het en nou het dit my my plek in die Springbokspan gekos. Maar ek het nie gedink dis regtig die einde nie. Ek het gereken ek kan myself terugspeel in die span deur pad te gee uit Johannesburg, op te hou kuier en drink, te fokus daarop om goed te doen by die Vrystaat, my grootste ambisie te vervul en die Curriebeker te wen. Ek was nie so teleurgesteld nie, want ek het myself belowe ek sou nog ’n kans kry. Ek het vir myself gesê dis nie die einde nie.

Aan die begin van die 2002-seisoen was ek terug by die Vrystaat en ek het saam met die Cheetahs begin oefen voor die afskop van die seisoen. Ons was op die munisipale terrein net buite die stad, langs die gholfbaan, vir ons tweede oefensessie. Ek het nie regtig iets roekeloos of gevaarliks gedoen toe ek oor 'n speler op die grond gespring het wat in my pad was nie. Toe ek land, het ek 'n brandgevoel aan die binnekant van my voet gevoel soos die voetbrug padgegee het. Ek het dadelik vir X-strale gegaan en van die beste voetdokters in die land geraadpleeg, maar weens die manier waarop die been gebreek was, kon niemand 'n fraktuur opspoor nie. Ek het die grootste deel van 2002 rondgehobbel.

Ek was gewoonnd daaraan om beseer te wees en pyn te bestuur. Ek het 'n plan gemaak met die abses in my agterstewe. Ek het albei my skouers male sonder tal verstuit. Ek moet regtig 'n slag al die letselweefsel laat verwyder. My vingers is so dikwels in wedstryde gebreek dat ek nie 'n gholfstok behoorlik kan vashou nie. Ek het my kakebeen drie keer gebreek, die eerste keer in 1993 toe ek vir die Shimlas teen Old Greys gespeel het en my Cheetahs-kamermaat, Dennis van Zyl, wat vir Old Greys gespeel het, per ongeluk my kakebeen met sy elmboog getref het. My kakebeen is met drade geheg en ek moes 12 weke lank vla drink en kapokaartappels met sous eet. Daarna het ek 'n skrale 84 kilogram geweeg.

Toe, in 1996, het ek weer my kakebeen gebreek in 'n wedstryd teen die Waratahs op die Sydney-voetbalstadion toe Tiaan Strauss in my vasgehardloop en ons koppe teen mekaar gestamp het. Die dokter het vir my pynstillers gegee, wat ek probeer drink het, maar die water het net uit my mond geloop en ek het besef my kakebeen was gebreek. Ek is na 'n hospitaal in Sydney geneem vir chirurgie om die breuk te herstel. Toe ek bykom in die saal, was daar 'n heruitsending van die wedstryd op die TV bo my bed. Die eerste ding wat ek gesien het toe ek my oë oopmaak, was 'n kykweer van my en Tiaan wat bots. Die dokter, dr. Hook (ek sal nooit daardie naam vergeet nie), het my meegedeel my kakebeen was vergruis en dat ek waarskynlik nooit weer rugby sou kon speel nie.

Twee jaar later het ons teen die Waratahs gespeel – weer op die Sydney-voetbalstadion – en ek het weer my kakebeen gebreek. Dié keer het ek en Os du Randt in mekaar vasgehardloop. Ek is terug na dieselfde hospitaal om deur dr. Hook geopereer te word. Toe ek bykom, was hy langs my bed en hy het gesê: “Maar het ek dan nie gesê jy kan nie weer rugby speel nie?”

My neus is soveel keer gebreek dat ek 'n stukkies plastiek gekry het om my septum te vervang. Ek het 'n operasie gehad om my skaambene te herstel. Ek het 'n operasie gehad om 'n verstuite skouer reg te maak. Ek het drie operasies vir aambeie gehad – waarvan een die Sondag ses dae voor 'n toetswedstryd. Ek het letselweefsel op my knie laat skoonmaak. As ek alles bymekaartel, het ek 38 operasies gehad. Maar my ernstigste mediese stryd sou nog kom en duur steeds voort.

Ek het Duitsland toe gevlieg om die kenners by Adidas te raadpleeg en uit te vind of hulle 'n spesiale stempel kon maak om te help met die pyn in my linkervoet. Ek het saam met my vriend Frikkie Erasmus gegaan, wat 'n groot invloed in my lewe is. Ek het Frikkie ontmoet toe ek 26 was en kaptein van die Cats was. Hy was 'n prokureursvriend van Markgraaff. Die twee van ons het dadelik geklik, ondanks 'n groot ouderdomsverskil van byna 30 jaar. Hy het vir my 'n klankbord geword, amper soos 'n vaderfiguur, en vir my hope raad en bystand van onskatbare waarde gegee. Ons lewe totaal uiteenlopende lewens, maar ons is baie goeie vriende en ons gesinne hou saam vakansie. Frikkie help my met regskwessies, maar hy het my nog nooit 'n sent daarvoor gevra nie. Ek het nog nooit 'n agent gehad wat my verteenwoordig nie en verkies dit om my eie sake te behartig, maar Frikkie gaan my kontrakte na en bring veranderinge aan indien nodig. Hy het nog altyd my belange op die hart gedra, as dit kom by persoonlike sake én besigheid. Hy was die regte persoon om my te help.

Ons is na Adidas in Herzogenaurach in Duitsland, waar vakmanne vir my rugbystewels, netjiese skoene en gholfskoene in die vorm van my voet gemaak het. Dit het nie binnesole gehad nie, en 'n afgietsel van my voet is gebruik. Hulle het vier paar rugbystewels gemaak wat my lewe 'n bietjie makliker sou maak. Dit het beslis gehelp, maar dit was steeds seer elke keer as ek druk op die brug van my voet geplaas het.

Daarna is ons na die Ludwig Maximilian-universiteit in München waar 'n professor my voet ondersoek het. Hy het kortisoen voorgeskryf en gesê ek kon weer speel. Ek het nie deur die week geoefen nie, en ek was slegs beskikbaar vir die kapteinsoefening op 'n Vrydag (ek was die kaptein) as ek my kortisoonspuit gehad het, so, my voet was morsdood. Oom Peet het geweet ek is beseer, maar hy het aangehou om my te kies, want hy het geweet ek is beter as die ander ou wat nie beseer is nie. Voor 'n wedstryd het ek my inspuiting gekry en die week daarna het ons die prosedure

herhaal.

Dit het 18 maande lank so aangegaan: inspuitings, speel, inspuitings, speel. Ek het daarmee weggekom omdat my spelpeil goed was, en oom Peet en my spanmaats het nie omgee nie. Dit was egter 'n baie vreemde opset en beslis nie iets wat ek vandag as afrigter sou duld nie. Die hele span moet op 'n Maandag oefen, anders word jy 'n sogenaamde *purple member*, wanneer jy dink jy is 'n klein godjie. As ek nou terugkyk, was ek nie 'n baie goeie lid van die span nie, al het ek my wilde leefwyse laat vaar en al was ek nie meer 'n virus in my span nie.

Teen 2003 was my voet gefok ná al die kortisooninspuitings en weens die feit dat ek voluit aanhou rugby speel het. Ek is na 'n ortopediese chirurg genaamd dr. Fief Ferreira in Pretoria, en hy het 'n ongediagnoseerde horisontale fraktuur in een van die bene in my voet ontdek. Ná chirurgie om die skade te herstel, was ek vir ses weke in gips, en daarna het die fisioterapeut Elmarie Nienaber, vrou van die huidige Springbokafrigter, Jacques Nienaber, intensiewe rehabilitasie gedoen. Ek kon vir 'n jaar nie speel nie, maar ek was 'n gekontrakteerde speler, so, ek het die Vrystaatse Vodacombekerspan afgerig.

Dit was die eerste keer dat ek formele afrigting gedoen het. Agter die skerms met die Springbokke, en met Nick Mallett se goedkeuring, het ek die opposisie ontleed en bewegings en hardlooplyne met die ander spelers bespreek. Ek het voorheen ook ontleding vir Laurie Mains gedoen en meer betrokke geraak by afrigting, en omdat die spelers my vertrou het, het hulle na my geluister. Ek het dieselfde afrigtingstyl met die Vodacombekerspan gebruik met die goedkeuring van oom Peet en Harold Verster. Ons het 'n suksesvolle seisoen beleef waarin ons net twee wedstryde verloor en die halfeindstryd van die kompetisie gehaal het. Weens die besering het ek in net een wedstryd gespeel, 'n opwarmingswedstryd in Pacaltsdorp, die township buite George, maar ek moes eers by die skeidsregter hoor of hy sou toelaat dat die afrigter speel.

IN 2003 IS EK UITEINDELIK TERUGGENOOI om vir die Springbokke te speel voor die Wêreldbeker later daardie jaar. Rudolf Straeuli was die afrigter, en hy het my gevra om 'n oefensessie by te woon. Ek het baie goed vir die Cheetahs in die Curriebeker gespeel en die media het druk op Rudolf geplaas om my vir die Springbokspan te kies. Die probleem was dat ek steeds met my voetbesering gesukkel het en daar was nie 'n manier waarop ek op internasionale vlak kon speel nie. Ek het geweet ek kon nie 'n kortisooninspuiting kry en dan met dieselfde intensiteit as Bobby Skinstad of André Venter hardloop nie. Hulle was uitmuntende atlete, en ek kon nie by hulle kers vashou nie. Ek kon steeds my voet laat inspuit en Curriebekerwedstryde speel danksy die manier waarop ek gespeel en die spel ontleed het, maar toetsrugby was buite die kwessie. Ek het nie amptelik uitgetree uit toetsrugby nie – ek het net vir Rudolf gesê ek is nie beskikbaar nie sodat die media dit kon laat vaar. En dit was die einde van my internasionale loopbaan.

Ek kon nou fokus op my loopbaan by die Vrystaat en op daardie doelwit om die Curriebeker te wen. In 2004 het die Vrystaat gemengde welslae in die reeks behaal, maar gelukkig was dit dieselfde storie met baie van die ander spanne. Toe die groepfase van die reeks verby was, was die Vrystaat derde op die punteleer, voor die Goue Leeus wat punteverskil betref, en het die span vir die halfeindstryd teen die Westelike Provinsie op Nuweland gekwalifiseer. Ek was al voorheen in daardie posisie, in 1997 toe ons die Haaie teen alle verwagting in met 40-22 in Durban geklop het om deur te dring na die eindstryd, wat ons toe teen die Westelike Provinsie verloor het ná Helgard Müller se vorentoe-aangee in die doodsnikke van die wedstryd.

My voet was egter steeds nie reg nie, en die konstante pyn het my spel beïnvloed. Ek moes die hartseer, onvermydelike vooruitsig van my uittrede uit mededingende rugby as speler in die oë kyk. My loopbaan sou eindig sodra die Vrystaat se Curriebekerseisoen op 'n einde was. Ons het die Westelike Provinsie vroeër die seisoen met 26-20 op Nuweland geklop, en

hulle het op hul beurt weer met 29-25 met ons in Bloemfontein afgereken. Maar toestande vir die halfeindstryd was koud, met baie reën, wat die WP soos 'n handskoen gepas het, en hulle was die oorweldigende gunsteling om te wen. As dit weer moes gebeur, sou ek my loopbaan op Nuweland afsluit.

Tydens die kragmeting het ek Robbie Fleck se kortbroek met my regterhand probeer beetkry, en op 'n manier het een van my vingers in sy broekrek vasgehaak. Toe hy losruk, het my vinger gebreek. Ek het dadelik besef dit is ernstig, maar toe ek my hemp by my broek insteek, het ek met afgryse die been deur die vel gesien steek. Ek het geweet die skeidsregter, Mark Lawrence, sou my aansê om af te gaan en mediese aandag te kry, en, aangesien daar destyds nie 'n *blood bin* was nie, sou dit die einde van my wedstryd beteken. Maar Mark het ook geweet dit is my laaste kans om die Curriebeker te wen. Ek is hom ewig dankbaar dat hy met die WP se kaptein gesels en daarna die dokter toegelaat het om my op die veld te verbind sodat ek kon aanhou speel. Albei spanne het 'n drie gedruk, maar ons getroue losskakel, Willem die Waal, was uitmuntend; sy skopskoen het die deurslag gee en ons het met 17-11 gewen. My loopbaan sou nou die volgende Saterdag in die Curriebekereindstryd eindig.

Ons het teen die verdedigende kampioen, die Blou Bulle, op Loftus Versfeld te staan gekom en my vinger het ontsteek. Ek moes inspuitings vir die pyn kry en met my hand bo my kop slaap omdat dit so seer was. My voet was ook seer, selfs ná die operasie. Ek het baie emosioneel gevoel, want ek het geweet dit sou my laaste rugbywedstryd wees. Ek het teen die trane probeer stry, maar ek kon dit nie help nie en het gehuil terwyl ek op die veld draf, met 'n groot verband om my gebreekte vinger. Ek is nie 'n ou wat gewoonlik op die veld huil nie, maar ek onthou ek het gedink: *Oukei, dis verby, dis klaar met rugby*.

Ek het agtsteman gespeel en in die sewende minuut van die wedstryd het ek aangesluit by 'n agterlynbeweging op ons linkervleuel. Ek het 'n bo-oor-aangee van AJ Venter gevang, binnetoe gesny om te verhoed dat die Blou Bul-senter Etienne Botha my duik en, terwyl een van die Bulle se verdedigers my boorvat, die bal agter die doellyn probeer druk met drie spanmaats wat bo-op my val.

Dankie tog vir die TV-skeidsregter, Mark Lawrence, want André Watson op die veld het gedink ek het die bal aangeslaan en was op die punt om te blaas vir 'n skrum, maar het besluit om boontoe te gaan vir 'n

beslissing. Ná wat soos 'n ewigheid gevoel het, het Mark beslis dat ek die bal reguit ondertoe laat val het en dat ons vleuel Anton Pitout, wat besig was om op te volg, die drie gedruk het. Dit was 'n vroeë deurbraak, maar die Bulle het hard terugbakei en die wedstryd oorheers. Hulle het ses drieë gedruk en met 42-19 voorgeloop met 13 minute speelyd oor.

Terwyl ons probeer inhaal, het ek met 'n breekslag geslaag, maar die lynregter het beslis dat ek die bal tydens die beweging aangeslaan het. Ek het vir André Watson gaan sê: “Ek belowe jou, ek het nie aangeslaan nie.” Hy het my geglo, maar die besluit was reeds geneem en hy kon dit nie herroep nie. Dit sou nie die uitslag beïnvloed nie. André het later 'n rubriek geskryf waarin hy vertel het dat hy weer na die wedstryd gaan kyk en gesien het hoe die Bulle se JP Nel aan die bal raak, nie ek nie. Een beslissing was in my guns, die ander nie. Dis maar hoe rugby werk.

Ons kon daarin slaag om nog twee drieë te druk, maar die gaping was te groot en die Bulle het met 42-33 gewen. Dit was die teleurstellendste einde aan 'n rugbywedstryd in my loopbaan as speler, die 1999-Wêreldbekereindstryd teen Australië inkluis. Wat dit nog meer emosioneel gemaak het, was dat ek in daardie stadium nie 'n benul gehad het of ek ooit weer by rugby betrokke sou wees nie. Al het ek die Vodacombekerspan afgerig, het die Vrystaat in daardie stadium nog nie 'n woord gerep oor of ek my rol as afrigter sou behou nie.

Omdat ek nogal 'n entrepreneur was, het ek geen finansiële bekommernisse gehad nie. Ek het by Minolta gewerk, maar oor die jare was ek by ten minste 16 ander sakeondernemings betrokke. Ek het 'n maatskappy genaamd Edge Sport Consultants gehad, wat drie kameramane in diens gehad het om rugbywedstryde te verfilm wanneer daar geen TV-dekking was nie. Ons het die losiehouers op die Vrystaatstadion gratis laat inskakel en advertensielugtyd verkoop. Ons het ook troues en ander geleenthede verfilm.

Ek het ook 'n veiligheidsmaatskappy genaamd DCT Security gehad, wat eiendomme bewaak en onderhou het wat deur 'n bank teruggeneem is. Ons het drie jaar lank goed geld gemaak, maar nadat ons die kontrak met die bank verloor het, het ons die onderneming gesluit.

Ek was ook mede-eienaar van 'n BP-vulstasie saam met Dennis van Zyl,

terwyl Naka Drotské voertuiguitlaatstelsels aan die agterkant daarvan verkoop het. My swaer het my gehelp om dit te bedryf, en die besigheid was baie suksesvol. Ons het amper 400 000 liter brandstof per maand verkoop voordat ons dit toegemaak het omdat dit net te veel geword het om te bestuur, veral nadat BP sy geriefswinkels bekend gestel het. Voor die koms daarvan, het ons ons eie winkel gehad, wat enige iets van kondome tot vleispasteie verkoop het – ons grootste kliënte was studente wie se koshuise in dieselfde straat was. Ek en Naka het ook 'n paar gastehuse besit. My ma het een bestuur en Naka se gesin die ander een.

Ek het betrokke geraak by beesboerdery omdat dit belastingvoordele inhou. Ek het met agt Simmentalers begin en op die ou end 64 gehad. Die plaas was so 10 kilometer buite Bloemfontein, en ek het iemand aangestel om dit vir my te bestuur.

Vyf maande lank het ek by Protea Coin as algemene bestuurder gewerk. Ek moes Johannesburg toe gaan en ervaar hoe dit voel om sakke geld by 'n bank op te laai, of 'n drywer te wees, of 'n veiligheidswag agter in 'n geldwa. Behalwe vir die weermag was dit seker een van my skrikwekkendste ervarings, veral omdat my voet destyds in gips was. Ek het dit egter nie lank gedoen nie, want ek was nie goed daarmee om so 'n groot maatskappy te bestuur nie. Ek het uit my diepte gevoel en ek was senuweeagtig om werk toe te gaan. Ek kon my dingetjies op die kantlyn bedryf, maar ek het nie oor die nodige ervaring beskik om algemene bestuurder van die hele Vrystaat vir Protea Coin Security te wees nie.

Saam met my spanmaat Barend Pieterse se pa was ek ook betrokke by 'n finansiële dienstemaatskappy, wat oorbruggingsfinansiering aan kliënte voorsien het.

Ná my uittrede uit rugby moes ek besluit wat ek met my lewe wou doen. My voet was steeds 'n probleem, want ek het dit nie genoeg tyd gegee om behoorlik gesond te word nie, al was die pyn aansienlik minder ná die operasie. Maar ek het geweet om rugby uit my lewe te sny sou veel pynliker wees as enige besering wat ek ooit opgedoen het. Toe het oom Peet sy uittrede as Vrystaatafrigter aangekondig. En sodoende het hy, Harold Verster en die raad van die Vrystaat Rugbyunie vir my 'n reddingsboei gegooi om op 1 Januarie 2005 die leisels as hoofafrigter van die Cheetahs oor te neem.

Ek het nie verwag ek sou die pos aangebied word nie, want ek het

gedink Gysie Pienaar, 'n Springboklegende wat Kitch Christie se hulpafrigter tydens die 1995-Wêreldbeker was, asook die Vrystaat se hulpafrigter, sou die vanselfsprekende opvolger wees. Ek het Gysie geken as 'n opregte, eerlike, goeie ou terwyl hy my by die Vrystaat afgerig het. Dit was hy wat my in die eerste plek na die Vrystaat gebring het deur te sorg dat my dienspligoproepinstruksies verander word van 6 Suid-Afrikaanse Infanteriebataljon op Grahamstad na die Pantsterskool in Bloemfontein. Toe hy nie in oom Peet se plek aangestel is nie, het dit gevoel of ek hom in die rug steek al het ek niks gedoen om van hom ontslae te raak en myself in die pos in te wurm nie. Ek weet hy was baie ontsteld daaroor en kort daarna het hy die Griekwas se afrigter in die plek van Kobus van der Merwe geword, wat na die Westelike Provinsie toe is.

Ek het begin werk saam met Jacques Nienaber, wie se reputasie as 'n goeie rugbyfisioterapeut hom begin vooruitloop het. Ek en hy het mekaar die eerste keer in die weermag by die Tempe-weermagbasis in Bloemfontein ontmoet, al was ons in verskillende eenhede. Ná die weermag het Jacques fisioterapie aan die Universiteit van die Vrystaat gaan studeer, en daarna het hy die fisio vir die Shimlas en later die Cheetahs se junior spanne geword. Ek het hom weer raakgeloop toe hy 'n paar keer uitgehelp het met die Cheetahs se senior span, en ons paaie het in 1999 gekruis toe ek by die Cats aangesluit het waar Jacques 'n voltydse fisio was. In 2004 het Jacques 'n krag-en-kondisioneringskursus voltooi en die Cheetahs se krag-en-kondisioneringsafrigter geword in die plek van Derek Coetzee, wat hom by Jake White se Springbokspan aangesluit het.

Wanneer jy 45 minute tot 'n uur lank op 'n fisio se bed lê, gesels julle baie. Ek en Jacques het rugby ontleed, en ek was beïndruk met sy kennis. Toe ek die Cheetahs se hoofafrigter geword het, was Jacques my krag-en-kondisioneringsafrigter. Hy het langs die veld rondgestap en hy kon vir 'n speler enige iets sê: hoe om te duik, waar om te duik, wie om te duik. Hy het al die roepe geken, want hy was by al ons oefensessies. Ek en hy het al hoe meer begin saamwerk en hy het amper soos 'n hulpafrigter geword.

In 2007, toe ek na die Stormers toe is, het ek hom ingebring as krag-en-kondisioneringsafrigter. Omtrent in daardie tyd het die posisie van spesialis-verdedigingsafrigter – soos hulle in rugbyliga gehad het – al hoe meer gevestig geraak. Ek het 'n handleiding vir verdedigingsafrigting geskryf en toe vir Jacques in daardie posisie ingebring. Hy het baie belang gestel in my

rekenaarontleding van wedstryde, en ek kon sien hy was 'n natuurlike afrigter. Jacques het by die Stormers aangebly toe ek weg is om die hoëprestasiebestuurder te word by Saru (soos Sarvu ná die naamsverandering in 2005 bekend gestaan het), maar toe ek by Bokafrigter Peter de Villiers as tegniese raadgewer aangesluit het tydens die 2011-Wêreldbeker, het Jacques by ons aangesluit as verdedigingsafrigter. Ons het weer in 2012 as 'n span saamgewerk aan die MOBI-eenheid, 'n program wat ons in staat gestel het om landwyd afrigting te doen.

Een van die eerste dinge wat ek as die nuwe hoofafrigter van die Vrystaat-Cheetahs wou doen, was om aan die span se ondersteuning onder die aanhangers te werk. Ons was altyd die mense se tweede keuse as span, en ek wou die trots terugkry in die Vrystaat en ons weer die aanhangers se nommereenspan maak. Ek het geweet om mense terug te kry op die stadion, en om mense te oorreëde om in die korporatiewe losies te belê, moes ons op 'n gereelde grondslag begin wen. En as ons wou begin wen, het ons 'n klompie nuwe spelers nodig gehad, en dis waar ek dadelik teenkanting van sommige raadslede gekry het, wat gevoel het dit sou te duur wees.

Ons het meer geld nodig gehad. Al het ons die vorige jaar die Curriebekereindstryd gehaal, wat die potensiaal gehad het om vir ons inkomste te genereer, was die halfeindstryd en die eindstryd wegwedstryde. Ons het groot wedstryde nodig gehad om groot geld te verdien. 'n Curriebekereindstryd op die Vrystaatstadion sou miljoene rande in die geldkoffers beteken.

Ek het geweet as ons begin wen, sou mense kom kyk. Ons moes een of ander opgewondenheid rondom ons wedstryde begin skep.

Ek het die spelers betrek, veral bekende ouens soos Os du Randt en Naka Drotské; ons het by verkeersligte in die stad gaan staan en wedstrydkaartjies in die oggendspitsverkeer uitgedeel. Daar was ons, seweur die oggend, besig om kaartjies uit te deel aan ouers wat hul kinders skool toe vat, en as hulle vriende of familie gehad het wat ook graag wou kom kyk, het ons vir hulle nog kaartjies vir daardie mense gegee. Mense het gevoel, hel, as die spelers die strate invaar om ons te kom haal, wil hulle ons regtig graag daar hê.

Party van die jonger spelers was effe skaam om kaartjies uit te deel omdat hulle nie so bekend was nie, maar hulle het gou ontdooi as hulle saam met een van die beroemde spelers was. Dit was interessant om mense

se reaksie dop te hou as Os by hul motorvenster inloer. As Os vir jou twee kaartjies vir Saterdag se wedstryd gee, dan was jy beslis daar. Partykeer het ek 'n bietjie kak gekry by van die jare lange ondersteuners wat gekla het dat Gysie afrigter moes wees en nie ek nie.

Ek het 'n hele spul kaartjies gevat en dit by een van die weermagbasisse in Bloemfontein gaan uitdeel. Daarna is ek na die universiteitskoshuise met wedstrydkaartjies en kaste bier wat een van my vriende wat vir Suid-Afrikaanse Brouerye gewerk het, geskenk het. Ek het vir die weermagouens kaartjies gegee vir sitplekke aan een kant van die stadion agter die pale, terwyl die studente die stadion aan die ander kant volgemaak het. Ons het 'n lekker geesvangery begin deur hulle te laat dreunsing: “Val aan, val aan!” of “Verdedig, verdedig!” – afhangende van wat die Cheetahs aan hulle kant van die veld gedoen het. Partykeer het die ondersteuners vergeet dat die spanne rustyd kante geruil het en dan het hulle per ongeluk in die tweede helfte vir die teenstanders geskree.

In 2005 het die Curriebeker bestaan uit 'n kwalifiserende ronde, met 14 spanne wat in twee groepe van sewe verdeel is. Ons het ses wedstryde gespeel, drie daarvan op die Vrystaatstadion. Ons was onoorwonne in daardie voorafkompetisie, met 'n baie bevredigende oorwinning oor die Westelike Provinsie en 'n paar groot seges oor die Poemas en die Luiperds. Nes ek voorspel het, het die ondersteuners begin opdaag om ons te sien speel en ons moes meer sitplekke insit omdat die stadion vol geraak het. Ek onthou hoe die spelers en afrigters begin hand bysit het, en gehelp het om daardie ekstra sitplekke in te dra en selfs te bou.

Omdat ons nie meer kon staatmaak daarop dat spelers van klubs soos die Shimlas sou inkom nie omdat unies met meer geld hulle opgeraap het, het ek ook nuwe spelers begin koop. Maar in plaas daarvan om na ander provinsies se beste spelers te kyk, het ek gefokus op die tweede beste spelers of die spelers wat gefrustreerd was by 'n groter unie. Daar was spelers soos Ryno van der Merwe van die Westelike Provinsie en Barend Pieterse van die Leeus. Ons het ook vir Kabamba Floors en Bevin Fortuin van Suidwestelike Distrikte opgeraap, en vir Willem de Waal van die Luiperds. Kabamba was 'n voormalige Suid-Afrikaanse sewesspeler, wat 'n groot trekpleister geword het met sy kort blonde dreadlocks en sy ongelooflike spoed vir 'n flank. Hy het op die ou end in meer as 150 wedstryde vir die Vrystaat gespeel.

Ons het ook op verskillende plekke begin oefen, soos die township, om die spel aan 'n nuwe teikengehoor bekend te stel. Ons het fantastiese spelers van kleur soos Kabamba Floors en Bevin Fortuin, Eddie Fredericks, Kennedy Tsimba en Ashwell Rafferty gehad, wat baie bygedra het daartoe om 'n nuwe demografie agter die Cheetahs te kry.

Ek het geweet ek moet die regte spelers in die span kry, nie noodwendig die beste spelers nie. Vat 'n ou soos Willem de Waal op losskakel. Hy was dalk nie die beste losskakel in die land nie, maar hy was die ou wat vir jou 'n Curriebeker sou wen, en hy was 'n spanspeler.

Om die spangees te bou het ons die “Cheetah Den” buite my kantoor in die Vrystaatstadion se hoofpawiljoen gebou. Ons het 'n kroeg en 'n trofeekeas vir die Curriebeker ingesit, en daar was rekenaars sodat die spelers daar kon werk en ontspan. Ek het 'n groot agtsitplek-jacuzzi vir om en by R12 000 gekoop en dit in die kleedkamer gesit, en ná 'n wedstryd het die manne met 'n paar biere in die jacuzzi geklim. Hulle was so mal daaroor dat hulle my partykeer vir die kleedkamersleutel gevra het sodat hulle dit deur die week kon gebruik. Partykeer het mense soos Leon Schuster of Steve Hofmeyr kom inloer en die span met 'n paar liedjies vermaak. Die spelers het gereeld saam gekuier, met die voorspelers wat na my huis toe gekom het vir 'n braai en die agterspelers wat 'n paar doppe saam met hulpafrigter Helgard Müller gedrink het ná die oefening op 'n Dinsdag.

Ek het ook beroemd begin word vir my gebruik van diskoligte tydens oefensessies. Hier's hoe dit begin het ... Tydens oefensessies het ons verskeie strategieë uitgewerk en die naam van 'n kleur gebruik om elkeen te identifiseer. Verskillende spelers was ook in beheer van verskillende dele van die spel. Een persoon was in beheer van die skrums, 'n ander was verantwoordelik vir lynstane, 'n ander vir die afbreekpunte. Die persoon wat in beheer was, het die kleur uitgeroep, dan het die spelers dadelik geweet watter taktiek om te volg. Byvoorbeeld, as die speler “Geel!” roep, het dit beteken dryf, “Rooi!” het beteken speel steelkant om, “Blou!” het beteken gaan wyd.

Toe het Ollie le Roux voorgestel dat ek die verantwoordelikheid moes oorneem om te besluit watter kleur uitgeroep moes word. Ons het alles saam beplan, met die spelers wat insette gee en die afrigters se opdragte uitdaag. Hulle het akkoord gegaan met alles. Ons het toe 'n hele week lank daardie taktieke geoefen sodat almal geweet het wat ons moes doen, en

waar en wanneer ons dit moes doen. Ons het vier gekleurde plastiekeëls gebruik, die soort wat gewoonlik tydens 'n oefensessie gebruik is om die veld af te merk. As ons byvoorbeeld wou hê die voorspelers moes dryf, het ek 'n groen keël opgehou. Voor elke beweging het die spelers gestop en na my gekyk vir leiding. Ek het seker gemaak waar ons op die veld is, my spelkaart geraadpleeg en 'n keël gekies.

'n Paar keer het ek per ongeluk 'n keël opgehou wat ooglopend verkeerd was. Dan sou al die spelers na my staar en hulle koppe skud. Sodra ek my fout besef, het ek die regte keël opgesteek en dan het die spelers geknik. Dit het seker vir die opposisie en die aanhangers vreemd gelyk. Maar dit was hoogs effektief en ons het drie op drie gedruk.

Maar daar was 'n probleem omdat die spelers nie altyd die keëls duidelik kon sien nie, veral wanneer hulle aan die ander kant van die veld of onder naby die pale was. So, ons het gekleurde spane begin gebruik, wat groter en meer sigbaar was. Ons het besluit om dit moeilik te maak vir die opposisie om te ontsyfer wat ons doen deur groot hoofletters op die spane te sit wat totaal betekenisloos was – ons wou hulle op 'n dwaalspoor bring deur hulle te laat dink die letters stem ooreen met iets op die veld. Ons het ook die taktiek en kleure geskommel sodat die opposisie nie ons bewegings kon uitpluis nie. Daar was ook kleure wat niks beteken het nie. Maar die week daarna kon een van daardie kleure “skop uit” beteken.

Om die kleure meer sigbaar vir die spelers te maak, het ek diskoligte op die dak van die Vrystaatstadion laat installeer, en dit het hope publisiteit gekry. Die media en die aanhangers was baie opgewonde oor dié nuutjie. 'n Hele paar mense het gereken ek is van lotjie getik, maar ek en die spelers het geweet die ligte werk.

Op 'n keer was die Bulle in Bloemfontein vir 'n Curriebekerkrasmeting teen die Cheetahs. Hulle is toegelaat om die stadion die Vrydag vir hul kapteinsoefening te gebruik, en hulle het die geleentheid gebruik om ons 'n streep te trek. Hulle het teen die ligte opgeklim en die gloeilampe omgeruil, met die gevolg dat 'n blou lig aangekom het as ek die skakelaar vir die rooi lig druk. Ek kon sien die Cheetahs-spelers het my net aangestaar, wagterend op die lig, want ek het 'n totaal verkeerde opdrag gegee met die lig wat aan was. Helgard het my op die tweerigtingradio van oorkant die veld gekontak om te vra wat aangaan. Ná omtrent vyf minute se verwarring, het ons besef wat gebeur het en die gloeilampe weer na hul korrekte posisies verskuif.

Ons het darem die humor in die situasie raakgesien.

Die Bulle het ons weer gevang toe ons op Loftus gespeel het. Ons het teen daardie tyd ons eie draagbare stel ligte gehad wat ons in wegwedstryde kon gebruik. Ek was in die afrigterslosie en net toe ek 'n skakelaar wou druk, het die boks se krag afgegaan. Iemand het dit by die hoofskakelaar afgesit. Sonder krag kon ons ligte nie werk nie. Ons het die gekleurde spane probeer gebruik, maar die spelers kon dit nie behoorlik van die veld af sien nie en die hele stelsel was 'n gemors. Vir latere wegwedstryde het ons 'n boks met 'n rugsteunbattery gemaak. Ek moet erken, as ek by die Bulle was, sou ek presies dieselfde ding gedoen het.

Ons het vir die spelers hartklopmonitors gekry waarmee ons regdeur die wedstryd kon monitor hoe hulle vaar. As ons gesien het die stutte se hersteltempo is nie goed nie, het ons die gepaste gekleurde lig gebruik om 'n beweging te begin wat die agterspelers betrek het, sodat die voorspelers kon asemskip. Wanneer ons gesien het die voorspelers is weer vars, het ons 'n beweging uitgeroep wat behels het dat hulle moes dryf.

Ons was die eerste span wat 'n aanvullingsborg gekry het – PVM (Proteins, Vitamins and Minerals). Hul wetenskaplikes was kenners op die gebied van voeding en hulle het begin om teen rustyd die spelers se bloedsuiker te toets om vas te stel wie 'n bietjie woema kortgekom het. Ons het dadelik 'n verskil in die spelers se vertoning opgemerk.

Iets anders wat 'n verskil gemaak het, is dat ons duikmasjiene uit die VSA ingevoer het. Ek het die Oliver Stone-flik *Any Given Sunday* met Al Pacino, Cameron Diaz en Jamie Foxx in die rolverdeling gekyk, oor 'n Amerikaanse voetbalspan. Ek is gefassineer deur die duikmasjiene wat in Amerikaanse voetbal gebruik word, wat 'n groot veer bevat. As 'n speler die duiksak teen die verkeerde hoek tref, skiet die veer hom agtertoe en hy val op sy gat. Die speler moet die masjien perfek tref om te keer dat die veer terugspring en hom deur die lug laat vlieg. Dit was baie anders as die duiksakke wat ons gebruik het, en ek het geweet dit sou vir ons werk. In 2005 het ons drie van hulle ingevoer en dit was op die ou end 'n fantastiese manier om ons tegniek te verbeter. Ek dink Wêreldrugby behoort daardie masjiene te gebruik om spelers en afrigters veiliger duiktegnieke te leer ten einde beserings te verhoed.

My hoofdoel vir die Vrystaat se 2005-seisoen was om die Curriebeker vir die eerste keer sedert 1976 te wen. Ons het maklik vir die Premierafdeling van die kompetisie gekwalifiseer, in dieselfde groep as die Westelike Provinsie, Griekwas en die Luiperds. Hoewel ons 'n paar wedstryde verloor het, het ons tweede in ons groep geëindig en in 'n agtereenvolgende halfeindstryd teen die Westelike Provinsie op Nuweland te staan gekom. Dit was 'n gespanne affêre, wat ons met 16-11 gewen het. Ons was deur na die Curriebekereindstryd waar ons weer met die Bulle op Loftus kragte sou meet. Ons het te staan gekom teen 'n span wat vroeër daardie jaar derde op die punteleer in die Super 12 geëindig het en in die halfeindstryd teen die Waratahs verloor het. Hulle het spelers soos Fourie du Preez, Victor Matfield, Bakkies Botha, Derick Hougaard en Morné Steyn gehad.

Maar voorlans was ons opgewasse teen hulle. Ons het vir Jannie du Plessis, CJ van der Linde, Os du Randt, Ollie le Roux en Wian du Preez gehad. Op haker het ons vir Naka Drotské gehad. Dis waar die Bomb Squad begin het. Dit het nie tydens die 2019-Wêreldbeker ontstaan nie. Ek het die stutte rondgeskuif en Os en Jannie laat begin, met Ollie en CJ wat van die bank af kom, of Wian en CJ wat begin, met Jannie en Ollie op die bank. Almal van hulle was Springbokke. Wian het net een toets gespeel, maar hy het 'n wonderlike loopbaan by Munster en Lyon gehad.

Ek het altyd vir Naka op die veld gehou, maar daar was elke 20 minute 'n vars stut aan sy sy. In die eerste paar wedstryde was die stutte afgepis, en hulle het daarop aangedring om in die beginspan te wees. Maar toe hulle sien die taktiek werk, het hulle besef: *Hei, dis lekker!*

Aan die begin van die seisoen het ons geweet die Bulle sou ons taaiste teenstanders wees. Ons het albei ons ligawedstryde teen hulle verloor, met 16-26 op Loftus en met 22-26 in Bloemfontein. Ons het ook geweet as ons hulle in die eindstryd op Loftus wou klop, sou ons in staat moes wees om hulle vorentoe te kon dryf. Ons het veral gefokus op daardie aspek van die spel. Ons het ook gekonsentreer op die lynstane, wat ons vroeër in die seisoen kwaai verloor het. Alles het in plek begin val: Ons het geweet hoe om hulle vorentoe te dryf, hoe om die lynstane te ontwig, ons het 'n wedstrydplan gehad, en ons het ons Bomb Squad gehad, wat drie stutte ingesluit het. Ons het ons ligte, ons bloedsuikertoets, ons vitamienene en minerale gehad.

Ons het groot manne gehad wat vir niks en niemand geskrik het nie. In

een van die vroeëre Bulle-wedstryde het Ollie le Roux die flank Pedrie Wannenburg met die vuus bygedam en hy is afgestuur. Ek het hom nie kak gegee daaroor nie. Ek het vir die ander gesê ek kon nie sy gedrag verskoon nie, maar ek wou hê hulle moes sien hoe graag Ollie daai ouens wou vermorsel. Dis hoe jy teen die Bulle speel.

Daar was 'n ander deel van die Bulle-ervaring waarop ek ons spelers wou voorberei. Sewe van die Cheetahs het nie die vorige jaar op Loftus gespeel nie en ek wou hê hulle moes reg wees vir die Loftus-skare en die musiek, wat nogal intimiderend kan wees. Franco Smith, ons hulpafrigter, het voorgestel dat ons oefen met Steve Hofmeyr se Blou Bul-liedjie wat oorverdowend op die agtergrond speel, nes op Loftus. Ek het dit tydens oefensessies gespeel tot hulle wou naardaan daarvan. Ons het geoefen om lynstaankodes uit te roep met die musiek wat oor die luidsprekers dawer om die ervaring op Loftus te herskep.

Die wedstryd was ontsettend taai, met geen drieë in die eerste helfte nie. Ons het Akona Ndungane toegelaat om deur te breek vir 'n sagte drie vroeg in die tweede helfte, en met tien minute speelyd oor, was ons met 15-25 agter. Ek het besef ons kans om te wen was besig om al hoe skraler te word. Ek het afgekyk na die plaasvervangerbank en Kabamba Floors se wit skrumptet het my oog gevang. Ek het geweet hy was ons laaste kans, daarom het ek hom opgestuur, saam met die skrumskakel Noël Oelschig en die vleuel Meyer Bosman. Ons het drieë nodig gehad, en daardie ouens het dadelik 'n impak gemaak, met Kabamba wat 'n groot rol gespeel het om 'n drie vir Bevin Fortuin te skep.

Toe kom die beste deel van die wedstryd. Ons was steeds met 22-25 agter toe die Bulle in die 74ste minuut moes afskop. Ons het die bal net buite ons kwartgebied gekry en vorentoe begin dryf, net soos ons oor en oor geoefen het. Ons het hulle teruggedryf tot naby die halflyn voor Noël 'n perfekte hangskop oor die Bulle se kwartlyn geskop het. Die Bulle se skrumskakel, Fourie du Preez, was in posisie om die bal te vang, maar heelagter Johan Roets het ook kom dek en in Fourie vasgehardloop. Die bal het losgespring, en Meyer Bosman het dit raakgevat en ongehinderd daarmee laat spaander om onder die pale te gaan druk.

Daar was nog ses minute speelyd oor en dit was senutergend, want hulle het spelers gehad wat steeds die wedstryd kon omswaai. Maar ons het vasgeklou en met 29-25 gewen, 'n reuse- verrassende oorwinning op

Loftus. Ek het groot behae geput uit die feit dat ons die Bulle op hul tuisveld kon pakgee.

Nadat ek weg is uit Despatch en besef het ek gaan 'n professionele rugbyspeler word, was my grootste droom om 'n Springbok te word. Maar nadat ek vir die Cheetahs gespeel en nooit 'n Curriebeker gewen het nie, nadat ek in soveel halfeindstryde en eindstryde gespeel het, selfs vir die Leeus in 'n halfeindstryd gespeel het, en nou oplaas sukses as afrigter kon proe, sou ek sê daardie oorwinning was omtrent net so lekker soos om vir die Bokke te kon speel.

Dit was 'n ongelooflike ervaring om terug te keer Bloem toe. Ons was nie voorbereid op die mense van Bloem se emosies nie. Mense het in 1976 laas hul span met die trofee gesien; hulle het 29 jaar daarvoor gewag. Toe ons op die lughawe land, kon ons sien die parkeerterrein is stampvol. Terwyl ek na die kleinhoewe naby die lughawe gery het waar ek gewoon het, het mense buite hul huise gestaan en ons toegejuig. Dit was een van die beste oomblikke van my lewe. Fokkit, dis 'n dag wat ek nooit sal vergeet nie.

ONS WAS VOL SELFVERTROUE met die afskop van die 2006-seisoen, want die Cheetahs was nou deel van die Superrugbytoernooi, wat van 12 tot 14 spanne uitgebrei het, met die toevoeging van die Western Force en die Cheetahs. Ons het tiende op die punteleer geëindig, voor die Stormers en die Cats, en vyf van ons 13 wedstryde gewen.

Maar ons het meer geld nodig gehad om met die groter franchises te kon meeding, so, ek en Harold Verster het Johannesburg toe gery om die hoofuitvoerende beampte van SuperSport, Imtiaz Patel, te gaan vra vir een of twee miljoen rand om die unie te versterk. Ons begroting was daardie tyd sewe miljoen rand, nie net vir salarisse nie, maar vir alles. Ons het nie gevlieg nie, want ons het bloot nie die geld daarvoor gehad nie. Imtiaz het ons kans gegee om ons saak te stel, maar hy het reguit gesê hy kon ons nie help nie. Hy het gesê met 'n stad van Bloemfontein se grootte sou ons dit nooit kon regkry om die stadion gereeld vol te kry nie. Ons het hom verkeerd bewys deur ses of sewe keer daardie seisoen uit te verkoop, met derduisende mense wat in hul oranje Vrystaathemde opgedaag het. Maar om behoorlik geld te verdien het ons besef ons moes 'n tuishalfeindstryd en 'n tuis eindstryd in die Curriebeker probeer kry. As ons dit kon regkry, kon ons tot R10 miljoen verdien.

Die formaat van die kompetisie het verander en daar was nie meer 'n kwalifiserende ronde nie. Die vyf provinsiale spanne wat direk met Super 14-franchises geaffilieer was, het outomaties vir die Premierafdeling gekwalifiseer. Ons het weer begin waar ons in 2005 opgehou het, en ná 14 rondes van die kompetisie was ons boaan die punteleer, wat aan ons die tuisveldvoordeel in die uitkloprondes besorg het.

In ons laaste wedstryd van die seisoen moes ons net vier drieë teen die Bulle op Loftus druk vir 'n bonuspunt om die eerste plek op die punteleer te kry en 'n halfeindstryd op die Vrystaatstadion te verseker. Ons het nie omgee of ons die wedstryd verloor nie. Ons het al vier drieë in die eerste helfte gedruk, met Philip Burger wat vir twee daarvan gesorg het. Toe ons

daardie vierde drie kry, het almal op die plaasvervangerbank en in die afrigterslosie op en af gespring asof ons die wedstryd gewen het. Daarna het ons dit rustig gevat, wetende dat ons die wedstryd kon weggooi omdat ons gedoen het wat ons gekom het om te doen. Ons het al die reserwes opgestuur om ons topspelers vir die halfeindstryd te spaar en om seker te maak geen sleutelspelers word beseer nie. Ek onthou die Bulle-aanhangers se houding was: “A, lekker, julle verloor!” Maar in der waarheid was dit vir ons ’n oorwinning. Ons het die wedstryd met 31-41 verloor en dit het ons min geskeel.

Ons het die Haaie met 30-14 in die halfeindstryd geklop en begin voorberei om weer die Blou Bulle in die eindstryd die stryd aan te sê, maar dié keer op ons tuisveld. Rugbykoors het Bloem op ’n groot skaal getref – mense het oranje gedra en ’n ongelooflike atmosfeer op die stadion geskep.

Ons het met 14-8 voorgeloop teen rustyd nadat Philip Burger ’n drie gedruk het, en ons het die voorsprong na 25-18 vergroot danksy ’n drie deur Kabamba Floors, en Willem de Waal se skopskoen wat vyf strafskoppe oorgesit het. Met twee minute speelyd oor het ons met 25-18 voorgeloop en toe, tot my afgryse, laat ons die Bulle se senter JP Nel deurglip vir sy tweede drie. Morné Steyn het dit maklik verdoel om die telling 25 elk te maak, en die spel het met 20 minute ekstra tyd voortgegaan, ’n eerste in die geskiedenis van die Curriebeker. Geen punte is aangeteken nie en die wedstryd het op ’n gelykopuitslag afgestuur. Die toeter het geblaas net toe die skeidsregter, Jonathan Kaplan, nog een skrum beveel het, op die Bulle se tienmeterlyn. Die Bulle het ’n strafskop uit die skrum gewen en nou moes Morné Steyn kies: Mik hy vir die pale (wat na my mening binne sy bereik was) en loop die risiko dat die Cheetahs die bal kry as hy mis skop, en nog ’n aanval loads, of gaan hy vir die gelykopuitslag en skop die bal uit? Hy het vinnig ’n paar woorde met sy kaptein, Gary Botha, gewissel en toe die bal met ’n kortskoppie uitgeskop: 25 elk en ons het die Curriebeker met die Bulle gedeel.

Ek het saam met Helgard Müller langs die veld gestaan. Toe Kaplan die eindfluitjie blaas, het ons net stil-stil bladgeskud; ons het nie juis gelyk soos twee afrigters wat pas die Curriebeker ’n agtereenvolgende jaar gewen het nie. Om dit te deel het nie gevoel of ons dit suksesvol verdedig het nie. Dit was nie ’n lekker gevoel nie. Ons het steeds die trofee gehad, maar die Bulle wou dit in hul kleedkamer hê. Ons het ’n grap gemaak met hul

spanbestuurder, Wynie Strydom, en gesê hulle kon dit teen middernag kom haal. Leon Schuster het hom by ons aangesluit en ons het lekker partytjie gehou, al het ons 'n bietjie afgehaal gevoel. Die grootste wen was egter dat ons die geld gekry het wat ons uit die tuishalfeindstryd en -eindstryd wou maak, en dit het 'n groot verskil gemaak.

In 2007 het 'n geleentheid oor my pad gekom wat ek gereken het ek nie kon misloop nie. Dit was weer 'n Wêreldbekerjaar, en die Springbokafrigter, Jake White, het my gevra om aan boord te kom as die tegniese ontleder. Hy wou hê ek moes wedstrydplanne uitwerk en die span laat oefen in die opbou tot die toernooi. Ek moes my vooruitsigte by die Cheetahs ernstig in oënskou neem. Ek het die Curriebeker twee keer as afrigter gewen, maar ek was nie oortuig ons was finansiëel sterk genoeg om 'n span te kon bymekaarsit wat goed genoeg was om Superrugby te wen nie. Sedert ons in 2006 by die Super 14-toernooi aangesluit het, het ons tiende en elfde gekom. Terwyl ek geweet het ons kon weer die Curriebeker wen, was ek nie oortuig ons kon spanne soos die Crusaders in Nieu-Seeland klop nie. Selfs in Bloem het hulle 49 punte teen ons aangeteken, en ons het al ons wedstryde in Australië en Nieu-Seeland in 2007 verloor. Ek het besluit dit is tyd vir 'n nuwe uitdaging en het by die Cheetahs bedank. Ek moes die geleentheid aangryp, maar dit was moeilik om die span te verlaat. Ek was hartseer toe ek Harold Verster van my planne gaan vertel het. Hy was desperaat dat ek moes bly en hy het aanhou vra wat hy kon doen om my te behou.

Toe ek my by die Bokke aangesluit het, was Jake in Australië en Nieu-Seeland saam met 'n B-span vir die wegwedstrydskof van die Drienasies. Ek en die sportsielkundige dr. Henning Gericke (ook 'n fiksheidskenner) het by die SACS-skool in Kaapstad saam met die Bokke gewerk om hulle reg te kry vir die Wêreldbeker. Ek het die taak so drie weke lank uitgevoer en verwag om een of ander vorm van werksekerheid ná die Wêreldbeker te bekom in die vorm van 'n kontrak met SA Rugby. Maar hulle het omgeswaai en gesê hulle kon my niks ná die toernooi belowe nie. Skielik was my toekoms onseker. Ek was nie gelukkig met dié finansiële onsekerheid nie, want my tweelingdogters, Carli en Nikki, was drie jaar oud.

Die meisies is op 10 Julie 2004 in Bloemfontein gebore. Ek was op die gholfbaan toe Nikki my gebel het om te sê sy is swanger. 'n Paar weke later het ek gholf gespeel by die Hankey-gholfklub naby Patensie toe sy weer gebel het om te sê ek beter my begroting vir die baba verdubbel, want ons verwag 'n tweeling. Daar is tweelinge aan Nikki se kant van die familie, maar die nuus was vir my ietwat van 'n skok, want ek het nie regtig veel geld gehad nie. Ek was egter baie in my skik, en al gril ek my dood vir bloed, was ek in die operasietheater toe hulle met 'n keisersnit gebore is. Die babas was pragtig – maar eers nadat hulle skoongemaak en in komberse toegedraai in my arms was.

So, ek het groot verantwoordelikhede gehad en ek het vastigheid nodig gehad.

IN JULIE 2007 IS EK AANGESTEL as senior professionele afrigter by Westelike Provinsie (WP) Rugby, wat die rolle van die Westelike Provinsie se direkteur van rugby en Stormers-hoofafrigter gekombineer het. Ek het besluit om die pos te aanvaar, want ek het geweet ek staan 'n goeie kans om 'n Superrugby-titel met hulle te wen. Ek het 'n aanvanklike vergadering gehad met die hoof- uitvoerende beampte van die Westelike Provinsie Rugbyunie, Rob Wagner, en Nick Mallett, die destydse direkteur van rugby. Nick was op die punt om te vertrek om Italië se afrigter te word, en hy het my vir die pos aanbeveel. Ek het daarna 'n formele onderhoud voor 'n paneel gehad – en die pos was myne.

Ek moes vir Jake gaan sê ek gaan nie Wêreldbeker toe nie. Jake was omgekrap, want daar was niemand in Suid-Afrika wat dieselfde taak as ek kon verrig nie. Hy was egter nie kwaad nie, want hy het verstaan dat die pos by die WP en die Stormers 'n fantastiese geleentheid was, maar my tydsberekening was vrot aangesien die Wêreldbekerspan die daaropvolgende week aangekondig sou word. Gelukkig het Jake vir Eddie Jones, die huidige Australiese afrigter, genooi vir 'n paar sessies saam met die Springbokke alvorens hy sy voltydse posisie by Saracens sou betrek. Hy het gevra of Eddie kon aanbly, en Eddie het op die ou end 'n kritieke rol gespeel om die Springbokke na hul sege in die Wêreldbekereindstryd teen Engeland te lei.

Die manier waarop Nikki al die veranderinge en aanpassings hanteer het, was ongelooflik. Nadat ons in 1998 getroud is, is ek weg Johannesburg toe om vir die Cats te speel terwyl sy in Bloemfontein aangebly het. Ek het teruggekom en vir die Cheetahs gewerk, en toe is ek skielik weg Kaapstad toe om vir die Springbokke te werk. Vier maande later het ek daardie werk bedank om 'n pos by die Stormers te aanvaar, en die hele gesin moes Kaap toe trek. Dit verg iemand spesiaals om deur dit alles te bly vasbyt.

Die skuif na die Stormers was 'n enorme kultuurskok. Bloemfontein was so klein dat dit maklik was vir nuwelinge om gewoonde te raak aan die

manier waarop dinge daar gedoen word. Daar was geen gesukkel om mekaar se kulture te vind nie. Hoewel die spelers van verskillende rasse was en uit verskillende agtergronde gekom het, was daar in Bloem net een fliekteater, een Spur-restaurant en twee gholfbane, so, ons het saam gebraai, saam gaan fliék en saam gholf gespeel. Toe ek egter in Kaapstad kom, moes ek meeding met dinge soos vlieërplankry en uithanggeleenthede by die J&B Met-perdewedren. Om die verskille in kultuur, taal en selfs godsdiens te hanteer, was 'n veel groter uitdaging in Kaapstad, maar dit is iets wat die huidige Stormers-afrigter, John Dobson, reg doen – en briljant doen.

In Kaapstad het die druk uit vele oorde gekom, wat beteken het die afrigter is gereeld gekritiseer oor die manier waarop hy afrig, hoe hy die span bestuur en hoe hy sy lewe leef. Op Despatch en in Bloemfontein het almal mekaar geken. Al was mense besorg oor die manier waarop die afrigter sy werk gedoen het en hoe die span gespeel het, het hulle die afrigter toegelaat om sy lewe in vrede te lei. As hy nie die mas kon opkom nie en die span het verloor, is hy in die pad gestee, maar niemand het in sy private lewe ingemeng nie.

In Kaapstad het ek baie gou geleer dat jy 'n groot klomp mense gelukkig moes hou nog voor jy by die werklike afrigting kon uitkom. Die afrigdeel was vir my maklik, maar die politiek van buite het my onkant gevang. Ek was egter darem nie heeltemal 'n groentjie in die Kaap nie, want ek het in 2003 vier Super 12-wedstryde vir die Stormers gespeel, as deel van 'n leenooreenkoms met die Cheetahs. Gert Smal, die destydse afrigter, het my gevra om vir hulle te speel omdat hulle met beserings gesukkel het. In daardie stadium was my voet opgeduiwel, maar ek kon darem vier wedstryde speel voordat ek besef het ek was bloot nie op standaard vir die kompetisie nie.

Toe ek daar aankom en die Stormers se afrigter word, het ek geen benul gehad van die manier waarop rugby in die Wes-Kaap werk nie, so, dit was 'n geval van leer, opfok, en uitvind wat vir hulle werk. In Bloemfontein was dinge baie eenvoudiger. Daar was net vyf rugbyklubs, maar die WP het iets soos 90 klubs gehad, en almal van hulle wou vir my vrae vra oor die manier waarop die span gespeel het. Dit was vir my 'n nuwe ding, om voor al hierdie mense te sit en te verduidelik waarmee ek besig was. Ek het besef hoe uiteenlopend die klubs was, van die Universiteit van Wes-Kaapland, een van die beste klubs, tot Stellenbosch, een van die grootste en rykste

klubs, tot Belhar, een van die armer klubs. Ek het die geskiedenis van rugby in die Wes-Kaap begin verstaan en ek het mense ontmoet wat steeds gegrief was omdat hulle nooit die geleentheid gehad het om hul provinsie te verteenwoordig nie. 'n Klomp mense het hul stories vir my vertel, en dit het my oë laat oopgaan en my laat besef wat hulle deurgemaak het.

Ek het besluit om Allister Coetzee as die agterlynafrigter in te bring. Hy was sedert 2004 die Springbokke se agterlynafrigter onder Jake White, en hy was by die 2007-Wêreldbeker in Frankryk toe ek en Frikkie Erasmus oorgevlieg het om hom 'n kontrak aan te bied. Ek het geweet Allister het nie enige iets in die pyplyn ná die Wêreldbeker nie. Hy het gevolglik aansoek gedoen vir die pos as Springbokhoofafrigter toe Jake se kontrak nie ná die Wêreldbeker hernieu is nie, maar Peter de Villiers het die pos gekry. In 2008 het ek hom die afrigter van die Curriebekerspan gemaak. Hy het oorgevat by Gary Gold, wat as Springbokhulpafrigter aangestel is. Twee jaar later, in 2010, het ek Allister as die Stormers se hoofafrigter aangestel en Robbie Fleck, Matt Proudfoot en Jacques Nienaber as sy hulpafrigters ingebring. Ek was steeds die senior professionele afrigter, gemoeid met strategie, taktiek en die kontraktering van spelers.

'n Belangrike leerskool vir my in Kaapstad was die manier waarop oudspelers en -administrateurs gevoel het hulle het steeds 'n sê oor hoe dinge by die Westelike Provinsie gewerk het, selfs al was hulle nie meer daar betrokke nie. Ek het nie die stelsel verstaan nie. Ek het nie in Kaapstad grootgeword nie, ek was nie in 'n privaat skool nie, en ek het nie 'n ellelange CV gehad nie. Ek kon nie eens baie goed Engels praat nie. Ek het altyd gedog oudspelers se rol was bloot om hul provinsie of skool te ondersteun, soos oudspelers in die Vrystaat. Maar in Kaapstad wou mense betrokke wees by die span en 'n sê hê, en vir my was dit vreemd. Mense wat ek gereken het bloot ondersteuners en liefhebbers van die spel was, en wat ek as irrelevant ten opsigte van my werk beskou het, wou nou vir my kom vertel wat om te doen. Party van hulle was oudspelers, oud-Springbokke, spelers se pa's, of selfs oupas, en partykeer sakemanne wat aangeneem het hul naam en statuur gee hulle die reg om by rugby betrokke te wees. In Bloemfontein was dit nie hoe dinge gewerk het nie.

Vir die eerste keer het ek aan ander faktore begin dink wanneer ek 'n speler gekies het. Is hy die regte speler, is hy 'n goeie speler, is hy 'n spanspeler? Dit was nie meer die enigste oorwegings nie. Ek het 'n klomp

verskillende opinies in ag begin neem en begin besin oor die moontlike gevolge van my spankeuse. Ek kon aan die gesigte van my kollegas by die Stormers sien hulle dink: *Is jy seker jy neem die regte besluit?* Partykeer was die impak vir my te groot om te verstaan. Die druk van buite het my begin vang, en partykeer was ek senuweeagtig oor my keuses. As dit suiwer 'n rugbybesluit was, was dit maklik om die span te kies, maar ek moes met sterk opinies meeding – party polities, party godsdienstig, party finansieel, party histories – en dit het alles 'n rol gespeel om my te beïnvloed.

In een situasie het drie verskillende spelers om dieselfde posisie meegeding, en verskeie mense buite die span en WP Rugby wou hul mening lug oor wie gekies moes word. Dit was iets nuuts wat ek moes hanteer. Dit was so goed ek het vir Despatch of die Cheetahs gespeel en een van my familieleden het die afrigter gebel om oor my insluiting in die span te gesels.

Ek het besef as ek moes afrig terwyl ek na al daardie ander stemme luister, sou ek nie op my eie swaard val nie, ek sou op *hulle* swaard val. Ek sou daar uitstap met die wete dat ek dit nie op my manier gedoen het nie. En as ek die verkeerde spankeuses onder sulke omstandighede gemaak het, het ek nie daardie pos verdien nie. Dis toe ek geleer het om nie na buitemagte te luister nie. Uit daardie ervaring het ek 'n stelsel vir spankeuses ontwikkel wat gebaseer is op elke speler se padkaart, waar ons hul vordering en vermoë monitor, en hulle moet inpas by die manier waarop ons dinge doen.

Ek het 'n groot wekroep by die Stormers gekry. Ek het uitgevind dis nie net die manier waarop jy afrig wat belangrik is nie, dis ook hoe jy 'n span kies, en hoe jy daardie span sover kry om in homself te glo. Die oomblik wanneer jy na mense buite die span begin luister en hulle probeer tevrede stel, gaan jy die span verloor en jy gaan op die telbord verloor en jy gaan jou werk verloor.

Ek dink as ek nie daardie vlak van inmenging beleef het nie, sou ek dalk groot foute begaan het met my Springbokspankeuses, waar die druk tien keer erger is. Nie dat ek geen foute as Bokbreier gemaak het nie, maar ek het beslis geleer hoe om dinge beter te hanteer.

In my eerste seisoen by die Stormers in 2008 het ons vyfde op die Super 14-punteleer geëindig en die kans op 'n uitspeelwedstryd gemis op 'n punteverskil nadat ons ewe veel wedstryde as die vierde geplaaste

Hurricanes gewen en verloor het. Die daaropvolgende jaar was 'n teleurstellende een, en ons kon slegs vyf van ons 13 wedstryde wen en in die tiende plek eindig. In 2010 het ons sterk teruggekom en tweede op die punteleer geëindig, ná die Bulle. Die seisoen het 'n baie bevredigende 42-14-oorwinning oor die magtige Crusaders, die 2008-kampioen, in Kaapstad ingesluit.

Dit het my 'n ruk geneem om die politiek in die eerste jaar uit te sorteer, en selfs in die tweede jaar het ek nog geswig onder al die druk van buite, maar teen die derde jaar het ek geweet hoe dinge werk en kon ek myself laat geld en die span behoorlik afrig, saam met my hulpafrigters, Brendan Venter, Allister Coetzee en Jacques Nienaber. Ek het ook 'n paar sleutelspelers soos Jaque Fourie van die Leeus en Bryan Habana van die Bulle ingebring.

Ons het die derde gekeurde Waratahs met 25-6 op Nuweland geklop vir 'n plek in die Super 14-eindstryd teen die Bulle, wat geskiedenis in hul halfeindstryd gemaak het deur op die Orlandostadion te speel, die eerste keer ooit dat 'n groot rugbywedstryd in Soweto gespeel is. Dit was 'n groot treffer onder die plaaslike inwoners, wat die Bulle as hul span aangeneem het. Hulle het die Crusaders met 39-24 geklop en sodoende 'n eindstryd tussen twee Suid-Afrikaanse spanne beklank, weer op die Orlandostadion omdat Loftus Versfeld nie beskikbaar was nie weens die feit dat dit vir die 2010-FIFA-wêreldbeker gebruik is. Om dieselfde rede kon ons ook nie Ellispark in Johannesburg gebruik nie.

In navolging van die Wêreldbekerkoors wat hoog geloop het, het die aanhangers met vuvuzelas by Orlando opgedaag, wat 'n unieke Suid-Afrikaanse atmosfeer aan die wedstryd verleen het. Ek was nog nooit tevore in Soweto nie en ek was mal oor die manier waarop die plaaslike inwoners, veral dié wat in die strate rondom die stadion gewoon het, partytjie gehou het saam met die Bulle-aanhangers wat daar aangekom het. Dit was 'n wonderlike voorbeeld van hoe, ondanks ons baie verskille, daar so baie is wat ons bymekaarbring. Dit is 'n jammerte dat die Bulle nie in die daaropvolgende jare daarop kon voortbou nie, maar ek verstaan die finansiële eise wat dit belangrik maak om hul tuiswedstryde op Loftus te hou.

Ons was regdeur die Super 14-eindstryd agter, met die Bulle wat teen rustyd met 16-3 voorgeloopt het voordat Bryan Habana ons met 'n

kenmerkende onderskepdrie terug in die wedstryd gekry het. Maar Morné Steyn was so betroubaar soos altyd en sy skopskoen het ons kans op 'n oorwinning algaande laat krimp. Die Bulle het met 25-17 gewen.

Toe die Stormers nie die Superrugbytitel kon verower nie, het ek gevoel ek het min of meer alles gedoen wat ek kon met die span. Maar ek het waardevolle lesse geleer oor hoe om suiwer op afrigting te fokus, en nie toe te laat dat ander stemme jou aandag aflei nie.

In Maart 2010 het ek, Frikkie Erasmus en Andre Markgraaff die idee van 'n verkorte formaat vir rugby ontwikkel, gebaseer op die beginsel van T20-krieket, met elke helfte wat 20 minute duur, met 'n twee minute lange rustyd tussenin. Ons het 'n twee weke lange toernooi in Januarie beoog, voor die groot rugbykompetisies afgeskop het, waartydens drie wedstryde ná mekaar op een aand gespeel sou word. In net meer as twee uur sou aanhangers van die wêreld se topspelers in aksie kon sien. Ons het dit beskou as deel van die pre-seisoenoefening en ons het sportwetenskaplikes opdrag gegee om seker te maak of dit nie vir die spelers te uitputtend sou wees nie. Ons het 'n geleentheid in Londen beplan wat op televisie uitgesaai sou word en waar die spelers en afrigters opgeveil sou word, en groot borge en uitsaaiers het hulle daartoe verbind.

Ons het meer as 100 top- internasionale spelers gekontrakteer. Terwyl ons met spelers van die Crusaders gesels het, insluitende Richie McCaw en Dan Carter ná 'n Superrugbykragmeting teen die Stormers in Kaapstad, het die Crusaders se afrigtingspan ons gesien en gedog ons probeer die spelers afrokkel om vir die Stormers te speel. Hulle het dadelik die voorval aan die hoof- uitvoerende beampte van Nieu-Seeland Rugby, Steve Tew, gerapporteer, en hy het 'n formele klagte aan die destydse president van SA Rugby, Regan Hoskins, gestuur.

Hoskins het geweet waarmee ons besig was, want ons het hom ten volle oor ons planne ingelig. Hy het Frikkie en die Suid-Afrikaanse rugbyadministrateur dr. Jan Marais gevra om Sydney toe te vlieg en die konsep, asook die finansiële voordele wat dit ingehou het, aan die hoof- uitvoerende beamptes van die Australiese Rugbyunie en Nieu-Seeland Rugby te verduidelik. Ongelukkig was hulle nie ten gunste van die kompetisie nie en hulle het dit duidelik gemaak dat hulle nie hul spelers sou

toelaat om daaraan deel te neem nie. Maar as gevolg van die geld wat hulle sou kry, het die spelers hulle steeds tot die kompetisie verbind, so, ons het gesê ons gaan voort met ons planne. Tew het toe by die Internasionale Rugbyraad (IRR; die voorloper van Wêreldrugby) gaan kla en ons het gevolglik 'n brief van die IRR gekry om ons in kennis te stel dat enige speler of afrigter wat aan die kompetisie deelneem, permanent verbied sou word om rugby te speel. Dit het ons idee onmiddellik laat sneuwel.

Ek was geëerd om 'n oproep van Peter de Villiers by die Springbokke te ontvang om my te nooi om by sy span aan te sluit vir die 2011-Rugbywêreldbeker in Nieu-Seeland. Hy het my voorheen gevra om saam met hom met die o. 20's te werk, wat ek nie kon doen nie omdat ons in die Superrugby-eindstryd moes speel. Maar nou was ek beskikbaar. Dit was 'n ongelooflike lekker ervaring omdat Peter my en Jacques die vryheid gegee het om ons eie ding te doen. Hy was ongelooflik met mense en het 'n baie goeie verhouding met die spelers gehad. Spelers wou regtig hul beste vir hom gee.

Dit was lekker om weer saam met Gary Gold te werk nadat ons vroeër by die Westelike Provinsie saam gewerk het. Hy was nou 'n hulpafrigter vir Peter, saam met 'n ou teenstander uit my speeldae, Dick Muir.

Uit hierdie ervaring met die Springbokke het ek geleer hoe 'n afrigter sy spelers moet vertrou, maar ook hoe om nie toe te laat dat hulle oorneem nie. Ek het ook geleer jy kan nie 'n speler op grond van leierskap oordeel nie, maar eerder op grond van eienaarskap. Leierskap word vereenselwig met ouderdom en ervaring, maar eienaarskap beteken 'n speler verstaan sy plek in die span en dit het niks met ervaring uit te waai nie. Jy moet 'n speler aan sy talent meet en jou afvra of hy die *regte* persoon is, nie noodwendig die *beste* persoon nie, en of hy eienaarskap aanvaar. Jy het eintlik nie soveel leiers nodig nie, na my mening. Jy het spelers nodig wat eienaarskap aanvaar, wat hulself uitdaag om die mees professionele rugbyspeler te wees, en om die beste Springbok in hul posisie te wees.

Ons het 'n span van 30 spelers gehad, maar daar was ses of sewe spelers met hope ervaring. Wat hulle ons gebied het, was grootwedstrydtemperament en goeie besluitnemingsvaardighede; hulle kon nie sommer van stryk gebring word nie. Wat ons ingeboet het, was spoed,

ratsheid en beskikbaarheid. Die span was te oud. Daar was 'n groep spelers wat as byna “spesiaal” beskou is. Ek kon sien die ouer ouens was baas en is anders behandel net omdat hulle ouer was. In daardie situasie sou 'n jong outjie sukkel om eienaarskap te neem en nooit sy volle potensiaal bereik nie.

Peter het baie dinge uitstekend gedoen, en party daarvan volg ek beslis na, soos sy kommunikasievaardighede en die feit dat hy 'n gelukkige span gehad het. Hy was 'n baie goeie leier, maar sy leierskapsgroep in die span was geneig om ouer spelers met hope ervaring te wees. Ek het dit verkies om jonger spelers die geleentheid te gee om eienaarskap te neem – en die leiding te neem. Ek verkies dit om almal dieselfde te behandel. Ek was voorheen in die posisie dat ek anders behandel is as gevolg van my ervaring, waar ek spesiale behandeling gekry het en toegelaat is om met 'n opgeneukte voet te oefen – en boonop net tydens die kapteinsoefening. Wat was 'n jong ou veronderstel om daarvan te dink?

In die aanloop tot die 2011-Wêreldbeker het ek vir die derde keer pa geword. Ek wou graag 'n seun hê, so, ek en Nikki het vir 'n derde kind probeer. Maar toe Jani op 4 Mei in Kaapstad gebore is, was ek in die wolke om nog 'n dogter te hê. Ek was by Nikki met die geboorte, maar omdat ek sku is vir bloed, kon ek eers waardeur hoe beeldskoon my kind is nadat sy skoongemaak is en in my arms geslaap het, toegedraai in 'n komborsie.

Ons het deur die groeifase van die Wêreldbeker gevorder met 'n naelskraapoorwinning teen Wallis, maklike oorwinnings oor Fidji en Namibië, en 'n tipiese taai sege oor Samoa. Toe Frans Steyn in die Samoa-wedstryd beseer is, het ek 'n hol kol op my maag gekry. Ek het gevoel hy was noodsaaklik vir ons kans op sukses. Ek het niks daarvoor vir Peter of my medehulpafrigters gesê nie, want ek wou hulle nie ontstel nie. Daar was nie 'n oplossing vir die probleem nie, en ek wou nie hê my onsekerheid moes mense benoud maak nie. Maar my kropgevoel het vir my gesê dinge lyk nie goed nie.

In die kwarteindronde in Wellington het ons teen ons ou aartsvyand Australië te staan gekom. Hul flank David Pocock het ons die hele wedstryd lank gefrustreer. Morné Steyn het twee strafdoele en 'n skepdoel oorgeskop, en ons het met 9-8 voorgeloop met 20 minute speelyd oor. Vir my was die

ergste toe Pat Lambie 'n skepdoelpoging pale toe gemik het waar dit 'n oomblik lank gelyk het of die bal tussen die regoppale afstuur, maar toe wyd gedryf het. As daardie skop geslaag het, dink ek ons sou die wedstryd gewen het, want Australië sou nog 'n drie nodig gehad het om ons verby te steek. Maar ons het 'n strafskop afgestaan in 'n lynstaan nege minute voor die einde van die wedstryd, en James O'Connor het dit oorgeskop om aan hulle 'n 11-9-oorwinning te besorg en ons vroeg huis toe te stuur.

Waar ek in die afrigterslosie gesit het, kon ek nie glo wat gebeur het nie. Ek het net daar gesit terwyl ek dink: *Fok, dis verby. Het ons regtig pas verloor?* Dit was die mees teleurstellende, sielsuitrukkende gevoel wat ek ooit as afrigter ervaar het. Een oomblik was ek nog vol vertroue dat ons sou wen, want ons was goed afgerig, ons het ervare spelers gehad en ons het al klaar gedink aan ons volgende hotel vir die halfeindstryd. Ons was op pad na 'n oorwinning. En sommer net so was dit oor en verby.

Daar was nie tyd om as span te besin en afsluiting te kry nie, want eensklaps was almal in klein groepies en op verskillende tye op pad huis toe. Voor 'n kwarteindstryd weet niemand wie gaan verloor en huis toe vlieg ná die wedstryd nie. Dis anders ná 'n halfeindstryd, want almal bly om uit te speel om derde en vierde plek en om die eindstryd by te woon. Maar as jy in die kwarteindstryd verloor, vlieg jy dadelik terug huis toe en dis 'n dolle gejaag om sitplekke by die verskillende lugrederye te kry. Voor ons ons oë kon uitvee, het ons in die kleedkamer gestaan en Peter het iets gesê, maar niemand het regtig geluister nie, want ons was so geskok, en ons operasionele bestuurder, Charles Wessels, het begin praat en gesê: "Oukei, ouens, daar is môre vlugte uit via Doebai, en hier is die ouens wat in die middag vlieg." Ons het in vyf of ses verskillende groepe verdeel en dis die laaste wat ons saam was. Ons het soveel saam deurgemaak en nou het ons mekaar skielik gegroet en op verskillende vlugte huis toe vertrek. Dit het wreed gevoel omdat dit so plotseling verby was.

Wanneer ek teruggedink aan daardie Wêreldbeker, is een van die dinge wat uitstaan die manier waarop die spelers hul beste vir Peter de Villiers gegee het. Ek weet die publiek het hom gekritiseer oor die manier waarop hy praat en die eksentrieke dinge wat hy op nuuskonferensies kwytkeraak het, maar die manier waarop hy met die spelers gepraat en verhoudinge bestuur het, was uitstekend. Hy het nie witvoetjie gesoek by sy spelers nie; hy was eerlik en reguit met hulle. Dis die belangrikste ding wat ek by hom

geleer het. Maar ek het ook geleer jy kan nie 'n speler te veel mag gee nie. Selfs al respekteer die speler jou, sal hy 'n kortpad iewers kry en nie so hard oefen as wat hy moet nie. Peter het die spelers sover gekry om vir hom te speel, en hulle het dit geniet om hom as hoofafrigter te hê. Daardoor het ek geen twyfel nie; dis 'n feit. Ek het dit self gesien.

Ek is vir 'n kort tydjie terug na die Stormers, wetende dat ek nie as die volgende Springbokafrigter oorweeg sou word nie. Heyneke Meyer het die pos gekry – en met reg ook, want hy was 'n gerespekteerde afrigter wat soveel prestasies met die Bulle behaal het, insluitende 'n Superrugbytitel in 2007 en drie Curriebekertitels. Ek het bedank as die senior professionele afrigter by Westelike Provinsie Rugby en aan die einde van Januarie 2012 is ek daar weg.

AN DIE BEGIN VAN 2012 het 'n lang verbintenis met Saru afgeskop toe ek aangestel is as die hoëprestasiebestuurder met verskeie pligte, insluitende die vestiging van 'n program om jong spelers te ontwikkel, met spesifieke klem op transformasie.

In 2012 was ek en Frikkie Erasmus in Frankryk vir sake toe my elmboog onrusbarend opgeswel en ek 'n lelike koors ontwikkel het. Ek was hondsiek op die Charles de Gaulle-lughawe in Parys terwyl ons vir 'n aansluitingsvlug na Perpignan gewag het – ek het op 'n bank gelê en so erg die bewerasies gehad dat die lughawepolisie vermoed het ek was óf smoordronk óf besig om 'n toeval weens 'n dwelmoordosis te kry. Toe ons in Perpignan aankom, het ons Franse gasheer dadelik die Perpignan-rugbyspan se dokter gebel, wat ons na die plaaslike hospitaal verwys het. Ek het daardie selfde aand 'n operasie ondergaan om my elmboog onder plaaslike verdowing te dreineer, wat 'n lang sny in my arm behels het. Ek moes oornag bly, en die volgende oggend het Frikkie en ons gashere my by die hospitaal kom oplaai en dadelik met my die pad gevat om die streek se wynplase te verken.

Ek was nie regtig lus daarvoor nie, maar ek wou nie ongeskik wees nie en het die uitnodiging aanvaar. My kop was nog so wollerig van die narkose en pynmedikasie dat ek vergeet het om die wyn ná elke proesessie uit te spoeg. Glas ná glas rooiwyn saam met die medikasie was 'n baie slegte idee, soos ek later uitgevind het. Ek het in 'n mate herstel, maar die swelling het gekom en gegaan totdat 'n dokter in Kaapstad die probleem gediagnoseer het. Dit het geblyk ek het tuberkulose (TB) in my elmboog, en ek moes nege maande lank TB-medikasie gebruik.

In 2013 het ek die elite-ontwikkelingsprogram vir spelers (EPD) Pathway begin, en Jacques Nienaber ingebring om my te help. Ons het 'n groep EPD-bestuurders gehad wat my gehelp het om talentsoekers in die verskillende provinsies aan te stel om spelers op o. 15-vlak te help

identifiseer. Ons het geweet ons kon nie 'n verskil op o. 19- of o. 20-vlak maak nie, want 'n speler wat 19 of 20 jaar oud is, kan nie inhaal wat hy in die voorafgaande vyf of ses jaar verloor het nie. So, ons het met die o. 15's begin werk deur belowende spelers van daardie ouderdom op ons radar te kry. Om te verseker dat ons transformasiedoelwitte haal, het ons drie spelers vir elke posisie gekies. As al drie wit was, sou ons aanhou kies totdat ons twee swart spelers gehad het. En as ons dan op die ou end met vyf spelers in een posisie gesit het, is dit met hoeveel ons gewerk het. Ons finale groep het gewissel van 75 tot 100 spelers. As 'n belowende swart speler nie die paal gehaal het nie omdat hy nie heeltemal goed genoeg was nie, het ons hom gemonitor en sy vordering dopgehou. Ons het gereeld gekyk hoe sy vaardighede ontwikkel, hom dalk by 'n beter skool probeer inkry, of vir hom 'n mentor gesoek, 'n beter dieet voorgestel, of hom by sy skool gehelp.

Die program is steeds aan die gang, en ons het nou bestuurders van o. 15-, o. 16- en o. 17-groepe. Ons kon die vrugte daarvan pluk toe die Junior Springbokke (die o. 20's) al vier wedstryde in die o. 20-Sesnasies-somerreeks in 2022 gewen het, en Engeland, Ierland, Frankryk en Wallis verslaan het. Hulle was ook in 2021 onoorwonne, en het Argentinië twee keer geklop, asook vir Uruguay en Georgië.

Daar was 'n filtreerstelsel in plek sodat spelers nie langs die pad sou uitval nie. Ons het seker gemaak die afrigters verstaan dat 'n swart speler blootgestel moes word aan meer as die vaardighede wat hy dalk aangeleer het terwyl hy saam met sy vriende 'n bal in die straat rondgeskop het.

Sommige van die spelers wat vir hulself naam gemaak het in Superrugby en die Verenigde Rugbykampioenskap het uit die geledere van die EPD gekom, insluitende Aphelele Fassi, Jaden Hendrikse, Curwin Bosch, Sbu Nkosi, Canan Moodie, Damian Willemse, Salmaan Moerat en Sanele Nohamba, om maar 'n paar te noem.

Ek het Makazole Mapimpi en Lukhanyo Am die eerste keer gesien toe ek en Jacques Nienaber by Grens gaan afrig het terwyl die unie onder Saru-administrasie was. Ek het die agent, Craig Livingstone, gebel en hom aangesê om Lukhanyo te skuif na iewers waar ons hom meer gereeld kon sien. Die Grens-afrigters het nie regtig dadelik in Mapimpi belang gestel nie, en hy was reeds 23 toe ons hom raakgesien het. Ek kon sien hy was

buitengewoon vinnig, maar hy kon nie 'n hoë bal vang nie.

In die hoëprestasieafdeling by Saru het ons die MOBI-eenheid tot stand gebring, wat bestaan het uit vyf afrigters met verskillende spesialiteite wat die land platgery het om vaardighede aan spelers en afrigters van skoolvlak tot Superrugby oor te dra. Ons het gegaan waar ook al mense ons wou hê. Partykeer was net een van ons nodig, ander kere het al vyf van ons na 'n afgeleë plek gereis om 'n span te help afrig. Ek het die afbreekpunte afgerig, terwyl Jacques verdediging afgerig het. Ons het die voormalige Franse stut Pieter de Villiers ingebring om in beheer van skrums te wees. Louis Koen het skopafrigting gedoen en Chean Roux het die lynstane hanteer. Met hierdie mobiele eenheid kon ons enige plek heen gaan. Ons het dit gemis om af te rig, want ons het nie 'n span gehad nie en ons was nie by enige keuringspanele betrokke nie.

Ons het geweet dat die meeste jong kinders in die townships raakrugby speel en hoofsaaklik aan vinnige hardlooprugby blootgestel word. Dis waarom 'n klomp goeie swart spelers wat in die vroeë dae van transformasie deurgekom het, vleuels of senters was. Maar hierdie kinders is nie blootgestel aan die fisieke aard van die afbreekpunte, hoe om 'n bal op die grond te wen, hoe om te dryf of hoe om in 'n lynstaan te spring nie. So, ons het ons mobiele opleidingseenheid na die landelike gebiede geneem om hulle af te rig. Ons het ook 'n afrigtersforum gehad waar ons spelers blootgestel het aan aspekte van die spel waarvan hulle dalk nog min ervaring gehad het. Ons is nie net na die Kings in Port Elizabeth om met die verdedigingsafrigting te help nie; Pieter en Jacques het ook met die Junior Bokke gewerk en het van die spelers daar geken omdat hulle deel was van die EPD.

Teen die tyd dat 2019 en die Wêreldbeker aangebreek het, het ons die spelers geken omdat ons hulle óf een of ander tyd afgerig het óf hulle as deel van die EPD gesien het.

Befonds deur die Nasionale Loteryfonds, het ons na rugbyakademies gereis wat deur Saru in die Boland, by Suidwestelike Distrikte, die Oostelike Provinsie en Grens gevestig is om talentvolle jong spelers tussen die ouderdomme van 15 en 18 te identifiseer. Ek het die afrigtershandleidings saamgestel. Ongelukkig moes die program voortydig gestaak word toe die loterybefondsing opgedroog het.

In 2018 het ons 'n program begin, wat vandag nog aan die gang is, om

'n hupstoot te gee aan elite- swart afrigters wat die potensiaal en vaardighede het, maar nie ervaar genoeg is wanneer dit kom by die hantering van die media en die politiek van sport op 'n hoër vlak nie. Ons het saam met bedryfsielkundiges gewerk om 'n program te ontwikkel wat hulle toerus met die vaardighede wat nodig is om kwessies weg van die oefenveld te hanteer.

Daar is tans nie 'n enkele swart afrigter aan die stuur van sake by enige van die topfranchises nie. Ons kan nie die franchises dwing om 'n swart afrigter te kontrakteer nie – dis nie ons werk nie – maar wat ons kan doen, is om swart afrigters toe te rus met die vaardighede wat nodig is om op die hoogste vlak af te rig en dan te hoop die franchises en unies bied aan hulle geleenthede.

Die Suid-Afrikaanse Skolespan moet verteenwoordigend wees, so, hoe bewerkstellig ons dit? Ons begin deur o. 15-spelers in ons visier te hou, en seker te maak daar is talentvolle swart spelers in al die ouderdomsgroepspanne. As jy dit met die Skolespan regkry, word die o. 21-span getransformeer. En op die ou end ook die Springbokspan.

Wanneer dit by skolerugby kom, het ons geen seggenskap gehad nie. Dit word deur die Departement van Basiese Onderwys bestuur. Ons kan nie aan 'n skool voorskryf hoe om sy rugbyprogramme te bestuur nie – die departement moet dit doen. Maar danksy die EPD kan 'n o. 15-speler voel hy is op ons radar en dat ons intree om sy talent te help ontwikkel. Dis egter 'n volkome vrywillige program, en die jong spelers hoef nie deel daarvan te wees as hulle nie wil nie.

Dit is hoe ons begin het om die ontwikkeling van spelers – swart sowel as wit – te beïnvloed en hulle die basiese beginsels van afrigting en die spel te leer. Rugbyskole sê veels te gereeld: “Ouens, speel wat julle sien.” En wanneer daardie ouens professionele vlak bereik, weet hulle nie wat om te doen as hulle voor 'n muur van verdedigers te staan kom nie. As jy speel wat jy sien, moet jy die bal elke liewe keer skop. Maar as ons spelers op o. 15- en o. 17-vlak sover kan kry om teen die verdedigingslyne te hardloop, sal hulle weet wat om in professionele rugby te doen. Die EPD het 'n klomp van daardie probleme vir ons in 'n vroeë stadium opgelos.

Ek was mal daaroor om saam met afrigters te sit en taktiek en strategie te bespreek, deur die afrigtingshandleidings te gaan, en te kyk hoe die jong ouens deur die program beweeg en soveel bereik. Deesdae kry ek nie so

gereeld die kans om saam met die bestuurders om 'n tafel te gaan sit nie, want ek moet vrouerugby regruk en die Springbokke moet aanhou wen. Saru se hoofprioriteit is altyd die Springbokke – altyd. Sorg dat die Springbokke goed vaar, ruk die Blitsbokke reg, ruk vrouerugby reg. Maar aan die einde van die dag, as die Springbokke verloor, val die soeklig op transformasie.

Ons moet daardie balans vind, en dis wanneer ek van woede wil ontplof ... wanneer ons proaktief reageer op beskuldigings dat niks omtrent transformasie gedoen word nie, planne en programme in plek te stel om dit te takel, en groot sukses behaal, en dan soms steeds daarvan beskuldig word dat ons rondsit en niksdoen.

Die sukseskoers was hoog vir al die spanne wat aan my as hoëprestasiebestuurder verslag gedoen het: SA Skole, die Sewes, die o. 20's ... Vir al daardie spanne het ons 'n 85%-wenrekord gehad.

Die enigste span wat nie aan die hoëprestasiebestuurder gerapporteer het nie, was die Springbokke. Ek het verstaan wat ons by die Springbokke moes doen, danksy my geskiedenis met die span: as 'n speler van 1997 tot 2001, as 'n speler by die 1999-Wêreldbeker, as tegniese raadgewer voor die 2007-Wêreldbeker en vir die duur van die 2011-Wêreldbeker. Ek kon voor die hand liggende foute sien wat Heyneke Meyer gemaak het terwyl hy vir die 2015-Wêreldbeker voorberei het, maar hy het nie nodig gehad om my raad toe te pas nie. Hy het aan Saru se hoof- uitvoerende beampte, Jurie Roux, gerapporteer, nie aan my nie. Al wat ek wou hê, was dat hy ten minste na my idees as hoëprestasiebestuurder moes luister, en ek wou voorstelle maak oor waar ek gereken het hy foute maak. My ma het altyd gesê: “Ek het klaar uit my foute geleer, moenie dat ek uit jou foute ook moet leer nie.”

Soos ek al met soveel afrigters voor hom gesien het, het Heyneke probeer om alles op sy eie te hanteer: die afrigting, die politiek en die media. Dis waarom Springbokafrigters op die ou end misluk – omdat hulle nie meer suiwer op die afrigting fokus nie. Hulle raak te betrokke by al die ander kwessies, politiek en die druk van die media. Dis waarom my taak as rugbydirekteur by SA Rugby deesdae is om die kak van Jacques Nienaber weg te hou sodat hy kan konsentreer op sy werk: die afrig van die Springbokke. Ek dien as 'n skans teen al die lawaai wat om hom aan die gang is.

Ek het by die Stormers geleer om nie besluite te neem net sodat jy die lawaaimakers tevrede stel, of die media en die ondersteuners gelukkig hou nie. Ek het gedink dis presies wat Heyneke besig was om te doen. Daar's 'n fyn balans tussen sê: "Fok almal, ek gaan dit op my manier doen," en die besluit om te luister na mense wat jy vertrou. Dis waarom Jacques tot dusver redelik suksesvol was – omdat hy iemand het wat hom kan maan om nie buitemagte te probeer gelukkig hou nie, of hom daaraan herinner om na die mense naaste aan hom te luister. Met die Wêreldbeker wat nader gekom het, kon ek sien Heyneke het besluite heeltemal op sy eie begin neem, of besluite geneem wat die media gelukkig gehou het.

Ek het gevoel daar moes meer konsultasie wees met mense van die MOBI-eenheid wat verstaan het waaroor 'n Wêreldbeker alles gaan.

In die 2015-Wêreldbeker het die Springbokke met 18-20 teen Nieu-Seeland verloor in 'n taai halfeindstryd op Twickenham en derde in die toernooi geëindig. Soos gewoonlik met die Bokbreier gebeur, het Heyneke Meyer daarna sonder werk gesit en die soektog het begin na iemand om sy plek in te neem. Ek het gedink: *Fok, ek kan dit doen*. Maar dit sou bots met my rol as hoëprestasiebestuurder, so, ek het besluit om my naam uit die hoed te haal en Allister Coetzee te steun vir die pos. Ek is sedertdien daarvan beskuldig dat ek uit die staanspoor geweet het hy sou misluk, maar dit is belaglik. Ek het Allister se aanbieding gedoen en hom gehelp om die pos te kry. Ek het gedog ek en hy sou saamwerk soos destyds by die Stormers, met hom as hoofafrigter en my as algemene bestuurder van rugby by Saru.

Ongelukkig het dit binne ses maande gelyk of Allister oor dieselfde hekkie struikel – al die politiek en die media – en sommer baie gou het hy nie meer op die afrigting gekonsentreer nie. Hy moes my daarvan vertel het. Hy het hulpafrigters begin aanstel, Matt Proudfoot as voorryafrigter ingebring terwyl ek gereken het die voormalige Franse stut Pieter de Villiers sou 'n beter keuse wees. Later het hy beweer hy was nie geregtig daarop om sy eie bestuurspan aan te wys nie, wat bygedra het tot sy mislukking. Dis snert. Op die ou end het Allister al die afrigters gekry wat hy wou hê; ons het nooit enige aanstelling teëgestaan nie. En toe het ek daardie selfde bestuurspan gevat en ons het die Wêreldbeker gewen.

Toe ek sien Allister maak dieselfde foute as wat ek by die Stormers gemaak het, het ek vir Jacques gesê: "Ek gaan nie nog vier jaar lank rondsit

en toekyk hoe 'n ander ou nie verstaan hy moet net op die afrigting konsentreer nie.” Op nasionale vlak kan 'n afrigter nie na die pype dans van 'n finansiële persoon of 'n raad nie. Wanneer was daar al ooit 'n situasie waar iemand wat 11 jaar lank op die hoogste vlak gespeel en afgerig het, bereid is om die nasionale afrigter by te staan deur al die politieke kak weg te vat en hom toe te laat om op sy dag-tot-dag-afrigting te fokus? Die nasionale afrigter moet daarop konsentreer om 'n span te bou wat op 'n gereelde grondslag wen. Die langtermynstrategie en die politiek moet iemand anders se probleem wees. Ek het by die Stormers bedank toe ek besef het ek wou heeltyd al die stront uitsorteer eerder as om af te rig – en dis presies die strik waarin ek glo Allister getrap het. Hy het opgehou afrig en sy aandag deur al die ander nonsens laat aflei. Ek wou hê hy moes my vertrou en my toelaat om hom daarteen te beskerm, maar dit het gevoel of hy nie het nie en nie wou nie. Ek wou nie sy pos hê nie, maar ek wou wel deel wees van 'n suksesvolle Springbokspan. Dit sou nie gebeur as die nasionale afrigter nie afgerig het nie.

Ek en Allister het nie die verhouding gevestig wat ek voorgestel het nie, en ek het geen inspraak hoegenaamd ten opsigte van die Springbokspan gehad nie. Ek het gedink: *Oukei, ek het my bes hier probeer*, en op 'n vliegtuig geklim.

Op daardie tydstip het ek geweet daar was openinge by Harlequins in Engeland en Munster in Ierland en ek het vir albei poste aansoek gedoen. Ek het daarheen gevlieg vir die onderhoude, wat drie dae uitmekaar plaasgevind het. Ek het gehou van die manier waarop Munster met my oor die werk gepraat het en in my hart het ek geweet dit is die plek vir my. En so, voor Harlequins nog kon terugkom met 'n antwoord, het ek die pos as direkteur van rugby by Munster aanvaar.

Hulle het nooit tevore so 'n pos gehad nie. Hulle het altyd 'n hoofafrigter gehad, maar hulle was op soek na iemand wat die werwing van spelers kon behartig, opvolgbeplanning kon doen en kon rapporteer aan die hoëprestasiedirekteur, David Nucifora, wat vir die Ierse Rugbyvoetbal-unie (IRFU) gewerk het. Ek het nie 'n kontrak met Munster gesluit nie; ek het 'n kontrak met die IRFU gesluit en hulle het my aan Munster geleen. Dis hoe dit in Ierland werk. Alle spelers en afrigters teken IRFU-kontrakte en word dan aan die onderskeie spanne geleen. Dit is 'n baie goeie stelsel, want daar is behoorlike opvolgbeplanning in plek. David het verseker dat daar 'n

voorraad gehalte- plaaslike en oorsese spelers beskikbaar is om die professionele range te vul. As 'n speler nie goed genoeg was om 'n professionele rugbyspeler te wees nie, het hy nie een geword nie. Ek het aan die hoof- uitvoerende beampte van Munster, Garrett Fitzgerald, gerapporteer, en aan 'n raad, maar ek wou ook op die veld by die spelers betrokke wees en deel van my pligte was om die afbreekpunte af te rig, in samewerking met die hoofafrigter, Anthony Foley.

Ek en my gesin was dadelik verlief op Ierland. Nikki en my drie dogters het ons huis ingerig op die pragtige dorpie Castleconnell aan die oewer van die Shannon-rivier, 11 kilometer van Limerick, waar Munster gesetel is. Limerick is baie soos Bloemfontein, met hardwerkende mense. Om Dublin met Limerick te vergelyk, is soos om Kaapstad met Bloem te vergelyk.

Die Ierse mense is ongelooflik, en ons het dadelik by hulle aanklank gevind. As 'n Afrikaner is my Engelse aksent iets vreesliks, maar hulle gee nie om hoe jy praat nie. Hulle wil net hê jy moet hard werk en mal wees oor Munster; dit is vir hulle genoeg.

By ons plaaslike pub, The Black Swan net buite Castleconnell, het almal ons geken en hulle het mooi na ons omgesien. Ons het die Ierse pubkultuur met ope arms aangeneem en vinnig geleer hoe 'n goeie pint Guinness smaak. Ons het die Ierse sleng begin verstaan – en geweet 'n lekker tyd is *the craic* en *grand* is hoe jy sê jy geniet iets. Die plaaslike inwoners het ons Suid-Afrikaanse aksente probeer naboots, maar hulle kon eenvoudig nie my naam reg uitgespreek kry nie. Dit het as *Razzie* uitgekom, want hulle kon nie “Rrr” sê nie en het die “s” elke keer as 'n harde klank uitgespreek.

Ons was van plan om op die lang termyn te bly, want ons wou ná drie jaar vir Ierse paspoorte kwalifiseer. My tweelingdogters, Nikki en Carla, het hoërskool in Limerick begin, terwyl my jongste, Jani, graad een by 'n klein skooltjie op die dorp begin het. Sy het 'n Ierse sangerige uitspraak begin ontwikkel, want sy het hoofsaaklik Engels gepraat, en tot vandag toe rol sy nie haar r'e op die Suid-Afrikaanse manier nie.

Nikki het in Junie 2016 ophou werk as 'n professionele senior verpleegkundige, net twee weke voordat ons weg is Ierland toe. My ma het amper 14 jaar lank by ons gebly, en sy het na 'n ouetehuis toe getrek toe ons Munster toe verhuis het. Nikki het 'n permit nodig gehad as sy in Ierland wou werk, maar sy het buitendien haar hande vol gehad om na die huishouding in Castleconnell om te sien.

Dinge het baie vinnig gebeur nadat ek die pos by Munster gekry het. Ek het vir Nikki gesê ek het gaan huis soek terwyl ek in Ierland was vir die onderhoude, maar in werklikheid het ek die huis op die internet gekry, ten volle gemeubileerd, en daar en dan 'n deposito neergesit sonder dat ek dit fisies gesien het.

Munster was onder die indruk dat ons op 'n Maandag sou arriveer. Sonder dat hulle weet, het ek self ons vliegtuigkaartjies gekoop, en ons het die Vrydag reeds oorgevlieg. Die vyf van ons het by die Shannon-lughawe aangekom waar ek 'n kar en 'n sleepwa gehuur het om ons en ons 14 tasse in Castleconnell te kry. Ek het nie vir Nikki vertel ek het nie die huis gesien nie en gemaak of ek weet watter een dit is. Ek kon nie die huis opspoor nie en is eers na die verkeerde plek toe, voordat iemand in die straat my reggehelp het. Die aap was uit die mou.

Daar was 'n paar dinge waaraan ons gewoon moes raak, soos die weer en die feit dat dit vroeg donker word in die winter en vroeg lig word in die somer. En weens die weer kon ons nie so gereeld braai soos in Suid-Afrika nie. Almal in ons straat was egter ongelooflik goed vir ons, en dit was nie net omdat ons by hul geliefde Munster betrokke was nie – hulle was bloot vriendelike mense.

Omdat ons drie dae vroeër daar aangekom het, het ek tyd gehad om my behoorlik tuis te maak. Ek hou nie daarvan as mense my jammer kry en wil help nie. Ek verkies dit om dinge self te reël. Die Sondag voor ek by Munster se kantore moes aanmeld, het ek inkopies gaan doen, vir my 'n Munster-top gekoop en die Maandag by hul kantore by die hoëprestasiesentrum aan die Universiteit van Limerick ingestap, behoorlik geklee en reg vir werk. Niemand het my daar verwag nie en die eerste een wat by my verbygestap het sonder om my te herken, was Simon Zebo, wat in daardie stadium waarskynlik Ierland se nommereenvleuel en 'n gereelde Munster-speler was. Maar ek het geweet wie hy was, want ek het elke speler bestudeer en gesorg dat ek al hul name ken.

Garrett Fitzgerald was op daardie tydstip by Munster se hoofkantoor in Cork, daarom het ek Foley se kantoor gaan opsoek. Ek het hom tydens die onderhoud vir die pos ontmoet en aandete saam met hom geëet. Toe ek by sy kantoor instap, het hy dadelik opgespring, my omhels en my op die rug geklap – dalk 'n bietjie te hard, want hy was 'n groot, sterk man. Hy het my rondgewys, my aan die res van die bestuurspan voorgestel, en toe is ek na

my nuwe kantoor, waar ek die deur toegemaak en vir die eerste uur of so gewonder het: *Oukei, waar begin ek en hoe gaan ek dinge hanteer?*

Ek het Jacques Nienaber en sy gesin oorreed om hulle by ons in Ierland aan te sluit. Jacques sê:

Die besluit om Ierland toe te verhuis, was vir my maklik, want ek was gretig om in 'n ander land te werk. Ek was in 2014 reg om te gaan. Ek is nie seker of Rassie aanvanklik gereed was om te gaan nie, maar toe hy besef het niks gaan verander nie en dat sy visie vir Suid-Afrikaanse rugby nie 'n realiteit sou word nie, het hy geweet hy moes gaan. Rassie het samesprekings met Harlequins gehad en hy het my uit Londen gebel om te sê Munster stel belang en dat hy Ierland toe sou vlieg om hulle te ontmoet. Toe hy by daardie vergadering uitstap, het hy weer gebel om te sê: “Hierdie is die plek, dit is soos die Vrystaat.” Ek het as verdedigingsafrigter vir die Springbokke gewerk en was besig om voor te berei vir die drietoetsreeks teen Ierland. Ek het profiele van die Ierse spelers opgebou en my inligting oor die Munster-gebaseerde spelers met Rassie gedeel, so, hy was deeglik voorbereid vir die onderhoud. Ons het as gesin gestem oor of ons sou bly of gaan. Ek was gretig om te gaan, Elmarie het my ondersteun, my seun – wat destyds in graad agt was – was neutraal, maar dit het tyd gekos om my dogter, wat in graad drie was, te oortuig dat dit 'n goeie idee was.

EK HET MY TEEN EINDE JUNIE by Munster aangesluit as direkteur van rugby, 'n driejaarooreenkoms wat behels het dat ek sou saamwerk met die hoofafrigter, Anthony Foley, wat die goedge bynaam Axel gehad het, na aanleiding van Eddie Murphy se karakter in *Beverly Hills Cop*. Axel was 'n Munster-legende, nes sy pa, Brendan, voor hom. Hy het 201 keer vir hulle uitgedraf en was kaptein van die span toe Munster sy befaamde sege oor Biarritz Olympique behaal het om die Heinekenbeker vir die eerste (en enigste) keer in die klub se geskiedenis in 2006 te wen. Hy het in 62 toetse vir Ierland as losvoorspeler uitgedraf, hoofsaaklik as agtsteman. Hy het in 2008 uitgetree, en in 2011 Munster se voorryafrigter geword, 'n pos wat hy drie jaar lank beklee het. Toe ek in 2016 by die klub aangesluit het, was hy al twee jaar lank die hoofafrigter.

Vier maande nadat ek by Munster begin het, het ons Parys toe gevlieg om teen Racing 92 te speel in ons openingswedstryd van die Europese Rugbykampioenskapsbeker (voorheen bekend as die Heinekenbeker). Ons het ingeboek by ons hotel in die voorstad Suresnes, en Axel het vir my 'n WhatsApp-boodskap gestuur waarin hy 'n potgooi getiteld *You Create Your Own Reality* aanbeveel het, wat ek tot vandag toe nog gebruik.

Die volgende dag, Sondag 16 Oktober, het die span bymekaargekom om die lynstaanstrategie vir die middagwedstryd op die Yves-du-Manoir-stadion te bespreek. Dit was deel van die roetine die dag van die wedstryd waar die voor- en agterspelers afsonderlike ontmoetings gehad het. Dit was byna 12:30 en Axel was laat. Ek het met ons tegniese ontleder, George Murray, gaan praat en vir hom gesê ek is bekommerd. Ek het nie ontbyt gaan eet nie, so, ek het nie geweet Axel het nie daardie oggend uit sy kamer gekom nie. Ek weet nie waarom ek dit gesê het nie, maar my woorde aan George was: “Gaan asseblief na sy kamer toe ... ek dink hy is oorlede.” Ek het geen rede gehad om dit te sê nie; dit het net so uitgekom.

George was 'n paar minute weg, en toe hy terugkom en uit die hysbak klim, kon ek sien hy was bleek en ontsteld. Hy het gesê hy het Axel langs

sy bed op die vloer gekry. Ek het gesê: “Hy’s dood, nè?”

Hy het geknik en gesê: “Ja, ek dink hy is oorlede.”

Ek was geskok en het nie geweet wat om te doen nie. Ons het die hotelpersoneel in kennis gestel, wat die polisie ontbied het, en hulle is op na Axel se kamer.

Die spelers het nie geweet wat aangaan nie, en ek het, onnosel genoeg, voorgestel dat ons die nuus van hulle weerhou, want hoe sou hulle andersins op die wedstryd kon konsentreer? Die spanbestuurder, Niall O’Donovan, het my net so gekyk en gevra: “Is jy fokken mal? Jy moet hierdie spelers vertel, man. Die ou is dood.”

Ek sal nooit sy woorde vergeet nie, en dit was vir my ’n skok dat ek die aaklige nuus moes breek. Ek het nie iemand so naby aan my se dood beleef sedert my vriend Murto oorlede is nie, gevolg deur my pa toe ek 18 was. Ek was nie seker hoe om dit te hanteer nie. Die spelers was besig om middagete te eet toe ek by die spankamer ingestap het. Ek het gekyk na al daardie spelers, wat ek nog nie baie lank geken het nie, prominente spelers soos die kaptein, Peter O’Mahony, Keith Earls, Simon Zebo en Conor Murray. Ek het gebewe terwyl ek gesê het: “Ek weet nie hoe om dit vir julle te sê nie ...” En toe begin ek huil. Ek moes vir Niall vra om my te help, want hy het die span beter as ek geken, so, hy het die nuus so sagkens as moontlik gebreek. Die spelers was totaal onkant gevang. Hulle was onmiddellik in rou gedompel. Ons moes daarna seker maak die nuus bereik nie die media voordat die familie in kennis gestel is nie. Die wedstryd teen Racing 92 is afgelas, en ons het by die hotel gewag terwyl reëlins getref is sodat ons kon terugvlieg huis toe. Ons het buite die hotel gesit en Axel se pa, wat in ’n nabygeleë hotel tuisgegaan het, het hom by ons aangesluit. Die owerhede het probeer om Axel se lyk in ’n sak toe te rits, maar hy was so ’n groot man dat hy nie behoorlik daarin gepas het toe hulle hom by die hotel uitgedra het nie.

Twêe dae later het ’n Franse lykskouer bevind dat Axel dood is weens akute pulmonale edeem, ’n harttoestand wat vloeistof in sy longe laat opbou het. Hy was net 42 jaar oud. Die volgende dag is sy liggaam op ’n spesiale huurvlug na die Shannon-lughawe net buite Limerick gevlieg. Duisende mense het langs die pad gestaan terwyl ’n lykswa Axel van die lughawe weggeneem het. ’n Groot en emosionele skare het buite Munster se tuisveld, Thomond Park, saamgedrom en hande geklap terwyl die lykswa,

onder polisiebegeleiding, 'n oomblik lank daar vertoef het. Die skare het “There Is an Isle” gesing, die lied van sy voormalige klub, Shannon.

Terwyl ons reëlins getref het vir Axel se begrafnis, is ons volgende rugbywedstryd ook uitgestel. Ek was nog nooit tevore by 'n Ierse begrafnis nie en ek was heel onvoorbereid op alles wat gebeur het. Ek is in 'n situasie gegooi wat ek nog nooit teëgekom het nie – ek het nie eens geweet hoe om 'n kis te dra of hoe die rouproses werk nie – maar die mense van Limerick en die Munster-spelers en -personeel het my daardeur gelei. Axel het in 'n oop kis in sy huis gelê en roubeklaers kon deurstap om hul laaste eer te betoon. Dit het vir my gevoel of die hele Limerick by Axel se huis opgedaag het om tot siens te sê. Later was daar 'n diens, en ek het nog nooit in my lewe soveel mense by 'n begrafnis gesien nie. Dit was ongelooflik hartseer, maar die dae voor en ná die begrafnis was vol herinneringe van en stories oor die legendariese dinge wat Axel gedoen het. Ons het beurte gemaak om sy swaar kis (hy het meer as 100 kilogram geweeg) na die begraafplaas te dra.

Daardie ondervinding het die realiteit by my tuisgebring van wat die dood is, iets wat nie oor my pad gekom het sedert ek 18 was nie. In Ierland is die houding: *Ons gaan dit vier, en ons gaan hieroor huil, en dan gaan ons pub toe*. Maar dis nie verby sodra die begrafnis afgehandel is nie. Die Iere het iets wat hulle die *month's mind* noem, wat beteken ná 'n maand dink jy weer aan hom, jy gaan weer kerk toe en dan gaan jy terug pub toe.

Ons eerste wedstryd ná Axel se dood was op 'n uitverkoopte Thomond Park teen die Glasgow Warriors in 'n Europese Rugbykampioenskapsbekerwedstryd. Dit was 'n diep emosionele ervaring, wat begin het met die weglating van Axel se nommeragtrui uit die wedstryd. Ons agtsteman, CJ Stander, het die nommer 24 op sy rug gedra en elke speler het die naam Axel onder die Munster-wapen op sy trui geborduur gehad. Die skare van 26 000 aanhangers het 'n minuut stilte voor die afskop gehandhaaf. Die gemoedere was vol ná “The Fields of Athenry” en “There Is an Isle” gesing is. In die twintigste minuut is Keith Earls afgestuur vir 'n gevaarlike duikslag, maar niks sou in ons pad staan om 'n oorwinning vir Axel te behaal nie, en ons het vyf drieë gedruk en Glasgow met 38-17 geklop. Ná die eindfluitjie het ons in die middel van die veld gestaan, Axel se twee

seuns het hulle by ons aangesluit en ons het die klublied, “Stand Up and Fight”, gesing.

In Ierland het ek so baie geleer oor hoe kosbaar die lewe is. Die Iere verstaan hoe om die lewe te waardeer en hoe om oor die dood te treur. As ’n swaan in Limerick doodgemaak is, was dit op die voorblad van die koerant. Daar is beswaarlik enige misdaad. In 2016, die jaar toe ons in Ierland gewoon het, was daar 37 moorde in die hele land. In Suid-Afrika was daar 19 000 van 1 April 2016 tot 31 Maart 2017. Wanneer iemand in Ierland doodgaan, kan jy ’n minuut stilte verwag. Dit het my groter waardering vir die lewe gegee.

Ons moes die leemte vul wat deur Axel gelaat is, en weer het die spelers my gehelp. Ek het ses of sewe van die senior spelers ingeroep, mense soos Peter O’Mahony en Conor Murray, en vir hulle gevra: “Wat sê julle, kêrels, wat doen ons, hoe gaan ons dit hanteer, wat gaan ons in die volgende wedstryd doen?” Ons het besluit om nie iemand nuuts in te bring as hoofafrigter nie, maar om eerder die werk te verdeel. Ons noem dit die *coaching matrix*, om die verskillende pligte tussen ons te verdeel. Ek het die posisie van hoofafrigter ingeneem en ook die afbreekpunte hanteer. Jacques was die verdedigingsafrigter. Jerry Flannery – ’n voormalige haker vir Munster, Ierland en die Britse en Ierse Leeus – wat die skrumafrigter was, het die voorryafrigter geword. Ek het reeds die voormalige Munster-heelagter Felix Jones as tegniese afrigter aangestel nadat hy weens ’n nekbesering op 28-jarige ouderdom moes ophou speel, en hy het die aanvalsafrigting hanteer. Felix is tans die Springbokke se hulpafrigter, en sal hom ná die 2023-Wêreldbeker by Engeland se afrigtingspan aansluit.

Ek het die rol van hoofafrigter met dié van direkteur van rugby gekombineer. Ek was steeds die ou wat die opposisie ontleed, langtermynbeplanning gedoen en spelers gekontrakteer het, maar ek was prakties ook betrokke by die spel.

Dit was nie moeilik om die span te motiveer nie. Ons het vir Axel gespeel. Wanneer ons gepraat het oor die groot ding wat ’n wedstryd kon wen, het ons altyd verwys na die *axis of the game*. Ons het dit herdoop na die *Axel of the game*. Ek het met die spelers gepraat oor hoe om hul eie realiteit te skep na aanleiding van die potgooi waarna Axel my ure voor sy

dood aangeraai het om te luister. Ons het onself afgevra: *Waar is ons realiteit, en wat sou Axel wou hê ons moet doen?* Daar was nie 'n enkele wedstryd, selfs die jaar daarna, waarin ons nie vir hom gespeel het nie.

Van 'n sesde plek in 2015/16 in die Pro12 (die voorloper tot die Verenigde Rugbykampioenskap voordat Suid-Afrikaanse spanne hulle by die kompetisie aangesluit het), het Munster tot boaan die punteleer geklim en sodoende die volgende seisoen 'n halfeindstryd op sy tuisveld verseker. Ons het 19 van ons 22 wedstryde gewen, met 'n fantastiese eenpuntoorwinning oor Ulster in Belfast, waar hulle baie moeilik geklop word, en 'n 29-17-oorwinning op Tweede Kersdag oor ons aartsvyand Leinster op Thomond Park. In die Pro12-halfeindstryd het ons drie drieë gedruk en die Ospreys met 23-3 voor ons tuisskare geklop.

Ierse rugbyaanhangers is fantasties. Hulle sal nie boe of die stadion verlaat as hul span verloor nie. Hulle sal jou in die koerant bykom en hulle sal op die man af en saaklik wees, maar hulle sal altyd die kritiek regverdig en eerlik hou. Dit was net lekker om weer asem te haal en weer af te rig sonder om in verskillende rigtings getrek te word. Dit was net die span op die veld en niks ander kak nie.

Die Pro12-eindstryd teen die Scarlets op die Avivastadion in Dublin voor 44 000 toeskouers was 'n bittere teleurstelling. Nooit in my lewe as afrigter het die opponerende span 50 punte teen my aangeteken nie, en in daardie eindstryd was ek regtig benoud dat dit sou gebeur. Dit was waarskynlik een van die min wedstryde waar ek gedink het: *Ek hoop die wedstryd is gou verby*. Ons het met 22-46 verloor. Ek was regtig verbaas, want ons was die hele seisoen lank so mededingend, en ons was in der waarheid die gunsteling om daardie wedstryd te wen. Tot vandag toe weet ek nie wat skeefgeloop het nie. In die kleedkamer ná die wedstryd was ons almal geskok. Ek onthou my woorde aan die spelers. Ek het vir hulle gesê ek kon nie uitwerk wat ek verkeerd gedoen het nie, maar ek het geweet dit was my skuld. Ek het dit glad nie sien kom nie.

In die Europese Rugbykampioenskapsbeker het ons vyf van ons ses wedstryde in Groep 1 gewen, insluitende 'n ongelooflike sege oor Leicester op Thomond Park waarin hulle nie 'n enkele punt teen ons kon aanteken nie. Die week daarop het hulle egter wraak geneem en ons met twee punte op Welford Road geklop, ons enigste nederlaag in die groepfase van die kompetisie. Daarna het ons Toulouse 'n loesing in die kwarteindstryd

gegee, maar ons het uitmekaargeval in die halfeindstryd en met 10-26 teen Saracens verloor op die Avivastadion. My hoop is in albei kompetisies op daardie stadion verydel.

Ek het so goed ingepas by Munster en in Limerick. Ek het goed oor die weg gekom met die spelers, die aanhangers en die plaaslike inwoners. Ek was mal oor die woorde van die Munster-lied, “Stand Up and Fight”:

*Stan' up an' fight until you hear de bell,
Stan' toe to toe, trade blow fer blow,
Keep punchin' till you make yer punches tell,
Show dat crowd watcher know!
Until you hear dat bell, dat final bell,
Stan' up and fight like hell!*

Ek is 'n Despatch-boikie. Dis waar ek geleer het om op te staan en te baklei.

Op 5 November 2016 het my ma, my suster Gerda en swaer Willie, en Frikkie Erasmus uit Suid-Afrika, en my suster Martlie en haar man, Bert, van Londen gekom om my 44ste verjaardag te vier. Ons het buite gebraaï en Frikkie het vir ons plankiesteaks gemaak, op die regte Suid-Afrikaanse manier. Hulle het selfs kom kyk hoe Munster met 33-0 met die Ospreys klaarspeel op Musgrave Park in Cork. My ma en susters het hul hart verloor op Munster, die dorpie en die mense.

Ek en Frikkie het begin gesels oor Springbokrugby en hy wou weet of ek ooit sou terugkeer na Suid-Afrika en weer die Springbokke sou afrig. Ek het gesê dalk, maar eers as ek 50 jaar oud is. Ek het vir hom gesê ek wou nie afrig om mense gelukkig te hou en die politiek rondom rugby te hanteer nie. Ek het nie rassekwessies bedoel nie – ek het geweet hoe om transformasie te hanteer. Dit was 'n uitdaging wat ek geniet het, en ek kon sien dat my werk by die EPD vrugte afgewerp het. Ek wou net nie die agendas hanteer van mense wat nie deel was van Saru-strukture nie.

Frikkie het gesê Allister Coetzee, die Springbokafrigter, sukkel. In daardie stadium het hy vyf uit nege toetswedstryde verloor, insluitende die eerste tuisnederlaag ooit teen Ierland in Kaapstad teen 'n 14-man- Ierse span, en 'n 15-57-loesing deur Nieu-Seeland in Durban. Dinge het die daaropvolgende jaar erger geword, met onder meer 'n vernederende 0-57-

nederlaag teen die All Blacks in Albany.

Frikkie het voorgestel ek doen aansoek vir die pos van direkteur van rugby by Saru. Ek was gekant teen die idee, en het vir hom gesê dis nie wat Saru wou hê nie. Ek kan goed onthou hoe ek meegedeel is dat hulle nie op soek is na 'n direkteur nie, maar hulle het nie verstaan wat die werk behels nie. Hulle het gedink 'n direkteur van rugby is 'n direkteur op die raad, iemand wat in 'n kantoor sit en begrotings opstel. Die direkteur van rugby is in werklikheid iemand wat steeds afrig, maar ook die kwessies hanteer wat niks met rugby uit te waai het nie sodat die afrigter sy werk kan doen.

Frikkie het gevra of ek wou teruggaan. Ek was doodeerlik met hom. Ek het gesê: “Ek is lief vir Suid-Afrika, Frikkie, maar ek is regtig op 'n goeie plek hier. Dit gaan goed met my werk, die mense is fantasties, ek kry 'n goeie salaris, my vrou is mal hieroor, die kinders het goed aangepas en maats gemaak, en dis so 'n veilige plek.” Hoekom sou ek teruggaan?

Maar ek moes toegee, daar was 'n jeukplek wat ek wou krap. Ek het geweet dit sou goed werk as ek direkteur van rugby was en saam met Allister kon werk op dieselfde manier as wat ons by die Stormers gewerk het. Ek is blootgestel aan die professionele manier waarop Ierland sy rugby bedryf en ek het daarvan gehou. Hulle het 160 rugbyspelers gehad en was nommer een in die wêreld. In Suid-Afrika het ons meer as 1 000 professionele rugbyspelers gehad en ons was vierde in die wêreld. Munster en die manier waarop dinge daar werk, het my gewys daar was baie dinge wat ons beter kon doen. Frikkie het gesê: “Oukei, gaan aan hier. Ek sal met die mense gaan praat.”

Ek het ingestem, maar ek was net 10% oortuig. Ek het gedink Saru sal bloot sê: “Fok hom.”

Ek en Frikkie is saam deur baie dinge, en ek het hom volkome vertrou en geweet hy dra my beste belange op die hart. Hy het met die president van Saru, Mark Alexander, en die destydse hoof- uitvoerende beampte, Jurie Roux, gaan praat. Die eerste terugvoering wat ek van Frikkie gekry het, was: “Kan jy loskom uit jou kontrak?” Ek het vir hom gesê ek was nie bereid om daardie gesprek met Garrett Fitzgerald te hê as die Saru-pos nie 'n definitiewe moontlikheid was nie. As daar niks van sou kom nie, wou ek nie hê Munster moes dink ek is op soek na 'n werk iewers anders nie.

Maar Frikkie het alles onder beheer gehad. Hy het geweet wat my eise was en hy het dit ingesluit in 'n kontrak tussen my en Saru, waarin ek

gewaarborg is van die opset wat ek gereken het sou werk. Ek het seker gemaak dat Jacques ook 'n pos by Saru aangebied word. Dit was immers ek wat hom en sy gesin in die eerste plek omgepraat het om Ierland toe te kom. Ek moes seker maak hy was deel van die ooreenkoms as ek sou terugkeer huis toe.

Daarna het ek die moeilike taak gehad om my gesin en Jacques en sy gesin mee te deel dat ons dalk, net dalk sou terugkeer Suid-Afrika toe. Eers het ek en Nikki gesels, en sy het gesê sy wil nie weggaan uit Castleconnell nie. Die kinders was meer onwrikbaar – hulle wou eenvoudig nie teruggaan nie.

Ek het Jacques en Elmarie na ons plaaslike pub gevat en hulle gewaarsku dat Frikkie met Saru gesels en dat ons dalk weer met die Springbokke sou werk. Ek wou weet of hulle sou saamkom as ons teruggaan Suid-Afrika toe. Ek onthou Elmarie het nee gesê, en Jacques het gesê, shit, hy's nie seker nie, en hulle moes eers daaroor dink.

Toe bel Frikkie en sê hy het alles op skrif. Toe ek dit hoor, het ek almal bymekaargekry en vir hulle gesê wat op die tafel was. Ek het geweet dis 'n moeilike besluit, maar almal het saamgestem dat ons dalk nooit weer so 'n geleentheid sou kry nie.

Dit was ook 'n moeilike besluit vir Jacques:

Rassie het voorgestel ons almal kry mekaar by ons plaaslike pub, The Black Swan, waar hy my vertel het van die geleentheid by Saru. Nikki en Elmarie was dadelik gekant teen die idee om terug te gaan huis toe, want die kinders het goed ingeskakel by die skool en maats gemaak. Sowat vier weke later het Rassie meer besonderhede gehad en ons het weer by die pub bymekaargekom. Aanvanklik wou ek in Ierland bly, want ek het my oog daarop gehad om ná vyf jaar 'n Ierse paspoort te bekom, wat werkgeleenthede in die Europese Unie kon beteken. Boonop het ek Munster geniet, en die sukses wat ons daar behaal het. Rassie was besig om 'n wenspan te bou, en dit het my opgewonde gemaak. Die klub het gesukkel toe ons daar aangekom het en daar was druk op Rassie om nuwe spelers te bekom. Hy wou met die bestaande span werk en hy het net drie spelers van Suid-Afrika ingebring. Op die ou end het hy my oorreed

om terug te keer Suid-Afrika toe, en ons het nog 'n paar moeilike gesprekke met ons gesinne gehad om hulle om te praat. Dit was nie maklik om terug te gaan nie.

Daar was baie trane toe ek Munster meegedeel het van my besluit. Ek het superkak gevoel omdat ek weggaan, want hulle was so wonderlik vir my, en ons het soveel ongelooflike sukses in so 'n kort tydjie behaal. Daar was 'n uitklimklousule in my kontrak waarvolgens ek of Munster die ooreenkoms ná 18 maande kon beëindig om een van 'n verskeidenheid redes: ongelukkigheid, begrotingsbeperkings, daardie soort ding. Maar ek het nie daardie klousule gebruik nie. Ek het oop kaarte gespeel met Garrett Fitzgerald (wat ongelukkig in Februarie 2020 oorlede is) oor Frikkie se samesprekings met Saru. Hy het my daaraan herinner dat ek onder kontrak met IRFU was, nie met hom nie, so, dit was 'n ander gesprek wat ek moes hê, met David Nucifora. Van almal dink ek Nucifora het my situasie persoonlik die beste verstaan, want hy was op 'n tyd 'n kandidaat om Australië se afrigter te word, maar sy hoop is verydel toe die Australiese Rugbyunie op die nippertjie die pos aan Robbie Deans gegee het. Hy het vir my gesê ek hoef nie bekommerd te wees oor die wetsaspekte nie en my vrygestel van die kontrak.

Om dinge erger te maak het ek nuwe spelers gekontrakteer, insluitende Jean Kleyn van die Stormers. Ek het hulle oorreed om Suid-Afrika te verlaat, en nou was ek die een wat op pad uit was. Jean het sedertdien vir Ierland gekwalifiseer en in vyf toetse gespeel.

Munster was tipies gaaf en simpatiek. Dit was ongelooflik moeilik om ná 18 maande te vra: “Kan ek asseblief teruggaan?” En weet jy hoekom het hulle ja gesê? Omdat hulle fokken goeie mense is.

In Junie 2017 het Munster aangekondig dat ek en Jacques aan die einde van die jaar sou weggaan. Ons het ooreengekom om vir ses maande aan te bly sodat ons tyd kon hê om behoorlik die leisels oor te gee en nie die span in toings sou agtergelaat nie. Voor ons weg is, het ons vyf uit die nege wedstryde in die Pro14 gewen, en 'n oorwinning en 'n gelykopuitslag in die Kampioenebeker behaal. Toe het ons oorgegee aan Johann van Graan, die voormalige hulpafrigter van die Bulle en die Springbokke, wat oorgevat het as hoofafrigter, en JP Ferreira, die Leeus se verdedigingsafrigter, wat vir

Jacques vervang het. Felix Jones en Jerry Flannery het aangebly as hulpafrigters. Hulle het hul goeie werk by Munster voortgesit, en die span na 'n opeenvolgende Pro14-halfeindstryd gelei, maar hulle het met 15-16 in 'n baie spannende wedstryd teen Leinster verloor.

Ek het geweet dis 'n goeie geleentheid, maar dit was hartverskeurend om Munster te verlaat. Ek word nou nog hartseer as ek na foto's van Castleconnell en ons pragtige huis langs die Shannon-rivier kyk. Ek het weer aan myself begin twyfel. Ek het my nek nou behoorlik uitgesteek, want my visie vir die Springbokke sou deeglik beproef word. Vir 'n lang tyd het ek so selfversekerd oor my groot idee gepraat, en nou was daardie einste plan op die punt om 'n werklikheid te word en getoets te word.

Ek weet nou nog nie of dit die beste besluit vir my gesin was om Ierland agter te laat nie.

IN NOVEMBER 2017 het ons teruggekeer na Suid-Afrika met kontrakte wat bepaal dat ek die direkteur van rugby by SA Rugby is, met Allister Coetzee as Springbokafrigter, en Neil Powell as Sewesafrigter, wat aan my rapporteer. Volgens Jacques se kontrak was hy die nasionale hulpafrigter.

In daardie stadium is daar nog geen gesprek met Allister gevoer om te bepaal of hy gretig was om saam met my as direkteur van rugby te werk nie. Toe ek in 2016 weg is, het ek 'n meningsverskil met Allister gehad oor sy afrigtingspan. Hy het die mense gekry wat hy wou hê, met Matt Proudfoot as sy voorryafrigter terwyl ek gereken het Pieter de Villiers – wat saam met my by die MOBI-eenheid gewerk het – was 'n beter keuse. Ek het voorgestel dat hy Mzwandile Stick die afrigter verantwoordelik vir werkverrigting sonder die bal in hand maak, op grond van sy agtergrond in Sewesrugby, maar Allister het hom die agterlynafrigter gemaak. Ek het nie daarmee saamgestem nie, want ek het gevoel Allister moet afrig, en sy taak was om beheer te neem van die agterlyn.

Dit het voorgekom of Allister die span soos 'n sokkerbestuurder wou bestuur, wat toesig hou oor die afrigtingsopset, maar ek het gevoel 'n afrigter moet afrig.

Met my terugkeer het ek nie vir Allister gebel en gevra of hy oukei was daarmee dat ek weer terug in my ou pos sou wees nie. Dit was nie my plek om dit te doen nie. Ek het verwag dat Saru reeds daardie gesprek sou gevoer het. Dit het baie ongemaklik gevoel. Een of twee keer het ek die gevoel gekry dat hy nie gelukkig was nie, maar ons het dit nooit reguit bespreek nie.

Met ons terugkoms was die Springbokke op die jaareindtoer, waarby ons nie betrokke was nie. Hulle het teruggekeer nadat hulle teen Ierland en Wallis verloor het, maar 'n naelskraapoorwinning oor Frankryk en 'n oortuigende oorwinning oor Italië behaal het. Ná die Wallis-wedstryd was Allister onversetlik daaroor dat hy nie van plan was om te bedank nie,

ondanks sy swak prestasie van 'n 44%-wenrekord: 11 oorwinnings, 12 nederlae en twee gelykopuitslae in die 25 wedstryde waartydens hy aan die stuur was. Hy het vir verslaggewers gesê hy sou die Springbokke na die 2019-Wêreldbeker neem.

Soos altyd was daar 'n oorsig oor die toer en Allister se prestasie as afrigter, en ek het ingesit tydens die deel van die proses wat spesifiek oor rugby gegaan het. Daarna het hy die besluit geneem om te bedank. Daar was nooit tyd vir die twee van ons om planne vir die toekoms te begin maak nie.

Ek weet nie presies wat Allister als vir Jurie en Mark gesê het nie, maar hy het wel in 'n brief aan Jurie beweer dat ek aangestel is om hom te vervang en dat hy 'n “seremoniële afrigter” sou word, en hy het die feit dat hy aan my moes rapporteer as 'n vernedering beskryf. Hy het voorts beweer die plan was om hom opsetlik te laat misluk, en dat beamptes wat nie by die naam genoem is nie uit die staanspoor 'n doelbewuste poging van stapel gestuur het om hom te ondermyn. Ek was totaal onkant betrap en geskok.

Dis wat die ergste seergemaak het met my terugkeer, toe ek gekritiseer is omdat ek die pos as Springbokafrigter aanvaar het en daarvan beskuldig is dat ek Allister Coetzee opsetlik laat misluk het sodat ek sy pos kon vat. Toe ek sien mense skryf hierdie dinge, wou ek net terug Ierland toe.

Nadat ek my hele gesin ontwortel het, my vrou omgepraat het om haar familie en vriende agter te laat, van my kinders verwag het om hul skole en hul maats prys te gee net sodat ek weer kon afrig; nadat ek Jacques en sy gesin gevra het om dieselfde opofferings te maak, sê ek Allister gaan dit opfok en ek gaan terugkom? Regtig? Was dít my plan?

Op 2 Februarie 2018 het Saru 'n verklaring uitgereik om te sê die twee partye het 'n ooreenkoms bereik en dat Allister met onmiddellike effek die pos sou verlaat. Dit was so skielik. Sedertdien het ons mekaar seker twee keer gewhatsapp.

My plan was om stelsels in plek te bring en die beste leiers in die verskillende afdelings te kry terwyl ek as direkteur van rugby begin werk het, met Chean Roux by die Junior Springbokke en Neil Powell by die Blitsbokke. Ek moes ook daaraan werk om vrouerugby te laat groei.

Die Springbokke was altyd die prioriteit en ons het iemand nodig gehad om Allister te vervang. Die algemene siening was dat dit selfmoord vir enige afrigter se loopbaan sou wees om die pos 'n jaar voor die

Wêreldbeker te aanvaar. Ons het regtig gedog Allister sou aanbly en dat ons hom sou help om die Bokke voor te berei sonder enige inmenging van buite, so, ek was regtig verbaas oor sy besluit om te bedank. In 2016 het ek aanbeveel dat Allister die pos kry. Hoe moes ek weet dat hy twee jaar later sou bedank? Hy het dieselfde werk, dieselfde salaris, dieselfde spelers en dieselfde steunpersoneel gehad. Al verskil was dat hy voortaan sou rapporteer aan 'n rugbymens pleks van 'n finansiële mens.

Ek het vir Saru gesê as hulle onderhoude met mense wou voer vir die pos in die hoop dat hulle iemand sou kry wat bereid was om 'n eenjaarkans te waag en Bokbreier by die Wêreldbeker te wees, sou ek insit tydens die onderhoude. Maar as hulle niemand kon kry nie, bied ek aan om die leisels as afrigter oor te neem en dan kon hulle my posbeskrywing verander. Ek het gesê: “Ek weet ek sal afgedank word as ons nie wen nie.” Die lengte van die kontraktermyn bepaal nie hoe lank jy 'n Springbokafrigter is nie – die administrateurs, spelers, media en ondersteuners bepaal dit.

Die hoëprestasiekomitee, wat Jurie Roux, Mark Alexander en James Stoffberg (komiteevoorsitter) ingesluit het, het besluit om my die hoofafrigter te maak. Ek was ongelooflik trots dat die eer my te beurt geval het, maar ek was nie gelukkig met die omstandighede waaronder dit gebeur het nie. Ek wou nie 'n pos hê waar ek daarvan beskuldig is dat ek Allister uitgewerk het nie. Dit was nie die fokken plan nie. Al die ander strukture het onveranderd gebly, en al die ander afrigters het hul poste behou. Die Springbokafrigter was die enigste een wat gevoel het hy kon nie aan my rapporteer nie.

Ek het 'n sesjaarkontrak as direkteur van rugby gehad, maar ek het dit duidelik gemaak dat ek sou uittree as hoofafrigter ná die 2019-Wêreldbeker. Omdat ek daarvan beskuldig is dat ek alles vooraf beplan het, sedert 2016 al, het ek my woord gegee dat ek die werk twee jaar lank sou doen en daarna sou bedank en opsy staan vir iemand anders.

Ek het Allister se afrigtingspersoneel oorgevat – dieselfde mense wat hy beweer het, is op hom afgedwing, wat nie die geval was nie. Matt Proudfoot, wat deur Allister aangestel is, was gekontrakteer. Hy was nie my keuse nie, maar ek het van Matt gehou. Hy was vroeër my hulpafrigter by die Stormers, so, ek het hom baie goed geken. Sy tegniese ontleding is uitmuntend. Maar ek het ook vir Pieter de Villiers, die voormalige stut, ingebring, want ek wou iemand hê wat 'n bietjie aggressie by die

voorspelers sou voeg. Ek was op soek na iemand wat die hond in die speler kon uitbring, iemand wat kon sê: “Jy beter hierdie dryfbeweging stuit. Ek gee nie om waar jy jou kop moet indruk nie, maar stuit hierdie dryfbeweging.”

Mzwandile Stick het ook aangebly, maar hy het geskuif na die posisie wat ek gereken het, is sy sterk punt, die spelers se werkverrigting sonder die bal in hand, wat sy ervaring as Sewes-afrigter benut het. Jacques Nienaber, wat Allister se verdedigingsafrigter was voordat hy hom by my in Munster aangesluit het, het teruggekeer na daardie rol.

Maar ek het ’n agterlynafrigter benodig, want dit was Allister se taak, so, ek het besluit om by die franchises te kyk wie die beste afrig. Ek kon beslis nie aanval op my eie afrig nie, want ek het nie daardie vaardighede nie. Ek het besluit op Swys de Bruin, wat wonderlike werk as agterlynafrigter by die Leeus gedoen het en hoofafrigter Johan Ackermann gehelp het om die Leeus twee keer in ’n ry tot in die Superrugby-eindstryd te lei, in 2016 en 2017, waar hulle ongelukkig albei kere verloor het. So, Swys het my aanvalsafrigter geword.

Ek was vol vertroue dat ek hoofafrigter sowel as direkteur van rugby kon wees, want ek het die ervaring gehad om albei posisies te kon hanteer. Ek het geweet hoe om die kwessies van transformasie en ontwikkeling van spelers en afrigters aan te pak. Ek het stelsels in plek gesit om belowende jong spelers op o. 15-vlak te identifiseer en hulle te monitor namate hulle vorder, asook die stelsels om swart afrigters vinniger deur die range te laat beweeg. Ek het verstaan hoe dit alles gewerk het. Ek was bereid om dit vir twee jaar te doen, en ek was vasbeslote om dit op my manier te doen. Ek het geweet ek sou die trekpas kry as ons verloor (ek het dit selfs in die openbaar gesê), maar ek het geweet waar die struikelblokke was en hoe om hulle te vermy. Ek het geweet wat ’n direkteur van rugby vir sy hoofafrigter moes doen. Ek het vir Saru en die spelers gesê dat ek nie bereid is om enige politieke besluite te neem nie, dat ek onverskrokke sou wees, en as my planne nie uitwerk nie en ek word in die pad gestee, sal ek my goed vat en gaan. Dit was die werk wat ek op 50 wou hê. Nou het ek dit op 45 gekry.

Ons het die 2018- internasionale seisoen afgeskop met ’n geldmakertoets teen Wallis in Washington, VSA, maar dit was nie ons fokus nie. Engeland sou hierheen kom vir ’n reeks van drie toetse en dis waar ons onself wou bewys en mense se vertroue in die Springbokke wou herstel.

Die Wallis-toets het eintlik ingemeng met ons planne, maar dit was belangrik omdat dit geld ingebring het. Elke jaar word daar 12 of 13 toetswedstryde geskeduleer, en dan kan jy 'n ekstra wedstryd buite die toetsvenster reël. Omdat dit 'n ongeskeduleerde wedstryd is, het jy nie al jou topspelers beskikbaar nie, want die klubs is nie verplig om hulle beskikbaar te stel nie. Die Wallis-toets was kommersieel van aard, maar dit was natuurlik steeds 'n toetswedstryd. Ek was nie deel van die besluit om dit te skeduleer nie, maar ek het nie daaroor gekla nie. Dit was deel van my werk.

Toe ek Bokafrigter geword het, het ek geweet watter kanse ek moes vat en my nek uitgesteek. Ek het vir my span gesê ons gaan nie kla omdat ons Washington toe moet vlieg om teen Wallis te speel en dan moet terugvlieg Johannesburg toe om sewe dae later teen Engeland op Ellispark te speel nie. Ek dink nie ons het vyf dae se oefentyd met die spelers gehad nie. Ek het hulle in twee spanne verdeel; een het Washington toe gevlieg vir die Wallis-wedstryd, terwyl die ander in Johannesburg gebly het om voor te berei vir Engeland. Agt spelers sou by albei wedstryde betrokke wees, in die beginspan vir die Wallis-wedstryd en op die bank vir die een teen Engeland.

Die afrigters het saam met die span Washington toe gevlieg, terwyl ek in Johannesburg gebly het tot die dag voor die Wallis-toets. Toe het ek op 'n vliegtuig gespring en die Saterdagoggend geland, en ek was daar vir die afskop. Ons het die wedstryd met 20-22 verloor nadat Wallis 'n drie gedruk het met ses minute speelyd oor. Toe was ons die Sondag weer terug op die vliegtuig, ons het die Maandag in Johannesburg aangekom, en het dadelik begin oefen vir die wedstryd teen Engeland, wat vyf dae later moes plaasvind.

Dis so 'n afgesaagde ou sêding, maar dit is waar – elke toetswedstryd is belangrik, en dit was 'n teleurstelling om 'n wedstryd te verloor waarin ek gereken het ons staan 'n 50/50-kans. Ek het geweet wat die media oor my te sê sou hê as ons verloor, en ek was nie verkeerd nie. Hulle het gesê ek het 'n aaklige wegspring gehad, 'n ramspoedige wegspring. Jy dink altyd: *As ons ons sterkste span gebring het, sou ons gewen het.* Ons sou 'n week van genoegdoening beleef het, tuisgekom het met 'n moeë, vlugvoos span en ons sou waarskynlik teen Engeland verloor het, en dan sou die druk weer groot gewees het. Ek het geweet ek kon nie net van week tot week leef nie; dat ek vooruit moes beplan. Ons wou Engeland in die drietoetsreeks wen,

en dit was belangriker as om die Wallis-toets te wen.

Daarmee wil ek nie sê dat ek geen ag geslaan het op die Wallis-toets nie. Dit het my die geleentheid gegee om 'n paar van die nuwe spelers aan die rand van die toetsspan op die proef te stel, en ek het 11 spelers hul eerste toetswedstryd laat speel.

Terug in Suid-Afrika kon ek ten minste vier of vyf oefensessies met my vars beginvytential vir die Engeland-toets hê. Dit sou nie sin maak het om hulle Washington toe te laat vlieg nie. Wat ook belangrik was, was dat ek kon sien hoe gemotiveerd die afrigters was. Hulle moes Maandag op en wakker lyk, van die vlugvoosheid vergeet en skouer aan die wiel sit. Toe het ek geweet ek het 'n sterk bestuurspan. Die spelers het nie eens geweet dat ons almal in die VSA was nie. Maar ek moet erken, die wegganery het aan my senuwees geknaag. Ek kon nie behoorlik slaap nie weens die verskil van ses uur in tydsones. Dit was ongelooflik dol, en vir die eerste keer het ek die druk ervaar van hoofafrigter wees.

Van die oomblik dat ek as direkteur van rugby aangestel is, het ek begin kyk na die Springbokke se skedule vir 2018 sodat ek kon beplan vir die span se ommeswaai, met die oog daarop om van 'n sesde plek op die wêreldranglys aan die begin van 2018 terug te keer na nommer een. Ek moes die vertrouwe terugwen van die spelers sowel as die publiek, en om dit reg te kry, moes ons die All Blacks in Nieu-Seeland klop. Ons sou in September in Wellington in die Rugbykampioenskap teen hulle te staan kom. Ek moes glo 'n oorwinning is moontlik, en ek moes die afrigters en spelers sover kry om dit ook te glo. Dit was ontsettend belangrik om Engeland te klop, maar om Nieu-Seeland op hul tuisveld te klop – dit was die groot ding. Selfs al sou ons 2018 met 'n 70%-wenrekord afsluit, maar twee keer teen Nieu-Seeland verloor, het ek geweet mense sou bloot sê: “Ag, julle verloor altyd teen Nieu-Seeland.” Ek moes dit regstel, en dit was voorop in my gedagtes in 2018.

Die eerste ding wat ek gedoen het, was om met die spelers te praat. Ons het begin met belyningskampe – *alignment camps* in Engels – eerder as oefenkampe. In plaas daarvan om die spelers bymekaar te kry vir twee of drie dae van oefen voordat hulle na hul franchises terugkeer, het hulle gekom om vir twee dae lank oor verskeie kwessies te gesels. Ons het na hulle geluister en hulle het na ons geluister. Ons het nie eens op die veld gegaan nie; ons was besig om onself in te stel.

Dit was so belangrik, want as jy nie gereeld met die spelers praat nie, is daar 'n gebrek aan kommunikasie en dan kry hulle nie die geleentheid om te praat oor kwessies wat hulle pla nie. Hulle begin hulleself allerhande dinge wysmaak, en kort voor lank is die duiwel in hulle koppe. Mense buite rugbykringe praat nonsens met hulle, en hulle begin allerhande verkeerde inligting in die koerante en op sosiale media lees. Dit is belangrik om daardie kwessies te takel voor dit uitkring en buite beheer raak. Belyning beteken jy kry almal op dieselfde bladsy. Glo jy wat ek glo? Kan jy sien waarheen ons op pad is? Weet jy wat ons probeer doen? Wil jy deel wees

hiervan? Het jy 'n ander mening? Op 'n belyningskamp kry almal kans om hul mening te lug. Van daar besluit ons op 'n plan, en dan vra ons: “Stem ons nog steeds almal saam?”

Om belyn te wees beteken jy is toegewyd aan jou span en sy doelwitte. Jy hoef nie jou mening te lug as dit nie die soort mens is wat jy is nie, maar jou oë sal vir ons sê en jou aksies sal vir ons wys of jy saamstem en of jy belyn is.

Transformasie was 'n belangrike kwessie in die belyningsproses. Ek moes aan die span verduidelik wat transformasie vir my beteken. As dit beskou is as wit speler uit, swart speler in, sou dit altyd omstrede bly. Transformasie begin met wen; transformasie beteken verteenwoordigend wees; transformasie beteken die manier waarop jy dinge doen, moet verander. Ek het dié kwessie in my heel eerste voorlegging aan die spelers en afrigters uitgelig. Dit was nie 'n soort ninja-voorlegging met vlamme wat uitskiet nie. Dit was 'n wit bladsy met swart letters wat die feite uitgespel het, met een of twee videosnitte wat iets vir my beteken het. In die middel was “Wen” in 'n groot sirkel geskryf. Om te wen was ons hoofprioriteit. Uit daardie sirkel het drie bene gekom – “verandering”, “spandiepte” en “ervaring”. Wanneer jy by 'n Wêreldbeker aankom, wil jy nie sewe spelers hê met vier of vyf toetse agter die blad nie. Ervaring beteken die grootste deel van die span moet almal 20 toetse gespeel het.

Ons is gelukkig – met die Wêreldbeker in 2023 is die gemiddelde ouderdom van ons spelers 29 met 40-plus toetse op hul kerfstok. Diepte beteken dat ons in elke posisie twee senior spelers het, en 'n junior wat regtig hard aan die deur klop om sy merk te maak. So, transformasie, spandiepte en ervaring kan bepalend wees vir spankeuse, en almal moes dit verstaan. Dit was ons vertrekpunt vanaf die eerste wedstryd.

Ek het ervaar hoe kwotas 'n klug kon wees, hoe swart spelers sewe minute lank aan die begin van 'n wedstryd op die veld sou wees of in die laaste drie minute opgestuur sou word net om te kan sê hulle het gespeel. Dit het vir my voorgekom asof Laurie Mains daardie truuk met Conrad Jantjes by die Cats uitgehaal het. Dit was in 2001, en ons was nou in 2018. Ek het gedink: *Fokkit, gaan ons regtig aanhou om op dieselfde manier te bullshit?* Ons kon ons nie met dieselfde nonsens ophou nie.

Ek het my siening aan die span verduidelik, en hulle kans gegee om daarop te reageer. Alles is voor almal gedoen. Ek het nog nooit een-tot-een met 'n speler gepraat nie, tensy hy met 'n diep persoonlike aangeleentheid na my toe gekom het. Ek het vir hulle gesê om nie individueel na my toe te kom met vrae oor waarom hulle nie in die span was of waarom hulle gedink het hulle verdien 'n geleentheid nie. Ek het geweet in die verlede wanneer 'n wit speler by 'n afrigter in 'n vertrek ingestap het vir 'n een-tot-een, of 'n swart speler daar ingestap het vir 'n een-tot-een, het daardie speler en afrigter met verskillende dinge in hul koppe daar uitgestap. En terwyl so 'n een-tot-een aan die gang was, sou die res van die spelers bespiegel oor wat agter geslote deure gesê word, en so sal die gerugte begin posvat.

Dis die kwessies wat ons as 'n span bespreek het. Ek wou nie te veel oor hul persoonlike lewe weet nie, want ek wou spesifiek fokus op hoe hulle speel, en ek wou kyk na hul padkaart. In 'n padkaart sit ons inligting bymekaar wat relevant is vir 'n speler se rugbyvermoëns op en van die veld. Ons kyk na sy tegniese vaardighede (lakwerk en uitgewerk, byvoorbeeld) en sy begrip van die grondbeginsels van die spel. Ons kyk ook na sy karakter: Is hy 'n spanspeler? Is hy ego-gedrewe?

Aan elke speler se vermoëns word 'n telling toegeken en daardie tellings word bygewerk namate hulle deur die verskillende ouderdomsgroepe beweeg, om vas te stel of hulle vorder of agteruit boer. Dalk is iemand een jaar 'n spanspeler, maar die volgende jaar kry hy grootkop en nou is hy 'n prima donna. Dit kom op die padkaart. Een jaar kan hy dalk nie behoorlik na links én regs uitgee nie, maar die jaar daarna kry hy dit onder die knie. Dit kom op die padkaart. Ons stel vir hulle doelwitte sodat hulle iets het om voor te mik terwyl hulle ouer, sterker en meer ervare word.

Die padkaarte is 'n belangrike gids vir spankeuses. Die oomblik as ek begin jammer voel vir 'n speler, is rugby nie meer die rede waarom ek hom kies nie. As ek almal se emosionele toestand in ag moes neem, sou almal redes gehad het om gekies te word en spelers sou om die verkeerde redes voorgetrek word.

Hulle kon by die hulpafrigters gaan flikflooi as hulle wou, maar met my sou dit nie werk nie. Ek het vir hulle gesê ek gaan my emosies opsy skuif en seker maak die beste spelers word gekies. Elke keer as 'n span aangekondig is, was die span daar op die skerm vir almal om te sien.

Die gesprek sou byvoorbeeld só verloop: “Kwagga, jy begin teen Wallis

vir jou toetsdebuut. Thomas, jy gaan saam vir Wallis, maar jy het die soort enjin wat beteken jy kan Amerika toe vlieg, die wedstryd speel en dan van die bank af teen Engeland speel. Pieter-Steph, jy gaan ons kaptein teen Wallis wees. Moenie bekommerd wees oor die *jet lag* nie, jy's soos 'n hond wat 'n stuk papier jaag – jy raak nooit moeg nie.” Dis hoe ek met hulle gepraat het. Uiteraard sou ek nooit sensitiewe goed kwytraak wat 'n speler kon verkleineer nie. Dis vir my 'n groot ding om nooit in die verleentheid gebring te word of vir iemand anders enige verleentheid te veroorsaak nie.

Ek het vir hulle gesê as dinge nie goed verloop in die Wallis-toetswedstryd nie, moes ons net seker maak ons is almal belyn. Omdat ek openlik en eerlik met die spelers was, het niemand geglo hulle word gekies of nie gekies nie omdat ek transformasie probeer regruk het nie. Ek het grondige rugbyredes gehad waarom elke speler in die span was.

Dit was nie 'n geval van dié speler is swart of wit nie, maar eerder of hy goed genoeg was onder die hoë bal, of effektief genoeg kon lak wanneer hy die tweede laaste verdediger is, of goed genoeg kon skoonmaak by die afbreekpunte. Wanneer ek oor iets getwyfel het, was dit nooit oor ras nie – dit was altyd oor vermoë op die veld. Ja, aan die begin wou ons transformasie regruk, maar ek wou ook mense se idees regruk oor hoe ek 'n span kies. Wanneer ek jong ouens soos Sbu Nkosi en Aphiwe Dyantyi gekies het, het ek geweet ek word daarvan beskuldig dat ek kanse met hulle waag om transformasie 'n hupstoot te gee. Maar dit was nie die geval nie. Ek het dalk 'n rugbykans gewaag omdat hulle jonk was en hul debuut gemaak het, maar ek was nie besig om 'n politieke kans te waag nie. Ek was vol vertroue dat Sbu en Aphiwe goed genoeg was.

Toe ek die 23 spelers vir die toets teen Engeland op Ellispark gekies het, het ek Duane Vermeulen sterk as kaptein oorweeg. Pieter-Steph du Toit was die kaptein in die vorige toets, teen Wallis, maar ons het hom duidelik laat verstaan dat dit eenmalig was. Die kaptein die vorige jaar was Eben Etzebeth, maar hy was beseer, en so ook Warren Whiteley, wat die Bokke in twee toetse teen Frankryk die vorige jaar aangevoer het. My kommer oor Duane as kaptein was dat hy in Frankryk gebaseer was, waar hy vir Toulon gespeel het, en ons was nie seker wanneer hy hom by die span sou kon aansluit nie.

Ek het iemand nodig gehad wat dadelik beskikbaar was. Ek het ook iemand nodig gehad wat naby die aksie gespeel het en met die skeidsregter

kon praat, so, dit kon nie 'n losskakel, heeagter of vleuel wees nie. Ek het losvoorspelers verkies omdat hulle gewoonlik op hul voete is en die spel kan sien en nie in 'n losgemaal vassit of met hul koppe in 'n skrum is nie. Ek het iemand nodig gehad wat deur die spelers gerespekteer is vir die manier waarop hy speel. Siya Kolisi was kaptein van die Stormers, besig om die beste rugby van sy loopbaan te speel, en hy was 'n losvoorspeler. Hy het aan al die vereistes voldoen. So, ek het hom as kaptein gekies. Dit was my redes.

Ek het dit nie vir hom vertel voordat ons almal in die spanvergadering gesit het nie. Ek het die name van die span op die groot skerm gesit, daardeur gegaan, en toe gesê: “Siya, jy is kaptein.” Daar was nie 'n enkele oomblik wat dit soos 'n groot historiese gebeurtenis gevoel het nie – die eerste swart kaptein van die nasionale rugbyspan. Nie eens 'n fokken bietjie nie. Ek het dit regtig nie as so 'n groot ding beskou nie. Ek het dit nie vooraf met die hulpafrigters bespreek nie en ek het geen emosie tydens die spanvergadering bespeur toe ek aangekondig het Siya is kaptein nie. Niemand – en ek weet baie mense sal dit nie glo nie – maar niemand het na my toe gekom en gesê: “Fokkit, hei, ons het 'n swart kaptein,” nie. Nie 'n enkele mens het dit vir my gesê nie.

Ek het Siya geken vandat hy 18 jaar oud was, toe hy oorgekom het Westelike Provinsie toe. As direkteur van rugby het ek met die o. 19's, die o. 21's en by die akademie gewerk, waar ek Siya die eerste keer ontmoet het. Ek het dadelik gesien hy kon die bal dra, duikslae afweer en bo-oor sy teenstanders hardloop. Ek was baie beïndruk met sy krag.

Ek wou hom vir die Westelike Provinsie hê, maar sy agent het vir my gesê ons was te laat, want hy het klaar 'n kontrak met die Cheetahs gesluit. Ek het toe vir Frikkie na die kontrak laat kyk. Hy het 'n voor die hand liggende probleem gekry wat die kontrak ongeldig gemaak het, en ons kon Siya vir die WP kry.

Ek het Siya baie goed leer ken as speler. Een van die dinge wat my die meeste beïndruk het van hom, was dat hy nooit sy kop laat sak het nie. Ek het geweet hy kan 'n bietjie handuit ruk, maar ek het dit verstaan, want ek is ook daardeur toe ek as jong speler by die Cats was en graag uitgegaan en gekuier het. Die meeste spelers beland maar gereeld in die sop, so, hy was nie ongewoon in dié verband nie. Ek kan nie sê ek was vir hom 'n vaderfiguur nie – ander mense het daardie rol vervul – maar ek was daar vir

hom in goeie tye en in slegte tye, gereed om hom raad te gee op grond van my eie ondervinding uit die verlede. Hy was altyd op die man af en hy het oop kaarte met my gespeel en reguit gesê as iets hom irriteer. Ons het so 'n hegte band ontwikkel dat ek geweet het ek kan my vertrouwe in hom stel.

Ek het die span deurgestuur na Saru se president, Mark Alexander, en die hoof- uitvoerende beampte, Jurie Roux, die Sondag voor die toets teen Wallis. Ek het nie vooraf met hulle gepraat en gevra of dit oukei was om Siya aan te stel nie, want ek het nie nodig gehad om dit te doen nie. Ons het die span daardie selfde dag in kennis gestel, sodat hulle geweet het wie vlieg Amerika toe, wie bly agter om vir Engeland voor te berei, en wie sou by albei wedstryde betrokke wees. Om te verhoed dat die storie uitlek en 'n onnodige bohaai en spekulاسie in die media veroorsaak, het ons die media-aankondiging oor die span eers die volgende dag, Maandag 28 Mei, gedoen.

Toe ek die span op 'n nuuskonferensie uitlees, was daar geen ophef of sterk emosionele reaksie nie. Ek het eenvoudig die span uitgelees, en toe opgekyk vir vrae van die verslaggewers.

Daardie eerste nuuskonferensie was eenvoudig dol. Ons mediabestuurder, Rayaان Adriaanse, het 'n lys vrae opgestel wat ek te wagte kon wees, en ek het in my kop probeer uitwerk hoe ek dit wou beantwoord. Ek was eerlik met my antwoorde en ek het aan die media gesê ek weet Siya is 'n goeie leier en dat ek opgewonde is oor wat hy die span kon bied. Ek het die kwessie van transformasie hanteer, en gesê hoewel ons die foute van die verlede probeer regmaak, het Siya se aanstelling as kaptein niks met transformasie te doen gehad nie. Ek het dit duidelik gemaak dat al die spelers in die span verdien het om daar te wees en dat ek niemand 'n rat voor die oë probeer draai het nie.

Dit is waar ek besef het die kapteinskap is 'n enorme kwessie vir soveel rugbyondersteuners. Ek verwag nie dat die sowat 12 miljoen mense wat rugby in Suid-Afrika volg rugbyspanwerk 100% moet verstaan nie. Ek wil hê hulle moet die spel ondersteun en hul mening lug. Maar ek verwag nie van hulle om die getal duikslae te ontleed of te verstaan hoe lynstane werk of om te verstaan hoe baie 'n kaptein doen nie. Hulle is ondersteuners en aanhangers; dis nie hul werk om die fynere detail te ontleed nie. Maar ek het nie mooi verstaan wat 'n swart kaptein beteken het vir die ou wat in 'n krot in KwaNobuhle bly, of vir die oom op 'n plaas in Grabouw nie. Vir my het dit daaroor gegaan om uit te werk hoe die span op die veld saamwerk.

Ek word dikwels gevra hoekom 'n boikie van Despatch, wat uit so 'n raskonserwatiewe agtergrond kom, 'n swart kaptein kon aanstel, terwyl daar twee swart afrigters voor my was – Peter de Villiers en Allister Coetzee – wat dit nie gedoen het nie. Ek het nie 'n antwoord daarop nie.

Wat ek wel kan sê, is dat ek weet hoe dit voel as iemand jou in die verleentheid bring, en ek wil nooit sien dat 'n speler in die verleentheid gebring, verneder of kwaad gemaak word deur diskriminasie op grond van sy ras, sosiale stand, die skool waarin hy was of die taal wat hy praat nie. Ek sou nie 'n span kon afrig waarin mense toegelaat is om so te voel nie.

Verleentheid is iets waaroor ek baie sterk voel. Die manier waarop iemand na my kyk, sê reeds vir my of hy verleë is. Ons oë sê vir my so baie oor wat in ons harte aangaan. Jy kan in my oë sien as ek verleë voel of hartseer is of gelukkig is. Selfs al gee ek voor en glimlag, kan jy in my oë sien hoe ek regtig voel. Ek het geleer om in my pa se oë te kyk en nog voor hy 'n woord gesê het, kon ek aflei hoe dronk hy was en of hy steeds in staat was om te redeneer. Ek kon in my suster se oë sien of sy paniekerig was. Ek kan in 'n speler se oë sien of hy onder druk verkeer of in beheer is. Hulle oë sê vir my wie's daar en wie's nie daar nie, wie is swak en wie's in beheer.

As gevolg van Siya se aanstelling is ek daarvan beskuldig dat ek 'n politieke persoon is. Dit het my fokken kwaad gemaak. Ek het sewe jaar lank stilgebly terwyl mense dieselfde foute oor en oor gemaak het. Toe word ek beskuldig van *pandering to my paymaster*, wat dit ook al veronderstel is om te beteken. Al manier waarop ek teen daardie oningeligte verwyrt kon terugveg, was om aan te hou wen. Dit was soveel makliker om mense wat my van sulke dinge beskuldig het op hul plek te sit deur eenvoudig vir hulle te sê om na die telbord te kyk.

Om die wedstryd teen Engeland op Ellispark af te skop met daardie soort kritiek teen jou, het dit laat voel of daar meer as ooit tevore op die spel was. Ek moes wen om die kwaadpraters verkeerd te bewys, en ek was vol vertroue dat ons kon wen met die span wat ek gekies het. Ons het ook die voordeel gehad dat ons hoog bo seespieël teen Engeland sou speel, waar die grootste deel van die Springbokspan al vir meer as 'n week aan die voorberei was.

Afgesien van Siya, was daar ook drie debutante wat media-aandag

getrek het: Sbu Nkosi, Aphiwe Dyantyi en RG Snyman. Ek was nie van plan om enige bewerings te duld dat Sbu en Aphiwe gekies is omdat hulle swart was nie. Terwyl ek in Ierland was, het ek my oog op Sbu gehou en ek het geweet hy was baie naby daaraan om Allister Coetzee se Bokspan te haal. Hy was een van die uitstaansvleuels wat baie fisiek op die aanval sowel as verdediging was. Aphiwe het deurlopend goed gevaar op senter en vleuel vir die Leeus die vorige seisoen, terwyl RG Snyman hom as een van die land se beste slotte bewys het. Dit was nie moeilik om hulle op grond van hul spelpeil te kies nie.

Toe ek op daardie Saterdagoggend, 9 Junie 2018, wakker word, het ek vir die eerste keer gevoel ek was in beheer van 'n rugbytoets. Die Wallistoets het nie soos die eerste een gevoel nie. Daardie oggend het ek gevoel: *Oukei, Rassie, jy't nog altyd gereken jy het 'n plan, nou gaan jy jouself moet bewys.*

Ek weet nie of 'n mens ooit 100% tevrede met jou span is nie. Ons het net vier oefensessies gehad, met baie belyning, en ek het gewens ons het nog twee of drie weke gehad om voor te berei. Ons het gedoen wat ons kon in die tyd wat tot ons beskikking was, met my nuwe hulpafrigters, Swys de Bruin en Mzwandile Stick, wat met my stelsels vertrou moes raak en die spelers wat moes leer verstaan dat dit gaan oor eienaarskap, nie leierskap nie. Ek was vol vertroue dat die leierskap algaande sou kom, maar voorlopig moes die spelers net eienaarskap aanvaar. Daardie oggend was ek vol vertroue dat ek my beste gegee het, maar fok, ek was senuweeagtig.

Die atmosfeer op Ellispark was meer intens as wat ek dit ooit beleef het. Daar was nie tyd om enige iets te waardeer of geniet nie. Ek was 'n bietjie hartseer, ek weet nie hoekom nie, en ek het 'n bietjie oorweldig gevoel toe ek sien hoe Siya sy span stadig deur die enorme tunnel by Ellispark op die veld lei met die vuurwerk wat afgaan. Ek het in die afrigterslosie gestaan en die oomblik toe die volksliedere gesing is, probeer geniet. Terwyl die spelers aangetree het vir die afskop, het dit gevoel of dinge stadiger begin beweeg. Dit het gevoel of alles in stadige aksie gebeur. Ek moes fokus op die afskop, en wat om vir Jacques, wat langs die veld was, op die tweerigtingradio te sê. Terwyl dit alles deur my kop gegaan het, het ek gekyk na die mense voor die afrigterslosie op die pawiljoen, en 'n paar van hulle het opgekyk na my, met afwagterende glimlagte op hul gesigte. Ek het gedink: *Oukei, fok, nou moet ons wen!*

In die afrigterslosie is daar heeltyd kameras op jou, wat elke emosie afneem, en daar's geen wegkruipplek nie. Ek vergeet partykeer dis daar. Daar was al 'n klompie kere wanneer ek in 'n baie emosionele oomblik betrap is waar ek “P%#s, p%#s, p%#s!” skree, en my ma dit kon sien. En die jong aanhangers.

Binne 17 minute het Engeland 'n 24-3-voorsprong opgebou. Ná net vier minute het Mike Brown 'n duikslag van Handré Pollard afgeskud, Damian de Allende afgeweer en in die hoek gaan druk. Nege minute later het Elliot Daly 'n maklike lopies na die doellyn gehad, en vier minute daarna het Owen Farrell nog 'n maklike drie gedruk toe vier Springbokke met een aangee uitgestof is, soos kommentator Joel Stransky dit gestel het. Ons kon net nie in die wedstryd kom nie. Behalwe vir die Engelse ondersteuners wat daarheen gereis het, was die 55 000 ondersteuners op die uitverkoopte Ellispark tjoepstil.

Ons verdediging was nêrens nie, want die spelers was nog besig om gewoon te raak aan ons nuwe stelsel waarvolgens die twee vleuels groot besluite moes neem en hul eie oordeel moes vertrou. As die vleuels nie die belangrike besluite geneem het nie, het ons gelyk soos die wêreld se middelmatigste span. Jacques het my op die radio gekontak en gevra: “Ras, kan ons die verdedigingstelsel verander?”

My antwoord was: “Ons kan nie nou nie – ons hou by die plan!” Ek het gevra hy moet die spelers aansê om harder te speel en groter besluite te neem. Dis wat ek hardop gesê het, maar in my binneste het ek gedink: *Dit kan nie wees nie! Wat het ek aangevang?* Ek het by myself gedink: *Maak ek regtig dieselfde foute?* Was dit omdat ek nie daardie spesifieke Engeland-span so hoog aangeslaan het nie?

Ek het nie paniekerig geword nie, want ek het so lank in daardie taktiek geglo. Ek het daardie planne aan die spelers verkoop, en hulle was besig om dit op die veld uit te voer. En hoewel die planne nie vir die eerste 15 minute gewerk het nie, het ek geweet die vinnigste manier om 'n span se vertroue te verloor, was om dít te laat vaar waarvan ek hulle so hard probeer oortuig het en waarop ek hulle laat inkoop het. Ek moes hulle vertroue in die wedstrydplan gee deur hulle aan te moedig om harder te probeer.

Ek kon tou opgooi en sê: “Doen weer wat julle al julle hele rugbylewe lank doen – gebruik die kantlyn as laaste verdediger.” Maar hoe sou die spelers my daarna kon vertrou? So, my reaksie was “Speel harder!”, en dis

presies wat Sbu Nkosi in die 20ste minuut gedoen het, toe sy krag en momentum drie Engelse spelers geverg het om hom net voor die doellyn te stuit. Faf de Klerk was dadelik by om die bal weer beskikbaar te stel. Engeland se slot Maro Itoje het sy duikslag liederlik verbrou en vir Faf 'n groot gaping gelos om deur te skiet en te druk, ondanks Ben Youngs se desperate poging om hom te keer.

Ek was benoud dat Engeland se vroeë voorsprong hulle te veel selfvertroue sou gee en dat die situasie vir ons spelers onwerklik sou voel. Die boodskap van Jacques aan Siya en die spelers was steeds: “Speel harder – julle geleentheid sal kom.”

Toe die eerste geleentheid hom daarna voordoen, het ons met vertroue begin speel. Met die halfuurmerk wat nader kom, het Sbu 'n kortskoppie gegee en toe Daly nie die bal in die doelgebied kon vasvat nie, het Sbu kop gehou en 'n hand daarop gekry om ons tweede drie te druk. Speel harder!

Vier minute later het Willie le Roux teen 'n uitstekende hoek gehardloop, die Engelse verdediging gelok en die bal na Aphiwe Dyantyi uitgegee, wat aan sy buitekant reg langs die kantlyn af genael het. Aphiwe het instinktief geweet dat hy by die kantlyn uitgeboender sal word, dus het hy die bal blitsvinnig na Sbu aan sy binnekant gepos om ons derde drie te gaan druk. Speel harder!

Vyf minute later het Willie 'n skitterende lopies ingekry en deur twee verdedigers gebars vir ons vierde drie. Van 'n 3-24-agterstand, was ons teen rustyd met 29-27 voor. Dit was 'n dramatiese ommeswaai.

Teen rustyd het ek geweet ons gaan net beter word, maar ek was steeds bekommerd omdat Engeland 15 minute gehad het om uit te werk hoe hulle hul eerste drie drieë gekry het, en hoe om dit weer te doen. Ek was bekommerd dat hulle hul selfvertroue sou terugkry voor ons nog beter kon word. Ons het oor taktiek gepraat, met die voorspelersafrigter, die agterlynafrigter en die aanval- en verdedigingsafrigter wat elkeen drie minute gekry het om met die span te praat. Die idee was nie om hulle op te sweep nie – dit het meer daaroor gegaan om seker te maak hulle weet wat om volgende te doen.

Wanneer ek my span wil motiveer, is ek geneig om dit persoonlik te maak. Persoonlike emosies hou langer. As jou kind agter jou staan en 'n kwaai hond kom op jou afgestorm, sal jy daar bly staan, selfs al is jy kakbang vir daai hond. Maar as 'n wildvreemdeling agter jou staan, is dit

onwaarskynlik dat jy daar gaan bly staan. Ek sê vir die spelers hulle speel vir iets wat vir hulle van persoonlike belang is. As hulle verstaan dit gaan nie oor hul ego's nie, maar dat hulle speel om hul familie trots te maak, vir die mense in hul tuisdorpe, vir die ondersteuners, vir hul land, dan kan jy hulle opsweep. Hulle moet verstaan dis persoonlik.

'n Afrigter wat teen sy bors slaan en skree: "Komaan, kêrels! Let's go, go, go!" beteken vir my niks. 'n Spanpraatjie moet óf takties óf persoonlik wees, nie emosioneel nie. Jy het spelers met hul eie doelwitte en drome wat internasionale rugby wil speel en hul familie trots wil maak, en sodra hulle daarop inkoop, kan jy hulle opsweep.

Ek het vir my spelers gesê: "Ouens, weet julle wat, daar is mense wat sê hierdie span is net window dressing. Fok hulle. Kom ons wys hulle."

In die tweede helfte het ons die voorsprong na 42-32 laat rek, danksy 'n drie van Aphiwe en Handré Pollard se skopstewel, voor Engeland 'n troosdrie laat in die wedstryd aangeteken het. 'n Oorwinning van 42 punte teenoor 39, en ná die tyd in die kleedkamer kon ek met genoegdoening sê: "Ouens, julle het vir julleself nog drie toetswedstryde gekoop."

Ek kon nou bekostig om konsekwent met my spankeuses te wees. Die algemene gevoel was nie soseer verligting nie, maar eerder dat ons besef het die wedstrydplan sou werk. Die spelers was so gatvol daarvoor om sesde op die wêreldranglys te wees, en om te hoor hoe mense Boktruie uit protes verbrand. Ons was moeg daarvoor en ons wou net 'n deeglike rugbyplan in plek kry, vir mekaar speel en weer die stadions vol kry. Ek het agterna vir die media gesê hoewel ek bekommerd was toe ons so ver agter geraak het, was ek trots op hoe die spelers se karakter na vore gekom het, waarop ons in die volgende toets kon voortbou. Die vertroue was terug en almal het gevoel: *Fok, dit gaan werk.*

Ek was veral trots op Sbu en Aphiwe, ons twee onervare vleuels wat in hul debuut groot besluite geneem het en so hard gespeel het soos ons van hulle verwag het. Ek weet party van die sogenaamde kenners het gesê hulle moes eerder die kantlyn as laaste verdediging ingespan het. Maar ons was besig om 'n nuwe stelsel te beproef en ek moes hulle laat verstaan dat ons tyd gehad het om enige probleme uit te stryk.

In die opbou na die tweede toets was ek bekommerd dat mense 'n politieke kwessie van hul onervarenheid sou maak en dit in 'n hele drama sou laat ontaard. Ek wou net hê die volgende Saterdag moet aanbreek sodat

ons op die veld kon gaan en dit weer doen. Die algemene gevoel onder die afrigters en spelers was: *Dit werk, dit werk.*

Ons is na Bloemfontein vir die tweede toets, waar 'n bekende patroon ontvou het: Ons het in die negende minuut agter geraak toe Mike Brown 'n drie vir Engeland gaan druk het, en nóg verder agter geraak toe Jonny May deur ons verdediging gesny en dieselfde gedoen het. Nes op Ellispark is ons verdedigingstelsels in die wye kanale blootgestel. Maar die spelers het verseg om hul koppe te laat sak en dit was Engeland se laaste drie.

Tendai “Beast” Mtawarira, in sy 100ste toetswedstryd, het weggebreek met 'n stormloop in die middel van die veld af. Toe hy geduik word, het RG Snyman sy innoverende balvaardighede getoon deur die bal uit die losskrum terug te kry na Duane Vermeulen, wat sy brute krag gebruik het om 22 meter ver deur vier verdedigers te bars en ons eerste drie aan te teken. Handré se betroubare skopskoen was vreemd genoeg soek, totdat Siya met rustyd wat nader kom, besluit het dat pale toe geskop moes word. Handré het sy vertrouwe met 'n massiewe 60 meter lange poging teruggewen om aan ons 'n 13-12-rustydvoorsprong te besorg. Ons pak voorspelers was ongelooflik en skeidsregter Romain Poite het 'n strafdrie aan ons toegeken ná ons hulle tot op hul eie doellyn geskrum het. Dit is gevolg deur nog 'n Pollard-strafskop. 'n Oorwinning van 23 punte teenoor 12 het die reeks vir ons beklink.

Spandiepte en ervaring was belangrike aspekte van my geheelplan, so, ek het veranderinge aangebring aan die span vir die derde toets ten einde ander spelers in die span speelkans te gee. Ek het Schalk Brits ingebring, 'n speler van vele talente wat 'n massiewe loopbaan by Saracens gehad het maar in daardie stadium in nog slegs tien toetswedstryde gespeel het. Hy het reeds uitgetree uit rugby en hy het op die pawiljoen saam met 'n toergroep na die eerste toets gesit en kyk voordat ek hom gebel het. Ek het hom gevra om nog twee jaar te speel, tot die einde van die Wêreldbeker. Ek kon nie waarborg dat hy Wêreldbeker toe sou gaan nie, maar ek wou hê hy moes fokus op haker, sy voorkeurposisie, en op losvoerspeler. Hy was 37 jaar oud, maar hy was op daardie tydstip die regte speler.

My filosofie was nog altyd dat die regte speler nie altyd die beste speler is nie. Schalk was reg vir daardie tydstip. Ek het hom deur en deur geken.

By die Stormers het ek hom op agtsteman laat speel al was hy die haker, en hy het hom uitstekend van sy taak gewyt. Hy was een van die fiksste, sterkste spelers met wie ek ooit gewerk het. Hy is ook 'n spesiale mens met 'n uitstekende sin vir humor en 'n fantastiese spanspeler. Hy was presies wat ons nodig gehad het om die spankultuur te bou waarna ek op soek was. Schalk het geweet as hy goed speel en doen wat ek wou hê hy moes doen, sou hy waarskynlik Wêreldbeker toe gaan, wat wel gebeur het, en hy was selfs kaptein van een van die groepwedstryde.

Ons het die derde toets in die reën en modder op Nuweland in Kaapstad met 10-25 verloor, maar dit het nie die reeksuitslag verander nie en ek was nie te bekommerd daaroor nie. Ons skopwerk was veel beter as Engeland s'n in die eerste helfte, maar ons afronding en dissipline was swak. In die tweede helfte het Engeland die spel oorheers en ons het gesukkel om uit ons eie helfte te kom. Daar was dinge waaraan ons moes werk, soos die gebrek aan oorheersing deur die pak, wat baie druk op losskakel Elton Jantjies geplaas het. Ek het nog sewe spelers speelkans gegee en was tevrede dat die wedstrydplan op dreef is. Ek het die blaam vir die nederlaag gevat en toegegee dat ons dapper besluite ten opsigte van spankeuse moes neem. Ek het kans gekry om te sien wie in nat toestande kan speel, maar ons dissipline het ons in die steek gelaat en ons het te veel strafskoppe afgestaan, wat ons op die ou end die wedstryd gekos het.

My fokus het nou verskuif na die Rugbykampioenskap en om Nieu-Seeland in 'n wegwedstryd te klop. Maar eers moes ons verby Argentinië in Durban en in Mendoza kom. Ons het ses drieë gedruk en hulle met 34-21 op Kingspark verslaan, nadat ons rustyd met 10-14 agter was. Ek het Makazole Mapimpi laat begin, die eerste keer sedert die Wallis-toets in Washington, en hy het my nie teleurgestel nie en twee drieë gedruk. Ons het uitmekaargeval in die herontmoeting in Mendoza, met Argentinië wat 'n voorsprong van 20 punte teen rustyd opgebou het en uiteindelik met 32-19 gewen het. Dit was vir my 'n harde slag, en ek was 'n bietjie ontsenu omdat ons hulle 'n deeglike loesing in Durban gegee het. Ek kon nie eens aanvoer ons was vlugvoos ná die vlug na Argentinië nie, want die Poemas was op dieselfde vlug as ons.

Weer eens het ek die wedstryde gebruik as 'n geleentheid om ander

spelers 'n kans te gee. Ek het die verbetering van ons wedstrydplan nie aan die telbord gemeet nie, wat my van stryk sou bring. Dit was maklik om na die telbord te kyk en teleurgesteld te voel, maar ek kon die groei in ons besluitneming sien, aan die manier waarop ons eienaarskap aanvaar, en aan die manier waarop ons dryf en by die afbreekpunte meeding, en takties by ons planne hou. Alles was aan die verbeter. Ek het ook gekyk na die vordering van individuele spelers, alles met die oog op die kragmeting teen Nieu-Seeland.

Ons het met 18-23 teen Australië in Brisbane verloor, waar ons nie 'n enkele punt in die tweede helfte kon aanteken nie. Ek wil egter nie die indruk skep dat die wedstryd nie vir my belangrik was nie, met my fokus wat op die All Blacks was. Ek was uiters teleurgesteld met die nederlaag. Wen was die groot ding. Ek wou nooit verloor nie.

As daardie wedstryde in Suid-Afrika plaasgevind het, waar jy blootgestel word aan hope lawaai en kritiek, sou dit baie moeiliker wees om by die wedstrydplan te hou. Ná daardie twee nederlae is ons amper van stryk gebring deur invloede van buite, want die kritiek vang die spelers en hulle kon die druk voel van drie moontlike loesings in 'n ry. Maar ondanks die terugslae het die span steeds in homself geglo en ons was reg vir Nieu-Seeland.

Ons is onder enorme druk na die Westpac-stadion in Wellington. Op die mediakonferensie voor die wedstryd, het ek gesê hulle kon my afdank as ons daardie wedstryd verloor. Ek wou die druk op die spelers verlig en duidelik vir hulle wys ons hou by ons plan.

In die Rugbykampioenskap die vorige jaar het die All Blacks ons met 57-0 in Albany verslaan, en daarna met 25-24 in Kaapstad. Takties sou hulle beplan om ons aan flarde te hardloop in die laaste 20 minute, want hulle was gewoond aan die Springbok-wedstrydplan. Ons wou hulle iets gee wat hulle nog nooit tevore ervaar het nie, 'n wedstrydplan waaraan hulle nie gewoond kon raak nie. As ons deurentyd by dieselfde taktiek gehou het, sou hulle net daarby aanpas en ons in die laaste 20 minute klop. Nes ons met Engeland gedoen het, wou ons 'n harde aanslag loads, hulle nie tyd op die bal gee nie, hulle nie tyd gee om ons spel uit te pluus nie.

Ek het die span daaraan herinner dat ons Engeland met 'n radikale stelsel geklop het, dieselfde stelsel wat die meeste van die spanne deesdae gebruik. Ek moes die spelers oortuig dit werk. Ons het twee keer 'n

agterstand uitgewis en Engeland geklop, en ons het teen Australië gewen. Maar nou het ons teen Argentinië én Australië in wegwedstryde verloor.

Dit klink dalk vreemd, maar ek het gedink dit was die perfekte omstandighede vir die Wellington-toets, want hulle sou dink ons gaan weer dieselfde ding doen. Ek het vir die spelers gesê om nie ons vordering aan die telbord te meet nie en eerder te fokus op hoe klein ons agterstand in daardie twee nederlae was.

In daardie stadium het ek 'n 43%-wenrekord gehad, drie oorwinnings in sewe toetse. Persoonlik het ek gedink selfs al was die wenrekord 70% of 80%, maar teen minder gerekende spanne, sou mense steeds sê: “Ja, maar julle speel teen Nieu-Seeland in die eerste groepwedstryd by die Wêreldbeker, en julle kan hulle nie klop nie.”

Dit was 'n ingewikkelde balanseertoertjie om die persepsie van wenpersentasies te hanteer. Ons kon alles gegee het teen Argentinië en Australië en daardie wedstryde gewen het, en dan teen Nieu-Seeland verloor het, en ons sou wat die openbare persepsie betref dadelik terug wees waar ons begin het, toe hulle 'n jaar tevore in Albany 57 punte teen ons aangeteken het. Ons moes die ondersteuners se vertroue terugwen, en dit is waarom ons so sterk op Nieu-Seeland gefokus het. Ek kon die verbetering sien. Ek het besef ons vat 'n kans, maar dit was 'n kans wat ons moes vat.

Ná 17 minute het die All Blacks reeds twee drieë gedruk en ons was met 0-12 agter. Weer eens het ons nie ons koppe laat sak nie en ons het teruggestorm met drie drieë in 12 minute deur Aphiwe Dyantyi, Willie le Roux en Malcolm Marx, almal verdoel deur Handré Pollard. Ons verdediging was solied en ons was sterk op die aanval. Die spelers se selfvertroue was hoog, en die Nieu-Seelandse kommentator het die span se vertoning as “brutaal” beskryf. Ons het nooit die voorsprong verloor nie, hoewel die All Blacks aanhou terugveg het, en ons voorsprong teen rustyd tot 24-17 laat krimp het. Cheslin Kolbe het ná rustyd opgekom – vroeër as beplan, omdat Lukhanyo Am 'n ernstige skouerbesering opgedoen het. Dit was maar Cheslin se tweede toetswedstryd en binne 'n minuut het hy sy ongelooflike vermoë om die spel te lees en soos blits te versnel aan die rugbywêreld getoon. Hy het die bal op die halflyn onderskep en vir Ben Smith en Beauden Barrett hakskeene gewys voor hy ons voorsprong met 'n vierde drie gerek het.

Toe die laaste kwart van die wedstryd aanbreek, was ons met 31-

17 voor. Rieko Ioane het gaan druk en Aphiwe het geantwoord met sy tweede drie. Toe klim die All Blacks met mening terug in die wedstryd met 'n drie deur Codie Taylor. Om die druk nog erger te maak, moes ons met 14 manne speel nadat skeidsregter Nigel Owens vir Willie 'n geel kaart gegee het omdat hy in die 67ste minuut nie op sy voete gebly het nie. Die res van die wedstryd moes ons 'n intense, deurlopende aanslag van die Nieu-Seelanders trotseer, wat uitgeloop het op 'n drie ná Ardie Savea kragtig uit 'n dryfbeweging oorgebeur het. Dinge het in ons guns gedraai toe Beauden Barrett met sy laaste twee verdoelpogings die regoppaal tref.

In die doodsnikke van die wedstryd was die spanning ondraaglik, met die All Blacks wat aanval op aanval loods en ons wat om lewe en dood aan 'n 36-34-voorsprong klou. Die sirene het reeds geloei en ons was verbete besig om nóg 'n aanslag af te weer, toe Aphiwe Dyantyi op Damian McKenzie afstorm en hom laat aanslaan. Franco Mostert het op die bal geduik en besit verseker, voor Willie die bal gevat en dit tot hoog in die pawiljoen geskop het vir 'n glorieryke oorwinning. Ons allerbelangrike doel – om Nieu-Seeland in Wellington te klop – was 'n werklikheid.

Op die nuuskonferensie ná die wedstryd het ek erken dat daardie oorwinning gesorg het vir die beste dag van my afrigtingsloopbaan tot in daardie stadium, maar toegee dat die geluk aan ons kant was in 'n wedstryd waarin ons baie min besit gehad het. Maar dis nou maar eenmaal internasionale rugby. Teen Argentinië in Mendoza het ons beduidende besit gehad, en tog het ons met 19-32 verloor.

Ek was trots op die manier waarop die spelers geleer het om die groot besluite te neem, veral Aphiwe, wie se duikslag op McKenzie so deurslaggewend was. Dit was maar sy sewende toetswedstryd en weens 'n gebrek aan ervaring het hy 'n paar verkeerde besluite teen Engeland en Australië geneem. Maar hy het vinnig geleer en hy kon in daardie laaste paar sekondes sy kans benut.

Terwyl ek besin het oor daardie Rugbykampioenskap-oorwinning oor die All Blacks in Wellington, het ek reeds vooruit gedink na ons openingswedstryd van die 2019-Wêreldbeker teen Nieu-Seeland op die Yokohama-stadion, wat oor presies 'n jaar sou plaasvind. Ons het spelers rondgeskuif om verskillende kombinasies op die proef te stel en vas te stel

wie goed kon speel weg van die huis. Ons vertoning sover in 2018 het my hoop gegee dat ons sou kon aanpas en dinge omswaai in taai tye. Ek het geweet dat die kritici ons afgeskryf het vir die Wêreldbeker, ná ons nederlae teen Argentinië en Australië, maar hierdie oorwinning het ons hoop gegee dat ons 'n aanspraakmaker op die Wêreldbekertitel sou wees.

Ons het Australië met 23-12 in Port Elizabeth verslaan, maar met 30-32 teen Nieu-Seeland op Loftus verloor. Ek was helse teleurgesteld oor daardie All Black-loesing en ek moes maar die pak vat. Ons het hulle gedomineer en 'n gesonde 30-13-voorsprong opgebou met 20 minute speelyd oor. Maar jy kan nooit die All Blacks afskryf nie. Binne 17 minute het Rieko Ioane, Scott Barrett en Ardie Savea drieë gedruk, twee daarvan is deur Richie Mo'unga verdoel en hulle het die wedstryd gewen. Al wat ek kon doen, was om myself te troos met die wete dat ons Nieu-Seeland kón klop, nadat ons daardie kritieke wedstryd in Wellington gewen het. Die volgende keer wanneer ons teen hulle te staan sou kom, sou weer in Wellington wees, in die Rugbykampioenskap oor nege en 'n half maande, en dan weer twee maande daarna in Yokohama vir ons openingswedstryd van die Wêreldbeker. Ten minste sou ons nie afgeskryf word nog voor die afskop vir die wedstryd nie.

TERWYL ONS IN SEPTEMBER vir die Rugbykampioenskap in Nieu-Seeland was, het ek 'n droë hoesie ontwikkel en begin bewe, soos iemand met 'n nare verkoue. Ek het koorsig gevoel en my vel het getintel asof ek hoendervleis kry. Ek was egter nie bekommerd nie, want dit het nie lank aangehou nie. Die spandokter, dr. Konrad von Hagen, het my temperatuur geneem, wat om en by 38 grade was. Ek kla nie sommer oor siekte nie, maar ek het vir hom gesê dit voel of daar iets in my keel is wat my heeldyd laat hoes het. Hy was nie seker wat dit kon wees nie en het my op 'n kursus antibiotika gesit. Die sensasie het gekom en gegaan. Ek het dit behandel deur te bad, en my vrou het my Voltaren-inspuitings gegee. Dit was nooit so erg dat dit gevoel het of ek nie soggens kon opstaan nie.

Toe ek ná die Rugbykampioenskap tuiskom, het ek steeds nie beter gevoel nie, en toe oefen ons een dag by die Belhar-rugbyklub in die reën. Toe ek by ons huis in Durbanville aankom, het ek vir Nikki gesê ek kry baie koud, so, ek het 'n warm bad gevat. Maar toe ek uit die bad klim, het ek steeds erg gebibber. Ek het vreeslik koud gekry en in die bed geklim, onder warm komberse. Ná tien minute was ek natgesweet en moes ek opstaan. Ek het steeds die droë hoesie gehad en die sensasie dat ek iets gesluk het wat nie wou afgaan nie. Afgesien van dr. Von Hagen wat my ondersoek het, het ek nie ons huisdokter of 'n spesialis gaan spreek nie. Ek het nie gedink dis iets ernstigs nie.

Ons is op die jaareindtoer in November en die simptome het voortgeduur, nie elke dag nie, maar ek het steeds die bewerasie gekry. Ek het dit kouekoors genoem – wanneer jy nie regtig siek is nie, maar jy voel pap. Ek het dit aan die stres van my werk as Springbokhoofafrigter toegeskryf. Ek was gewoon aan stres, en ek het geweet jou liggaam stres soms erger as jou verstand.

Normaalweg kon ek voluit saam met die spelers oefen en die oefeninge saam met hulle doen. Partykeer, as hulle nie genoeg was nie, het ek saam in die skrum gesak of my kop in 'n losgemaal gedruk. Maar nou het ek begin

sukkel om by te hou.

Ons het teruggekeer van die jaareindtoer en ek het my gesin Mauritius toe gevat saam met Frikkie en sy gesin. Ek het in die swembad vlugbal saam met die kinders gespeel toe ek begin hyg en uitasem voel. Die sensasie dat ek iets in my keel het, was erger, en die refleksies ook.

Ek het gedog die geleentheid om in Mauritius te ontspan en af te skakel van die stres van my werk, sou my simptome laat verdwyn. Maar wanneer ek op die bed gaan lê het, of selfs op 'n dekstoel langs die swembad of op die strand, was my asemhaling diep, asof ek hyg na asem. Die koors en die verhoogde temperatuur het ook meer gereeld voorgekom. Ek moes teenoor Nikki bieg dat ek swaarkry. Sy het 'n video geneem van my wat in die nag slaap, regop teen kussings gestut en hygend en snakkend na asem. Ek het 'n helse skok gekry toe sy daardie video vir my wys.

Ons het op Oukersaand teruggekom van Mauritius, en die volgende dag was ons veronderstel om by my suster en haar gesin in die Baviaanskloof te gaan kuier. Maar my koors was so hoog dat ek nie kon gaan nie. In stede daarvan is ek op Tweede Kersdag na ons huisdokter. Hy het 'n paar toetse gedoen en na my longe geluister, wat oukei was. Hy kon nie vasstel wat fout is nie, so, hy het my na die ongevalleafdeling by die Durbanville Mediclinic gestuur waar ek deur 'n spesialis ondersoek is. Hy het bevestig dat ek 'n infeksie het, maar hy het nie geweet waar dit vandaan kom nie. Ek het gevra vir antibiotika sodat ek huis toe kon gaan, maar hy het daarop aangedring om my op te neem. Hy wou my nie laat gaan voordat hy daardie infeksie opgespoor het nie.

Ek moes die probleem so gou as moontlik laat uitsorteer, sodat ons oor Nuwejaar Baviaanskloof toe kon gaan. Ek moes op 11 Januarie terug op my pos wees en teen daardie tyd wou ek weer volstoom met die span oefen. Die dokter het bloedtoetse gedoen, maar hy kon niks kry wat kon veroorsaak dat my infeksietelling so hoog was nie en hy kon nie vasstel waarom dit gevoel het asof iets in my keel vassteek nie. Ek het hom gesmeek om net die koors te behandel, maar hy was vasbeslote om agter die kap van die byl te kom en het geweier om my te ontslaan.

Ek was vier dae in die hospitaal, maar ek was nie uitermate bekommerd nie. Ek was al soveel keer in die hospitaal dat ek gewoon was daaraan. Ek het net gehoop ek het nie 'n operasie nodig nie. Toe sê die dokter hy het iets in een van my bloedtoetse gekry. Ek moes 'n pulmonoloog gaan spreek wat

'n biopsie van my long gedoen het. Ons moes die Baviaanskloof-uitstappie afstel terwyl ons op die uitslae gewag het. Uiteindelik het die dokter gebel en gesê: “Jy sal moet inkom.” Jy weet dis ernstig wanneer hy vra jy moet inkom.

Hy het my meegedeel ek het granulomatose met poliangiitis, 'n baie seldsame siekte wat inflammasie van die bloedvate in jou sinusse, keel, longe en niere veroorsaak. In my geval was dit in my keel. Dit het vroeër as Wegener se siekte bekend gestaan, en is vernoem na die Duitse dokter wat dit die eerste keer geïdentifiseer het. Voor die mediese wetenskap in die 1970's 'n effektiewe manier gevind het om dit te behandel, het die helfte van die pasiënte wat die siekte opgedoen het binne vyf maande gesterf. Deesdae, met behoorlike behandeling, is dit nie meer lewensbedreigend nie, maar dit is steeds baie ernstig en dit vereis intensiewe behandeling met medikasie vir die volgende nege maande, wat beteken het ek sou tot met die Wêreldbeker behandeling moes ontvang.

Wegener se siekte is 'n outo-immuunsiekte wat die immuunstelsel aanval. Die versperring wat ek in my keel gevoel het, was in werklikheid in my lugpyp. Toe die dokter 'n skandering van my slukderm laat doen, was dit die deursnee van 'n negejarige seun s'n. Dis hoe klein dit was. My liggaam het gedink daar was 'n infeksie en het selle afgestuur om daarteen te veg, wat veroorsaak het dat my lugpyp toetrek.

Die behandeling het behels dat my immuunstelsel met hope kortisoon afgetakel moes word totdat die siekte in remissie gaan. Ek moes ook medikasie gebruik om die selle dood te maak, amper soos kankerbehandeling. My hare het nie uitgeval nie, maar dit het van bruin na amberkleurig, amper oranje, verander, en baie yl geword. Ek het nie bles geword nie, maar wanneer ek my hare in die stort gewas het, kon ek sien dit val uit.

Die dokter het gesê ek kon oefen mits ek sterk genoeg gevoel het. Hy het natuurlik goed geweet ek sou kwalik lus wees om myself fisiek uit te put terwyl ek op daardie hoë dosisse medikasie was. Ek het vir hom gesê die Wêreldbeker is om die draai, maar sy antwoord het enige argumente oor rugby in die kiem gesmoor. Hy het gesê: “Ek behandel Wegener se siekte, nie die Wêreldbeker nie.”

Ek het begin opswel van waterretensie weens die kortisoon en ek kon nie meer as 'n uur lank sit sonder om te gaan pie nie. Ek het geweet dit sou

'n probleem by die Wêreldbeker wees, tydens busritte van en na die stadion, of wanneer ek in die afrigterslosie is, maar 'n groter bekommernis was dat die siekte my longe of niere kon aantast, in welke geval die kans op oorlewing veel kleiner is. Ek moes onmiddellik die behandeling ontvang om te verseker dat die siekte nie versprei nie. Die longbiopsie het getoon dat my longe skoon is en dat slegs my keel aangetas is.

Toe ek by die eerste spanvergadering van die jaar opdaag, kon almal die nuwe-effekte van die kortisoon sien – dit het gelyk of ek 10 tot 15 kilogram opgetel het – maar hulle het geweet ek is 'n ou wat lief is vir 'n kuier en braaivleis, so, hulle het hul eie afleidings oor my voorkoms gemaak. Ek het aktief probeer bly, maar ek kon nie saam met die spelers oefen nie. My vel het geïrriteerd geraak en my gesig het rooi geword van warm gloede. Ek het warm geword wanneer dit koud was buite en ek moes die lugverkoeling aanskakel. My armholtes sweet wanneer ek opgewonde of senuweeagtig raak – dit het gereeld met my gebeur toe ek jonk was. Dit kon die middel van die winter wees, maar onder my trui was dit nat. Toe ek dit as volwassene kon bekostig, het ek Botox-inspuitings in my armholtes gekry om die probleem te beheer. Nou het die gesweet erger geword.

Ek was baie selfbewus daaroor. Ek kon nie saam met die ouens draf nie, ek het opgeswel, ek was uitasem, en wanneer ek aanbiedings gedoen het, het ek begin sweet soos 'n vendusie-os voor hulle. Ek het besluit: *Fok dit, ek moet die spelers vertel wat aangaan*. Ek het dit effe versag en vir hulle gesê: “Ek is 'n bietjie siek.”

Ek wou nie hul aandag aflei nie, so, ek het hulle gerusgestel dat dit niks ernstigs is nie en dat ek behandeling ontvang, wat die nuwe-effekte verklaar het. In terme van ons beleid oor openlikheid en eerlikheid, wou ek hê hulle moes ten volle bewus wees van die probleem, maar ook ontspan daaroor. Ek wou nie hê hulle moes daar sit en wonder hoekom sweet Rassie so baie, hoekom is Rassie so vet, hoekom swel hy so op en hoekom is hy nie so aktief op die oefenveld nie.

Dit was nie die einde van my probleme nie. Ek het koorsblare in my mond gekry en allergiese reaksies wat ek normaalweg nooit gekry het nie, soos 'n veluitslag uit die bloute. As enige iemand 'n maagkiem gehad het, was ek die eerste om dit aan te steek. Wat ook al spanlede onder lede gehad het, ek het geweet ek sou dit ook kry. Maar ek het nooit die punt bereik waar dit gevoel het of ek wou moed opgee nie.

In April het ek my dokter gevra of ons die behandeling kon bestuur om dinge 'n bietjie makliker te maak wanneer ek in Japan kom vir die Wêreldbeker. Wat my nogal omgekrap het, was dat wanneer mense my in die openbaar gesien het, hulle aangeneem het ek lewe 'n luilekker lewe noudat ek Springbokhoofafrigter is, dat ek eet en drink en my gate uit geniet. Ek was nie lus om aan enige iemand te verduidelik nie: *Luister, ek is fokken siek, man.*

Ek het my ietwat onttrek, nie van die span nie, maar van die publiek. Ek wou ook nie hê my kinders moes weet hoe siek ek was nie – nie dat ek ernstig siek was nie. Ek was vol vertroue dat die dokter dit onder beheer gehad het, en ek het elke maand vir 'n ondersoek gegaan, ook tydens die Wêreldbeker. Hy was bereid om 'n bietjie skiet te gee met die behandeling, maar hy het geweier om enige iets op die spel te plaas deur die medikasie geheel en al tydens die toernooi te staak. Ek is dankbaar om te sê die siekte het in 2022 in remissie gegaan, maar dit is iets waarop ek maar voortdurend 'n oog sal moet hou, want jy weet nooit wat volgende gaan gebeur nie.

In 2018 was ek op die punt om na Japan te vertrek saam met ons operasionele bestuurder, Charles Wessels, om bestek te neem van die hotelle en oefenvelde vir die Wêreldbeker. Ek het steeds koors gekry en toe kry ek skielik 'n abses in my kakebeen, reg op die plek waar ek 25 jaar tevore 'n inplanting van metaal moes kry om 'n gebreekte kakebeen te herstel nadat ek in 'n klubwedstryd met Dennis van Zyl, my eerste Cheetahs-kamermaat, gebots het. Nou het my liggaam die inplanting eensklaps verwerp. Die dokters het vermoed dis weens die aftakeling van my immuunstelsel wat deur die medikasie veroorsaak is. Ek moes chirurgie ondergaan om die metaal te verwyder, wat ietwat problematies was, want ná so 'n lang tyd in my kakebeen het been daaroor gegroei. Die mond-en-kaakchirurg het daardie dag sy geld dubbel en dwars verdien. Die stuk metaal is deesdae 'n vertoonstuk in my kroeg.

Die dag ná die operasie het ek Londen toe gevlieg om 'n Sesnasies-kragmeting tussen Engeland en Skotland te kyk, en dan moes ek Tokio toe gaan om die bestekopname saam met Charles te doen. Op die vlug was my kakebeen regtig seer, en ek was desperaat vir pynmedikasie. Toe ek op die Tokio Internasionale Lughawe aankom, het hulle my meegedeel my bagasie

het weggeraak. Die eerste ding wat ek gedoen het toe ek in die stad aankom, was om pynmedikasie en onderklere te koop.

Nog iets wat waarskynlik 'n komplikasie van Wegener se siekte was, was toe ek, bisar genoeg, TB in my elmboog gekry het en die gewrig moes laat opereer. Ek het gedog TB is 'n longsiekte.

Daar was egter nooit 'n kans dat Wegener se siekte my sou verhoed om by die Wêreldbeker uit te kom nie. Die dokter het geweet dis 'n groot jaar vir my. Solank die behandeling gewerk het en ek gereeld getoets is, het hy geen probleme voorsien nie. Die gesukkel om asem te haal het my nie so erg gepla nie, maar dit was sleg om nie saam met die spelers te kon oefen nie, en om so erg te sweet wanneer ek my aanbiedings doen. My ego het 'n paar harde houes gevat. Ek het dit gehaat om op te swel van die waterretensie. Maar die dokter het my afgebring aarde toe deur my behandeling vir my in perspektief te plaas. Wegener se siekte is ernstig, en as dit nie behoorlik behandel word nie, is die sterftesyfer hoog. En tog was my behandeling slegs 'n agtste van dit wat 'n pasiënt met ernstige kanker ontvang. Ek kon nie kla nie.

IN NOVEMBER 2018 HET DIE SPRINGBOKKE op hul jaareindtoer vertrek om teen Engeland, Frankryk, Skotland en Wallis te speel. Al ons oorblywende internasionale wedstryde voor die Wêreldbeker is gebruik om ons wedstrydplan en kombinasies te toets, en om seker te maak ons het die regte spelers in al die posisies.

Ons eerste wedstryd was teen Engeland op Twickenham, en dit het in omstredenheid geëindig. Voorspelbaar genoeg het die media dit as 'n "wraakwedstryd" bestempel nadat ons Engeland in die tuisreeks in Junie geklop het. Sbu Nkosi het 'n drie gedruk wat aan ons 'n rustydvoorsprong van 8-6 besorg het. Met vier minute speelyd oor, was ons egter met 11-12 agter. Handré Pollard het 'n geleentheid gekry om ons te laat voorloop, maar sy 48 meter lange strafskoppoging was teen die regterregoppaal vas. Ons het nietemin die druk volgehou en, met die sirene wat reeds geloei het, nóg 'n aanval teen die Engelse geloods. André Esterhuizen het 'n losbal tussen die halflyn en die Engelse tienmeterlyn opgeraap en met 'n kragtige lopieskuins oor die veld begin. Owen Farrell het hom trompop geloop en hulle albei het op die grond beland. Engeland het besit gewen en hul stut Harry Williams het die bal uitgeskop om die wedstryd te beëindig. Die blaser, Angus Gardner, het die TV-skeidsregter geraadpleeg om vas te stel of daar vuilspel was. As daar was, sou ons 'n strafskop kry en daarmee saam 'n kans om die wedstryd te wen. Hulle het besluit dat Farrell sy arms voldoende om Esterhuizen gehad het vir die duikslag om wettig te wees en die eindfluitjie het geblaas. Selfs die Engelse kommentators was stomgeslaan, met Stuart Barnes wat gesê het: "Sorry, but it doesn't matter what you are (sic), but that is not an attempted tackle."

Op die nuuskonferensie waar ek en Siya ná die wedstryd moes verskyn, het ek seker gemaak my gesig verklap niks. Toe die onvermydelike vraag kom, wou iemand weet wat ek gedink het van die "skouerloop op André Esterhuizen", soos die verslaggewer dit gestel het. Ek het die vraag afgemaak met: "Skouerloop of duikslag?" Ek het gelag om te wys ek maak

'n grappie en toe bygevoeg: "As dit 'n skouerloop was, sou die skeidsregter hom gestraf het en ons sou 'n kans gestaan het om die wedstryd te wen. Dit was 'n goeie duikslag en goed uitgevoer, want ek het lank laas gesien hoe iemand André Esterhuizen so duik. As alles volgens die reëls was, wat ek nie regtig goed op die beeldmateriaal kon sien nie, dan moet ons só begin duik. Dis duidelik iets baie effektiefs."

'n Paar minute later het die onderwerp weer opgeduik en ek is gevra wat my van die duikslag bekommer het. Ek het gesê niks bekommer of pla my nie, en my opmerking herhaal dat as dit toelaatbaar was, moet ons so duik, want om André so in sy spore te stuit wil gedoen wees. Ek het gesê ons moet oefen om dit te doen. Die verslaggewer het my van sarkasme probeer beskuldig, maar ek het dit ontken.

Ons het dalk die toetswedstryd verloor, iets wat my nog altyd omgekrap het, maar ons het geweet ons sou die jaar daarna in een of ander stadium teen Engeland in die Wêreldbeker te staan kom, en op grond van hul vertoning op Twickenham het ons geweet ons kon hulle klop. Ons het nie 'n volsterkte span gehad nie, terwyl hulle het. Ons was sonder 'n paar van ons sleutelspelers wat nie deur hul klubs vrygestel is nie omdat die wedstryd buite die toetsvenster geval het. Maar ons kon nie die Owen Farrell-duikslag vir ons nederlaag blameer nie omdat ons, soos ek op die nuuskonferensie ná die wedstryd gesê het, nie ons geleenthede benut het nie en ons dissipline ons in die steek gelaat het, wat tot te veel strafskoppe gelei het.

Omdat ons sonder ons skrumskakel, Faf de Klerk, was, wat daardie naweek in die Engelse Premierskap vir Sale Sharks gespeel het, het ons 'n kans gehad om te kyk hoe Ivan van Zyl en Embrose Papier voor 80 000 mense op Twickenham speel.

Terwyl ons voorberei het vir ons volgende wedstryd, teen Frankryk op die Stade de France, het ek die daad by die woord gevoeg en daardie duikslae geoefen. Ons het verneem dat daar nie teen Farrell opgetree sou word nie, wat beteken het selfs die onafhanklike kommissaris het gereken die duikslag was toelaatbaar, so, ons het 'n kort video gemaak om te wys hoe ons oefen om dit so te doen. Vir die grap het ons 'n opname gemaak waarin ek en Jacques Nienaber, ons verdedigingsafrigter, vir André leer om 'n duiksak Farrell-styl te lak en hom aansê om hoër te duik.

Dit was regtig as 'n grap bedoel, maar dit het op sosiale media beland en

'n herrie in die klein verorsaak. Dit was vir my interessant om die gemengde reaksie dop te hou, met party voormalige spelers wat ons daarvan beskuldig het dat ons nie beslissings kon hanteer wat nie in ons guns was nie, terwyl ander, soos die voormalige senter van Engeland en die Britse en Ierse Leeus (en deesdae TV-ster) Ugo Monye, duidelik verstaan het presies wat ons gedoen het. Monye het opgemerk dit was snaaks en slim, want dit het die soeklig geplaas op die teenstrydighede wat betref dit wat aanvaarbaar is en dit wat nie aanvaarbaar is nie.

Ons het nie gekerm of 'n bohaai gemaak nie, maar besluit om te lag en aan te beweeg. Ek was dalk nie sarkasties op die nuuskonferensie nie, maar ek was beslis sarkasties toe ons die video gemaak het. Ek het geweet dit sou op sosiale media uitlek, maar dit het my nie geskeel nie. Dit het die debat oor die toelaatbaarheid van sulke duikslae aan die gang gehou. Ses maande later het Wêreldrugby riglyne vrygestel om die kwessie van hoë duikslae en skouerlope te takel, wat gewys het hoe erg Gardner en die TV-skeidsregter die pot misgesit het. 'n Mens moet Gardner darem ter ere nagee dat hy sy fout in die openbaar erken het, waarvoor ek hom respekteer.

Die skeidsregter vir die volgende wedstryd was Nigel Owens en hy het gewys presies hoe oplettend hy is. Ek het opgemerk dat die stadionhorlosie nie stop elke keer as daar 'n onderbreking in spel was nie. In die 81ste minuut – volgens die stadionhorlosie – was Frankryk met 26-22 voor toe hulle 'n skrum vyf meter van ons doellyn af wen. Daar sou baie meer speelyd oor gewees het as hulle die horlosie tydens die onderbrekings gestop het. Gelukkig het Owens ook die probleem opgemerk en seker gemaak dat nog tyd bygevoeg word. Dit het beteken dat Frankryk nie bloot die bal uit die skrum kon wen en uitskop om die wedstryd te wen nie. Hulle moes aanspeel. Ons het daarin geslaag om 'n strafskop af te dwing toe Owens hulle straf omdat hulle die bal vashou. Elton Jantjies het die bal van ons eie doellyn af gesool, maar nie direk uitgeskop nie. Gelukkig vir ons is die bal van 'n Franse speler se hand af oor die kantlyn, so, ons het wel die lynstaan gekry. Owens het weer na die tyd gekyk, want volgens die stadionhorlosie was 82 minute al verstreke, maar hy het die spel laat voortgaan. Ons het nog 'n strafskop uit die lynstaan gekry en Elton het hoek toe geskop. Van daardie lynstaan af het ons gedryf en Bongi Mbonambi het

gaan druk. Handré het oorgeskop en ons het met 29-26 gewen.

Dit was 'n belangrike oorwinning, want andersins sou ons op pad wees na Murrayfield in Edinburgh ná twee nederlae in 'n ry. Weer eens was dit duidelik hoe dinge in internasionale rugby soms op 'n mespunt balanseer. As Nigel Owens nie bewus was daarvan dat die stadionhorlosie in Frankryk partykeer nie stop nie, sou hy nie verseker het dat nog tyd bygevoeg word nie en Frankryk sou die wedstryd ná daardie vroeëre skrum gewen het.

Skotland het ons lekker opgedreun, maar ons krag voorlans was genoeg om hulle in bedwang te hou. Handré was uitstekend en het 'n drie gedruk en 13 punte geskop vir 'n 26-20-oorwinning. Maar ons het teruggekom aarde toe nadat Wallis ons vir die tweede keer daardie jaar geklop het, 'n 20-11-sege op Cardiff Arms Park. Daardie nederlaag het aan my 'n 50%-wenrekord in my eerste jaar as Springbokafrigter besorg. Nie te waffers as jy dit met ander Bokafrieters voor my vergelyk nie, maar ons het die wedstryde gewen wat ek spesifiek aan die begin van die jaar in die visier gestel het – die reeksoorwinning teen Engeland en die Wellington-kragmeting teen die All Blacks.

Die Wêreldbekerjaar het afgeskop met my eerste verkenning van die hotelle en oefengeriewe in Japan. Saru se operasionele bestuurder, Charles Wessels, logistieke bestuurder, JJ Fredericks, en krag-en-kondisioneringsafrieter, Aled Walters, het my op die sewe dae lange uitstappie vergesel.

My bagasie het voete gekry, daarom moes ek 'n paar hemde en onderbroeke koop en ek was 'n bietjie selfbewus oor die effek van die medikasie wat ek gebruik het. Maar ons Japanse gashere was ongelooflik vriendelik en het altyd die beste bedoelings gehad – al het hulle, toe hulle my met die inkopies gehelp het, vir my onderbroeke gekry wat te klein was en hemde wat te bont was.

Dit was 'n interessante reis, want ons was by 'n verskeidenheid hotelle, insluitende ou Japanse hotelle, waar ons geleer het van die antieke tradisies en gebruike van die mense van Japan. Ná die derde dag het ek geweet watter plek aan al ons vereistes voldoen het. Maar Charles het daarop aangedring dat ons na elke liewe hotel moes gaan. Hy was vasbeslote om elke bed in elke kamer te sien, Aled wou elke gimnasium sien en met al die sjefs gesels om na die spyskaarte te kyk sodat hy aan die dieetkundige kon

terugrapporteer, en JJ wou vasstel hoe lank dit sou vat om met die bus by die oefenvelde en stadions uit te kom. Teen die einde van die toernooi het ons op die ou end nie 'n enkele keer gevlieg om op die verskillende plekke te speel nie. Ons het elke keer met die trein gery, gewoonlik die indrukwekkende sneltrein wat 'n spoed van 300 kilometer per uur kan bereik, met die voordeel dat ons die trein se Wi-Fi kon gebruik en op ons skootrekenaars kon werk. Ons het ons skakelbeamptes, Gents (soos ons hom genoem het) en Sajuri, leer ken. Ek en Gents whatsapp mekaar nog steeds.

Japan is 'n pragtige land, ryk aan kultuur en 'n fantastiese plek vir 'n toeris, maar ek was nog nooit regtig iemand wat erg is oor besienswaardighede nie. Ek onthou selde 'n hotel se naam, of die naam van 'n stadion waar ons gespeel het. Sulke dinge maak nie juis 'n indruk op my nie. Ek het nog nooit Parys toe gegaan en daarop aangedring om die Eiffeltoring te sien nie. Ek is altyd gefokus op die wedstryd wat voorlê, hoe dit met ons oefensessies gaan, en die span se vertoning op die dag van die wedstryd. Ek kan nie veel van Japan onthou nie, afgesien van ons rugbyaktiwiteite. In daardie opsig is ek 'n swak toeris.

Ek het steeds die Despatch- en Bloemfontein-streep in my, so, ek is nie baie gesofistikeerd nie. Ek hou van sekere soesji, maar in Japan is ons na 'n spesiale restaurant geneem waar hulle deftige soesji bedien het. Ek, Charles en Aled het vreeslik gelag omdat hulle daarop aangedring het dat ek eetstokkies gebruik, wat ek om die dood nie kon regkry nie. Ek wou 'n vurk hê, maar dis nie regtig goeie maniere om vir sulke eetgerei daar te vra nie. Gevolglik het hulle 'n gordyn toegetrek om ons tafel, wat in die hoek van die restaurant was. Ek het geweet ek het ons gashere in die verleentheid gestel en ek het gereken dis dalk beter om die kos met my hande te eet. Dit was die rouste soesji, met van dit wat gelyk het of dit nog lewe. Nes ek vrugte nie kan verdra nie, kan ek ook nie rou vleis verdra nie. Dit was 'n stryd om daardie soesji te eet.

Dit het my laat terugdink aan iets wat gebeur het toe ek en André Venter en Tokkie Kasselmann vir die Vrystaat gespeel het. Ons was in Kaapstad om teen die Westelike Provinsie te speel en ons het in die deftige Ambassador-hotel in Bantrybaai gebly. Op die buffettafel was 'n groot silwer bak met enorme garnale wat met ys bedek was. Dit was my eerste kennismaking met garnale en ek het nie 'n idee gehad hoe om die goed te eet nie – en Tokkie,

wat van Wesselsbron in die Vrystaat kom, ook nie. Die twee van ons het gesien hoe André doodluiters vier groot garnale op sy bord sit. Hulle was steeds in hul doppe, met die kop en pote aan. Ons het gedoen wat André doen en gaan aansit om te eet. Ek het gekyk hoe André 'n hele garnaal in sy mond steek. Hy het dit gebyt dat die pote en voelers op die tafel beland. Hy het gekou en gekou totdat hy dit kon afsluk. Ek en Tokkie het vir mekaar gekyk en besef ons moes dieselfde doen. Tokkie het André se voorbeeld gevolg en vier garnale só geëet, en daarna was dit my beurt. Niemand van ons het vreemd na mekaar gekyk nie. Ek het twee garnale afgewurg, maar met die derde outjie het my moed my begewe. Toe ons by die eetvertrek uitstap, het André gevra: “So, hoe het julle van die garnale gehou?”

Ons het gelieg en gesê: “Oukei. Wat het jy daarvan gedink?”

Hy het geantwoord: “Nee, dis die eerste keer dat ek garnale geëet het.”

Ons Wêreldbeker sou op 21 September teen Nieu-Seeland in Yokohama afskop, maar eers het daar drie toetswedstryde in 'n verkorte Rugbykampioenskap en eenmalige vriendskaplike kragmetings teen Argentinië in Pretoria en Japan in Kumagaya voorgelê, waarin ons ons Wêreldbekervoorbereidings kon slyp.

My benadering tot die Rugbykampioenskap was om dit te wen. Ons het geglo ons kon Australië op Ellispark en Argentinië in Salta en in Pretoria klop. Nieu-Seeland in Wellington was ook vir die tweede agtereenvolgende jaar op die spyskaart. Ek het gewonder waarom hulle besluit het om agtereenvolgende toetse daar te speel. Ek reken dit was om ontslae te raak van die wrok wat hulle sedert die vorige jaar se nederlaag gekoester het.

Ek het gevoel ons is 80% tot 90% op koers met ons spankeuse vir die Wêreldbeker, maar ons het nie al die antwoorde gehad nie, veral wat die skrumskakel betref. Ek het egter geweet ons kon aan die begin van 2019 nog hier en daar eksperimenteer om seker te maak ons het die regte spelers. Van die Wêreldbekerspan van 31 het ek 24 of 25 spelers reeds gekies.

Ek het gereeld met die afrigter van die Suid-Afrikaanse o. 21-span, Chean Roux, gesels om te hoor wie besig was om vir hulleself naam te maak. Ons het padkaarte van hope jong spelers gehad met inligting oor hul ouderdom, lengte, gewig en ras, maar ook hul uitgee-vermoë, suksesvolle

duikslae, skopakkuraatheid en vermoë om aanvallers te klop. Party spelers het baie goed by hul franchises gevaar, maar weggeraak op internasionale vlak.

Chean het my aandag gevestig op 'n jong outjie genaamd Herschel Jantjies van die Universiteit van Wes-Kaapland. Hy was deel van die EPD, so, ons het hom al van jongs af gevolg en hy het in daardie stadium baie goed gevaar in die Varsityskild en vir die Stormers begin speel.

Ons het 'n span van 14 manne vroeg Nieu-Seeland toe gestuur sodat hulle kon akklimatiseer en uitrus vir die toetswedstryd. Ons het 'n ander span in Suid-Afrika gehou om voor te berei vir die wedstryd teen Australië. Dit was die perfekte geleentheid om Herschel sy internasionale debuut te laat maak, waar hy soos 'n speler met baie jare se ervaring gespeel het. In die 11de minuut het Sbu Nkosi 'n man teen die regterkantlyn af geklop. Herschel het by hom gebly, die binnetoe-aangee gevat en onder die pale gaan druk. Met die visie en volwassenheid wat 'n mens van 'n veel meer gesoute speler sou verwag, het hy 'n kortskoppie van Pieter-Steph du Toit (wat bewys het hoe veelsydig Pieter-Steph is) agternagesit en byna-byna sy tweede drie gedruk. In die tweede helfte het hy 'n skitterdrie gedruk nadat hy aan die steelkant om 'n losskrum geglip en oorgedui het sonder dat een Aussie aan hom raak. Herschel het vir ons gewys dat hy die regte temperament vir groot wedstryde het.

Ons het die wedstryd met 35-17 gewen, maar omdat ons byna agt maande laas saam as Springbokke gespeel het, was die spelers 'n bietjie verroes. Ek was effe gefrustreerd omdat die spel heeldyd gehaak het, en ek het geweet as ons by die Wêreldbeker só speel, sou ons nie deur die uitspeelwedstryde kom nie. Maar ek was in my skik met Herschel se vertoning, want daar was steeds vraagtekens oor die skrumkakelposisie. Cobus Reinach het ook sy staal getoon deur van die bank af te kom en 'n drie te druk.

Die afrigters en tien van die spelers wat in die Australië-toets was, het oorgevlieg om by die span aan te sluit wat besig was om in Wellington voor te berei. Dit was weer 'n harde gelykopstryd. Nieu-Seeland het met 16-9 voorgeloop met net meer as 'n minuut speeldyd oor toe Cheslin teen die regterkantlyn af genael en 'n kortskoppie binnetoe gegee het. Herschel het opgevolg en, onder druk van Aaron Smith, die bal probeer vang. Dit het eers teen sy arm en toe van sy bors af gespat, maar die tweede keer het hy

dit vasgevat en gedruk. Ek was oorstelp, en die TV-kameras het my betrap met 'n uitdrukking van amperse ongeloof op my gesig. Eers was daar die naelbyt-gewag op die TV-skeidsregter, wat vinnig beslis het dat daar geen aanslaan was nie, en toe het ons ons asem opgehou terwyl Handré – nadat die sirene reeds geloei het – die bal vir die doelskop stel om die telling gelykop te probeer te maak. Hy was nog altyd 'n man vir die groot oomblik en hy het ons nie in die steek gelaat nie.

Wat my van Herschel beïndruk het, was nie soseer sy drieë nie, maar die vonk wat hy na die spel gebring het. Hy was die ideale ou om Faf de Klerk te ondersteun. Ons het minder gesien as wat ons wou van Cobus Reinach, wat vir Northampton in Engeland gespeel het, maar ons het geweet hy het die X-faktor wat ons by die Wêreldbeker nodig gehad het. Sy pa, Jaco, was 'n vleuel vir die Vrystaat en die Springbokke, en ook op 'n tyd die 400 m-rekordhouer. Hy was een van die gereelde gesigte in die pub by Old Greys, waar ek hom leer ken het. Hy is tragies in 'n motorongeluk oorlede toe Cobus ses jaar oud was.

Ek het Cobus van sy Haaie-dae af geken, stewig gebou en met 'n uitstekende vermoë om balle te steel. Maar Herschel was hierdie onbekende ou wat die opposisie nog nie tyd gehad het om te ontleed nie, en wat oral opgeduik het. Hy kon steelkant om verbyskiet en gevestigde spelpatrone onderstebo keer. Dit het ons skrumskakelprobleem opgelos – Herschel en Cobus sou albei Wêreldbeker toe gaan.

Ons het egter 'n terugslag beleef toe ons aanvalsafrigter, Swys de Bruin, aangekondig het hy wil die Springbokspan verlaat. Ons het nie die besluit verwag nie, maar ons het geweet Swys het vroeër die jaar 'n blaaskans van die Leeus geneem weens stres. Ek het sy eerlikheid waardeur en kon hom nooit verkwalik oor sy besluit nie. As jy nie in iemand anders se skoene staan nie, weet jy nie wat hy deurmaak en watter persoonlike stryd hy stry nie. Swys het ons ná die Nieu-Seeland-wedstryd verlaat en 'n paar weke later as hulpafrigter bedank weens persoonlike en mediese redes. Hy het later gesê 'n ander rede waarom hy die Bokke verlaat het, was omdat hy 'n ander spelfilosofie gehad het, so, dit was die regte besluit.

Daar was ses weke oor voor ons openingswedstryd in die Wêreldbeker, daarom het ek 'n vinnige besluit geneem en Felix Jones van Munster ingebring om Swys te vervang. Ek en Felix is goeie vriende en ek het geweet sy werketiek en rugbykennis is uitstekend. Ons het ook verwag om

teen Ierland in die uitspeelfase te speel, so, Felix se kennis van die Ierse opset sou handig te pas kom. Hy het sonder om te skroom op die vliegtuig geklim om hom by ons in Japan aan te sluit nadat ek hom gebel het. Alles het blitsig gebeur. Hy het nie tyd gehad om die spelers te ontmoet of gewoon te raak aan ons stelsels in Suid-Afrika nie.

Net voor die wedstryd teen Australië in Salta het ons gehoor dat Australië Nieu-Seeland met 47-26 in Perth verslaan het, wat beteken het 'n gelykopuitslag sou genoeg wees vir ons om die Rugbykampioenskaptitel vir die eerste keer in tien jaar te wen. Handré het 'n fantastiese wedstryd gehad waarin hy 31 punte aangeteken het en 'n rekord opgestel het vir 'n enkele speler in die toernooi. Ons het met 46-13 gewen en die trofee omhoog gehou.

Dit was 'n wonderlike gevoel en ons het die oorwinning gevier welwetend dat geen land die titel (of sy voorloper, die Drienasies) sowel as die Wêreldbeker nog ooit in dieselfde jaar kon wen nie. Maar dit was nie vir ons 'n kwessie nie; ons sou eenvoudig die patroon verbreek. Ek het geweet al wat op die ou end getel het, was of ons die Wêreldbeker kon wen. Ons sou nie geoordeel word aan ons sege in die Rugbykampioenskap nie; ons sou geoordeel word aan ons prestasie by die Wêreldbeker. Dit was 'n geval van terug na die beginpunt, en voortbou op wat ons bereik het.

Teen dié tyd was ek baie naby daaraan om my finale Wêreldbekerspan te kies. Elke Woensdag voor 'n Rugbykampioenskap-toetswedstryd het ons 31 spelers gekies, plus sewe op bystand. Ek wou sien, week ná week, of ons enige noemenswaardige veranderinge gemaak het. Het enige speler wat een week op bystand was die daaropvolgende week die span gehaal? Indien wel, wat het verander? Ek wou in 'n posisie wees waar ons tevrede was met die 31 name wat ons sou aankondig, so, ons het ons keuses oor en oor op die proef gestel.

Ons het 'n baie belangrike drie dae lange kamp in Bloemfontein gehad voor die spanaankondiging. Ek wou seker wees dat almal 100% belyn was. Dit het hoofsaaklik daaroor gegaan om die spelers te laat verstaan wat ons besig was om te doen en waarom ons dit doen, en om hulle die kans te gee om hul sê te sê oor dinge wat hulle gepla het.

Ek het die kamp in Bloem gehou omdat dit die regte omgewing

daarvoor was. Ek was op die punt om vir spelers wat so hard gewerk het te sê of hulle Wêreldbeker toe sou gaan of tuis op bystand sou bly, en ek wou dit doen sonder dat enige iets ons aandag aflei. Ons het een oefensessie op Shimlapark gehad, wat 'n geslote sessie was sonder enige iemand langs die veld, en niemand kon op sosiale media bespiegel oor wie in die span sou wees en sodoende die spelers se konsentrasie en selfvertroue benadeel nie. Net een verslaggewer het oor die kamp verslag gedoen.

Ons het na Shimlapark gery sonder dat verkeerspolisie ons vergesel het, en in 'n lodge net buite die stad gebly waar ek die spelers bymekaar gekry en vir hulle gesê het ek wil een laaste byeenkoms met hulle hê voor ek die span aan hulle bekend maak. Ek het die witbord gereed gehad en verduidelik dat hulle vir my moes sê as hulle enige iets op die hart het. Ek het in die vertrek rondgestap. Ons het vier punte op die bord gekry en die vertrek het stil geword, so, ek het 'n kas bier laat kom vir die ouens wat alkohol gedrink het en koeldrank vir die niedrinkers, en ons het aangegaan. Op die ou end het ons nege of tien items op die bord gehad.

Een speler het gesê hy wou die kwessie aanroer van waarom ek nie een-tot-een-gesprekke het nie, 'n ander wou praat oor die musiek wat ons op die spanbus speel, nog een wou gesels oor die liedjies wat die ouens in die kleedkamer sing. 'n Klomp persoonlike kwessies is op die witbord gelys.

Party van die nuwe spelers was nie gewoond aan my beleid om nie een-tot-een-gesprekke te voer nie. Ek het vir hulle verduidelik ek verkies dit om met almal gelyktydig te praat sodat almal verstaan wat aangaan, en sodat geen gerugte kon versprei oor wat agter geslote deure tussen my en 'n speler kon gebeur het nie.

Ek het ook 'n onderskeid getref tussen gewoonte en tradisie. As ons iets gedoen het omdat dit 'n gewoonte geraak het en almal het nie daarvan gehou nie, dan kon ons dit skrap. Dit was moeiliker om ontslae te raak van iets wat 'n lank gevestigde tradisie was. Daar was byvoorbeeld besware oor 'n sekere liedjie wat nog nie eens geskryf was toe ek 'n speler was nie, wat beteken het dit was nie 'n tradisie nie. Die liedjie is altyd in die laaste paar minute van die busrit na die stadion gespeel en ons het seker gemaak dit eindig sodra ons by die hek inry. Dit het beteken iemand moes *play* druk presies twee en 'n half minute vanaf die stadion sodat die liedjie presies op die regte tyd kon eindig. Die liedjie bevat die woorde “ons vir jou, Suid-Afrika”. Dit het my hoendervleis gegee, maar dit is Afrikaans en 'n deel

daarvan klink soos die ou volkslied. Vir 'n Xhosa-ou was dit uiteraard nie relevant nie, so, daar was 'n bespreking oor wat daaromtrent gedoen kon word.

Die musiek op die bus was 'n groot ding. Vir my was die oplossing maklik: Ons maak vir Franco Mostert die DJ en hy kon CD's met hul gunstelingliedjies speel. Die ouens het my uitgelag en wou by my weet: "Wat de fok is 'n CD?" Ek het vir hulle gesê ek raak geïrriteerd en moet op my tong byt elke keer as hulle net een vers van 'n nuwe liedjie speel en dan die volgende liedjie opsit. Ek kon ook verstaan dat 'n Afrikaanse liedjie 'n Xhosa-ou irriteer of dat 'n Xhosaliedjie 'n Afrikaanse ou irriteer omdat hulle nie die woorde verstaan nie.

Ons het oor gesinne gepraat en ooreengekom dat vroue en kinders kon saamkom en in dieselfde hotel as die spelers kon bly, maar dat hulle daarvoor sou moes betaal. Hoekom sou ons volwasse mans vat en van hulle verwag om die regte besluite voor 80 000 mense te neem, maar ons vertrou hulle nie om by hul gesinne te wees nie?

Ons het gepraat oor alkohol en met 'n stelsel vorendag gekom wat drie fases van drink behels het waarop die spelers moes ooreenkom. Fase een het geheel en al geen alkohol behels nie. Fase twee was wanneer spelers 'n bier of twee saam wou drink, of 'n glas wyn saam met jou vrou ná die spanete. Ons het van hulle verwag om geen alkohol op 'n Donderdagaand voor die kapteinsoefening en op 'n Vrydagaand voor 'n wedstryd te drink nie, maar ons was oukei daarmee as hulle op 'n Maandag- of Dinsdagaand lus was vir 'n paar biere. Fase drie was wanneer ons agt dae tussen kragmetings gehad het en die ouens maar lekker kon kuier as hulle wou.

Ons het ook die stelsel geskrap waarvolgens spelers beboet is vir oortredings soos laatkom vir die bus. Ek het vir hulle gesê almal van hulle verdien groot geld, so, om 'n speler met R5 000 te beboet was sinneloos. In plaas daarvan moes ons ons gesonde verstand gebruik. As 'n speler laat was, moes sy gesonde verstand vir hom sê hy was laat en dan moes hy voor die hele span verduidelik waarom hy laat was. Laat almal sy verskoning hoor. Hoekom is jy laat as die res almal betyds is? As die antwoord was dat hy verslaap het, was die antwoord om nie weer te verslaap nie. Maar as ons agtergekom het 'n speler gee nie om as hy verslaap nie, dan was daar die opsie om huis toe te gaan. Ons het steeds ons kontiki's gehou, ons boetevergaderings waar straf uitgedeel is soos om 'n bier met een teug af te

sluk, maar dit was grapboetes en nie daarop gemik om 'n speler in die verleentheid te stel nie. Om nie die span te respekteer nie, was 'n heel ander storie.

Ons het gesels oor dans op die bus, iets wat Siya en party van die ander spelers aan die gang sou sit. Hy moes vir ons die dans verduidelik en vertel hoe dit werk. Vir party spelers was dit iets nuuts wat hulle wou verstaan en waaraan hulle gewoond moes raak. Niemand sou gedwing word om saam te dans nie, en niemand sou gedwing word om na 'n Afrikaanse liedjie te luister nie. En die ou wat sy oorfone opsit, moes nie verkwalik word nie, want hy probeer jou nie ignoreer nie – dis net nie sy ding nie.

Ek was op die punt om die Wêreldbekerspan aan te kondig, maar ek moes natuurlik die sewe bystandspelers meedeel dat hulle nie die paal gehaal het nie, so, ek het my eie reëls verbreek en dit in persoonlike gesprekke gedoen. Dit was die moeilikste gesprekke wat ek ooit moes voer. Die spelers was so gespanne en daar was baie tranes aan albei kante. Party het die span net-net gehaal of nie gehaal nie. Ek kon nie vir hulle spesifieke rugbyredes gee waarom hulle nie gekies is nie, want daar was so min verskil tussen hulle en die ouens wat wel die span gehaal het. In sommige gevalle was ek nie eens 100% seker of ons die regte besluit geneem het nie, en dan was ek eerlik met die speler en het ek dit vir hom gesê.

Hulle was almal bitter hartseer. Nie een van hulle was kwaad nie en niemand, sover ek weet, het agter my rug oor my gepraat nie, want dit kom later terug na jou toe. 'n Klomp van hulle is steeds met ons vir die volgende Wêreldbeker. Ek weet party mense, wat glo ek bedryf politiek met my spankeuses om rassekwotas te haal, sal beweer ek het spelers weggelaat op grond van ras. Dit het nooit gebeur nie en dit was buitendien iets wat ek eenvoudig nie sou doen nie. Ek het die jaar tevore die harde werk gedoen om te verseker dat die span wat na die Wêreldbeker gaan Suid-Afrika verteenwoordig en dat alle keuses op suiwer rugbygronde gedoen is. Daar was swart én wit spelers onder dié wat nie die span gehaal het nie.

Ondanks die feit dat ek openlik en eerlik met die media en die publiek omgegaan het, was daar knaend beskuldigings dat ek politieke agendas het of die knie buig voor hoër politieke magte. Ek het probeer om mense te laat verstaan hoe ek dink en voel deur bloot eerlik te wees. Al wat ek kon doen, was om aan die ondersteuners die korrekte inligting te gee, en dan het dit hulle vrygestaan om self besluite te neem en my te behandel soos hulle

goeddink.

Op die ou end is twee bystandspelers ontbied nadat die toernooi afgeskop het. Thomas du Toit het vir Trevor Nyakane vervang, wat 'n kuitspier geskeur het, en Damian Willemse het vir Jesse Kriel vervang, wat sy dyspier beseer het. Albei spelers is in die openingswedstryd teen Nieu-Seeland beseer.

VOORDAT EK WÊRELDBEKER TOE KON VERTREK, moes ek seker maak ek is gesond genoeg vir die toernooi. My dokter het my getoets en was tevrede dat die medikasie die gewenste effek gehad het. Die siekte was nie ten volle in remissie nie, maar hy was bereid om die dosis te verlaag sodat die newe-effekte minder ernstig sou wees. Ek het steeds baie gepie en ek was opgeswel van die waterretensie, maar vir my was die belangrikste oorweging dat my siekte nie die spelers negatief moes beïnvloed nie. Ek wou nie hê hulle moes dink ek was paniekerig omdat ek so baie sweet nie. Ek het seker gemaak hulle verstaan ek sweet as gevolg van die fokken pille. Ek het gesukkel om te slaap en moes elke dan en wan 'n slaappil drink, wat my in die oggend met 'n dik kop laat opstaan het. Ek het geweet as jy in ag neem wat sekere mense weens siekte moet verduur, het ek eintlik min gehad om oor te kla. Ek kon die simptome van die siekte bestuur en die gevolge van die medikasie hanteer.

Dit sou nogal gaaf gewees het as ek my situasie aan elke mens kon verduidelik wat verbygestap en skertsend opgemerk het dat ek deesdae te rof kuier of dat ek vet geword het. Maar ek het gedink: *Hoe moet hulle weet?* Die vorige jaar nog het hulle gesien hoe ek saam met die spelers op die veld rondhardloop of op 'n nuuskonferensie sit, en skielik het ek anders gelyk. Die kwetsende opmerkings het hoofsaaklik gekom wanneer die Springbokke verloor het en die ondersteuners emosioneel en kwaad was.

Maar die keersy daarvan was dat baie mense presies die teenoorgestelde was, soos die ou tannie wat vir my kom vra het: "My kind, is jy oukei?" Of diegene wat net my hand wou skud of my 'n druk wou gee. Ek kan nie kla oor negatiwiteit terwyl daar soveel positiewe reaksies was nie.

Die aanhoudende gepie was egter 'n kwessie, en partykeer moes ek die bus vinnig laat stilhou sodat ek kon gaan water afslaan. Ek moes ons reis noukeurig beplan en seker maak ek laat nooit 'n kans verbygaan om te pie nie, want ons kon nie sommer langs die pad stilhou nie. Dit sou nie die regte beeld uitdra as verbygangers 'n bus vol Springbokke sien en die

afrigter wat langs die pad staan en urineer nie. Partykeer het ons by 'n vulstasie stilgehou sodat ek kon afspring, maar omdat almal ongeduldig vir my gewag het en ek onder druk was om klaar te kry, het ek soms verhoogvrees gekry en dan het ons verder gery sonder dat iets gebeur het.

Tydens wedstryde, wanneer die situasie gespanne was en ek nodig gehad het om te konsentreer, kon ek nie sommer net weggliip toilet toe nie. Tydens die Wêreldbeker in Japan het ek 'n begeleier gehad wat my oral op die stadion moes vergesel, so, ek het partykeer die pad gevat met my begeleier wat my ore in die nek agternasit, en dan kon ek op die ou end nie pie nie omdat ek dit nie onder druk kan doen nie, en dan haas ek my maar terug afrigterslosie toe, net om 'n rukkie later weer weg te storm om weer te probeer.

Genadiglik het ek nooit 'n kritieke stuk spel tydens een van daardie dolle badkamerjaagtogte misgeloop nie – en daar was nogal heelwat van hulle. Partykeer het ek op hoogte van die aksie gebly deur so in die hardloop op my foon na die wedstryd te kyk, wat nie ideaal was nie, want daar kon 'n vertraging van 30 sekondes wees. Op die ou end het my toiletlopië darem nie 'n groot impak gehad op my vermoë om die werk te doen nie.

Dié storie laat dink my aan 'n absoluut legendariese afrigter, oom Tat Botha, wat my op Vrystaat o. 21-vlak en by die Shimlas afgerig het. Tydens wedstryde het hy so senuweeagtig geword dat hy nie kon kyk hoe ons speel nie. Wanneer ons opgedraf het, het hy op die toilet gaan sit. As hy die tuisskare gehoor juig het, het hy waarderend deur die toiletvenster na die oorverdowende gebrul geluister. Maar as dit 'n wegwedstryd was, het hy die toilet gespoel om die geraas van die teenstanders se ondersteuners uit te doof. Op 'n keer het ons op Nuweland teen Westelike Provinsie o. 21 gespeel. Hulle het in die doodsnikke van die wedstryd punte aangeteken en die voortou geneem. Oom Tat, wat die gejuig van die Westelike Provinsie-ondersteuners gehoor het, het die toilet 'n paar keer gespoel en daarna veld toe gestap. Hy het nie besef dat ons direk ná die afskop 'n drie gedruk en die wedstryd gewen het nie. Toe ons ná die eindfluitjie terug kleedkamer toe stap, kom skud oom Tat ons hande ewe simpatiek en sê: “Bad luck, ouens ... Sorry, ouens,” terwyl ons sy hand verward skud.

Ek het nie by die spelers se private lewe betrokke geraak in 'n poging om hulle beter te verstaan nie. Ek dink dis die prentjie wat baie mense van my wil skets. Party spelers sal sê ek was vir hulle 'n vaderfiguur, maar ek dink nie dis wat ek ooit was nie. Ek het seker gemaak ek verstaan waar elke speler vandaan kom, maar ek het hulle nie gevra om hul agtergrondstorie met my te deel nie. Ek het daarvan gehou om te weet in watter skool 'n ou was en vir watter klubs hy gespeel het. Dis dalk verkeerd om dit te erken, maar ek is mal daaroor om met spelers te werk wat dit nie maklik gehad het nie. Ek weet dit klink dalk onregverdig, want dit kan voorkom of ek iemand wat maklike grootwordjare gehad het maar 'n briljante speler is, nie 'n regverdigte kans gun nie. Dis nie die geval nie. Ek kies 'n ou op grond van sy rugbytalent. Maar (en dis dalk 'n karakterfout), as jy vir my twee spelers gee en ek sien een het grondpad gestap terwyl die ander een teerpad gestap het, dan kies ek die grondpad-ou.

My eie pad was plek-plek geteer, maar daar was ook heelwat grond. Dalk geniet ek dit meer om met spelers te werk in wie ek iets van myself herken. Ek kan die drang om te wen vir so 'n speler meer persoonlik maak. Ek het al spanmaats gehad met 'n goeie stamboom, maar wanneer dinge taai en donker word daar buite, verdwyn daai stamboom. Ek soek spelers wat nooit wegstroom daarvan om regtig hard te werk vir hul span nie, en geen verskonings vir swak prestasie soek nie.

Neem Franco Mostert, byvoorbeeld. Ek het sy broer, JP, afgerig, wat ook 'n briljante vaskopslot was, en flank en agtsteman kon speel. Toe was hy in 'n aaklige motorongeluk waarin hy sy nek gebreek het, waarna hy aan 'n rolstoel vasgekleuster is, verlam van sy middellyf af ondertoe. Franco – of Sous, soos ons hom noem – het professionele gholf probeer speel, maar hy kon nie die mas opkom nie, so, hy het alles ingesit om 'n wêreldklas-rugbyspeler te word. Ek weet elke keer as hy vir Suid-Afrika speel, speel hy vir sy broer sowel as sy land.

Ek herinner die spelers gedurig hieraan. Hulle speel vir die mense van hul tuisdorp of grootwordplek, vir hul familie, vir die mense vir wie hulle omgee. Ons het foto's van hul gesinne gebruik om die nommers agterop hul truie te vorm. Dit was nie my idee nie, maar wat ons probeer sê het, was dat jy as speler geken word aan jou Springbokposisie en die nommer, en jy speel vir die mense op daai nommer. Dit het nogal in ietwat van 'n logistieke nagmerrie ontaard, want dit vat heelwat tyd om daardie truie te

laat maak, en as ons op die nippertjie ons spankeuse verander het, moes ons die truie laat verander. Daardie veranderinge op nommer 99 het ons operasionele bestuurder, Charles Wessels, rasend gemaak.

Mapimpi het vir ons 'n foto van homself gegee, nie van sy gesin nie. Ek het nie sy agtergrondstorie buite rugby geken nie, so, ek het hom gevra wat aangaan. Hy het vir my vertel hy het geen familie nie. Hy het nie sy pa geken nie, sy ma is oorlede en sy broer het doodgeskok. Mapimpi het grootgeword in 'n wêreld van geweld, nes Siya, en dit is waarom hulle albei so passievol is om bewustheid rondom huishoudelike geweld te skep. Dit was vir my baie emosioneel om sy storie te hoor, en toe ek dit vergelyk het met wat ek in Japan gehad het, met my vrou en kinders by my terwyl hy niemand gehad het nie, het dit my hard teruggeruk na die werklikheid.

Minder as twee weke voor die aankondiging van die Springbokspan, het ons teen Argentinië gespeel in 'n vriendskaplike wedstryd op Loftus. Dit was destyds Siya se eerste wedstryd terug nadat hy die hele Rugbykampioenskap weens 'n besering misgeloop het. Ek het die kapteinskap aan Schalk Brits gegee om hom voor te berei vir die taak in een van die Wêreldbekergroepwedstryde. Dit was 'n gulde geleentheid om 'n bietjie met die span te eksperimenteer en seker te maak ons het die regte spelers vir die Wêreldbeker. Sbu Nkosi het twee keer gedruk en ons het met 24-18 gewen.

Daar was nie 'n groot ophef toe ek die ander spelers laat weet het hulle het die Wêreldbekerspan gehaal nie. Hulle het dit self uitgewerk omdat hulle nie ingeroep is om ingelig te word dat hulle op bystand was nie. Ek het nie 'n aankondiging gemaak wat met 'n gejuig begroet is nie. Dit het net nie so uitgewerk nie. Maar daardie aand het ons wel 'n behoorlike kuier gehad – daar is op fase drie gedrink. Die spelers wat uit die span weggelaat is, het saam met ons gejol en is eers die volgende dag weg. Ek onthou hoe ek op 'n kol daardie aand teen RG Snyman geskrum het. Die volgende dag het ek met die span van 31 spelers gepraat en vir hulle gesê hulle kon nou hul familie met die nuus bel, maar ek het hulle gemaan om nie te veel mense te bel nie, want ons moes later daardie week 'n amptelike spanaankondiging regstreeks op SuperSport doen.

Ons was die eerste Wêreldbekerspan wat in Japan aangekom het. Ons het die Sondag, 1 September, in Tokio geland en meer as vier uur per bus gery na die stad Seki om voor te berei vir ons vriendskaplike wedstryd teen die gasheerland.

Daar was twee redes waarom ons daardie wedstryd gereël het. Die eerste is omdat ek verwag het Japan sou vir die uitspeelfase kwalifiseer. Ek het 'n scenario uitgewerk waar ons eerste in ons groep geëindig het, Japan tweede na Ierland in hul groep gekom het, en ons teen hulle in die kwarteindstryd sou speel. Ek wou die kat mooi uit die boom kyk en daar was geen beter manier om dit te doen nie as om in Japan teen hulle te speel. Die tweede rede was dat dit 'n goeie geldmaakgeleentheid vir ons was, aangesien Charles Wessels my gewaarsku het dat ons nie die begroting gehad het om alles te doen wat ek graag wou doen nie.

Engeland se begroting vir die Wêreldbeker was waarskynlik meer as ons totale rugbybegroting vir al ons spanne. Ons het eenvoudig nie die geld gehad nie; ons was sesde in die wêreld. Dit het sin gemaak om vroeg in Japan te kom, aan die toestande gewoond te raak, die mense te leer ken, hul kultuur te leer verstaan, en 'n bietjie geld te verdien.

Ná 'n 25 uur lange vlug het ons by ons eerste basis in Seki aangekom, 'n stad met sowat 90 000 inwoners. Dit was warm en bedompig, met die temperatuur wat tot 29 grade Celsius gestyg het. Ons het dadelik aan die werk gespring, want die opwarmingswedstryd teen Japan in Kumagaya was oor vyf dae. Ek het baie respek vir die Japanse span gehad en plaaslike joernaliste het my meer as een keer herinner aan Japan se beroemde 34-32-oorwinning oor die Springbokke by die 2015-Wêreldbeker. Die Janners het hul hoogste posisie van negende plek op die wêreldranglys behaal, oorwinnings oor die VSA, Tonga en Fidji op hul kerfstok gehad, en die Stille Oseaan-nasiesbeker gewen. Hulle was goed afgerig en goed gekondisioneer. Ek het vir die media gesê ek weet daar is 'n fliek oor hul Wêreldbekeroorwinning gemaak – ons taak was om seker te maak daar's nie 'n opvolg nie.

Ons het ses drieë gedruk in daardie 41-7-oorwinning oor Japan voor 22 000 ondersteuners, maar dit het glad nie 'n demper op die plaaslike inwoners se entoesiasme vir die Springbokke geplaas nie. In die stede wat ons as basis gebruik het, het die inwoners Springboktruie gedra. Ek dink hulle het verwag dat hul eie land nie baie ver in die toernooi sou vorder nie,

en daarom het hulle 'n tweede span aangeneem. Of dalk was dit omdat ons so vroeg daar aangekom en dus die eerste publisiteit gekry het. Wat ek wel weet, is dat die Japannese ongelooflike goeie mense is en wanneer jy teenoor hulle oopmaak, gee hulle die ondersteuning dadelik terug. Dit was nie sommer net vir die skyn nie; hulle ondersteuning en liefde vir die Springbokke was die ware jakob. Hulle het selfs ons volkslied geleer.

Ons het 'n amptelike verwelkomingseremonie gehad wat, danksy ons vroeë aankoms, nie ingemeng het met ons lang verwagte openingswedstryd teen Nieu-Seeland nie. Dit was die wedstryd waarop ek voorberei het nadat ek klaargemaak het met my werk by Munster minder as twee jaar tevore. Die oorwinning en gelykopuitslag in Wellington het aan ons 'n goeie dosis hoop besorg, al het hulle ons op Loftus geklop deur in die laaste 20 minute oor ons te hardloop.

Die wedstryd teen die All Blacks was so groot soos wat ons verwag het. Dit is as die belangrikste wedstryd van die groepfase beskou en dit het massiewe belangstelling ontlok. Die eerste 15 minute het ons hulle in hul halfgebied vasgepen, maar die All Blacks het hul ou laai uitgehaal – om hard en vinnig terug te baklei. Hulle het 17 punte binne vyf minute aangeteken, insluitend twee drieë deur George Bridge en Scott Barrett, en skielik was dit óns wat moes inhaal. Teen rustyd het hulle met 17-3 voorgeloop, maar ons het vasgebyt en die druk volgehou. Dit het vrugte afgewerp toe Pieter-Steph onder die pale gaan druk het. Danksy Handré se doelskop en 'n bykomende skepskop was ons terug in die wedstryd, net vier punte agter. Die All Blacks het net twee strafskoppe afgestaan teenoor ons 11, en ons het met 13-23 verloor.

Ek het verwag dat dit 'n 50/50-wedstryd sou wees. Ons het presies geweet wat ons verkeerd gedoen het, en ons het geweet hoe om die probleme reg te stel. Die manier waarop hulle hul drieë gedruk het, was geen verrassing nie; hulle het ons swak skoppe in omgekeerde besit omskep, 'n gaping in ons verdediging raakgesien en 'n mislukte duikslag uitgebuit. Ek het heeltyd gevoel dat ons in die wedstryd is en verwag dat ons enige oomblik gaan vlamvat. Ons het ons kanse gehad, en slegs 'n briljante duikslag deur Richie Mo'unga het verhoed dat Cheslin Kolbe gaan druk. Al was ons agter, het ek geweet dat ons al voorheen terugbaklei het teen hulle. Ek het gevoel dat ons dit steeds kon doen. Maar toe die eindfluitjie blaas, was ons onteenseglik verslaan. Ons was teleurgesteld

maar nooit moedeloos nie. Ons het beslis nie gevoel alles is verlore nie. Daar was bespiegeling dat dit net 'n voorskou van die eindstryd was, want die verwagting was dat albei spanne tot op daardie punt onoorwonne sou bly, in welke geval ons weer kragte sou meet. Die media het groot gewag gemaak van die feit dat geen span nog ooit 'n groepwedstryd verloor en op die ou end die trofee verower het nie. Maar dit het ons min geskeel.

Die nederlaag het egter beteken ons was onder reusedruk om ons groepwedstryd teen Italië te wen. Ons het geweet ons kon Namibië en Kanada, die ander spanne in Groep B, klop. Maar as ons teen Italië verloor het, wat die Springbokke drie jaar tevore onder Allister Coetzee verslaan het, sou ons uitgeskakel wees uit die toernooi. Ons derde wedstryd het pas 'n monster van 'n kragmeting geword.

Ek het reeds planne in plek gehad ingeval ons teen die All Blacks verloor. Toe ons aan die begin van die jaar in Japan was om die verblyfmoontlikhede te ondersoek, het ek vir Charles Wessels gesê hy moet seker maak ons is op 'n afgeleë plek, ver van enige iets wat ons aandag kon aflei van die wedstryd teen Italië, sodat ons deeglik kon voorberei. Ek het nie eens die ander afrigters van my ongerustheid vertel nie. Ek het vir Charles en Aled gesê ons het 'n afgeleë ligging nodig waar ons op onself kon fokus. Ons het toe 'n hotel met 'n gholfbaan gekry wat perfek was, met die naaste winkel 15 minute se ry daarvandaan.

Eers het ons teen Namibië te staan gekom in Aichi, 'n uur se ry van ons basis in Nagoya. In daardie wedstryd het ons teruggehou en nie ons beste span op die veld gestuur nie sodat van die ander spelers 'n kans kon kry. Ons plan was om 'n volsterkte span teen Nieu-Seeland en Italië op te stuur, en meer randspelers teen Namibië en Kanada in te span. Schalk Brits was vir die tweede keer kaptein terwyl Siya meer waardevolle speeltyd van die plaasvervangerbank af gekry het. Schalk was baie ingenome om die Bokke tydens 'n Wêreldbekerkrasmeting te kon aanvoer, en hy het my 'n druk gegee en my bedank. Toe was dit skouer aan die wiel vir hom. Dis hoe hy is: bly vir sy eie onthalwe, maar daarna kom die span weer eerste.

Ons het Namibië met 57-3 geklop, in 'n wedstryd waarin ons nege drieë gedruk en Namibië tot slegs een strafskop beperk het. Ons vertoning was nie so klinies as wat dit kon wees nie, maar dit was 'n goeie wegspringplek

vir ons volgende wedstryd, teen Italië in Shizuoka.

Ons het na ons afgeleë basis verskuif, en afgesien van een ope dag vir die media, het ons ons afgesonder. As ons Nieu-Seeland geklop het, sou die spelers waarskynlik afgepis gewees het omdat ons so ver weg was, maar nou het ons basies 'n uitspeelwedstryd teen Italië gehad en hulle het geweet ons moes behoorlik voorberei.

Daardie wedstryd op die Shizuoka-stadion was een van die rofste kragmetings vir 'n Suid-Afrikaanse span wat ek nog ooit gesien het wat lakwerk, afbreekpunte en skrums betref. Ek was aan die begin effe senuweeagtig en bekommerd dat die telbord nie so vinnig aanstap as wat ek graag wou hê nie. Maar toe druk Cheslin en Bongi 'n paar drieë in die eerste helfte, en ons begin sterker en sterker word. Met elke harde duikslag het Italië papper en papper geword. Twee van hul stutte is af weens beserings, wat beteken het dat ons ná 'n halfuur onbetwis moes begin skrum.

Teen rustyd was ons met 17-3 voor en daarna het ons hulle nie kans gegee om 'n enkele punt by te kry nie, terwyl ons nog vyf drieë bygevoeg het – drie daarvan in die laaste 13 minute. Italië het in die 43ste minuut 'n rooi kaart vir die mees blatante vuilspel gekry. Wayne Barnes was op pad om Duane Vermeulen by 'n losskrum te straf, maar nadat hy sy fluitjie geblaas het, het Italië se twee stutte, Andrea Lovotti en Nicola Quaglio, saam 'n boorvat op Duane uitgevoer. Barnes, bygestaan deur die TV-skeidsregter, het Lovotti afgestuur. Dit is nie duidelik waarom Quaglio nie saam met hom af is nie, want hy was ewe skuldig aan vuilspel.

In daardie stadium het ons soveel aspekte van die spel oorheers dat dit net 'n kwessie van tyd was voor ons oor hulle sou loop, al het hulle nie die rooi kaart gekry nie. Die eindtelling was 49-3, en die bonuspunt het vir alle praktiese doeleindes beteken dat ons deurgedring het na die kwarteindstryd. Ons pak voorspelers en die aggressie waarmee hulle gespeel het, was ongelooflik. Die enigste probleem het heel teen die einde opgeduik toe Cheslin Kolbe, wat twee drieë gedruk het, hinkepink van die veld af is met 'n enkelbesering.

Ons kon daarin slaag om twee Wêreldbekerwedstryde te speel sonder enige omstredenheid, en toe bars daar 'n herrie los wat ek glad nie voorsien het

nie. Dit het aan die einde van die Italië-wedstryd plaasgevind terwyl die spelers nog op die veld was. 'n Oomblik is op video vasgevang waar Makazole Mapimpi na 'n groep van ses wit spelers gestap het wat mekaar omhels het om die oorwinning te vier. Hy het die groep genader, maar toe weggedraai, met 'n afwysende handgebaar. In Suid-Afrika is dit as 'n rassistiese voorval uitgekryt omdat dit wou voorkom asof wit spelers 'n swart speler uitsluit van hul vieringe en hom aansê om pad te gee.

Die waarheid was veel eenvoudiger. Die ses spelers was almal deel van die Bomb Squad, die groep plaasvervangers wat as impakspelers op die veld gekom het. Hulle het hul eie kameraadskap in 'n wedstryd gevorm, en hul prestasies saam gevier. Dit het niks met ras uit te waai gehad nie. Dit was net toeval dat ses van die agt Bomb Squad-spelers wat mekaar op daardie oomblik omhels het wit was. Frans Steyn, wat deel daarvan was, het reeds vir Lood de Jager, 'n wit speler, aangesê om pad te gee, maar dit is nie op kamera vasgevang nie. Dit was hul grappie sedert Lood na die beginspan bevorder is – dat hy nie meer 'n lid van die Bomb Squad was nie en daarom nie meer welkom in die groep was nie.

Toe ek hoor van die rasse-strontstorm wat in Suid-Afrika losgebars het, het ek Siya gevra om na my kamer toe te kom. Schalk Brits, wat kaptein van die span randspelers was, het hom by ons aangesluit. Ek het so hulpeloos gevoel en vir hulle gesê ek weet nie wat de fok om te doen nie. Wanneer ek na die videogreep in isolasie gekyk het, kon ek al die redes verstaan waarom mense sou dink dit lyk na 'n rassekwessie. Maar ek het geweet presies wat gebeur het. As dit met enige ander span gebeur het wat slegs uit swart of slegs uit wit spelers bestaan het, sou dit soos 'n kleinlike geboelie gelyk het. Maar omdat dit Suid-Afrika was, het dit anders uitgekom, en ek het besef hoe ver ons steeds gehad het om te gaan en hoe min mense nog regtig die span verstaan het. Dit moes eintlik so maklik gewees het om te verduidelik wat gebeur het, maar op daardie oomblik was dit so moeilik.

Schalk wou weet of dit enigsins nodig was om te verduidelik omdat niemand iets verkeerd sê gedoen het nie. Ek het gesê ons moes, want as ek bloot my gesonde verstand gebruik en soos 'n deursnee-Suid-Afrikaner na die voorval kyk, begryp ek waarom dit verkeerd verstaan is deur mense wat nog nooit in 'n spanomgewing was en nie geweet het waaroor die Bomb Squad gaan nie.

Mapimps het na my kamer toe gekom omdat hy boodskappe uit Suid-Afrika gekry het. Hy het gesê hy wou 'n boodskap uitstuur wat verduidelik wat gebeur het. Ek het vir hom gesê: “Ek gee nie om wat jy sê of hoe jy dit sê nie, praat net die waarheid.” Siya is saam met hom en hulle het saam 'n video gemaak wat op sosiale media geplaas is. Ek weet baie mense wat wou glo ons was 'n rasverdeelde span het Mapimps se verduideliking verwerp en beweer hy het dit net gesê om sy posisie in die span te beskerm. Dis louter snert. Maar partykeer as mense tot 'n gevolgtrekking gekom het, hou hulle nie daarvan dat feite in die pad daarvan staan nie. Ek het Mapimps toegelaat om sy eie ding te doen, want die oomblik as ek hom sou voorsê wat om te sê of hoe om dit te verduidelik, was dit nie sy weergawe van die waarheid nie. Ek wou nie betrokke raak nie, tensy hulle my vra. Mapimps het 'n video op Instagram geplaas waarin hy verduidelik het wat die Bomb Squad is en dat hulle hul eie spangees en krete het. Hy het in die video gesê die Bomb Squad het bymekaargekom nadat hulle met die teenstanders hande geskud het. “Terwyl ek na hulle toe gestap het, het ek besef hulle was op die punt om hul kreet te doen. Ek was nie deel daarvan nie, so, ek het besluit om weg te beweeg. Daar was niks verkeerd met wat hulle gedoen het nie – ons is verenig as 'n span.”

Ek was so mismoedig. Ek het gedink: *Ag nee fok, man, dit kan nie wees nie*. Ek het geweet daar steek niks in die hele voorval nie, maar ek kon heeltemal verstaan dat mense meer daarin kon lees, en dit het my in daardie stadium effe gebroke laat voel.

Ek het die kwessie die volgende dag aangeroei toe ek die span bekend gemaak het wat teen Kanada in ons laaste Groep B-wedstryd sou speel. Ek het verduidelik waarom die Bomb Squad gaan en hoe jammer dit is dat die video verkeerd vertolk is.

Ek het gesê: “Dis so hartseer dat iemand iets negatiefs daarin kon sien, want ek gee julle my woord dat ek as 'n hoofafrigter nooit so iets in my span sou toelaat nie. Daar bestaan nie so iets in die span nie. Ek skat diegene wat graag iets negatiefs in die span wil sien, sal seker iets kry. Maar ek kan die ander 95% van die mense in Suid-Afrika wat die waarheid wil weet, waarborg dat dit die waarheid is. Hierdie is so 'n hegte span. Ons verteenwoordig 'n land wat baie probleme gehad het, maar ek dink hierdie span verteenwoordig sy land met hope trots.”

Die omstredenheid wat in Suid-Afrika losgebars het, het egter nie ons

voorbereidings vir ons volgende wedstryd, teen Kanada, beïnvloed nie. Ons kon nou die vrugte pluk van die feit dat ons vroeër in Japan aangekom het, wat ons tyd gegee het om ons voete te vind, en van ons stelsel om spanne van wedstryd tot wedstryd af te wissel. Die spelers was in ritme, die bedompige toestande het ons nie gepla nie, en afgesien van Trevor en Jesse in die eerste wedstryd en nou Cheslin, het ons nie te veel beserings gehad nie.

Ons het 13 veranderinge aan die span aangebring vir die laaste groepwedstryd, teen Kanada in Kobe, en hulle in die eerste helfte platgevee. Cobus Reinach het binne 20 minute 'n driekuns behaal en teen rustyd het met 47-0 voorgeloop. Die Kanadese was eenvoudig nie in ons liga nie en hul probleme het nog groter geraak toe een van hul spelers net voor rustyd 'n rooi kaart gekry het. Die eindtelling was 66-7, en ons het tweede in Groep B geëindig, agter Nieu-Seeland. Ons moes tot die Sondag wag om uit te vind of ons teen Ierland of Japan in die kwarteindstryd sou speel. Dit het afgehang van die uitslag van die laaste wedstryd in die groepfase, tussen Japan en Skotland.

Ons was nie eens seker of die wedstryd sou voortgaan nadat tifoön Hagibis Japan die dag voor die wedstryd getref het nie, met verwoestende gevolge. Volgens Japan se brand-en-rampbestuursagentskap is ten minste 98 mense dood en 350 beseer in die storm. Die versekeraar Munich Re het die skade op \$17 miljard geraam. Drie wedstryde is afgelas, maar die organiseerders van die toernooi het 'n aankondiging oor die Japan-Skotland-kragmeting ure lank uitgestel voordat hulle bekend gemaak het dat dit sou voortgaan. Japan het sy ongelooflike vertoning voortgesit nadat hy Ierland in sy tweede groepwedstryd verslaan het. Die Japanners het boaan hul groep geëindig met 'n 28-21-oorwinning oor Skotland. Ierland het tweede geëindig en teen Nieu-Seeland in die kwarteindstryd gespeel. Ons sou teen Japan speel.

Ek was vooraf 90% seker dat ons teen Japan te staan sou kom en ek het hulle deeglik ontleed. Die opwarmingswedstryd voor die toernooi het nuttig te pas gekom om 'n idee te vorm van die pas waarteen hulle gespeel het, maar ek het geweet wat ons moes doen om hulle te klop. Ek het my huiswerk oor Japan gedoen en ook 'n strategie uitgewerk om die spelers te

begeester vir die wedstryd. Ek het geweet hoe dit voel om 'n kwarteindstryd te verloor, soos wat met ons in 2011 gebeur het, wanneer alles eensklaps tot stilstand ruk en jy huis toe moet vlieg.

Ek het vir die spelers vertel hoe aaklig dit was. In almal se agterkop was die feit dat Japan die Springbokke al voorheen in die Wêreldbeker geklop het, in 2015, en dat Japan afgereken het met Ierland, die wêreld se nommereenspan, sowel as Skotland, wat sewende op die ranglys was. Sedert 2017 het ons posisie verbeter en ons was nou vierde op die ranglys, met Japan tiende.

Japan het blitsige spelers gehad en dit was moeilik om hulle man vir man te opponeer, want hulle was eenvoudig oral. As dít die rigting was wat die wedstryd sou inslaan, sou ons in die moeilikheid wees. Ek het gereken ons dryfmaalbeweging kan 'n sleutelwapen wees.

Ons het 12 dae tussen ons laaste groepwedstryd en die kwarteindstryd gehad, so, daar was tyd om spesifieke aspekte van ons spel te slyp. Ek het my 2005-handboek oor dryfbewegings, wat ek by die Vrystaat gebruik het toe ons die Bulle in die Curriebekereindstryd geklop het, afgestof. Dié dryftechniek is gebaseer op trekvoëls se V-formasie. Ek hou daarvan om lesse by diere te leer, want daar's geen ego of politiek betrokke nie. Wanneer voëls in 'n V-formasie vlieg, maak hulle beurte om voor te vlieg, omdat die voorste voël die meeste lug- of windweerstand moet verduur. Die voëls agter in die formasie word deur die voorstes se volgstroom beskerm, wat hulle help om hul krag terug te kry. Voëls wat in 'n V-formasie vlieg, werk saam en kan tot 60% verder vlieg. Hulle snater om mekaar aan te moedig. As 'n gans om die een of ander rede genoodsaak word om te land, stryk twee ander ganse saam met hom neer en wag óf tot hy vrek óf tot hy gereed is om weer te vlieg sodat hulle 'n nuwe V-formasie kan vorm.

Saam met ons voorspelerafrigter, Matt Proudfoot, het ons die spelers gewys hoe om posisies in 'n dryfbeweging te roteer sodat die voorste speler agter inval. Dit het katte en honde gereën, so, ons het 'n vertrek gekry wat groot genoeg was dat die voorspelers die bewegings kon inoefen. Ek het Charles Wessels gevra om vir ons twee kaste bier te kry en vir die spelers gesê nie een van ons gee daar pad voordat almal dieselfde dink oor dryfmaalbewegings nie. Ek het vir Matt gevra of ek die sessie kan oorvat en ek het die handleiding en taktiek waarmee ons die Bulle geklop het, saam met hulle deurgewerk. Ons het elke speler se rol deurgetrap, van die

springer wat die bal vat tot die manier hoe elke speler bind. Almal was betrokke by die ontleding van die taktiek; daar is bier gedrink, idees uitgeruil, haakplekke uitgewys, sterk punte uitgebou en idees op die witbord neergeskryf. Ons het tussen twee en drie uur lank oor en oor deur die dryfmaalbeweging gewerk. Toe ons uiteindelik daar uitstap, het ons geweet dat ons 'n belangrike drie teen Japan sou druk met die tegniek wat ons vervolmaak het.

Tydens die sessie moes ek dringend gaan pie as gevolg van my medikasie, en die toilet was omtrent tien minute se stap ver. In Japan kan jy nie sommer net wegglip en agter 'n bos gaan pie nie, maar ek wou bars, so, ek het tussen 'n paar bome in gekoes en myself verlig. 'n Rukkie later het ons skakelbeampte Gents my met 'n baie ernstige gesig genader en gesê: “Mr Hassie [hy kon nie 'n R uitspreek nie], I have something very important to report. You were urinating next to the trees.”

Hy het sonder 'n sweempie van 'n glimlag na my gekyk. Ek het stotterend jammer gesê, en allerhande verskonings geprewel. Toe breek sy hele gesig oop in 'n breë glimlag en hy sê hy het maar net 'n grappie gemaak. Wat dit soveel snaakser gemaak het, was die feit dat Gents nooit grappies gemaak het nie. Dit was die eerste keer. Hy was ook verbaas dat ons bier vir die oefensessie wou hê, so, ek het vir hom gesê dit is heel normaal. Weens die lang omkeertyd tussen die wedstryde sou die ouens buitendien nie daardie dag geoefen het nie. Dit was oukei om 'n dop te vat.

Japan het bo alle verwagting goed gevaar, en hul spelstyl het 'n reuse-ondersteunersbasis gelok. Dit het vir my gevoel of dit ons teen die wêreld was. Baie min rugbyondersteuners, afgesien van die Suid-Afrikaners, was aan ons kant. Ons moes die wedstryd persoonlik maak om ons spelers te motiveer. Die probleem was dat die mense van Japan so ongelooflik gaaf was met ons; hulle het ons volkslied geleer, hulle het ons Springboktruie gedra en hulle was wonderlike gashere.

In die laaste spanpraatjie het ek die spelers aangesê om fisiek te speel teen Japan, om hulle te boelie. Ek het die verskille tussen ons en hulle uitgewys. Japan was geestelik taai en het gewerk met afrigters wat spesifiek op hul geestestoestand gefokus het. Maar ons het vir verskillende dinge gespeel. Ek het nie juis doekies omgedraai nie en gesê: “Hierdie ouens doen dit omdat hulle rugby as spel wil laat groei. Ons wil dit doen omdat ons ons fokken land wil red. Ons het fokken 58 moorde per dag. Vroue word elke

dag verkrag. Hierdie ouens speel rugby om dit te probeer vestig. Dis hulle motivering. Hulle het 120 miljoen mense en hulle is een van die rykste lande ter wêreld – dis hulle motivering. Dit pis my af dat hulle dink dit gee hulle die reg.”

Net vir daardie wedstryd wou ek hê ons spelers moes ophou om die Japanse mense en alles wat hulle vir ons gedoen het te waardeer.

Ek wou hê ons spelers moes die opposisie uit die staanspoor intimideer. “Moenie vir hulle glimlag nie. Asseblief, moenie vir hulle glimlag nie. Siya, wanneer die loting begin, maak seker hulle kry die boodskap: *Ek is hier om julle op te fok*. As julle ouens hier uitstap en dink dis ’n grap, dan maak julle ’n bespotting van hierdie land en julle maak ’n bespotting van Suid-Afrika. Ek wil hê julle moet dit ernstig opneem en ek wil hê julle moet hulle 15 tot 20 minute lank fisiek opfok.”

Dit is presies wat ons binne vier minute op die Tokiostadion gedoen het. Ons het Japan teruggedruk in ’n skrum, Faf het uitgegee na Mapimpi aan die steelkant en hy het twee verdedigers afgeskud om die eerste punte van die wedstryd aan te teken. ’n Paar minute later was ons in die moeilikheid toe Beast vir Keita Inagaki boorvat en skeidsregter Wayne Barnes, sonder om die TV-skeidsregter te raadpleeg, vir hom ’n geel kaart gee. Hoe anders sou dit nie verloop het as hy hom ’n rooi kaart gegee het nie – Tendai was belangrik in ons dryfmaalbeweging. In ’n TV-onderhoud vooraf het ek gesê die wedstryd gaan ’n stryd tussen die verskillende taktieke wees, en dis wat gebeur het: Ons het hulle voorlans oorheers en hulle blitsige agterspelers wou hardlooprugby speel. Die eerste helfte se tyd was reeds verstreke toe ons weer vorentoe dryfmaal. Toe Faf uitgee, het Damian de Allende doellyn toe gemik. Drie verdedigers het hom platgetrek, maar hy het opgestaan, verder gehardloop en oor die doellyn geduik. Barnes het nie die drie toegeken nie en beslis dat Damian nie die bal in die duikslag laat los het nie. Ons is rustyd in met ’n skrale 5-3-voorsprong en die wete dat ons ’n paar kanse verspeel het om die wedstryd uit hul hande te neem.

In die tweede helfte het ons meer druk begin toepas. Handré het drie strafskoppe oorgeklits om vir ons ’n effense kussing te gee, en toe breek die oomblik aan wat ons op ons rusdag ingeoefen het. In die 65ste minuut het Lood de Jager die bal in ’n lynstaan vyf meter binne ons halfgebied gewen. Malcolm Marx het agter in die dryfmaalformasie kom bind en die beweging het begin. Ek het ’n gevoel van déjà vu gekry terwyl dit voor my afspeel.

Dit was soos 'n herhaling van die 2005-Curriebekerfinaal. Ek kon sien hoe Japan se voorspelers bly uitdop namate die dryfmaalbeweging vorder. Ons pak was onstuitbaar en ons het hul kwartgebied bereik. Die verdediging het heeltemal verbrokkel en Pieter-Steph, Siya en Malcolm het niemand voor hulle gehad nie. Malcolm het weggebreek, veld gewen en die bal na Faf aan die binnekant uitgegee, wat 'n desperate verdediger afgestamp en naby die regoppaal oorgedui het. Dit was klinies en presies, op 'n haar na wat ons beplan het. Ek het voorspel dat daardie beweging 'n deurslaggewende drie vir ons sou verseker, en dis wat gebeur het. Ons harde werk in daardie klaskamer het die wedstryd vir ons gewen, daarvan is ek seker.

In die 70ste minuut het Siya en Francois "Flo" Louw 'n omkeer bewerkstellig, en Handré en Willie le Roux het puik lopies in die middelveld ingesit voordat Mapimpi 30 meter ver gehardloop, 'n verdediger afgeskud en sy tweede drie gedruk het. Ons het mekaar *high fives* in die afrigterslosie gegee, want ons het geweet die wedstryd is beklank: 'n Oorwinning van 26 punte teenoor 3 en 'n plek in die halfeindstryd teen Wallis op die Yokohama-stadion.

Willie le Roux het gedurende die wedstryd 'n harde hou teen sy skouer gekry wat sy spel benadeel het. Hy het 'n paar lugskoppe laat val en 'n klomp onsmaaklike kritiek gekry van ondersteuners wat nie besef het dat hy beseer is nie. Hulle het ook nie die ongelooflike rol wat Willie in die span vervul na waarde geskat nie; hy het die verdediging georganiseer en met sy jare se ervaring die jonger spelers ondersteun. Hy het geweldige ongemak verduur, maar geweier om handdoek in te gooi en ondanks die pyn aanhou oefen om voor te berei vir die halfeindstryd teen Wallis. Ons kon gelukkig daarin slaag om spesialisbehandeling in Japan te kry sodat hy reggedokter kon word.

Ons was op die punt om vir die halfeindstryd te vertrek, toe Willie na my toe gekom en gesê het as ek te veel vure namens hom moes doodslaan weens die negatiwiteit in Suid-Afrika, moes ek hom eerder weglaat uit die span. Ek was nie bereid om dit te doen nie. Ek het gereël dat 'n stel hoogtepunte van Willie se beste oomblikke in die vorige vier wedstryde bymekaargesit word en die video vir die span gewys. Nie een van die spelers het enigsins getwyfel dat Willie se bydrae tot die span reusagtig was nie. Dit het hom die selfvertroue gegee om vas te byt, en hy was een van die uitblinkers in daardie laaste twee wedstryde.

Wat mense nie van Willie weet nie, is dat hy 'n perfeksionis en baie mededingend is. Hy gee baie om, en dit is waarom hy so lewendig op die veld is; hy beduie met sy hande en gee vir die spelers opdragte. Sy kommunikasie met sy spanmaats op die veld is briljant. Hy skep die drieë; hy is dikwels die tweede laaste aangee voor die drie gedruk word. Dit is wat hy na 'n span bring.

Ek wou Cheslin vir die Wallis-wedstryd kies, maar hy was steeds aan die herstel van die enkelbesering wat hy in die toets teen Italië opgedoen het. Hy het die Kanada-wedstryd misgeloop, maar is fiks verklaar vir die kwarteindstryd teen Japan, waar hy weer eens die enkel seergemaak het. Ons spankeuseprotokol het bepaal as 'n speler nie die Maandag in staat was om te oefen nie, kon hy nie vir die wedstryd later daardie week gekies word nie. Cheslin was nie beskikbaar vir die Maandag-oefening nie en daarom het ek die span vir die halfeindstryd bekend gemaak met Sbu Nkosi in sy plek. Maar teen die Donderdag was Cheslin weer perdfris. Ek het hom gevra of hy reg was vir Wallis. Hy het verbaas na my gekyk, amper half kwaad. Hy het niks gesê nie, maar ek kon aan sy gesig sien hy daag my uit omdat ek selfs net daaraan kon dink om my eie spankeuseprotokol te verbreek.

Ek het by Stokke (ons bynaam vir hulpafrigter Mzwandile Stick) en Jacques gaan hoor wat hulle dink. Hulle het bevestig dat Cheslin piekfyn lyk, maar daarop gewys dat hy Maandag uitgeskakel is. Ek het aangevoer dat hy gereed is, maar Stokke wou nie bes gee nie. “Nee, Rassie, jy kan hom nie nou kies nie.”

Dit is waarom jy mense om jou moet hê wat in jou metodes glo, sodat hulle jou kan reghelp as jy jou eie reëls verbreek. Stokke het vir my gevra: “Is jy mal? Jy gaan die hele span kwyt wees as jy nou vir Cheslin kies en ons dring deur na die eindstryd. Wat gaan jy Maandag vir die span sê wanneer jy hulle vir daardie wedstryd kies?”

Stokke was reg. Ek moes eerlik wees met die spelers. Ek kon nie met hulle koppe smokkel en dinge verander nes dit my pas nie. Ek is weer na Cheslin toe en ek het vir hom gevra hoe hy voel. Hy het net gesê: “Ja-nee, ek's reg, maar Sbu is gekies.” Dit het gewys hy's 'n ou met inbors.

Ek het verwag Wallis sou Frankryk in hul kwarteindstryd klop. Ons het die vorige jaar twee keer teen hulle gespeel en albei wedstryde verloor. Hulle was die span wat die meeste soos ons gespeel het, en ons het geweet

hoe taai hulle was. Hulle kan lieflike rugby speel, maar hulle kan jou ook laat les opsê. Hulle het die Sesnasies gewen deur die opposisie dood te wurg, en ons het verwag hulle sou presies dieselfde met ons probeer doen.

Ek kan die eerste helfte van daardie Wallis-wedstryd net op een manier beskryf: 'n uithou-oorlog.

Ons het teen rustyd met 9-6 voorgeloopt danksy drie strafskoppe deur Handré. In die 56ste minuut het Damian sy vaart en krag gebruik om deur drie verdedigers te breek en 'n broodnodige drie te druk, maar toe slaan Wallis terug met 'n drie deur Josh Adams. Ons was gelykop, 16 elk, met Wallis op die aanval, toe Flo Louw – wat pas op die veld gekom het – op 'n kritieke oomblik omgekeerde besit uit 'n losskrum wen. Dit het ons in staat gestel om uit ons eie gebied te kom en was 'n draaipunt in die wedstryd. Ons was onder baie druk voordat Flo daardie bal gesteel en vir ons 'n strafskop verdien het.

Ons het veld gewen, die bal in die lynstaan beheer en 'n strafskop gekry toe 'n Walliese speler van die verkeerde kant af by ons dryfmaalbeweging aansluit. Skeidsregter Jérôme Garcès het voordeel toegelaat en Handré het probeer skepskop, al was dit net buite sy trefafstand. Hy het geweet dat die strafskop sou staan as hy die skepskop mis – wat toe wel gebeur het. Die strafskop was sowat 30 meter ver en Handré het dit suiwer tussen die pale oorgeklits: 19-16. In daardie stadium het ek half lam gevoel, amper asof ek 'n paar minute lank voeling met die werklikheid verloor het. Al wat ek kon doen, was om die tafel in die afrigterslosie te slaan voordat ek my kollegas *high fives* gegee het.

Ons was deur na die eindstryd, en ek het my op nuwe grond as afrigter bevind.

EK WAS 'N SPELER BY DIE 1999-WÊRELDBEKER, waar ons die halfeindstryd teen Australië verloor het. Daarna was ek 'n hulpafrigter by die 2011-Wêreldbeker, waar ons die kwarteindstryd teen Australië verloor het.

Maar om die eindstryd van die 2019-Wêreldbeker te haal was iets heeltemal anders.

Die dag voor ons Wallis geklop het, het ons gesien hoe Engeland vir Nieu-Seeland ore aansit en hul halfeindstryd wen. Maar sulke wedstryde maak nie 'n groot indruk op my nie. Dis irrelevant wat ander spanne teen mekaar doen, want hul sterk en swak punte het niks met ons sterk en swak punte uit te waai nie.

Engeland was baie georganiseerd en het 'n goed gestruktureerde wedstryd gespeel, maar ons was baie anders as Nieu-Seeland. Ek het nie gedink Engeland is skielik hierdie fantastiese span nie, maar ek het geweet hoe goed die All Blacks is, en dit was indrukwekkend dat Engeland hulle geklop het. Ons het Engeland geken, want ons het die vorige jaar vier keer teen hulle gespeel, en twee keer gewen.

Gewoonlik het ons meer as 'n week voor die wedstryd begin voorberei op ons opposisie, maar met uitklopwedstryde weet jy nie teen wie jy die volgende week kragte meet nie. Met ons voorbereiding vir die halfeindstryd het ons geweet ons sou teen Frankryk of Wallis te staan kom, so, party afrigters het vir Frankryk voorberei, ander het vir Wallis voorberei. Vir die eindstryd het ons geweet dit sou Engeland of Nieu-Seeland wees. Selfs voor die halfeindstryd gespeel is, het die afrigters vir Engeland begin voorberei. Ons het op hulle gefokus, nie omdat ons Nieu-Seeland geringgeskat het nie, maar omdat ons reeds heelwat ontledings van die All Blacks gehad het danksy die groepwedstryd en die Rugbykampioenskap in 2018 en vroeër in 2019.

In ons laaste oefensessie het ek vir die spelers gesê ons wedstrydplan sou nie perfek wees nie, ons sou skouer aan die wiel moes sit. Maar ek wou

hê hulle moes verstaan dat hulle nie kon verloor net omdat hulle nie hul beste gegee het nie. Ons het so hard gewerk om te kom waar ons was; hulle kon dit nie nou prysgee net omdat die senuwees geknaag het nie.

Dit was meer as 'n uur se ry van ons hotel in Tokio na Yokohama vir die eindstryd op die Internasionale Stadion, dieselfde plek waar ons teen Nieu-Seeland verloor en daarna vir Wallis geklop het. Ek wou nie die spanpraatjie in die hotel gee nie, want teen die tyd dat ons by die stadion aankom, sou die praatjie al 'n uur oud wees. Ek wou hê dit moes vars in hulle geheue wees. Ek moes dit persoonlik maak vir elke speler. As jy hom laat verstaan waarom die wedstryd vir hom as mens belangrik is, skuif iets in sy kop en motiveer hom.

Ek het nooit in 'n Wêreldbekereindstryd gespeel nie, maar ek het die verskil tussen 'n Curriebekerhalfeindstryd en -eindstryd geken. In daardie eindstryde het ek gevoel party van my spanmaats gee op, hulle bene was swaar, hul hantering was vrotsig en hulle was amper te senuweeagtig om 'n fout te begaan. Dit het gevoel of hulle oorweldig was deur die omvang van die wedstryd.

Party van my beste wedstryde was die groot oomblikke, soos die 1997-Curriebekereindstryd toe ons teen die Westelike Provinsie verloor het, maar ek Speler van die Wedstryd was. Of die 1999-Wêreldbekerhalfeindstryd toe ons teen Australië verloor het. Of selfs toe ons die rekord van 18 opeenvolgende toetsoorwinnings gejaag het en ek verseg het om op te gee. Ek is die trotsste op my vertonings in daardie wedstryde, al het ons verloor. Ek het gesien hoe die druk van 'n groot wedstryd die selfvertroue uit 'n speler kan suig. Hulle laat die media of die afrigter, of selfs 'n spanmaat, toe om druk op hulle te plaas. Ek moes seker maak my spelers vries nie omdat die wedstryd te groot vir hulle was nie; in stede daarvan moes hulle hul man staan en die geleentheid aangryp.

So, ons het nie by die hotel gesels nie. Ons het na die stadion gery en die spanpraatjie daar gehou. Ek het nie notas gemaak oor wat ek wou sê nie. Ek het dit nog nooit gedoen nie. Wat ek by die hotel voel, verskil van wat ek by die stadion voel. Dinge verander in my kop nadat ek die ondersteuners buite gesien en 'n bietjie van die atmosfeer beleef het. Vir my voel dit asof 'n voorbereide spanpraatjie die spelers laat dink: *Ag, fok, kom ek skakel net af.*

Ek het in die kleedkamer gestaan voor die witbord met die opwarmtye daarop geskryf, en ek het met die spelers gepraat. Ek het vir hulle gesê hulle het nie die reg om bekommerd te wees oor hul foute nie, want dis windgat, 'n egoprobleem. Hulle was nie daar om hulleself in die eindstryd te verteenwoordig nie – hulle was daar om te baklei vir dinge wat in Suid-Afrika gebeur, die swaarkry wat mense daaglik beleef.

Ek het vir Siya gesê hy baklei vir die volgende jong outjie van die township Zwide waar hy grootgeword het, sodat daardie kind nie hoef swaar te kry soos hy swaargekry het nie. Ek het vir Lukhanyo en Mapimps gesê hulle speel vir die laaitie wat nie die geleenthede gekry het wat hulle op die ou end gekry het nie. Ek kon deur die hele span gegaan het, en individuele eienskappe uitgelig en kwessies aangeraak het wat vir elke speler persoonlik van belang was, maar die tyd het teen my getel.

Ek het beklemtoon dat niemand die reg het om koponderstebo te loop as hy swak speel nie, want dit gaan nie oor enige individu nie. As 'n speler 'n lynstaanbal verloor, moet hy opspring en die volgende duikslag gaan uitvoer. As hy 'n duikslag mis, moet hy opspring en die volgende losskrum gaan skoonmaak. Ek wou hê hulle moet my wys dat hulle verstaan deur ja te sê of te knik toe ek vra: “Stem julle saam dat julle nie vandag individue verteenwoordig nie en dat niemand die reg het om bekommerd te wees oor hoe hy self speel nie?” Ek het gesê hulle moenie bekommerd wees oor hul foute nie, dit was my werk.

Met die praatjie agter die rug, is ek uit om te kyk na die opwarming. Ek wou sien wat Engeland doen, want hulle kon dalk iets tydens die opwarming doen wat hulle in die wedstryd sou gebruik. Ek het nie gekyk hoe ons span opwarm nie en dit aan ons afrigters oorgelaat. Die skeidsregter, Jérôme Garcès, het vinnig met ons kom praat. Ons was tevrede dat hy in beheer van sake was, want ons was gewoond aan hom. Hy het in ons openingswedstryd teen Nieu-Seeland en ons halfeindstryd teen Wallis geblaas. Ons was vertrouwd met die manier waarop hy die spel beheer het, en hy het verstaan hoe ons speel. Waar daar netelige kwessies uit daardie twee wedstryde ontstaan het, het ons klarigheid ontvang van die komitee wat navrae oor skeidsregters hanteer het, onder leiding van Alain Rolland, die voormalige Ierse skrumskakel en toetsskeidsregter, wat baie effektief en doeltreffend gefunksioneer het.

Ek het in die afrigterslosie gaan sit, saam met ons tegniese ontleder,

Lindsay Weyer, wat reeds sy skootrekenaar opgestel gehad het. Ek het heel kalm gevoel en aantekeninge in my notaboek begin maak. Die hulpafrigters, Stokke, Felix en Matt, het hulle by my aangesluit. Ek kon die emosie van ons nasionale volkslied aanvoel, met Stokke wat uit volle bors langs my gesing het. Ons het almal bladgeskud en toe het ek my oorfone opgesit, my kommunikasie met Jacques en Aled, albei langs die veld, nagegaan, en toe in werkmodus gegaan.

In rugby is elke lieue beweging soos 'n skaakspel. Party mense dink rugby is bloot “speel wat jy sien”. Dit is nie. As jy speel wat jy sien, sal jy heeltyd net die bal skop omdat jy nie die ruimte sien nie. So, dis altyd skaak ... As hulle met vier spelers meeding, bring ons vyf spelers in. As hulle vlak afskop, hoe reageer ons? Sodra die wedstryd begin, skop al jou beplanning en ontleding in. Jacques kyk na die verdediging, Stokke kyk na indirekte spel, ek kyk na die spelers se dissipline. Ek dink heeltyd: *Is hulle nog produktief? Wanneer moet ons die Bomb Squad opstuur? Moet ons 'n speler nog sewe minute gee om die tenk leeg te maak voor ons die volgende ou opstuur?*

Ons het binne 'n minuut gewys hoe hard ons gaan speel en 'n strafskop afgedwing toe Courtney Lawes nie weggerol het by die afbreekpunt nie. Ek het gesien hoe streng Jérôme Garcès van plan was om die afbreekpunte te blaas, en het vir Siya opdrag gegee om dit hard genoeg voor Garcès vir die spelers te sê, sodat die blaser weet ons verstaan. Handré se skop was net-net regs verby. Twee minute later het Mapimps 'n hoë hangskop uit die lug gevat en begin hardloop, tussen die Engelse verdedigers Maro Itoje en Kyle Sinckler deur. In die duikslag het Itoje se arm Sinckler teen die kakebeen getref, en Sinckler was 'n paar sekondes lank uit soos 'n kers. Ek het dadelik geweet dis klaarpraat met Sinckler en het vir Stokke gesê: “Daar's nie 'n kans dat hy die kopbeseringstoets gaan slaag nie.” Dit was 'n beduidende oomblik, want Dan Cole het toe, heelwat vroeër as wat Engeland verwag het, as plaasvervanger opgekom. Ek het geweet hy het nie die fut om 73 minute lank teen Beast, Steven Kitshoff, Frans Malherbe en Vincent Koch in 'n Wêreldbekereindstryd te speel nie. Ek wou hê die spelers moes Cole heeltyd aan die draf hou.

Ek was in my skik met die manier waarop ons begin het. Mapimps het Engeland karnuffel met daardie fantastiese lopies. Ek het Jacques gevra om vir die spelers te sê ek soek nog 80 minute daarvan. Engeland was klaar een

speler kwyt, en ons moes hulle aanhou bykom. Ons het oorheers in die skrum en Engeland heeltyd onder druk geplaas. Binne nege minute het Handré ons eerste strafskop reg voor die pale oorgeskop. Ons het verhoed dat Engeland se spelers hul ritme vind en hulle het ongedwonge foute begin maak met wilde aangeë.

Toe kry Bongi Mbonambi 'n knie teen die kop toe hy vir Courtney Lawes duik, en ek sien dadelik hy is uit. Ek het Jacques laat weet dat hy Malcolm Marx moet laat opwarm sodat Bongi vir harsingskudding getoets kan word. Dit het ons plan in die wiele gery om Bongi in die eerste helfte en Malcolm in die tweede helfte te gebruik, maar dit was noodsaaklik dat Bongi die kopbeseringstoets aflê. Ek het gehoop dat hy die toets sou slaag en terselfdertyd 10 of 15 minute rus sou kry, maar hy het die toets gedop en kon nie verder speel nie. Ons moes voorbereid wees.

Malcolm se sterkste punt is om die bal op die grond te wen, maar dit is ook waar hy die gevaar loop om 'n geel of rooi kaart te kry as 'n skeidsregter sy spel verkeerd vertolk. Ons het gesê hy moet versigtig wees om nie afgestuur te word nie, want ons het nie nog 'n haker nie en as hy afgestuur word, sal dit ons dwing om onbetwis te skrum. Ons sou ook 'n voorry moes opstuur en 'n ander speler afbring, wat erg ontwrigtend sou wees. Malcolm het dus opgedraf met die opdrag om terug te hou, wat teen al sy instinkte ingedruis het. Hy is 'n puik veelsydige speler, hy neem goeie besluite, en hy is mal daaroor om 'n bal te steel. Ons wou nie hê 'n blaser moet dit verkeerd lees nie, daarom het ons vir Malcolm gesê: "Moenie te hard byt nie, want as jy nou 'n geel kaart kry, is ons gefok!"

Om ons probleme erger te maak het Lood de Jager se Wêreldbeker op dieselfde tydstip as Bongi s'n tot 'n einde gekom toe hy 'n skouerbesering opgedoen het en deur Franco Mostert vervang moes word. Ons het al twee plaasvervangers in die pak gehad met nog net 20 minute van die wedstryd verstreke.

Ná Cheslin die bal op die grond gespeel het, het Engeland 'n strafskop gekry, wat Owen Farrell oorgeskop het om die telling 3 elk te maak ná 22 minute. Maar drie minute later het Handré 'n tweede strafskop oorgeskop om aan ons 'n 6-3-voorsprong te besorg.

In die 30ste minuut was daar 'n draaipunt in die spel toe Engeland vlag op vlag aanvalle op ons doellyn geloods het. Vir vier minute, met Garcès wat voordeel toelaat ná 'n strafskopbeslissing in Engeland se guns, het hulle

groot voorspelers ons doellyn aangeval. Elke keer het ons groot voorspelers hulle gestuit. Daar was volgehoue druk, maar ons ouens het nie een oomblik gewankel nie. Hulle het gedoen wat ek hulle gevra het om te doen, opgespring nadat hulle 'n groot duikslag uitgevoer het, reg om dit weer te doen. Uiteindelik het Engeland bes gegee en besluit om pale toe te skop, wat die telling op 6 elk te staan gebring het. Hulle spelers het vir só 'n lang tyd só hard gewerk en hul enigste beloning was drie punte. Handré het kort voor rustyd nog twee strafskoppe oorgeskop, so, teen rustyd was ons met 12-6 voor.

Engeland het hard geslaan en ons het dit hanteer. Ons het nie eens nodig gehad om dominante duikslae te maak nie. Hulle was naby ons doellyn, maar ver van 'n drie af, want ons duikwerk was elke liewe keer in die kol. Ons het nog geen skote afgevuur nie, maar Engeland het 'n hele paar keer op ons geskiet, en nou was hulle magasyn leeg. Toe die tweede helfte aanbreek, was dit ons beurt om skote te vuur en te kyk of Engeland dit kon hanteer. Dit was só 'n lekker gevoel.

Die sielkundige impak van ons suksesvolle weerstand teen daardie aanslag was enorm. Ons het gekyk na wat Engeland reggekry het. Het hulle ons met onverwagse bewegings uitoorlê, in welke geval ons 'n plan sou beraam, of het hulle ons met krag oorweldig, in welke geval ons meer sou gee? Maar hulle het nie een van die twee gedoen nie. Dit was soos 'n dubbele slag vir hulle. Hulle het ons nie uitoorlê of oorweldig nie, al het hulle hul bes probeer.

Rustyd was ons gefokus, maar kalm in die kleedkamer. Ek het na die voorspelers toe gestap en gesê: “Wat julle doen, is fokken ongelooflik. Gee ons nog 40 minute daarvan en ons wen die Wêreldbeker.” Toe het ek met die hele span gepraat en ek het nie doekies omgedraai oor wat hulle te doen staan nie. “Die volgende stap is om fokken fisiek en *mental* te wees. Niks meer tegniese kak van nou af nie.”

Die hulpafrigters het hul insette gelewer en toe het ek vir oulaas met die spelers gepraat. Ek het beklemtoon hoe belangrik dit is om gedissiplineerd te wees en nie die skeidsregter teen ons te laat draai nie. Tot in daardie stadium het hy ons baie billik behandel en ek wou nie hê dit moet verander nie. Ek het ook die spelers se lyftaal beklemtoon. Ek wou nie sien dat

spelers 'n dyspier vashou of 'n seer knie vertroetel nie. “Kom in hulle ruimte en gee hulle gas. Gebruik 40 minute lank julle lyftaal, dan is julle wêreldkampioene!” Daar was instemmende uitroepe toe die spelers opstaan en uitbeweeg.

Toe ons vir die tweede helfte uitdraf, moes ons seker maak dat ons ordentlike aanvalle loods wanneer die geleentheid hom voordoen. Ek was steeds benoud dat die spelers op kritieke oomblikke sou vries. Ek wou hê hulle moet in hulleself glo en nie eendag op hulle sterfbed wonder wat sou gebeur het as hulle harder, vinniger of sterker gespeel het nie.

Handré en Farrell het die telbord aan die gang gehou met twee strafskoppe elk. Ek was veral in my skik met die strafskop wat ons in die 56ste minuut gekry het danksy 'n beweging wat ons nooit op die veld geoefen het nie, maar net in 'n hotelkamer. Ons het dit “The Move” genoem. Ons het 'n dryfmaalformasie in die middel van die veld opgestel met sewe spelers wat wag om te bind en dryf. Faf de Klerk het die bal uit 'n losskrum gekry en aangegee na Duane Vermeulen, wat aan die voerpunt van die V-formasie was, en die ander voorspelers het agter hom gebind. Ons het die bal tot op Engeland se kwartlyn gedryf en hulle gedwing om 'n strafskop af te staan, wat Handré oorgeskop het. Dit het weer eens vrugte afgewerp om ons dryfbewegings agter geslote deure te oefen.

Met ons wat met 18-12 voorloop, was daar 'n belangrike draaipunt in die wedstryd. In die 66ste minuut het Willie le Roux 'n hoë hangskop van die Engelse skrumskakel, Ben Youngs, onder druk gevat en hy is grond toe, met die voorspelers wat vinnig kom ondersteun het. Faf het die bal gekry en dit steelkant op die halflyn na Lukhanyo laat loop. Lukhanyo het uitgegee na Malcolm op sy skouer, en Malcolm het die bal in 'n duikslag seepglad na Mapimps laat loop, wat 'n kortskoppie met uitstekende tydsberekening gegee het. Terwyl Engeland omgedraai het om dit agterna te sit, het Lukhanyo verby Youngs geskiet en die bal, wat net reg gespring het, opgeraap. Die Engelse spelers was só oorbluf, Lukhanyo sou maklik self kon hardloop en gaan druk. In plaas daarvan het hy die bal ongeërg na Mapimps aangegee wat aan sy linkerkant deurgekom het. Engeland se heelagter, Elliot Daly, kon nie die beweging keer nie en Mapimps het ewe koelkat oorgedraf vir ons eerste drie, wat Handré verdoel het: 25-12 vir Suid-Afrika.

Die manier waarop Lukhanyo, Malcolm en Mapimps aan die steelkant

aangeval het, was so kalm. Mapimps wat perfek vorentoe skop, Lukhanyo wat hardloop en die bal kry en dit teruggee aan Mapimps om te druk – dit was pragtig. In die hitte van die oomblik het ek nie ten volle waardeer hoe nonchalant Lukhanyo was nie, asof hy op die oefenveld is. Dis presies hoe ek wou hê hulle onder moeilike omstandighede moes speel. Hulle was só ontspanne.

In die afrigterslosie was ons almal op ons voete en ons het uit volle bors geskree terwyl Mapimps druk. Maar ons het senuweeagtig gaan sit om te wag vir die TV-skeidsregter, Ben Skeen van Nieu-Seeland, om te beslis of daar enige vorentoe-aangeë was. Ek het my pen gekou terwyl Lindsay sy skootrekenaar dophou en vir my duim in die lug wys, maar ons moes wag vir die amptelike beslissing van Skeen. Terwyl die senutergende sekondes verbygetik het, het ek vooruit begin beplan, en gevra Frans Steyn moet Willie le Roux vervang. Die skaakspel het voortgeduur. Skeen het vir Garcès gesê: “Volstaan met jou beslissing op die veld.” Ek het my vuus in die lug gepomp van blydschap.

Agt minute later het ons weer ’n drie gedruk. Engeland het verskeie aanvalle van binne hul eie halfgebied geloods, die bal na links en regs versprei, maar hulle telkens in ’n Springbokbaksteenmuur vasgeloop. Toe die bal die vyfde of sesde keer uit ’n losskrum in die lyn af kom, het Malcolm vir Henry Slade met mening geduik en hy het die bal vorentoe laat val. Lukhanyo het daarop geduik en dit opgeskiet na Pieter-Steph, wat uitgegee het na Cheslin aan sy buitekant. Cheslin, wat naby die kantlyn was en sowat 30 meter oorgehad het doellyn toe, kon oënskynlik nêrens heen gaan nie, met vyf Engelse spelers wat op hom afstorm. Hy het ’n aftrap gegee wat Joe Marler geflous het, vir Farrell na regs sien oorkom om hom te blok, na binne gesystap en die Engelse kaptein na lug laat gryp. Skielik was die doellyn oop voor hom en hy kon ongehinderd oornael vir ’n manjifieke drie.

Dié keer was ons gejuig in die afrigterslosie veel uitbundiger. Ons het geweet dis ’n seker oorwinning. Ek het Stokke gedruk en soos ’n stoeier heen en weer met hom gewieg en uit volle bors geskree. Felix en Matt het my op die rug geklop. Toe ek weer gaan sit, het ek my oorfone styf vasgedruk van pure vreugde en verligting.

Cheslin het presies gespeel soos ons hom leer ken het. Ek kon amper nie ten volle waardeer hoe briljant hy Marler ontduik en verby Farrell geglip

het nie, want dis wat Cheslin gereeld gedoen het. Dit was amper so kalm soos Lukhanyo se aangee om Mapimps se drie te bewerkstellig. Dís wat die Wêreldbekereindstryd vir my so spesiaal gemaak het, om te kyk hoe hierdie ouens met soveel selfvertroue onder druk speel.

Ons was met 32-12 voor, maar ek kon nie ontspan nie. Ek het al ervaar hoe opposisiespanne in die laaste kwart terugbaklei en 'n wedstryd wen. Ek het onthou hoe die All Blacks die vorige jaar op Loftus drie drieë binne 17 minute gedruk het om ons met twee punte te klop.

Ek het vir Jacques laat weet hy moet die spelers aansê om nie te laat slaplê nie. “Baie dinge kan nog gebeur; geen dom strafskoppe nie,” het ek vir hom gesê. Matt wou ondertoe gaan om langs die veld te wees, maar ek het hom gekeer. “Ons gaan raad nodig hê met skrums en kak,” het ek gesê.

Ek was bang die wedstryd kan steeds voor ons neuse weggeraap word. “Kan ons nog steeds hierdie wedstryd verloor?” het ek vir Stokke gevra.

“Aikona, daar’s nie ’n manier nie!” was sy antwoord.

Toe hy dit sê, het ek kalmer gevoel. Ek het vir Jacques laat weet dat hy Faf met Herschel moet vervang. By die Springbokke verander ons nie dinge om mense gelukkig te hou nie. Faf was in beheer en het uitstekend gespeel. Dit was nie nodig om Herschel se briljantheid by die wedstryd te voeg nie. Maar ek het gedink: *Hel, as jy die luukse het om ’n ou die kans te gee om die vreugde van ’n Wêreldbekersege te geniet, kom ons doen dit.*

Ek kon uiteindelik die laaste paar minute van die wedstryd geniet en ek het Stokke ’n soen op die wang gegee. Lindsay en Felix was besig om hul toerusting op te pak, maar ek het steeds na die veld gestaar terwyl die spel voortgaan. Met die laaste sekondes wat aftik, het ek nog een oomblik van twyfel beleef en vir Stokke gevra: “Hulle kan nie meer wen nie, nè?” Hy het my ’n gerusstellende klop op die skouer gegee. Ben Skeen het oor die kommunikasiestelsel vir Jérôme Garcès laat weet dat daar twee minute oor is. Ek het op die tafel geslaan van verligting, my radio gebêre en af veld toe gegaan.

Toe Handré die bal hoog die pawiljoen in skop om die wedstryd te beëindig, het ek my by die spelers aangesluit vir die feesvieringe. Ek het uit die tunnel gestap tot op die veld, waar ek begroet is deur die steunpersoneel wat mekaar druk en juig en huil. Ek het Charles ’n vet druk gegee, maar ek was oorweldig deur emosie en het tranerig geraak. Ek het terug tunnel toe gestap om kalm te word. Ek was teësinnig om my by die spelers aan te

sluit; dit was hulle dag en ek wou hê hulle moes die oomblik geniet. Terwyl ons gewag het vir die oorhandiging van die trofee, het ek tussen hulle rondgestap, hulle omhels, gelag en grappies gemaak. Ek het Jacques 'n soen op sy bleskop gegee. Ons het 'n lang pad saam gestap.

Saam op die podium met Siya wat die trofee omhoog hou, vuurwerk wat afgaan en confetti wat rondvlieg, het ek agter gestaan terwyl almal voor my op en af spring. Ek was uit my vel van vreugde, maar ek wou nie die kollig steel nie.

My oë het gesoek na Nikki, wat langs die veld gestaan het, en ek het die reaksie van mense in die skare dopgehou. Ons het in die stadion rondgestap en gebuig om dank te betuig teenoor die mense van Japan wat so ongelooflik was. Ek onthou hoe vreemd dit gevoel het die eerste keer toe ons dit gedoen het en hoe lekker dit die laaste keer gevoel het.

Ek kyk terug op daardie oorwinning met 'n warboel van emosies. Ek onthou die gevoel toe ons teen Engeland gespeel het in die eerste toets op Ellispark, toe Siya sy debuut as kaptein gemaak het en ek uit sommige geledere gekritiseer is, en toe ons met 3-24 agter was ná net 20 minute. Ek was stomgeslaan en het gedink: *Dit kan nie wees hoe die lewe werk nie. Ek het my gesin ontwrig deur Ierland toe te trek, en toe teruggekeer huis toe en so hard gewerk om transformasie deur die EPD te bewerkstellig, strategieë en taktiek ontwikkel, en geglo dit sou werk, net om te sien hoe dit reg voor my oë uitmekaarval.* Ek het vir myself gesê ek kon myself nie bejammer nie en ek kon nie verskonings soek nie. Ek het onthou hoe ons nie opgegee het nie; ons het harder gespeel, en teen rustyd was ons terug in die wedstryd, en ons het op die ou einde die reeks gewen.

En nou, 16 maande later, het ons Engeland pas in 'n Wêreldbekereindstryd verslaan, en ek het gevoel: *Fok, dit was die moeite werd!* Al die bakleiery en meningsverskille en ompraters, om my gesin en Jacques s'n te ontwrig, om programme te belyn, om spelers en afrigters deur die stelsel te kry wat ek in plek gebring het, om 'n span te bou wat die hele land verteenwoordig, om 'n wedstryd te speel wat ons van sesde in die wêreld tot heel bo in die wêreld gevat het – dit was die moeite werd.

Ek het teruggedink aan die oomblikke toe ek in myself getwyfel het en gedink het ek is arrogant omdat ek aangeneem het ek weet beter as ander

mense, toe die geweer teen my kop was in daardie eerste toets teen Engeland, toe ons so byna drie toetse in 'n ry verloor het en ek belowe het om te bedank as dit sou gebeur, en tog het ek by my plan gehou. Selfs as ons die eindstryd verloor het, sou ek weet ek het dit op my manier verloor, soos ek dit wou hê. Dit was alles die moeite werd. Uiteindelik!

My pa het op 'n keer vir my 'n storie vertel net voor ek weg is uit Despatch om Bloemfontein toe te gaan. Hy het my vertel 'n man was op die strand om krappe te vang. Elke keer as hy een gevang het, het hy dit in 'n emmer gegooi. Sy vriend het verbygestap en hom gewaarsku dat sy emmer besig was om vol te raak en dat die krappe teen die kant van die emmer sou uitklim en ontsnap. “Moenie worry nie,” het die ou geantwoord, “dis Suid-Afrikaanse krappe, hulle trek mekaar ondertoe.” Ek dink dis wat my pa sy hele lewe lank ervaar het. Die oomblik wanneer hy op die punt was om iets te bereik, het iemand gekom en hom ondertoe getrek. Ek voel daar's so 'n bietjie van 'n siekte in Suid-Afrika, iets wat veroorsaak dat iemand ondertoe getrek word sodra hy iets bereik.

Ek het nou so half van blaam gesuiwer gevoel. Dalk is “verlig” die regte woord. Ek het by myself gedink: *Fok, ek het julle mos gesê!* Ek het baie foute in my loopbaan gemaak en ek het baiekeer in myself getwyfel en jammer gevoel vir myself. Ek kan dit nou teenoor myself erken. Ek het heeltyd gedink: *Gaan enige iemand dit snap, sal dinge op die ou end uitwerk?* En toe het dit. Dank die Here dit het.

Om die trofee te wen was fantasties, ongetwyfeld. Dis wonderlik wanneer jy wen. Maar 'n foto waarop ek die Webb Ellis-trofee vashou, was nie vir my persoonlik die grootste ding nie. Dit was eerder Lukhanyo wat die bal byna in stadige aksie na Mapimps uitgee sodat hy kon druk, Cheslin wat verby die Engelse spelers dans, ons voorspelers wat die Japannese terugdryf, om te sien hoe die planne werk. Dis wat spesiaal was.

Ek en Siya het die Webb Ellis-beker saam met ons geneem na die mediakonferensie ná die wedstryd, en die eerste vraag was wat die oomblik vir my beteken het. Ek het trots gevoel daar waar ek gesit het, want niemand het gedink ons het veel van 'n kans om die Wêreldbeker te wen nie. Ek het verduidelik hoe ons as 'n span besluit het ons sou 20 weke saam

moes deurbring as ons die trofee wou wen, omdat ons so ver agter die ander spanne was wat betref die bou van 'n mededingende span. Ons het dit nie as 'n opoffering beskou nie, maar as 'n eer. Ek het gesê ons het pas week 19 van die 20 voltooi. Ons moes steeds die week daarna met die trofee deur die land toer. Charles het met dié briljante voorstel vorendag gekom terwyl ons aan die begin van die jaar besig was met ons beplanning. Hy het daarop aangedring dat ons 'n oorwinningsparade deur die land deel maak van ons planne. Dis hoe deeglik ons beplan het.

Ek het gesels oor die hantering van druk, iets waarop ek in my spanpraatjies met die spelers gehamer het. Ek het verduidelik wat druk vir my beteken. In Suid-Afrika beteken druk om werkloos te wees, of iemand in jou nabye familie wat vermoor word. Rugby behoort nie druk op jou te plaas nie; dit moet iets wees wat hoop skep. Ons het die voorreg gehad om mense hoop te gee; dit was nie 'n las nie. Maar om hoop te gee behels meer as om daaroor te praat of 'n mooi foto op sosiale media te plaas. Ons het hoop gegee deur goed te speel en mense die geleentheid te gee om hul verskillende opsy te sit sodat hulle, 80 minute lank, iets spesiaals kon geniet. Dit was nie ons verantwoordelikheid om dit te doen nie – dit was ons voorreg.

Ek het ook die geleentheid gehad om hulde te bring aan Siya, wat langs my gesit het. Ek het die verslaggewers vertel van sy swaarkryjare, nie net om geleentheid te kry om rugby te speel nie, maar ook om kos of skoene te kry, of om by die skool uit te kom. “En dan dink jy by jouself, hier sit hy as kaptein, en hy het Suid-Afrika aangevoer ...” Ek moes eers ophou praat om my emosies onder beheer te kry terwyl ek die Webb Ellis-trofee in sy rigting geskuif het. “... om hierdie beker vas te hou. Ek dink dit som mooi op wie Siya is.”

Dit het lank gevat vir die gedagte om behoorlik in te sink dat ons die beker gewen het en nou die wêreldkampioen is. Die dinge waaroor die spelers in die weke voor die eindstryd gesels het, het oor en oor deur my kop gemaal. Mapimps het vertel van die jong meisie, Uyinene Mrwetyana, wat by 'n poskantoor in Claremont verkrag en doodgeslaan is 'n week voor ons Japan toe gevlieg het. Ons het gepraat oor so baie probleme tuis. Maar ons het hierdie ding gehad waar ek gesê het: “Hou op sê julle wil mense hoop gee en inspireer terwyl julle sesde op die wêreldranglys is.” Ek het gesê ons moet nooit daai woorde gebruik totdat ons regtig in die posisie is

om iets betekenisvol te doen nie. Nou, as wêreldkampioen, het ek gevoel ons het 'n bietjie meer mag om te sê: “As ons saamwerk, kan ons suksesvol wees.”

Ek het 'n effe oorweldig gevoel omdat ons dit reggekry het.

Ek het die grootste deel van die feesvieringe in die kleedkamer misgeloop, waar die spelers sjampanje uit die Webb Ellis-trofee gedrink, Frans Steyn vir prins Harry uitgedaag het om te kyk wie 'n bier die vinnigste kon afsluk, en Faf met sy onderbroek in die kleure van die Suid-Afrikaanse vlag rondgeloop het.

Die volgende aand het ons die Wêreldrugbytoekennings in Tokio bygewoon waar die Springbokke as Span van die Jaar, Pieter-Steph as Speler van die Jaar, en ek as Afrigter van die Jaar aangewys is. My toekenning is oorhandig deur Richie McCaw, puik voormalige All Black-kaptein en medelosvoerspeler.

Ek het daarna die geleentheid gehad om hulde te bring aan die ander afrigters wat in my kategorie benoem was. Ek het gepraat oor hoe die All Blacks die voorafgaande 12 jaar vir ons hoë mikpunte gestel het en hoe ons soos hulle moes wees. Ek het gesê ons het die afgelope 24 uur geniet sedert ons die Wêreldbeker gewen het en belowe ons sou die volgende twee weke ook geniet, maar dan was dit weer skouer aan die wiel om Nieu-Seeland te probeer nadoen.

Terwyl die verligting en bevrediging van die Wêreldbekertriomf nog besig was om in te sink, het ek reeds vooruit beplan vir ons volgende uitdaging, om die Drienasiesreeks teen die Britse en Ierse Leeus in 2021 te wen. Toe ek die leisels by die Springbokke oorgeneem het, het ek 618 dae gehad om vir die Wêreldbeker voor te berei. Ons het nou 614 dae gehad om reg te maak vir die Leeus. Ons moes konsekwent wees. Ons het sewe van ons 14 toetse in 2018 verloor, maar net een in 2019. Daar was bitter min tyd om agteroor te sit en die oorwinning te geniet. Ons het werk gehad om te doen.

Min het ek geweet dat die Covid-pandemie oor vier maande sou uitbreek, en watter verwoestende impak dit sou hê.

Ek was al voorheen op 'n trofeetoer, toe ek die Vrystaat se afrigter was en

ons die Curriebeker terugbring het Bloemfontein toe. Dit was ongelooflik om die emosie van die Cheetahs-ondersteuners te sien wat 29 jaar laas die Curriebeker in hul tuisstad gesien het.

Nou, as Springbokafrigter, het ek gesien wat dit vir Suid-Afrikaners uit alle agtergronde beteken het om die Wêreldbeker te wen. Ek onthou 'n jong meisie wat vyf of ses kilometer ver kaalvoet langs die bus gehardloop het, en elke oomblik geniet het omdat almal om haar gelukkig was. Ek het die seuntjie gesien wat gehuil het toe Siya sy stewels teken. Ek het mense gesien wat sekerlik geen rede gehad het om gelukkig te wees met hul lewe nie, maar wat 'n paar sekondes lank gelukkig was terwyl ons verbygekom het. Die trofeetoer was belangrik vir gewone Suid-Afrikaners om bymekaar te kom en fees te vier.

Daar was daardie week soveel vreugde terwyl ons die land deurkruis het. Maar vreugde verander niks. Vreugde vat nie jou armoede weg nie.

Waarom is ek in 2023 nog hier? Dis nie sodat ek kan sê ons het nog 'n Wêreldbeker gewen nie. Ná die oorwinning in 2019 het ek gedink iemand sou voortbou op daardie eenheid wat ons almal gevoel het, maar hier is ons in 2023, en ons sukkel steeds met baie dinge in Suid-Afrika.

Ek is nie seker wat presies my plek in die geskiedenis is nie. Mense praat nie deesdae soveel oor transformasie in rugby nie. Dis nie meer so 'n groot kwessie nie, en ek is bly oor die rol wat ek daarin kon speel. Ek voel dit was veel groter as om die Wêreldbekertrofee omhoog te lig. Ek het transformasie reggekry, selfs toe mense gesê het Siya behoort nie die kaptein te wees nie, toe mense my gekritiseer het omdat ek Sbu en Aphiwe laat speel het en beweer het hulle is onervare, toe mense vir my gesê het my spelers is rassisties omdat hulle Mapimps van hul feesviereroomblik verjaag het.

Vir my was die EPD die massiewe prestasie. Ek het dit nie gedoen omdat ek gedink het ek sou eendag die Springbokke afrig nie. Ek het dit gedoen omdat ek iets kon doen om mense 'n gelyke kans te gee. Sou Suid-Afrika nie 'n beter plek wees as almal 'n gelyke kans kon kry nie? En as hulle nie daardie kans aangegryp het nie, het hulle nie die span gehaal nie.

Ek dink ons was gelukkig om die Wêreldbeker te wen. Die lyn tussen wen en verloor is so fyn, drie punte hier en drie punte daar. Maar ek het probeer om iets veel groter as dit reg te maak. Ek wil hê mense moet besef ons het geslaag omdat die span soveel ondersteuning gehad het, omdat ons

nie net uit wit spelers gekies het nie – ons het swart talent ook daar gehad. Mense kan sê: “As julle nie die trofee gewen het nie, sou al jou werk niks beteken het nie.” Ja, ons het gewen, dis simbolies, en die ondersteuners het iets gehad om aan vas te hou. Maar dit tap jou nogal as jy dink: *Fok, wat as ons nié het nie?* Partykeer raak ek so gefrustreerd omdat ons nie kon munt slaan uit ons sukses nie, en waardeer hoeveel rugby verander het nie.

IN DESEMBER 2019 HET DIE EERSTE BERIGTE verskyn oor 'n uitbreking van 'n koronavirus in Wuhan, China. Dit was die eerste keer wat ons van Covid-19 gehoor het, maar ek het aanvanklik nie veel aandag daaraan gegee nie, en hoekom sou ek? Op 30 Januarie is Covid-19 deur die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) tot 'n internasionale gesondheidskrisis verklaar, wat niks vir my beteken het nie. Ek was besig om die Suid-Afrikaanse franchises in die eerste Superrugby-ronde dop te hou, wat die dag ná die WGO-aankondiging afgeskop het.

Ons kon sewe rondes afhandel voor die wêreld tot stilstand geruk is. Alle Superrugby-wedstryde is afgestel terwyl Covid regoor die wêreld versprei het en Suid-Afrika nes ander lande 'n tydperk van inperking aangekondig het. Dit het rugby in 'n krisis gedompel. Die Suid-Afrikaanse Rugbywerkgewersorganisasie, waaraan al die provinsies behoort, het salarisbesnoeiings met die spelers onderhandel in 'n poging om professionele rugby te laat oorleef.

Toere na Suid-Afrika deur Skotland en Georgië is afgestel, gevolg deur die Rugbykampioenskap en daarna die jaareindtoer waarin ons teen Italië, Ierland, Frankryk en Wallis sou speel. Dertien toetse in 2020 was van die baan, en daarmee saam 'n wonderlike geleentheid om die Springbokke as wêreldkampioen te vertoon.

Die inperking het ook ons planne vir die 2021-toer teen die Britse en Ierse Leeus en ons voorbereidings vir die 2023-Wêreldbeker omver gegooi. Daar was steeds 'n paar posisies wat ek in heroënskou wou neem, en ek het gevoel ons het nie genoeg tyd gehad om deur al die spelers te sif en hulle onder uiterste toestande op die proef te stel nie. Ek was van plan om die inkomende reeks teen Skotland en die Rugbykampioenskap te gebruik om te kyk watter spelers bo uitkom. Skielik was daardie wedstryde van die baan, met 'n reuse- finansiële verlies vir Saru.

Persoonlik het die Covid-pandemie 'n enorme impak op my gehad. Ek het steeds behandeling vir Wegener se siekte ontvang en my komorbiditeite

was 'n knaende bron van kommer. Ek moes regtig vir die virus wegkruip. Ek het besluit om geen kanse te vat nie en tuisgebly. Ek dink ek het my huis drie keer daardie jaar verlaat. Toe my kinders ná die inperkingstydperk terug skool toe is, het ons maskers in die huis gedra.

Teen Desember 2020 het ek minder skrikkerig gevoel, en ons het by Frikkie en sy gesin op Pringlebaai gaan kuier. Toe ons tuiskom, kon ek voel my lyf pyn en ek was uitgeput. Ek wou net slaap. My tweelingdogters het ook goor gevoel. Ek het gegaan vir 'n Covid-toets, wat negatief was, en so is ons Baviaanskloof toe vir die tradisionele Erasmus-familievakansie. Ek het steeds nie lekker gevoel nie; daarom het ek Frikkie gebel om te hoor hoe dit gaan. Sy hele gesin het positief getoets.

Ons het sommer geweet ons is ook positief, so, ons het alles opgepak en dadelik terug huis toe gery. Ses dae lank het ons so pap gevoel. Dit was die hoofsimptoom – volslae moegheid. Ek het nooit 'n hoes of koors ontwikkel nie, hoewel my bloedsuurstofvlak so rondom 91 was, wat 'n bietjie kommerwekkend was. Die vyfde dag was die ergste in terme van die moegheid, maar daarna het ons almal beter begin word.

As gevolg van Wegeners se siekte was ek baie benoud oor my gesondheid, en die feit dat ek Google geraadpleeg het vir inligting, het dit nie makliker gemaak nie. Ek was gelukkig om die siekte in my keel te hê en nie in my longe nie. Ná ses dae het ek aansienlik beter gevoel, en gelukkig het ek nie weer Covid gekry nie.

Ons kon nie veel in rugbyterme doen nie. Vir die grootste deel van 2020 kon ons glad nie oefen- of belyningskampe hou nie. 'n Plaaslike weergawe van Superrugby, wat Superrugby Unlocked genoem is, is in Oktober gehou, en die Curriebeker het van November tot Januarie teruggekeer, sonder toeskouers. Ten minste kon ons topspelers weer 'n bietjie speelyd kry. Ons moes kreatief wees om te kon aanhou wedstryde speel en ons het 'n paar reëls aangepas om die kompetisies interessant te hou.

Die debat oor die lot van die Britse en Ierse Leeus se toer wat vir die daaropvolgende jaar geskeduleer was, het ook elke dan en wan opgevlam. Verskeie opsies is bespreek: om die reeks in Doebai te hou, of in Londen op Twickenham, of iewers in Australië. Ek het gesê ons is bereid om enige plek te speel. Daar was die groot finansiële aanspooring vir ons, maar belangriker, ons wou nie die geleentheid misloop om teen die Leeus te speel

nie wat net een keer elke 12 jaar na Suid-Afrika getoer het. Ná baie gesprekke is daar in Maart 2021 besluit dat die reeks van drie toetse teen Julie in Suid-Afrika sou plaasvind, maar met streng Covid-protokol in plek, en op leë stadions.

Toe die 2021- internasionale seisoen uiteindelik op 2 Julie 2021 vir die Springbokke afskop, het ons nie 'n enkele toetswedstryd sedert die Wêreldbekereindstryd op 2 November 2019 gespeel nie. Ons was die enigste Vlak 1-land wat geen toetsrugby in 2020 gespeel het nie. Ons was geskeduleer om twee keer teen Georgië te speel, terwyl die Britse en Ierse Leeus se spelers in 2020 en 2021 in die Sesnasies gespeel het, en die Leeus self 'n opwarmingswedstryd teen Japan op Murrayfield gespeel het voordat hulle hierheen gevlieg het.

Toe hul span aangekondig is, het ek opgemerk hulle het slegs drie hakkers gekies, maar ek het gereken hulle kort vier. Ek was op goeie voet met die Leeus-afrigter, Warren Gatland, en het 'n aanlyn vergadering met hom gehad waarin ek voorgestel het hy moet 'n vierde haker kies. Ek het vir hom 'n scenario geskets waar een haker 'n wedstryd begin, een beseer was en een Covid gehad het. Hy sou dan geen plaasvervanger vir 'n sleutelposisie hê nie. 'n Wedstryd sou nie kon voortgaan sonder 'n volle voorry spesialisvoorspelers nie. Ek wou nie 'n situasie van onbestrede skrumme hê nie. Hy het die probleem verstaan en gevolglik 'n vierde haker gekies.

Die manier waarop ons Covid-protokolle hanteer het, was totaal naïef. Anders as die Britse en Ierse internasionale spanne, wat as gevolg van hul deelname aan die Sesnasies gewoon was daaraan om in Covid-toestande te reis, het ons nie werklik geweet wat om te doen en hoe om op te tree nie. Toe die Leeus op 28 Junie in Suid-Afrika aankom, was hul spelers reeds gewoon aan die uitdagings van Covid en hul span se protokolle vir toetsing en maatreëls om die verspreiding van die virus te keer. Ons was veragter hulle in terme van ons begrip van wat dit verg om 'n span deur Covid te kry. Die Leeus het in 'n land aangekom met stygende Covid-getalle, 'n 21:00-aandklokkeel, 'n verbod op die verkoop van alkohol en tabak, en restaurante wat slegs toegelaat is om wegneemetes te bedien.

Ons het 'n kamp in Bloemfontein gehad voordat ons Johannesburg toe is om voor te berei vir ons eerste toets van die seisoen teen Georgië op Loftus Versfeld. In ooreenstemming met Covid-protokol het ons vyf weke voor die

wedstryd by ons hotel in Rosebank ingeboek. Dit was vir ons baie frustrerend, met die gedurige getoets en die lang ure se rondsit in die foyer terwyl jy op die toetsuitslae wag.

Ons voorbereidings vir die Georgië-toets is ontwrig toe twee spelers, Vincent Koch en Sbu Nkosi, positief getoets het, terwyl Herschel Jantjies weer toegelaat is om te speel nadat hy aanvanklik 'n vals positief teruggekry het. In die week voor die wedstryd is ons toegelaat om weer te begin oefen. Terselfdertyd is 'n Curriebekerwedstryd tussen die Cheetahs en die Bulle – die Leeus se teenstanders 'n paar weke later – afgestel omdat 'n Cheetahs-speler Covid opgedoen het, wat vir nog meer konsternasie gesorg het.

Drie spelers het hul debuut in die Georgië-toets gemaak – Aphelele Fassi, Rosko Specman en Jasper Wiese – want ons het die wedstryd gebruik om aan ons doelwit van spandiepte te werk. Die spelers was ietwat verroes ná 'n rustyd van 20 maande sedert die Wêreldbekereindstryd, maar ná 'n halfuur het dinge weer in plek begin val en hulle het 'n goeie vertoning gelever en ses drieë gedruk om met 40-9 te wen.

Dit was vreemd om op 'n leë Loftus Versfeld te speel, maar die meeste van die spelers het reeds die gebrek aan 'n skare ervaar by die oorsese klubs vir wie hulle gespeel het, in Superrugby Unlocked of in die Curriebeker. Maar ons sou nie toelaat dat die gebrek aan skares ons ontmoedig nie, so, ons het algaande daarby aangepas. Ons het op die positiewe sy daarvan probeer fokus, en dit was dat ons maklik op die veld kon kommunikeer. Jy kan dit nie doen terwyl daar 85 000 juigende ondersteuners is nie. Jy kan nie eens die speler langs jou hoor nie. Maar nou, met die stil stadions, kon jy iets vir 'n speler skree wat meer as 30 meter ver was. Dit was soos 'n skolewedstryd waar jy die luidrugtige pa aan die oorkant van die veld kon hoor.

Toe, net toe ons ons ritme begin vind, is ons getref deur 'n verwoestende vlag Covid wat ná die wedstryd deur die span getrek het. Elf mense het positief getoets – vyf spelers, insluitende Siya, en vyf lede van die bestuurspan, insluitende Jacques, sowel as 'n masseuse. Vier Georgiese spelers het positief getoets, sowel as hul afrigter, Levan Maisashvili, wat op 'n ventilator en in 'n baie ernstige toestand in die hospitaal beland het. En gevolglik het die ministeriële advieskomitee wat alle Covid-verwante kwessies hanteer het, besluit die tweede toets teen Georgië moes afgelas

word, wat 'n verwoestende terugslag vir ons voorbereidingsplanne was.

Die ministeriële advieskomitee wou hê ons moes tot ons hotel beperk word. Die enigste mense daar was ons en die hotelpersoneel, maar ons kon nie daarin slaag om 'n veilige bioborrel effektief te handhaaf nie. Elke dan en wan was iemand in ons groep in kontak met iemand anders wat positief was of 'n vals positiewe uitslag ontvang het, en dan moes hulle in kwarantyn gaan. Ons dokter, Jerome Mampane, was een van diegene wat in noue kontak met iemand was, so, hy moes isoleer, en ons het dus sonder 'n spandokter gesit. Ons het toe vir dr. Konrad von Hagen, wat ons spandokter by die Wêreldbeker was, laat invlieg om te help. Maar toe doen hy die virus op en beland ernstig siek op 'n ventilator in die hospitaal. Ons dieetkundige, Zeenat Simjee, is ook in die hospitaal opgeneem. Ons het toe Saru se mediese bestuurder, Clint Readhead, gevra om te help, maar kort ná hy begin werk het, was hy in noue kontak met iemand en hy moes isoleer, en ons het steeds sonder mediese ondersteuning gesit. Die Leeus, daarenteen, het vier dokters in hul toergroep gehad, so, daar is goed na hulle omgesien.

Ons het verstrik geraak in die tydrowende Covid-protokolle. Wanneer ons dokter nie in isolasie was nie, het hy sy hande vol gehad om spelers te behandel wat positief getoets het. Sodra 'n speler positief getoets het, moes ons vasstel met wie hy in noue kontak was. Ek het saans ure lank saam met Lindsay Weyer, ons tegniese ontleder, deur video's van oefensessies gesoek om enige iemand te identifiseer wat meer as vyf sekondes lank noue kontak met daardie speler gehad het. As die spelers 'n volle oefensessie gehad het, het dit min of meer almal ingesluit. Wat my dronkgeslaan het, was die bal. Kon 'n besmette speler nie die virus deur middel van die rugbybal oordra nie? Niemand kon daardie vraag vir my beantwoord nie.

Die spelers was so fiks en gesond dat baie van hulle nie eens geweet het hulle het Covid totdat hulle getoets is nie. Dit was vir hulle so frustrerend om alleen in hulle hotelkamers te sit, waar hulle op hul eentjie oefeninge moes doen en kos moes eet wat op 'n skinkbord afgelewer en buite die deur gelaat is. Hulle het verveeld en kort van draad geraak.

Ons is almal in ons kamers opgesluit, terwyl die Leeus danksy hul ervaring van Covid-protokol tydens die Sesnasies, met 'n bietjie meer vryheid kon rondbeweeg. Ons moes oor drie weke teen die Leeus speel en ek het belowe ons sou 23 Covid-vrye spelers oplewer vir 'n Springbokspan.

Ons is ernstig benadeel deur die feit dat ons daardie broodnodige toets teen Georgië as voorbereiding kwyt was, terwyl die besoekers kosbare wedstrydoefening teen die plaaslike Leeus-span op Ellispark gekry het, en teen die Haaie op Ellispark en weer op Loftus. Om my frustrasie en verwarring oor die Covid-protokol nog erger te maak, het een van hul afrigters, Gregor Townsend, Covid gekry, maar hy was ná net sewe dae terug op sy pos. As enige van die Bokke Covid opgedoen het, moes hy 11 dae in isolasie deurbring.

Aangesien ons 11 mense met Covid gehad het, het die ministeriële advieskomitee besluit ons kon nie Kaapstad toe vlieg vir die Suid-Afrika A-wedstryd teen die Leeus nie, want as iemand op die huurvlug Covid gehad het, sou almal dit kry. Ek het my belofte herhaal – selfs al moes ons met 'n Westelike Provinsie-span teen die Leeus speel, ek sou 23 ouens kry wat nie positief was nie.

Dis waarskynlik waar dinge begin suur draai het. Ek het 'n klompie spelers en die bestuur na my kamer laat kom en gevra hulle moet my vertrou. Ek het gesê ons kon nie met die huidige omstandighede voortgaan waar ons in die hotel moes sit terwyl die Leeus rugby kon speel nie. Ek het gevra: “Hoe de fok gaan ons teen die Leeus speel as ons nie hierdie Suid-Afrika A-wedstryd in Kaapstad kan speel nie?” Ons sou 'n afranseling kry omdat ons nie wedstrydfiks was nie en ons het daardie wedstryd voor die toets nodig gehad.

Ek het toe vir Jurie Roux 'n brief geskryf waarin ek gesê het ek en Jacques bedank omdat ons nie die Springboknaam sommer net so kon wegsmyt nie. Ek het gesê ons is in 'n onmoontlike situasie, en hoewel ons weet ons voer 'n stryd om finansiële kop bo water te hou en dat SA Rugby nodig het dat die toets moet voortgaan, kan ons nie so aangaan nie. Ons het gesê hy kan nuwe afrigters soek, maar ons is nie die mense wat onverantwoordelik gaan wees en die Springbokke teen internasionale teenstanders gaan laat speel wat 50 punte gaan kry omdat ons nie genoeg rugby gespeel het nie.

Jurie was baie omgekrap. Ek het hard baklei. Ek het gesê: “Kom ons bel die Leeus se bestuur en die ministeriële advieskomitee en laat ek hoor wat al die reëls en protokolle is en hoe dit veronderstel is om te werk.” Wat aan my gekrap het, was wanneer ons Covid-gevalle gehad het, moes ons 11 dae lank isoleer vanaf die dag wat die persoon positief getoets het, terwyl hulle

geïsoleer het van die dag wat die persoon simptome begin toon het, wat 'n veel korter kwarantantydperk tot gevolg gehad het. Hul ervaring van Covid-protokol tydens die Sesnasies het tot hul voordeel gestrek. Al wat ek wou doen, was om 23 gesonde spelers na Kaapstad te laat vlieg en hulle die Woensdag 'n wedstryd te laat speel. Ek wou weet waarom die Leeus Kaapstad toe kon vlieg en ons nie.

Die spelers het saamgestem met my benadering. Ons het die Sondagoggend by 'n Teams-oproep ingeskakel en ek kon aan Jurie se gesig sien hy was moedeloos. Almal het stilgebly. Ek het gepraat. “Ek het iets om te sê – Covid het gewen, en ons gee op. Ons kan nie so werk nie. My spelers raak depressief, hulle kan nie sosialiseer of hul gesinne sien of saam bymekaarkom nie. Hulle oefen in hul kamers, en gebruik hotelmeubels om opstote en opsitte te doen. Ons doen alles virtueel, en nou wil ons net op 'n veld gaan en oefen. Ons kan dit nie doen nie, en tog vlieg julle ouens Kaapstad toe.”

Die Leeus het die kwessie van ons 11 positiewe gevalle geopper. Ek het gesê ons sou die spelers wat nie Covid het nie Kaapstad toe laat vlieg, maar hulle het beswaar gemaak. Ons moes tot Donderdag wag, het hulle gesê, maar dit sou beteken ons Suid-Afrika A-wedstryd word afgestel. Ek het gevra hoe ons teen hulle kon speel ná net een toetswedstryd teen Georgië, terwyl hulle vier opwarmingswedstryde agter die blad gehad het. Hulle antwoord was dat ons ons eie opwarmingswedstryd teen iemand moes reël.

“Wie?” het ek gevra.

Teen die Westelike Provinsie of so iets, was die antwoord. Ek moet byvoeg hulle was nie arrogant nie; om die waarheid te sê, hulle het baie mooi met my gepraat.

Ek het gesê dit maak nie sin nie. As ons nie daardie Sondagaand Kaap toe kon vlieg nie, was die toer af.

En hulle het gesê: “Wel, dan is die toer af.”

Ek het gesê: “Oukei, dankie vir almal se insette, dankie dat julle geluister het, en dankie dat julle probeer het.”

Net toe ek op die rooi Leave-knoppie wou klik, het 'n lid van die Leeus se bestuurspan van hom laat hoor: “Hokaai, hokaai, hokaai, ons is hier om oplossings te vind.”

Ons het uiteindelik ingestem om nog 'n stel Covid-toetse te laat doen, en die spelers wat negatief was, sou Kaap toe vlieg, en dié wat positief was,

moes agterbly. Die grootste deel van die bestuurspan was positief, so, ek en Stokke moes die span afrig.

Die Leeus was behoorlik ingerig by die Arabella-hotel buite Hermanus, 90 minute se ry van Kaapstad. Hulle het die hele plek vir hulleself gehad en kon op die fantastiese gholfbaan speel. Ons, aan die ander kant, was in 'n Kaapse hotel waar ons nie dieselfde luukse as die Leeus kon bekostig nie omdat Saru se geldsake geknyp het weens Covid en die feit dat daar in 2020 geen toetswedstryde plaasgevind het nie. Om die hotel was 'n hoë heining wat mense verhoed het om in en uit te kom, en die spelers kon nie buite in die strate rondloop nie. Ons het geïmproviseer sover ons kon, en ons eie gimnasiumgeriewe en oefenfietse in die hotel se kelderparkeerterrein opgestel.

Op die ou end kon ons 'n bykans toetssterkte span op die veld stuur wat nie tekort geskiet het aan ervaring nie: 16 van die spanlede het in die 1999-Wêreldbeker opgedraf en hulle het 522 toetse tussen hulle gespeel.

Lukhanyo het die span aangevoer, wat Morné Steyn ingesluit het – die held van die Springbokspan 12 jaar tevore toe hy in die tweede toetswedstryd van die Britse en Ierse Leeus se 2009-toer 'n strafskop in die doodsnikke van die wedstryd oorgeskop het, wat die reeks beklank het.

Ek het groot omstredenheid veroorsaak toe ek besluit het om een van die drie waterjoggies te wees. Ons het altyd vir Jacques langs die veld gehad wat instruksies aan die spelers oorgedra het, want as 'n gekwalifiseerde fisio was hy nie beperk tot die tegniese area nie. Maar nou was hy die hoofafrigter, beperk tot die afrigterslosie, so, dit het sin gemaak dat ek Jacques se rol oorneem. Ek kon slegs op die veld gaan wanneer die horlosie stilgestaan het, maar sonder die gedruis van die skare kon ek maklik instruksies aan die spelers skree. Ek het nie nodig gehad om op die veld te draf of 'n kringetjie te maak sodat die ouens my bo die stemme van 60 000 ondersteuners kon hoor nie.

Ek is toe daarvan beskuldig dat ek op TV gesien wou word, wat vreemde kritiek is, want ek hou nie van die kollig nie. Maar wat ek wel wou doen, was om vir die spelers akkurate inligting vanaf Jacques deur te gee. Ek kon maklik sy instruksies in Afrikaans skree, en as die Leeus-vleuel Duhan van der Merwe, 'n oudleerder van die Hoërskool Outeniqua op

George, in die omtrek was, het ek dinge in Afrikaans gesê wat ek *wou hê* hy moes hoor.

Sbu en Lukhanyo het in die eerste helfte drieë gedruk, en teen rustyd was ons met 17-3 voor. Ondanks die gesonde voorsprong was ek bekommerd dat die spelers nie die vloei van die wedstryd gevoel het nie weens 'n gebrek aan wedstrydoefening. Ons was besig om te wen, maar dit het gelyk of hulle nie mooi weet hóé hulle besig was om te wen nie. Met rustyd het ek die spelers gewaarsku: “Die Leeus gaan iewers 'n vonk kry, en dan gaan hulle fokken vlamvat.” Dit was asof die spelers net deur die wedstryd geploeter het, wagtend op geleenthede om drieë te druk wat nie gekom het nie. Die momentum tussen die spanne het kort voor lank verskuif. Ons het bo begin, maar toe geleidelik begin afskuif terwyl die Leeus al hoe meer selfvertroue en energie gekry het. Faf de Klerk en Marco van Staden is koelkas toe gestuur, en toe veg die Leeus terug in die tweede helfte. Ons het geen punte in die tweede helfte aangeteken nie, maar dit reggekry om vas te byt en 'n 17-13-oorwinning te behaal.

Ons was baie in ons skik met die uitslag ná al die onsekerheid oor die lot van die wedstryd: vasgekeer in ons hotelkamers in Johannesburg, die huurvlug wat ons so kort voor die wedstryd eers Kaap toe kon bring, die feit dat ons net een opwarmingswedstryd kon speel. Tog het ons 'n span geklop wat by die Arabella tuisgegaan en vier opwarmingswedstryde gespeel het.

Ná die tyd het Warren Gatland heelwat te sê gehad het. Hy het op die nuuskonferensie ná die wedstryd gesê Faf se geel kaart moes 'n rooi kaart gewees het. Faf is gestraf omdat hy Josh Navidi geskouer het, en die skeidsregter, Jaco Peyper, het die TV-skeidsregter, Marius Jonker, gevra om seker te maak of daar kontak met sy kop gemaak is, wat outomaties 'n rooi kaart sou beteken. Hulle het beslis dat Faf geen kontak met Navidi se kop gehad het nie, maar Gatland het gesê iemand kyk na 'n ander prentjie as hy. Hy het gesê hy gaan die volgende dag met die skeidsregters vergader om meer duidelikheid te kry. Hy het ook 'n opmerking gemaak oor die feit dat ek 'n waterjoggie was. Daar was niks in die reëls wat my verbied het om dit te doen nie, maar Gatland was duidelik nie gelukkig nie. Hy het gesê as ek 'n waterjoggie is, moet ek sorg dat ek water aandra. Die eerste skote is afgevuur.

Dis waar die hele skeidsregterdebakel begin het. Daar was nie 'n Wêreldrugby-skeidsregterbestuurder in Suid-Afrika nie, niemand wat vir ons riglyne of protokol kon gee as probleme met blaaswerk opduik nie. Ek het gevra vir inligting oor blaserprotokol – hoe en met wie moes ons enige probleme wat ons gehad het, bespreek? Ek het geweet Gatland kon die wedstrydskeidsregter die oggend ná 'n wedstryd kontak en terugvoering kry. So, dis hoe ek gereken het ek dit ook kon doen.

Ek was aktief op Twitter en het 'n opmerking gemaak dat ek uitsluitel wou hê oor 'n voorval van vuilspel in die wedstryd, sodat ons kon seker maak ons en die blaser is op dieselfde bladsy. Ek het 'n videogreep hertwiet wat iemand geplaas het wat homself Jaco Johan genoem het. Tot my verbasing het mense begin suggereer dat ék Jaco Johan was, bloot omdat hy soortgelyke video's as ek geplaas en soortgelyke menings as ek gehad het. Ek het nog nooit agter 'n skuilnaam weggekruip om my mening te lug nie. Ek is heel eerlik en reguit in my eie twiets sonder dat ek nodig het om my te vermom. Ek weet nie wie Jaco Johan is nie – as dit ooit sy regte naam is!

Ons kon daarin slaag om die Saterdag voor die eerste toets nog 'n wedstryd te speel, dié keer teen die Bulle op die Kaapstadstadion. Jacques en die ander spelers wat aanvanklik positief getoets het, kon uiteindelik afvlieg en hulle by ons aansluit, en ons het 12 veranderinge aan die span aangebring sodat almal speelkans kon kry voor die eerste toets. Slegs drie spelers wat in die vorige week se Leeus-wedstryd gespeel het, is behou. Die Bulle het met 17-14 gewen.

Die Donderdag voor die eerste toetswedstryd het ek gevra vir 'n konferensieoproep met Wêreldrugby se skeidsregterbestuurder, Joël Jutge, en direkteur van rugby, Joe Schmidt. Jacques en Siya was ook deel van die oproep. Ons het drie items op die agenda gehad. Die eerste was 'n versoek dat albei kante blaserkwessies op 'n positiewe manier hanteer, want ek was nie gelukkig met die manier waarop Gatland oor Faf en rooi kaarte gepraat het nie. Ek wou nie 'n bakleiery veroorsaak nie, en dis waarom ek Gatland voor die reeks gebel het toe ek gedink het hy het nie genoeg hakkers in sy span nie. Ek het verhoed dat dit 'n probleem word. Ek wou hê Jutge en Schmidt moes hom vra om op te hou kerm in die media.

Die tweede item op die agenda was om hulle daaraan te herinner dat hulle ons nie sedert die Wêreldbeker gesien speel het nie. Hulle is meer as 'n jaar lank nie aan my, Siya, Jacques of die spelers blootgestel nie. Ek wou

hê hulle moes ons met respek behandel. Ons het voor die Wêreldbeker hard gewerk om te wys ons is nie dom, arrogant of skoorsoekerig nie, maar intelligente, passievolle spelers. Ek het gesê: “Siya sal nooit die blaser nader tensy daar iets is wat hom regtig pla nie.”

Die derde item was ’n uitnodiging om te sê as daar enige iets was wat hulle wou hê ons moes weet betreffende ons interpretasie van die reëls. Ek wou weet of enige iets in die Suid-Afrika A-wedstryd hulle gepla het.

Ek het Gatland se opmerking oor die feit dat ek ’n waterjoggie was, opgehaal en gevra of daar ’n reël daarteen is. Ek het uitgewys dat die Leeus se skopafrigter, Neil Jenkins, vir hulle water aangedra het. Jenkins was so oud soos ek, het teen my gespeel, en het meer afrigting as ek gedoen. En tog was dit nie ’n probleem vir hom om water aan te dra nie. Ek het gesê ek verstaan nie waarom Gatland daaroor kerm nie. Enige iemand wat sy gesonde verstand gebruik, moes tog sekerlik weet dat ek inligting aan Siya sou oordra terwyl daar geen skare is nie. Hoekom sou jy nie daardie voordeel gebruik tensy dit indruis teen die protokol nie? Sover ek geweet het, is slegs die hoofafrigter nie tydens ’n wedstryd op die veld toegelaat nie.

Schmidt het gesê dit laat die spel sleg lyk, waarop ek voorgestel het hulle moet die kameras van my afhou. Die probleem kon nie wees dat ek die skeidsregter intimideer of beïnvloed nie, want ek het glad nie met die blaser gepraat nie, net met die spelers. My rol was prakties van aard, maar dit was ook takties, nes dit was vir enige ander span wat iemand langs die veld gehad het wat instruksies van die afrigter oordra. Ek het gesê ek sou ophou om die waterjoggie te wees as dit die spel opfok. Maar tot dan sou ek aanhou daarmee. Wêreldrugby het gevolglik die reëls in 2022 aangepas sodat die direkteur van rugby nie ’n waterjoggie mag wees nie.

Jutge en Schmidt het my belowe hulle sou praat met Gats, soos hulle hom genoem het. Selfs in die vergadering kon hulle my nie ’n protokol gee oor hoe om met skeidsregters te kommunikeer ná ’n wedstryd nie. Dit het my getref hoe ongelooflik dit was dat Jutge nie eens in Suid-Afrika was nie. Na die beste van my wete was dit die eerste keer in die geskiedenis dat ’n skeidsregterbestuurder nie by ’n reeks van die Britse en Ierse Leeus teenwoordig was nie.

’N PAAR DAE VOOR DIE EERSTE TOETS is die besluit geneem om al drie toetse op die Kaapstadstadion te speel omdat albei spanne in veilige omgewings was, en die gevoel was dat dit die risiko van positiewe gevalle sou verhoog as ons terug Johannesburg toe moes reis. Die besluit het ons ontnem van die voordeel om hoog bo seespieël te speel. Dinge het warm geword toe Marius Jonker as TV-skeidsregter vir al drie toetse aangestel is. Hy was die ou wat Gatland omgekrap het met sy beslissing dat Faf se duikslag op Navidi nie ’n rooi kaart verdien het nie. Ons het geweet Gatland was ontevrede omdat daar nie neutrale TV-skeidsregters beskikbaar was nie. Die oorspronklike TV-skeidsregter, Brendon Pickerill van Nieu-Seeland, kon nie kom nie omdat die Nieu-Seelandse Rugby-unie aanbeveel het dat hul wedstrydbeamptes nie na Suid-Afrika reis nie weens die Covid-situasie. Daar was ook kommer dat Pickerill nie sou kon terugkeer huis toe nie weens Nieu-Seeland se streng Covid-maatreëls.

Gatland was versigtig om niks in die openbaar te sê nie, maar daar is wyd gerapporteer deur verskillende rugbyjoernaliste oor sy ongelukkigheid. Die Leeus se hulpafrigter, Robin McBryde, het ook die kwessie opgeneem en op ’n mediakonferensie gekla dat Wêreldrugby geen plan B het nie, en dat daar ’n rede is waarom die TV-skeidsregter neutraal moet wees. Dit was blatante intimidasie van Marius, hoewel Wêreldrugby later gesê het sy opmerkings – hoewel onbehulpzaam en nie in die gees van die spel nie – nie formele klagtes geregverdig het nie.

Ek het die kwessie in die openbaar opgeneem en gesê ek is nie gelukkig met die feit dat Marius se integriteit bevraagteken word omdat hy ’n Suid-Afrikaner is nie. Hy het baie ervaring, as blaser van 25 toetswedstryde en TV-skeidsregter in meer as 40 ander toetse, insluitende ’n Wêreldbekerhalfeindstryd. Tydens die Rugbykampioenskap in 2020 het hulle plaaslike TV-skeidsregters gebruik en dit was geen probleem nie. Ek het vir die media gesê as die Nieu-Seelandse skeidsregter Ben O’Keeffe

verkeerde beslissings in die tweede toets maak, sal ons nie sê dis omdat hy 'n Nieu-Seelander is nie, nes Gatland.

Voor die eerste toets het ons 'n vergadering van 'n goeie 20 minute lank met Nic Berry, die skeidsregter, gehad om uitsluitel oor sy interpretasie van sommige reëls te kry. Ons het gevra vir die geleentheid om terugvoering ná die wedstryd te gee, sodat ons kon verstaan wat ons verkeerd gedoen het en aan ons foute kon werk. Ons het Berry gevra om aan ons net soveel respek te betoon as aan die Leeus. Hulle het baie leiers op die veld gehad, insluitende ten minste drie nasionale kapteins, so, ons het voorgestel dat slegs die kapteins en onderkapteins toegelaat word om op die dag met hom te praat. Aan ons kant was dit Siya en Handré.

Ons het die toets in 'n leë Kaapstadstadion gespeel en die Springbokke was teen rustyd met 12-3 voor, alles danksy strafskoppe. Maar ons het energie gekort. Nie net fiksheidsgewys nie, maar sielkundig gesproke. Ons het nie raakgesien dat ons besig was om die Leeus ietwat van 'n loesing te gee nie. Sonder 'n skare wat opgewonde raak (afgesien van my geskree op die kantlyn) het die span futloos vertoon.

Net ná rustyd het die Leeus 'n dryfmaalbeweging van 'n lynstaan op die vyfmeterlyn begin en hul haker, Luke Cowan-Dickie, het gaan druk. Twee minute later het Willie in hulle doelgebied op die bal geduik ná 'n steekskop deur Lukhanyo. Berry het die beslissing na die TV-skeidsregter verwys, wat uit verskillende hoeke daarna gekyk en ná lang oorweging beslis het dat Willie voor Lukhanyo was toe hy geskop het, hoewel dit net-net was. Die drie is dus nie toegeken nie.

Drie minute daarna is Faf oor vir 'n drie. Die beslissing is weer eens na Marius verwys. Hulle wou seker maak dat Pieter-Steph nie die bal aangeslaan het toe hy 'n steekskoppie deur Mapimps probeer opraap het nie. Marius het gesê daar is geen aanduiding dat die bal vorentoe gegaan het nie en Faf se drie is toegeken. Ons was met 17-10 voor. Hierna het Dan Biggar drie strafskoppe binne 11 minute oorgeskop en ons was met 17-19 agter.

Toe, in die 71ste minuut, het die Leeus-senter Robbie Henshaw 'n aangee onder druk van Lukhanyo verbrou. Die bal het losgespat en Mapimps het dit vorentoe geskop. Lukhanyo het blitsig opgevolg, die bal weer vorentoe geskop en Damian de Allende het dit opgeraap en gaan druk. Dit was ietwat van 'n heen en weer met 'n bonsende bal, so, Berry het weer

eens die beslissing boontoe, na Marius toe, verwys. Marius het tot heel aan die begin van die beweging teruggegaan, toe Cheslin om 'n hoë bal meegeding en dit aangeslaan het. Nóg 'n drie is nie toegeken nie.

Ons het probeer terugkom in die wedstryd, maar simpel foute het aan Owen Farrell 'n maklike strafskoppoging besorg wat hy nie gemis het nie, en ons het met 17-22 verloor.

Ek kon aan Siya se lyftaal – in sy oë, die manier waarop hy gepraat het, en die manier waarop hy ophou praat het met die skeidsregter – sien dat iets ernstigs fout was. Ek het geweet hoe Siya se gesig lyk as hy ongelukkig is, en ek kon tydens die wedstryd sien hy was afgepis. Wanneer hy Berry genader het om hom iets te vra, het dit nooit gelyk of hy Berry se volle aandag kon kry nie. Ek het die indruk gekry dat Berry nie dieselfde met Alun Wyn Jones gedoen het nie. Van my posisie langs die veld kon ek sien en hoor wat aangaan. Ek het dit nie in daardie stadium met Siya bespreek nie, maar ek was verstom dat die blaser hom so kon behandel terwyl ons bloot uitsluitel oor 'n kwessie gesoek het. Ek het geweet Siya is grootgemaak om mense in gesagsposisies te respekteer, en dis presies wat hy gedoen het. Maar dit het vir my gevoel of Berry die twee kapteins verskillend hanteer het.

Ek dink nie Nic Berry is iemand wat oneerlik is nie – glad nie – maar ek voel hy het nie vir Siya en sy manier van praat verstaan nie. Ek het hom nie gevra om Suid-Afrika te bevoordeel nie, maar ek het gevoel hy moet bewus wees van ons geskiedenis. Hier was ons kaptein, wat swart is, wie se huistaal isiXhosa is, besig om met 'n wit skeidsregter te praat, met twee wit lynregters, 'n wit TV-skeidsregter en 'n wit Leeus-kaptein. Ek wou hê die skeidsregter moes bewus wees van hoe dit lyk as hy Siya nie 'n kans gee nie. Ek wil dit baie duidelik stel – wat ek sê, is dat Berry vir my onkundig voorgekom het ten opsigte van die sensitiewe rassepolitiek in Suid-Afrika en van die persepsies wat hy kon skep deur nie voldoende aandag te gee aan wat Siya te sê gehad het nie. Ek het geen twyfel dat sy aksies nie opsetlik was nie, maar ek het gevoel hy behoort beter ingelig te wees. Suid-Afrika was besig om deur 'n besonder slegte tyd te gaan. Ons Covid-getalle was aan die styg, die land was net 'n week tevore in vlamme nadat geweld en plundery KwaZulu-Natal en dele van Gauteng getref het, oudpresident Jacob Zuma is opgesluit omdat hy 'n dagvaarding geïgnoreer het, die media was vol skynbaar nimmereindigende stories oor korrupsie wat deur die

Zondo-kommissie van ondersoek oopgevelek is, en daar was 'n elektrisiteitskrisis. Ek wonder soms of daar 'n onbewustelike vooroordeel was teenoor hierdie span van die Derdewêreldland wat dit nie eens kon bekostig om by 'n deftige gholflandgoed te bly nie en selfs gesukkel het om 'n spandokter byderhand te hê.

Ek het gedink Marius het 'n baie swak beslissing met betrekking tot Willie se drie gemaak en dit toegeskryf aan die druk waaronder Gatland hom geplaas het. Maar ek het op my tong gebyt en gesê dis oukei, partykeer draai dinge teen jou. Ek het ná die wedstryd vir Marius 'n WhatsApp-stemnota gestuur waarin ek gesê het ek verstaan sy moeilike posisie. Ek het gesê Gatland was heel slim (of “skerp”, soos ek dit gestel het) om hom onder druk te plaas. Ek het hom daaraan herinner dat ons goeie vriende is en dat ek altyd ons vriendskap sal waardeer. Ek het vir hom gesê ek weet hy doen altyd sy beste en dat hy 'n paar baie moeilike beslissings moes maak. Sy antwoord was: *Dankie, Rassie. Dit was tough. Ons praat in die week. Waardeer.*

Ek was nie kwaad of gefrustreerd nie. Ek het gevoel ons vertoning was die gevolg van 'n gebrek aan wedstrydoefening, geen ontmoeting van aangesig tot aangesig met die skeidsregter voor die wedstryd nie, die feit dat ons nie geweet het wat die protokolle is nie, en die feit dat ek Berry nie kon laat verstaan wat ek oor Siya probeer sê het nie.

Aangesien dit my taak was om toe te sien dat almal op dieselfde golflengte is, het dit gevoel of ek misluk het. Ek het die span en die land in die steek gelaat. Ek het gedink: *Fokkit, daar's 'n hele klomp goed wat ons moet regmaak voor ons daardie spelers weer Maandag sien.*

Ek wou die stemming positief hou, so, ek het my gelukwensing aan die Leeus getwiet en toegegee dat die beslissings soms in jou guns en soms teen jou is. Ek het gevoel dinge is mooi in plek vir die tweede en derde toetswedstryde. Alles is onder beheer.

Die volgende dag het ons 'n volledige video-ontleding van die wedstryd gedoen, en daardie aand het die afrigtingspersoneel bymekaargekom om te praat oor kwessies waaraan ons moes werk en om die span vir die tweede toets te kies. Voordat ons terugvoering aan die spelers kon gee en die span kon aankondig, moes ons uitsluitel van Berry kry oor sekere dinge wat in die wedstryd gebeur het.

Die ding wat my steeds gepla het, en wat my 'n bietjie gevang het, was

die manier waarop ek geglo het Siya behandel is. Ek het so hard baklei dat mense in Suid-Afrika, veral party wit mense, Siya moes aanvaar as 'n kaptein wat die posisie verdien het. Hy het homself bewys deur die Wêreldbeker te wen. Dit was 'n dringende saak wat vinnig uitgesorteer moes word. Ek was bang Siya se eie spelers sou dink die skeidsregter respekteer hom nie. Ek wou Berry bel en hom vra of hy 'n probleem met Siya gehad het. Ek het Deon van Blommenstein, die skeidsregters se skakelbeampte, gevra om vir hom 'n boodskap te stuur. Berry was in die bad toe Deon vir hom 'n boodskap gestuur het, maar hy het later vir Deon gekontak en gevra vir die videogrepe. Kort daarna het hy nog 'n boodskap gestuur, om te sê hy sou nie tyd hê om dit daardie aand te bespreek nie, maar hy sou dit doen nadat hy met Joël Jutge gepraat het. Berry het my daarna op AJ Jacobs se foon geskakel en gevra ek moet vir hom die videogreep stuur voor 'n voorgestelde vergadering met hom, Jutge en my afrigtingspan. Ons het daarna die lêers vir hom gestuur.

Hy het 'n halfuur later teruggekom na my en gesê hy kan nie die vergadering met my hê nie. Hy het bygevoeg hy het nog nie die videogrepe ontvang nie. Ek het vir hom gesê die lêers was nog besig om versend te word. Hy het toe gesê hy het nie toestemming van Jutge om die video's te bespreek nie. Ek het later uitgevind dat Jutge vir hom gesê het my versoek is "hoogs ongewoon" en "buite protokol". My antwoord was dat ek dringend sy terugvoering nodig het om ons te help met ons spankeuse en om die spelers uitsluitel oor sekere dinge te gee, maar hy het nie belang gestel nie. Ek het vir hom gesê ek wil nie dieselfde roete as die Leeus volg en in die media daaroor praat nie, soos hulle met Faf se geel kaart en Marius se aanstelling gedoen het. Ek het vir hom gesê ons wil nie in die media baklei nie.

Ek het dit alles nogal vreemd gevind, want Berry was altyd bereid om dinge deur te praat. Ek en hy het e-posse uitgeruil waarin hy bevestig het dat hy die videogrepe ontvang het en die volgende dag klaar sou wees met die hersiening daarvan. Hy het gesê hy voel nie die oponthoud sou ons spankeuse beïnvloed nie. Maar ek was nie gelukkig nie en het vir hom gesê dit werk nie vir ons in terme van ons tydlyn nie. Ek het geskryf ons voel die druk wat die Leeus deur die media op die wedstrydbeamptes probeer plaas het, het heel goed gewerk en dat ons daardie week dieselfde sou doen. Hy het geantwoord dat niks wat in die media verskyn 'n invloed op die

wedstrydbeamptes het nie, en dit het die vorige week sowel as daardie week gegeld. My opmerking dat ek nie die geveg in die media wou voer nie, sou natuurlik terugkom om my te byt toe Wêreldrugby my daarvan beskuldig het dat ek Berry gedreig het.

Ek het Jutge probeer bel, maar sy antwoordmasjien gekry, so, ons moes die kies van ons span uitstel. Hy het toe na my teruggekom en gekla dat ek nie protokol volg nie. En tog het hulle nie vir ons gesê wat die protokol is nie, al het ek gevra. Ek het vir hom gesê ek verstaan nie hoekom dit so 'n groot probleem is nie – ek wou net met die skeidsregter praat. Dit het Gatland vry gestaan om ná die Leeus se weekwedstryde met die skeidsregters te praat. Hoekom was dié geval anders?

Ek het besef ek gaan nêrens kom nie. Ons was gatvol, so, ek het besluit ons moet maar 'n klomp videogrepe, omtrent 28 van hulle, vir Jutge aanstuur, om te wys waar ons probleme met Berry se blaaswerk ondervind het. Ons het die knipsels die Sondagaand gestuur. Teen Maandag was daar geen reaksie nie, wat frustrerend was omdat die spelers terugvoering wou hê en ons 'n span wou kies. Al wat ons gekry het, was 'n e-pos van Jutge waarin ons, uiteindelik, die riglyne vir kommunikasie met skeidsregters ontvang het. Daardie oggend is ons meegedeel die protokol om met skeidsregters om te gaan sou dieselfde wees as tydens die Sesnasies. Dit was nou twee dae *ná* die toetswedstryd. Die protokol het bepaal dat skeidsregters op 'n Dinsdag terugvoering sou gee.

Ek en my hulpafrigters het gaan sit en praat oor wat om volgende te doen. Ek het gesê: “Oukei, daar's net een manier.” En so het ek die noodlottige besluit geneem om 'n video te maak waarin ons probleme in detail verduidelik is. Ek het ons videograaf, Russell Belter, 'n jare lange kollega wat tydens die 2019-Wêreldbeker baie videowerk vir ons gedoen het en ons oefensessies en belyningskampe verfilm het, gevra om my te help.

Hier is hoe hy die gebeure onthou:

Die Sondag ná die eerste toets het al die afrigters soos gebruikelik bymekaargekom om die wedstryd te bespreek. Rassie was behoorlik omgekrap. Felix Jones, die verdedigingsafrigter, is 'n ongelooflike ontleder en het reeds al die videogrepe van die wedstryd uitgesny.

Die afrigters – Rassie, Jacques, Felix, Deon Davids [voorspelerafrigter], Daan Human [skrumafrigter] en Mzwandile Stick – het almal saamgestem die blaser was skokkend, en die manier waarop hy Siya behandel het, het regtig vir Rassie ontstel. Rassie het Joël Jutge in die hande probeer kry, maar sonder sukses.

Wat Rassie omgekrap het, en hy het heeltyd daarop gehamer, was dat hulle die span vir die tweede toets moes kies. Hulle het altyd die span die Sondagaand gekies en dit die Maandagoggend aan die spelers bekend gemaak. Rassie het gesê: “As ek verkeerd is oor die manier waarop die skeidsregters die wedstryd blaas, dan moet ek my spankeuse verander. Maar as die skeidsregters ’n fout gemaak het, dan moet ek hierdie span kies.”

Omdat hy nie gou genoeg terugvoering kon kry nie, het hy al hoe meer gefrustreerd geraak. Die afrigters het ’n groot deel van die aand daaraan spandeer om deur Felix se videogrepe te gaan en te vra: “Is ons verkeerd of is die skeidsregters verkeerd?”

Rassie het heeltyd duiwelsadvokaat gespeel en gevra: “Kom ons kyk uit ’n skeidsregter se oogpunt hierna. Kon die skeidsregter die oortreding sien van waar hy gestaan het?” Dan het hulle uit die TV-skeidsregter se oogpunt na die oortreding gekyk en oplaas die beslissing volgens die reëls van die spel ontleed. Hulle het daardie aand gefrustreerd gaan slaap omdat hulle geen antwoorde van Wêreldrugby gekry het nie.

Seweuur die volgende oggend het die afrigters hul gebruiklike Maandagvergadering gehad. Ek was saam met hulle in die vertrek, en het dit verfilm.

Hulle het steeds geen reaksie van enige skeidsregters ontvang nie, so, hulle het die beseringslys saam met die spandokter, Jerome Mampane, deurgewerk en die span met die hulpafrigters se insette gekies. Toe het hulle weer gepraat oor hoe om die skeidsregterkwessie aan te pak. Rassie het gesê: “As hulle nie my e-posse gaan beantwoord nie, gaan ek ’n video maak en die knipsels insit van die voorvalle waarmee ons ongelukkig is.”

Hy het my gevra om [die video met grepe uit die wedstryd] te vervaardig en om grafika soos sirkels en pyle by te voeg, die spel stadiger te laat terugspeel, en op sekere dinge in te zoem om die punt

te belig. Die afrigters is weg om die spanaankondiging te doen en die spelers is weg om te gaan oefen.

Die volgende dag, Dinsdag, het ek, Rassie en Human Kriek [een van die video-ontleders] aan die video begin werk.

Ek het Rassie voor die kamera laat sit met sy skootrekenaar, waarop hy 'n tydlyn gehad het van al die dinge waaroor hy wou praat. Ons het sy praatjie verfilm en toe die grafika bygevoeg, wat sowat agt uur geduur het om te voltooi.

Die video het 'n inleiding van 15 minute gehad omdat ek die agtergrond wou skets. Weens die beperkings wat deur Covid veroorsaak is, was ons in 'n isolasieborrel, en ek het gevoel ons moet ons griewe in konteks plaas vir diegene wat nie fisiek by ons kon wees nie. Ek het begin deur die kwessie aan te roer van ek wat waterjoggie was. Ek het uitgewys dat Wêreldrugby die aantal waterjoggies wat op die veld toegelaat word van twee na drie aangepas het, en dat die enigste beperking was dat die hoofafrigter nie een van die drie kon wees nie, en dat ek nie die hoofafrigter is nie – Jacques is. Ek het ook gesê ek verstaan waarom Gatland die saak sou opper, want dit was alles deel van die sielkundige speletjies en dit was oukei – ons kon dit vat.

Ek het gepraat oor wat ek “ietwat van 'n grys area” genoem het, toe Gatland openlik in die media gepraat het oor hoe hy klarigheid wou hê van Wêreldrugby oor gevaarlike duikslae, met spesifieke verwysing na die klagtes oor Faf se geel kaart in die Suid-Afrika A-wedstryd. As hulle 'n saak op daardie manier kon aanroer, dan was ons sekerlik ook daarop geregtig om gevalle uit te lig waar ons gevoel het ons word deur die blaser se beslissing te na gekom. Ek het 'n paar video's op sosiale media geplaas en dit as deel van die geskerts beskou.

Ek het gepraat oor 'n saak wat my veral gekwel het, waarna ek verwys het as die narratief dat die Springbokke 'n “vuil” span is wat altyd fisiek wil speel. Ek het ook verwys na klagtes in die media van die Leeus se kant oor Marius Jonker se aanstelling as TV-skeidsregter. Ek het gesê ek wou hê die toetsreeks moet in 'n positiewe omgewing gespeel word en ek wou nie nog kwade gevoelens hê in 'n land waar ons reeds soveel negatiwiteit gehad het nie.

Ek het 'n lys mense genoem wat ek wou hê na die video moes kyk – Joël Jutge, Joe Schmidt, Nic Berry, die ander twee skeidsregters, Ben O’Keeffe en Mathieu Raynal, Marius Jonker – en toe het ek 'n oomblik geaarsel en bygevoeg: “Uh ... SuperSport, as julle ouens hierdie dalk op die ou end kry, ek is nie seker na wie toe dit gaan nie.”

Ek is later daarvan beskuldig dat ek gedreig het om die video te laat uitlek toe ek gesê het ek weet nie waarheen dit sou gaan nie. Wat ek met my opmerking bedoel het, was: *Neem my ernstig op, kyk na hierdie video, gee vir my eerlike antwoorde, moet ons nie eenkant toe vee asof ons 'n Derdewêreldland is nie.*

Ek het verstaan die maak van die video sou gevolge hê en het gesê as dit sou beteken ek kon nie meer waterjoggie wees nie, sou ek die rol laat vaar. As dit beteken het ons word beboet, sou ek wegstap van die bestuurspan. As die Springbokke in die moeilikheid sou wees, sou ek alleen aanspreeklikheid aanvaar en sê ek het op my eie opgetree.

Ek het Berry nie daarvan beskuldig dat hy 'n verneuker is nie; ek wou net duidelikheid oor kwelpunte hê, wat ek gevoel het ons nie gekry het nie, en ek wou toesien dat die Leeus en die Springbokke 'n gelyke kans op 'n regverdigde kompetisie kry.

Toe het ek 38 verskillende blaservoorvalle bespreek waarom ons besorgd was. Die video het dieselfde videogrepe bevat wat ek voorheen aan Jutge gestuur het. Ek het gehoop ek doen dit op so 'n manier dat hulle ons frustrasie kon begryp omdat ons geen werklike antwoorde ontvang het nie, wat ons verhoed het om behoorlik af te rig.

Ek het die Leeus-flank Tom Curry se laatvat op Faf uitgewys, waarvoor 'n strafskop toegeken is, en gevra of dit altyd by 'n strafskop sal bly as ons só 'n skouerloop uitvoer. Ek het daarop gesinspeel dat dit eintlik 'n geel kaart moes wees. Ek het uitgewys waar die Leeus van die kant af gebind en vuil gespeel het sonder dat dit gestraf is, en teenstrydighede in die manier waarop hoogvatte geblaas is. Ek het videomateriaal ontleed van 'n boorvat deur die flank Hamish Watson op Willie le Roux waar Watson nie 'n geel kaart gekry het nie, en 'n soortgelyke voorval waarby die vleuel Duhan van der Merwe betrokke was, wat ook misgekyk is.

Ek het deur 'n reeks losskrummoortredings gegaan en teenstrydighede uitgewys tussen dit wat Berry vóór die wedstryd vir ons gesê het en hoe hy op die ou end die wedstryd geblaas het. Ek het standpunt ingeneem teen die

druk wat op Marius Jonker geplaas is, wat na my mening die rede was waarom hy weens onkantspel nie Willie se drie toegeken het nie.

Vir my was die hele punt om die gevalle uit te wys waar die blaser en sy assistente, uit my oogpunt, vir Siya blatant geïgnoreer en ons spelers geminag het. Ek het die verskil tussen die vlak van respek wat die assistentskeidsregters teenoor die Springbokke betoon het vergeleke met die Leeus, as “komies” beskryf.

Ek het ’n paar kwessies oor spelerveiligheid geopper, wat hoog op Wêreldrugby se prioriteitslys is. Ek het ’n voorval gewys waar Curry, reg voor Berry, uit die flankposisie op ons loskopstut, Ox Nché, inskrum en hom boontoe dwing. Dit het ’n nekbесering veroorsaak en Ox uit die volgende twee toetswedstryde gehou. Nie net is Curry se aksie nie gestraf nie, maar Berry het ’n strafskop aan die Leeus toegeken. Teen die einde het ek herhaal dat ek nie weet waarheen die video sou gaan of selfs waar ek my daarna sou bevind nie omdat ek ’n reuse-teenreaksie verwag het. Ek het gesê: “As julle dink ek vat dinge te ver en dat dit nie moet uitgaan na die media nie, dan het ek dit in my persoonlike hoedanigheid gedoen, nie as deel van die Springbokke nie, en ek sal my aan die Springbokbestuur onttrek.” Ek het aangebied om pad te gee as ek verkeerd was.

Die res van daardie Dinsdag het Russell die video geredigeer en hy het vir my ’n skakel na die eindproduk gestuur. Russell onthou:

Rassie het die hele tyd in die vertrek gebly terwyl ek geredigeer het; hy het heen en weer agter my verbygestap. Hy het nooit gekyk wat ons doen nie, maar hy het geluister. Elke dan en wan het hy gevra: “Hierdie video sal privaat wees, nè?” Hy was besorgd daaroor.

Ons het die video voltooi, en toe Rassie en Felix dit van begin tot einde gekyk en goedgekeur het, het ek dit na my Vimeo-rekening opgelaai. Sedert 2019 het ek vir Rassie video’s op Vimeo gegee met ’n private skakel waarmee hy dit na die spelers kon versprei. My private Vimeo-rekening is nog nooit deur kuberkrakers aangeval nie, en geen ongemagtigde persoon het ooit ’n video op daardie rekening gekry nie. Die naam wat ek die video gegee het, was ’n reeks van nege lukrake syfers, sodat dit anoniem kon wees. Slegs mense met die private skakel kon toegang tot die video verkry. Dit was

onmoontlik vir enige iemand om 'n soekenjin te gebruik om na die video te soek tensy die persoon reeds in besit van die skakel was.

Ek het nie gedink ons het 'n wagwoord nodig om die video te beskerm nie. Ek weet uit ervaring dat baie mense tegnofobe is of onkundig is oor tegnologie. As jy 'n wagwoord bysit wat 'n mengsel van letters in bo- en onderkas en 'n verskeidenheid simbole insluit, kry mense dit onvermydelik verkeerd. Dit was belangrik dat Jutge eenvoudig op 'n skakel kon klik en dan sou die video outomaties begin speel. Rassie wou nie hê Jutge moes kon sê hy het nie die video gekyk nie omdat hy dit nie kon oopmaak nie. As iemand die video wou laat uitlek, sou hulle eenvoudig ook die wagwoord uitlek.

Ons wou ook hê die video moes op enige toestel kon speel, ongeag hoe swak die bandwydte is. Dis waarom ek Vimeo gekies het, wat 'n lae bandwydte kon bespeur en die videogehalte daarby aanpas. YouTube is 'n gevaarlike platform, want dis te toeganklik vir die breër publiek.

Ek het die skakel Dinsdagaand kort voor 22:00 met Rassie gedeel. Hy het vir my gesê hy sou die skakel aanstuur na die mense wat hy wou hê moes na die video kyk.

Net ná 7:00 Woensdag het ek 'n e-pos met die videoskakel vir Nic Berry, Joël Jutge, Joe Schmidt, Jacques Nienaber en Jurie Roux gestuur. Ek het ook die skakel vir die Springbokspelers en -afrigters op ons WhatsApp-groep gestuur.

Jutge het kort ná 14:00 dieselfde dag vir my 'n e-pos gestuur, ons gekomplimenteer, en gesê dit is “a big and good work [sic]. You have good competencies around you.” Hy het gesê hy stem saam met die meeste van die kwessies wat ons geopper het. Hy het ook my punt ter harte geneem dat die wedstrydhersiening vroeër moes plaasvind en het gesê dit sou nou die Maandagoggend ná 'n wedstryd plaasvind, en dat die skeidsregters teen die middag beskikbaar sou wees.

Ek was tevrede en het gedink: *Taak afgehandel!* Hulle het nou geweet ons was ernstig. Hulle het die video gesien en hulle het geweet wat ek te sê gehad het.

Die Maandagoggend ná die wedstryd, voor ons nog die video gemaak of

enige terugvoering van Jutge gekry het, het ek gewonder of ons 'n ander kaptein vir die oorblywende twee toetse moes aanwys. Dit was egter 'n baie vlietende gedagte en ons het vinnig aanbeweeg met die volste vertroue in Siya as ons kaptein.

Terwyl ons gewag het vir die terugvoering op ons videogrepe, het ons ons gewone hersiening gedoen, en Dinsdagoggend het ons die spelers tyd afgegee sodat ons aan die video kon werk. Met hulle volgende byeenkoms wou ons vir hulle antwoorde hê. Ons kon nie die spelers afrig as 'n skeidsregter iets geenaliseer het wat ons hulle laat oefen het om te doen nie. Ons het nodig gehad om te verstaan wat die skeidsregter se interpretasie van die reëls is en hoe hy sekere aspekte van die spel sou polisieer, sodat ons behoorlik kon oefen voor die volgende toets. Ons kon nie van hulle verwag om te vertrou wat ons hulle by die oefening wys terwyl hulle die totale teenoorgestelde van die skeidsregter op die veld te wagte kon wees. Hulle is nie kinders nie; hulle is 36 grootmense. Ons kon hulle nie *bullshit* nie.

Russell laat hoor:

Ek het 'n ogie op die aantal trefslae gehou sodat ek kon sien waar dit gekyk word. Op daardie Woensdagoggend, twee en 'n half uur nadat Rassie die skakel uitgestuur het, het ek gesien dit is 31 keer in Suid-Afrika gekyk en ek het Rassie per WhatsApp laat weet. Sewe uur later, teen 13:48, het ek weer vir hom 'n boodskap gestuur om te sê die video het 54 kykslae gehad, twee in Cahors, Frankryk, waar Jutge was, drie in die Verenigde Koninkryk (Bristol, Reading en Palmers Green) en agt in Brisbane, Australië, waar Nic Berry vandaan kom. Hy wou weet: Hoe de fok in Australië en UK?

Ek het geantwoord: Geen idee, die refs deel miskien jou mail.

Binne 36 uur het die aantal kykslae ongelooflik opgeskiet. Mense regoor die wêreld het daarna gekyk, dit afgelaai en ek aanvaar dit gekopieer en weer aangestuur. Dit het op sosiale media en op YouTube begin verskyn. Dis toe ons beheer daaroor verloor het. Ek het oproepe van internasionale uitsaaiers begin kry om te vra vir 'n uitsaaigehalteweergawe. Ek het die oproepe geïgnoreer en vir Rassie gesê ek gaan nou die video met 'n wagwoord beskerm. Maar dit was

te laat – die video was reeds daar buite.

Dit was onmoontlik, tegnies gesproke, om vas te stel wie die video laat uitlek het. Ek kon sien in watter dorp of stad dit gekyk is, maar dit was onmoontlik om te weet wie die video gedeel het.

Wagwoordbeskerming was betekenisloos, want die persoon wat die private Vimeo-skakel gedeel het, kon bloot die wagwoord ook gedeel het.

Van wat ek kon sien, is die video in 65 lande regoor die wêreld gespeel, insluitende verrassende plekke soos Irak, die Kaaiman-eilande, Viëtnam en Malta. Die meeste van die kykslae was in Suid-Afrika, die Verenigde Koninkryk, Ierland en Australië.

Ons het probeer vasstel waar die video die eerste keer uitgelek het, maar niemand kan vir my sê nie. Niemand kan vir my sê waar of wanneer dit die eerste keer openbare kennis geword het nie. Ek kan jou dít sê: Ná daardie video het niemand gepraat oor hoe swak Berry daardie wedstryd geblaas het nie.

Ek beskuldig nie vir Berry daarvan dat hy die video uitgelek het nie. Dit kon enige iemand gewees het. Ek het die resultaat gekry wat ek wou hê van Jutge as skeidsregterbestuurder, en ek kan net nie glo mense kan dink dat ek dit sou wou opfok deur die video uit te lek nie. Dit sou tog die skeidsregters heeltemal teen ons laat draai.

Ek het nie daardie video uitgelek nie. Ek sou nooit daardie video laat uitlek het nie. Ek sou niks daarby kon baat deur dit te doen nie en ek het geweet dit sou groot moeilikheid vir my veroorsaak as dit in die openbare domein beland. Ek moes egter Wêreldrugby se aandag kry en die skeidsregters se aandag kry. Hulle moes weet hulle kon nie net na die knipsels kyk en my ignoreer nie. Hulle moes hul tyd vat en vir my behoorlike antwoorde gee. Ek wou hê Jutge moes weet as hy nie behoorlik reageer nie, kon dit op SuperSport beland. Ek het gevoel as ek dit sê, kon hy my nie net ignoreer nie.

Hier is hoe Frikkie die situasie gesien het:

Die algemene persepsie is dat dit Rassie was wat sy video laat uitlek het, al het hy dit nie in die openbaar vrygestel nie. Rassie het die

video met sy skakel aan 'n beperkte groep gestuur, wat slegs bestaan het uit Joël Jutge en Joe Schmidt van Wêreldrugby, Nic Berry, Jurie Roux, Jacques Nienaber en 'n stuk of 40 Springbokke en afrigtingspersoneel.

Daar is egter e-posbewyse dat binne 33 minute nadat Rassie die skakel gestuur het, en voordat Berry nog die volle 62 minuut lange video kon kyk, Berry die skakel na sy persoonlike skeidsregterafrigter in Australië, Mitchell Chapman, aangestuur het, wat dit op sy beurt na vier ander Rugby Australië-beamptes aangestuur het.

Dit bewys dat die video deur Berry vrygestel is aan iemand buite Rassie se beperkte groep. Statistiek van die Vimeo-platform het getoon dat van die eerste kykslae van die video, agt in Australië was. Berry word nie daarvan beskuldig dat hy die video met kwade bedoelings aan Mitchell Chapman verskaf het nie. Trouens, sy e-pos aan Chapman lui: Just so you're in the loop. I don't want this to disrupt Ben's presentation so let's be smart how we handle it.

Die geregtelike komitee [van Wêreldrugby] het nie bevind dat Rassie die video uitgelek het nie. Die komitee het bevind dat Rassie se aksie om die skakel na die beperkte groep aan te stuur, sonder wagwoordbeskerming en sonder 'n privaatheidsverstelling, neergekom het op publikasie en dat hy gevolglik die video gepubliseer het of veroorsaak het dat dit gepubliseer word.

Die reaksie op die video was oorweldigend. Party joernaliste het dit as 'n "uitbarsting" beskryf. Een skrywer het dit een van die mees omstrede oomblikke in die onlangse rugbygeskiedenis genoem. Ek is daarvan beskuldig dat ek die Leeus-reeks toksies laat draai het. Rugby Australië het my daarvan beskuldig dat ek Berry mishandel en gesê die "aanval op Nic se integriteit, karakter en reputasie is onaanvaarbaar". Die verdoeming was wydverspreid en woedend.

Ek het steun van Suid-Afrikaanse ondersteuners en sommige rugbyskrywers ontvang, wat gevoel het dit was my reg om op te staan teen swak blaaswerk, en van voormalige spelers soos Bob Skinstad, wat gesê het die video was 'n waagstuk maar het 'n punt gemaak.

Die reaksie op die video daardie Woensdagoggend was verbysterend. Maar ek moes dit agter my sit, want ons moes voorberei vir die tweede toets. Al wat ek kan sê, is dat ek soveel emosies beleef het in die aanloop tot daardie wedstryd. Ek was nog nooit, ooit in my lewe so senuweeagtig soos voor daardie wedstryd nie. Aan die manier waarop hulle na my gekyk het, kon ek sien die spelers was bekommerd.

My filosofie dat die direkteur van rugby as 'n skild vir die hoofafrigter moes dien om hom teen al die lawaai te beskerm, is deeglik op die proef gestel en het gewerk soos ek verwag het. Ek en Jacques het goed saamgewerk. Ek het al die kak van hom en die span weggehou, en hy het gekonsentreer op die afrigting en om seker te maak die span berei behoorlik voor. In die eerste nuuskonferensie ná die verskyning van die video het ek vir Jacques gesê ek sou saam met hom gaan om al die vrae oor die video te beantwoord, en dan kon hy al die rugbykwessies hanteer.

Die nadraai van die video was nie vir die spelers 'n faktor tydens hul voorbereiding nie. Hulle het geweet hulle het swak gespeel in die eerste toets en die Leeus in die tweede helfte toegelaat om terug te keer na die wedstryd. Ons skrumms en ons baldraers moes verbeter. Ons het vir die spelers gesê ons sou die blaserbesluite deur die week uitklaar. Daar sou geen gekerm oor die blaser tydens oefeninge wees nie. Dit was tyd om onself reg te ruk.

Ek het egter geweet die video wat uitgelek het, het die spelers ontstel. Ek het hulle daarvoor gekonfronteer, want hulle het almal die skakel ontvang. Ek het gesê: “As een van julle die video uitgelek het, kom sê asseblief vir my. Moenie dat ek my naam gat maak nie, moenie dat ek vir mense lieg nie. As een van julle die skakel per ongeluk gewhatsapp het, sê dit vir my.” Ek was tevrede dat 'n speler nie die video laat uitlek het nie. Hulle sou dit nie aan my gedoen het nie.

NÁ 'N BAIE LANG WEEK het die tweede toets uiteindelik aangebreek. Binne twee minute het die spanning wat heelweek opgebou het, oorgekook. Alun Wyn Jones het kapsie gemaak teen iets wat Mapimps in 'n losskrum gedoen het en hom aan die trui gegryp. Onmiddellik het ander spelers by die herrie betrokke geraak. Dit was niks meer as 'n gestamp en gestoot nie, met Eben Etzebeth en Jones wat mekaar van naby aangeluur en vir mekaar grinnik.

Skeidsregter Ben O'Keeffe het dadelik sy gesag op die wedstryd afgedwing deur Siya en Jones weg van die ander spelers af te roep om te verduidelik waarom hy die skrum aan Suid-Afrika toeken. Hy het sy voet neergesit en vir die kapteins gesê: “Ek gaan albei van julle 'n eenvoudige en duidelike boodskap gee.” Ek was tevrede dat hy Siya met dieselfde mate van respek as Jones hanteer het.

Toe kom daar twee geel kaarte, een vir elke span. Duhan van der Merwe is koelkas toe gestuur omdat hy Cheslin geskop het, al het hy en sy kaptein volgehou dat hy vir die bal – wat nie naby sy voet was nie – gemik het. 'n Paar minute later het Cheslin ooglopend gefouteer met sy lomp poging om 'n lugskop op te volg, toe hy Conor Murray in die lug geloop het. Dié voorval het nog 'n vlag woede ontketen met spelers van albei spanne wat mekaar takel. Weer eens het die situasie nie handuit geruk nie en 'n konfrontasie tussen twee van die grootste spelers, Eben Etzebeth en Maro Itoje, het op niks ernstiger nie as 'n grynslag- en staarkompetisie uitgeloop.

Marius Jonker se hulp is kort voor rustyd ingeroep om te beslis oor 'n drie deur die Leeus. Die kykweer het gewys hoe Robbie Henshaw 'n kortskoppie deur Murray uit die lug vat en oor die lyn val met drie Springbokspelers op hom. Hy was vol vertroue dat hy gedruk het en die Leeus het teruggedraf halflyn toe. Marius het dit rustig bekyk en gesien dat Henshaw aangeslaan het.

Met soveel aandag op die wedstrydbeamptes gefokus, het hulle niks aan die toeval oorgelaat nie. Hulle het hul tyd geneem met al hul beslissings, en

gereeld vir Marius geraadpleeg om oor moontlike twispunte te beslis. Die gevolg was dat die eerste helfte in totaal 62 minute lank was – langer as my video.

Teen rustyd was ons met 6-9 agter, met al die punte aan Pollard en Biggar se skopskoene te danke. Hoewel ons agter was, was ek nie bekommerd nie, want die gevoel onder die spelers was anders as tydens die eerste toets, toe ons teen rustyd voorgeloop het. In daardie wedstryd het ek geweet ons gaan verloor, omdat die spelers nie besef het dat hulle die oorhand het nie en die Leeus toegelaat het om die wedstryd in hulle guns te swaai.

In die tweede toets was die teendeel egter waar. Ons was drie punte agter, maar ons het die spel oorheers. Die spelers kon voel hulle het momentum. Hulle het die pas van die spel aangegee en harder gespeel. Hulle was volkome in beheer van wanneer hulle hardloop en wanneer hulle die bal skop.

Vier minute ná rustyd het Handré vir Mapimps op linkervleuel gevind met 'n perfekte kruisskop. Mapimps het binnetoe gebreek, deur heelagter Stuart Hogg se duikslag gebars en oorgeval vir 'n drie.

In die 61ste minuut was ons met 11-9 voor toe die voorspelers 'n kragtige dryfmaalbeweging tot binne vyf meter van die Leeus se doellyn voer. Faf het die bal gekry en 'n netjiese steekskoppie tot in hul doelgebied geklits. Lukhanyo het blitsvinnig opgevolg en die bal net voor die doodlyn gedruk. Ek het gevoel dat die Leeus se doppie hierna geklink was. Ná alles wat ons moes deurmaak om tot by dié punt te kom, het ek uiteindelik gevoel dat ons 'n regverdige kans kry. Handré het nog drie strafskoppe oorgeskop en ons het met 27-9 gewen. Terwyl Jacques en die hulpafrigters in die afrigterslosie mekaar gelukgewens het, het ek kleedkamer toe gedraf en agter die jacuzzi's gaan wegkruip. Ek het soveel opgekropte emosies gehad dat ek op die vloer gaan lê en begin huil het van verligting. Ons het nog nie die reeks beklank nie, maar ek het my nek so ver uitgesteek en ek kon regtig die intense soeklig op my voel val.

Iemand het die video laat uitlek en nou is ek 'n slegte verloorder genoem, onprofessioneel, pateties, 'n hopelose sportman, elke denkbare belediging onder die son. Iemand het vir my gevra: “Is dit hoe jy wil hê jou kinders moet na jou kyk? Is dit wat jy jou spelers leer?” Ek skat die ding wat my die seerste gemaak het, was dat mense gereken het ek kan so skerp

wees as dit kom by die manier waarop ek rugby speel en afrig, maar so dom as dit kom by die lewe, dat ek my loopbaan en die Springboknaam sou skaad deur 'n video te laat uitlek. Dit was so 'n belediging. Hoe onnosel moet jy wees om 'n video aan die skeidsregters te stuur, die terugvoering te kry wat jy in die eerste plek wou hê, en dan daardie einste skeidsregters die joos in te maak deur buitendien die video te laat uitlek en seker te maak die hele wêreld haat jou?

Ek het 'n bietjie bemoediging ontvang van sommige van die Ierse spelers saam met wie ek by Munster gewerk het. Hulle het voor die wedstryd na my toe gekom en ons het 'n paar grappies, 'n knipoog en 'n glimlag gedeel. Ek het in daardie stadium redelik eensaam gevoel, en daardie gebare het my laat besef dat die haat jeens my wat ek ervaar het, nie universeel was nie. Ek het darem nie totaal geïsoleer gevoel nie, want ek het baie ondersteuning van Suid-Afrikaners uit alle vlakke van die samelewing ontvang.

Weer eens het ek vir Marius 'n stemnota gestuur om te sê maak nie saak watter kant toe die beslissings gegaan het nie, ek sou nooit 'n vinger na hom wys nie. Ek het vir hom gesê die manier waarop hy die situasie hanteer het, het *balls* geverg, en hy was 'n man met *balls*. Hy het geantwoord: *Well done, Rassie. Geniet die oomblik.*

Vir die eerste keer in die reeks het ons besluit om vyf voorspelers en drie agterspelers op die plaasvervangerbank te hê vir die derde en laaste toets, in plaas van die gebruikelike 6-2 wat ons in die eerste twee toetse gehad het. Ons het Morné Steyn ingebring, want ek het geweet hy kon in die laaste minuut 'n strafskop oorskop om die wedstryd en die reeks te beklink. Leeus-reekse is altyd ongelooflik kop aan kop, en ek was oortuig ons het 'n doelskopper nodig wat die grote kon oorklits, wat Morné vele kere tevore gedoen het, soos met daardie befaamde skop waarmee hy die Leeus-reeks in 2009 beklink het.

Ons was sielkundig voorbereid op die wedstryd. Die meeste van die Springbokspelers was in die Wêreldbekereindstryd, die -halfeindstryd en die tweede Leeus-toets waar dit neusie verby met die reeks sou wees as hulle verloor het, so, hulle het die druk verstaan. Die Leeus was nou in dieselfde bootjie. Hulle het ook 'n geweer teen die kop gehad. Die druk en

die spanning was groot vir albei spanne in daardie laaste week met slegs een wedstryd wat tussen die spelers en hul lot gestaan het.

Die Leeus het die eerste noemenswaardige deurbraak behaal toe hulle vir ons van ons eie dryfmaalmedisyne gegee het en haker Ken Owens oorgestoomroller het vir 'n drie. Handré het ons in die wedstryd gehou met twee strafskoppe en teen rustyd was ons met 6-10 agter.

Ná 16 minute in die tweede helfte het Cheslin weer vorendag gekom met sy towerkrag. Willie het tydens 'n teenaanval aan die regterkant van die veld af gehardloop en die bal na Cheslin aan sy buitekant laat loop. Cheslin was nog goed 30 meter van die doellyn af, met heelagter Liam Williams en Cowan-Dickie om te klop. Hy het Williams met 'n systap na binne gras laat eet en toe uit Cowan-Dickie se duikpoging retireer voordat hy oor die doellyn laat spaander het om te druk. Dit was 'n manjifieke drie en dit het aan ons 'n 13-10-voorsprong besorg. In die TV-skeidsregter se losie het Marius lank gekyk na die aanvang van die beweging, toe Jasper Wiese nie daarin kon slaag om 'n hoë bal te beheer wat teen hom gebons het nie. Marius het beslis dat die bal boontoe gegaan het, nie vorentoe nie. Die drie is toegeken.

Die Leeus se plaasvervanger-losskakel, Finn Russell, het die telling gelykop gemaak nadat Jasper iemand geskouer het. Toe het Morné opgedraf vir sy eerste toets in vyf jaar, en byna dadelik 'n moeilike 35 meter lange strafskop van die regterkant van die veld af oorgeskop, voor Russell weer die Leeus laat inhaal het. Die telling was 16 elk met ses minute speelyd oor. Die spanning was onuithoudbaar; 'n enkele misstap aan enige kant kon die uitslag van die wedstryd en die reeks bepaal.

Dit was die Leeus wat die misstap begaan het met slegs een minuut speelyd oor. Morné het die beslissende strafskop oorgeskop om die reeks te beklink, nes hy 12 jaar tevore gedoen het. Net soos daardie Loftus-strafskop, het die bal reg in die middel oor die dwarslat geseil. Hy het dit perfek getref en die Springbokke was met 19-16 voor met 'n minuut op die horlosie oor. Die toeter het geblaas net toe die Leeus 'n laaste skrum wen. Die wedstryd was steeds in die weegskaal, maar ons voorspelers was briljant onder enorme druk en het 'n strafskop afgedwing. Al wat Morné moes doen, was om die bal te tik en dit tot hoog in die pawiljoen te skop. Die reeks was ons s'n.

Terwyl die Springbokfeesvieringe regoor die veld uitgebreek het, het ek

weer kleedkamer toe gehardloop en agter die jacuzzi's gaan wegkruip. Ek was weer eens oorstelp van verligting. As ons verloor het, sou die reaksie oorweldigend gewees het. Al die baklei sou verniet gewees het. Maar ons het gewen, en ek het gevoel: *Oukei, shit, die Springboknaam is gered.*

Ek kan nie sê waarom ek 'n voorgevoel gehad het dat Morné die beslissende strafskop sou oorskop nie. Ek kan nie verklaar waarom ek soms dinge kan voorspel wat op die veld gaan gebeur nie. Niemand glo my nie.

Jacques het dit al baie kere ervaar:

Oor die afgelope 30 jaar wat ek saam met Rassie gewerk het, het ek gewoon geraak aan sy voorgevoelens en hoe akkuraat dit is. Ek is 'n man vir die wetenskap, en dis iets wat ek nie kan verklaar nie. Die dag toe ons die span gekies het, het hy vir my gesê ons moet Morné kies. Hy het gesê dit was nie 'n voorgevoel nie; hy kon dit sien.

Dit het voorheen gebeur toe ons vir oulaas by Munster afgerig het voor ons teruggekom het Suid-Afrika toe. Ons het teen Racing 92 op Thomond Park gespeel, in aaklige weersomstandighede. Die rustydtelling was 3 elk. In die kleedkamer het Rassie vir ons skrumskakel, Conor Murray, gesê: "Hou aan om druk op die skoppers te plaas; ek sien ons gaan die bal afstorm en 'n drie druk." Hy het nie gesê "Ek dink ons gaan ..." nie; hy het gesê: "Ek sien ons gaan ..." Vroeg in die tweede helfte het Conor 'n lynskop deur Racing se losskakel, Dan Carter, afgestorm en 'n drie gedruk. Ons het die wedstryd gewen.

Toe ons in 2019 in Wellington teen die All Blacks speel, het hy my net voor rustyd aangesê om op die veld te gaan en vir Duane Vermeulen te sê ons moenie tussen die tienmeterlyne speel nie. Sy woorde was: "Ek sien hulle gaan besit omkeer, die bal wyd speel en 'n drie druk. Sê asseblief hulle moet die bal oor die doodlyn skop en die druk volhou." Ek kon egter nie betyds op die veld kom om die boodskap oor te dra nie. Rassie het bos gegaan, en oor die radio geskree: "Jacques, ek het 'n turnover sien kom! Julle ouens vertrou my nie, ek sien dit!" Die volgende oomblik is Duane geduik, die bal het losgespat en die All Blacks het dit opgeraap, met twee aangeë na

buite gestuur en gaan druk. Nes Rassie voorspel het.

'n Ander keer toe hy iets kon "sien" gebeur, was toe ons na die Barbarians se wedstryd teen Nieu-Seeland op TV gekyk en hy die eindtelling "gesien" het. Ek het 'n video op my foon geneem van wat gebeur het. Die video begin met Rassie wat op die bank sit en sê die Barbarians het die oorhand, en hy dan sê ek moet die kamera na die skerm draai. Die video wys die telling is 17-5 in Nieu-Seeland se guns in die 32ste minuut. Ek draai dan weer die kamera na Rassie. Hy sê: "Die eindtelling gaan 31-22 vir Nieu-Seeland wees, en hierna kan jy my Nostradamus noem."

Ons het dit daar gelaat en buite gaan braai, die wedstryd vergete. Twee uur later was die wedstryd verby en Rassie het eensklaps van sy voorspelling onthou. Ek het dit opgesoek. Dieselfde eindtelling.

So, toe Rassie gesê het hy kon "sien" hoe Morné die laaste strafskop oorskop, het ek geweet wat hy bedoel en ons het hom ingesluit in die span.

Die vorige twee jaar was ons soveel keer teen die planke. In 2018 het ons in opeenvolgende toetswedstryde teen Engeland die spit afgebyt, teen Nieu-Seeland verloor by die Wêreldbeker, bloedneus gekry teen Nieu-Seeland in Wellington, maar elke keer het ons seëvierend opgestaan uit die stof. In 1974 is Willie John McBride se naam in die geskiedenisboeke verewig. Nou sou Siya Kolisi se naam in 2021 in die geskiedenisboeke opgeteken word. Ná al die gevegte, die bitterheid, die omstredenheid en die beledigings, was die gevoel van oorwinning ongelooflik bevredigend.

Maar daar het vir my nog 'n ander stryd voorgelê.

VYF DAE VOOR DIE DERDE TOETS het Wêreldrugby my ingelig dat ek dissiplinêr verhoor sou word en vir my 'n opsomming van die aanklagte gestuur. Die week daarna, toe Wêreldrugby vir my die klagstaat gestuur het, het ek die volledige besonderhede gekry.

Ek is deur ses aanklagte in die gesig gestaar dat ek strydig opgetree het met Wêreldrugby se gedragskode en regulasie 18 wat verband hou met wangedrag (in wese, dat ek uitlatings gemaak het wat beledigend was en wat wedstrydbeamptes en/of die spel in oneer gebring het). Al die aanklagte het verband gehou met wat die “Erasmus-video” genoem is, en die beskuldiging dat ek Nic Berry gedreig het dat tensy 'n ontmoeting plaasvind, ek videogrepe van sy vertoning sou publiseer. Ek is daarvan aangekla dat ek die dreigement deurgevoer het deur die Erasmus-video te publiseer of toe te laat dat dit gepubliseer word. Boonop is ek daarvan aangekla dat ek die spel in oneer gebring het, openbare vertroue in die integriteit van die wedstrydbeamptes geskaad het, en die spel 'n slegte naam gegee het deur die video vry te stel.

Terwyl ek voorberei het vir die dissiplinêre verhoor, was die Springbokke by die Rugbykampioenskap betrokke. Hulle het albei wedstryde teen Argentinië in Port Elizabeth gespeel en daarna na Australië se Goudkus gevlieg om daar teen Australië en Nieu-Seeland te speel. My teenwoordigheid in die span sou almal se aandag aflei. Ek het dus besluit om nie te gaan nie en van die huis af gekyk hoe ons drie wedstryde in 'n ry verloor, twee teen Australië en een teen Nieu-Seeland, voordat ons ons laaste wedstryd teen die All Blacks gewen het. Drie van die wedstryde is deur 'n strafskop in die doodsnikke van die wedstryd beslis, insluitende die oorwinning teen Nieu-Seeland. Ons het derde in die Rugbykampioenskap geëindig en kon net drie van ons ses wedstryde wen.

Ek was in Frankryk om te kyk na blyplek en oefenplek vir die Springbokke by die 2023-Wêreldbeker toe die dissiplinêre verhoor op 27 Oktober en op 30 en 31 Oktober plaasgevind het. 'n Paar weke tevore

het ek, gegewe die reusepublisiteit rondom die kwessie, aansoek gedoen dat die verhoor in die openbaar gehou moes word. Ek wou die geleentheid hê om my weergawe van die gebeure aan Wêreldrugby en die publiek tegelykertyd voor te hou, en vir Berry om dieselfde geleentheid te kry.

Te veel mense het vir my gesê daar's nie 'n manier waarop ek onskuldig bevind sou word nie, en ek het gevoel 'n openbare verhoor sou sorg dat dinge deursigtig en in die ope geskied. Ek het aangevoer 'n verhoor agter geslote deure sou die publiek se vertroue in die integriteit van Wêreldrugby se prosesse skaad en vrae oor die redes vir die geheimhouding laat ontstaan.

Die versoek is van die hand gewys, en die verhoor het via 'n videokonferensieoproep voortgegaan. Frikkie het oorgevlieg om my regsvertegenwoordiger te wees en ons het in afsonderlike kamers in die hotel gesit. Die verrigtinge was privaat, maar dit het nie in die geheim plaasgevind nie, en die geregtelike komitee het later besonderhede van die bewysstukke, die bevindings en die redes vir die bevindings bekend gemaak. Die volle besonderhede van my dissiplinêre saak kan maklik aanlyn opgespoor word.

Hulle het my getuienis aangehoor, sowel as dié van Nic Berry, Ben O'Keeffe, Joël Jutge, Russell Belter, Jurie Roux en Jaco Peyper.

Intussen het die Springbokke na die Verenigde Koninkryk gevlieg vir die jaareindtoer, en ek het my 'n dag later by hulle aangesluit. Ondanks die uitslag van die Rugbykampioenskap het ek gedink die span lyk oukei, en drie van die wedstryde het hulle met slegs twee punte verloor. Ons het die daaropvolgende week vir Wallis met 23-18 in Cardiff geklop, en vir Skotland met 30-15 op Murrayfield.

Vier dae later het die geregtelike komitee sy uitspraak gelewer. Ek is skuldig bevind op al ses aanklagte. 'n Belangrike bevinding wat hulle reeds voor die tyd gemaak het, was wat bedoel is met “gepubliseer of toegelaat het dat dit gepubliseer word” of “gepubliseer of veroorsaak het dat dit gepubliseer word”. Wêreldrugby het aangevoer die woorde beteken om te veroorsaak dat die video op Russell se Vimeo-platform opgelaaai word en die skakel te deel. Ek sowel as Saru het aangevoer dat die konsep van publikasie wyer vertolk moes word om die verspreiding van die video na die algemene publiek in te sluit, wat ek ontken het ek gedoen het. Ons het die argument verloor en die lede van die geregtelike komitee het gesê die woorde “gepubliseer of toegelaat/veroorzaak dat dit gepubliseer word” het

nie die wyer betekenis nie.

Om skuldig bevind te word daaraan dat ek die video gepubliseer of veroorsaak het dat dit gepubliseer word, het daartoe gelei dat mense gedink het ek is skuldig bevind daaraan dat ek dit uitgelek het. Dit was nie die geval nie. Deur Russell te vra om dit na sy Vimeo-rekening op te laai, die skakel na vyf mense te e-pos, en toe die skakel na die Springbokspelers te whatsapp, *het* ek *veroorzaak* dat dit gepubliseer word. Maar dit het *nie* beteken ek het dit *uitgelek* nie. Ongelukkig wou die wydverspreide opvatting dat ek *wel* die video uitgelek het nie wyk nie.

My argument dat ek die video vir 'n beperkte gehoor gemaak het, is deur Wêreldrugby verwerp, en hulle het vyf gevalle belig waar ek gesê het ek weet nie waarheen die video sou gaan nie of dat SuperSport dit dalk sou gebruik, wat vir hulle voldoende bewys was dat my bedoeling was dat dit vir 'n groot gehoor bedoel was.

Ek is met onmiddellike effek, met ingang 17 November 2021, vir twee maande geskors van alle bedrywigheide van enige aard in rugby, en met onmiddellike effek tot 30 September 2022 geskors van alle betrokkenheid by wedstryddae, insluitende afrigting en direkte of indirekte kontak met spanbestuurslede of spelers op die dag van die wedstryd. Ek is verbied by stadions waar wedstryde gespeel is en om met wedstrydbeamptes op die dag van 'n wedstryd te kommunikeer. Ek is nie toegelaat om aan enige terugvoersessies met wedstrydbeamptes deel te neem nie. Ek is ook verbied om met die media te praat. Laastens moes ek die wedstrydbeamptes om verskoning vra, wat ek gedoen het.

Vir my was die groot kwessie die manier waarop Siya behandel is. Die komitee het gesê:

Ons erken die uitsonderlike sensitiwiteit ten opsigte van ras in Suid-Afrika. Ons het bevind dat geeneen van die wedstrydbeamptes doelbewus of onbewustelik vir Siya Kolisi anders as enige ander speler behandel het nie. Niks wat hulle gedoen het, is deur ras gemotiveer nie. Dat RE [soos hulle na my verwys het] geglo het sy kaptein word anders behandel, regverdig hoegenaamd nie die inhoud van die video nie. Ons merk ook op dat slegs twee van die knipsels oor daardie onderwerp handel en daar was 'n verdere

nagenoeg vier verwysings na die Springbokspelers wat oneerbiedig behandel is.

Die lede van die regterlike komitee was nie beïndruk dat ek Berry nie om verskoning gevra het nie, en ook nie oor my versuim om te erken dat die video “vernederend, beledigend en kwetsend” was nie, wat beteken het ek kon nie veel toegeeflikheid met die strafoplegging verwag nie. Hulle het aanvaar dat ek geen vorige bevindings van wangedrag teen my gehad het nie en hulle het erkenning gegee aan my “baie beduidende bydrae tot die Spel, as ’n speler en afrigter, wat sy hoogtepunt in Japan met die Rugbywêreldbeker 2019 bereik het”.

Die komitee het gesê dit kan ...

... sonder skroom tot die slotsom kom dat RE se wangedrag veel ernstiger is as enige van die gevalle wat na ons verwys is. Dit was ’n besonder ernstige en flagrante voorbeeld van hierdie soort oortreding. Dit behels voorbedagte, veelvuldige vernederende en beledigende kommentaar en aanvalle op die beamptes se integriteit in die bestek van daardie 62-minuut-video. Dit word vererger deur drie verdere feite (soos deur ons bevind):

- a. Die Erasmus-video is gemaak vir wyer openbare verspreiding.*
- b. Dit is openbaar gemaak deur of op aandrang van RE.*
- c. RE het die skeidsregter gedreig.*

Ons was van plan om teen die besluit te appelleer, maar ’n week later het ons daarteen besluit en om eerder die saak as afgehandel te beskou. Ons het genoeg van dié bakleiery gehad. Wêreldrugby het ons gehoor, en dit was tyd om aan te beweeg. Toe die geregtelike komitee besluit het op die eng interpretasie van die woord “publiseer”, was daar geen kans om onskuldig bevind te word aan die publikasie van die video nie. Ek het veroorsaak dat die video gepubliseer is toe ek Russell gevra het om dit op Vimeo te laai en toe ek die skakel gestuur het aan die mense wat ek daarna wou laat kyk. Ek kon nie anders redeneer nie. Die kwessie was klaar ontwrigtend, en die Springbokke was besig om voor te berei vir ’n toetswedstryd teen Engeland. Ek wou hê die sirkus rondom die Springbokke moes bedaar sodat

die fokus weer op die span kon val.

Die dissiplinêre verhoor het gegaan oor hoe en waarom ek 'n video gemaak het wat die skeidsregters en die spel in oneer gebring het. Maar dit het ook gegaan oor die manier waarop 'n swart kaptein behandel is wat die wêreldkampioen aangevoer het. 'n Jaar voor die Leeus-reeks het Wêreldrugby 'n verklaring met #BlackLivesMatter uitgebring. Dit het gelui:

Rugby is 'n sport vir almal, met 'n gees van inklusiwiteit, eenheid en diversiteit aan die hart daarvan. Elkeen het 'n rol. Elkeen het 'n stem en elkeen het 'n reg om gelyk te wees, van die veld net soos op die veld. In samewerking met ons unies en die Internasionale Rugbyspelers weet ons ons moet voortgaan om 'n leidende rol te speel in positiewe, betekenisvolle aksie om enige vorm van rassediskriminasie uit te roei. Ons sal luister na alle lede van ons gemeenskap, en nou saamwerk met Internasionale Rugbyspelers, unies en ander liggame om beter te verstaan deur watter uitdagings almal in die spel in die gesig gestaar word en om gepaste stappe te doen om volgehoue positiewe verandering in ons sport voort te dryf.

Dit was die ware kwessie wat ek aangeroei het.

Omdat die skorsing dadelik in werking getree het, is ek nie toegelaat om die Springbokke se laaste wedstryd van die jaareindtoer, teen Engeland op Twickenham, by te woon nie. Ons het in die laaste minuut met 26-27 verloor. Dit was die derde toetswedstryd in 2021 wat die Springbokke met twee punte of minder verloor het. Ek het later in die media gesien dat sommige ondersteuners maskers van my gesig by die wedstryd gedra het – 'n klein dingetjie wat my laat glimlag het.

Ek het 'n boete verwag, maar ek het nie verwag om vir twee maande uit alle rugby geskors te word nie, en 'n jaar lank van wedstryddae. Dit het gevoel soos 'n straf nie net vir my nie, maar ook vir vrouerugby, die EPD, en SA Rugby. Ek het die wedstryddagverbod verstaan, en dit het seergemaak, want ek lewe vir rugby. Dit was moeilik om nie op 'n Saterdag saam met die span te kon wees nie. Daardie verbod het baie seer geslaan.

Toe ek tuis kom, het dit vreemd gevoel om nie kantoor toe te gaan nie.

Ek het niks misgeloop nie, want die Kaapstad-Sewes wat van 9 tot 11 Desember moes plaasvind, is afgestel weens uitdagings wat deur Covid-19 meegebring is, en die Saru-kantoor was van 16 Desember tot 10 Januarie gesluit. Ek was terug op my pos binne 'n week nadat die kantoor ná die Kerfees- en Nuwejaarsbreek heropen het.

Terwyl ek by die huis was, het ek 'n paar prettige video's op Twitter gedeel waar ek ontspan en 'n kuiertjie en 'n paar doppe saam met vriende geniet. Ek het ook video's van my bulhond, Frank, geplaas, en daar was boodskappe van ondersteuning, wat gehelp het om my gemoed positief te hou. Ek was veral in my skik met 'n video van 'n Ierse aanlyn sportprogram waarin die voormalige Leinster- en Ulster-afrigter Matt Williams 'n regverdige ontleding van die Erasmus-video gedoen het.

Ek is in die media gekritiseer en op sosiale media sleggesê, waar ek as een of ander monster uitgebeeld is. Wat die seerste gemaak het, is hoe ontsteld my ma was toe mense by haar ouetehuis vir haar negatiewe artikels oor my gewys het. My suster is aan baie meer van die kritiek in die Engelse media blootgestel omdat sy en haar gesin in Reading, Engeland, woon, waar sy 'n maatskaplike werker vir die Nasionale Gesondheidsdiens is. Dit het vir haar gevoel of sy en haar gesin die enigste mense in die Verenigde Koninkryk was wat my nie gehaat het nie.

As ek terugkyk, vra ek myself af: *Wat as ek nooit daardie video gemaak het nie?* Dis 'n oefening wat ek tydens Springbokkampe doen, om te vra: “Wat as ...?” Wat kan ons verander en beter doen?

By nabetragting sou ek waarskynlik steeds daardie video gemaak het. As jy iets wil bereik wat jy nog nooit tevore bereik het nie, moet jy iets doen wat jy nog nooit tevore gedoen het nie. Ek wou Jutge en Wêreldrugby se aandag trek. Ek het dit reggekry, en 'n antwoord van Jutge gekry waarin hy met ons opmerkings saamgestem het.

Terugskouend berou ek egter my opmerking “Ek weet nie waar dit gaan uitkom nie” en die sinspeling dat die video dalk op SuperSport sou beland. Die opmerkings is as 'n dreigement beskou, en ek is jammer dat ek daardie woorde gebruik het.

Ek het niks gebaat na die uitlek van die video nie en baie verloor. Dinge het nie uitgewerk soos ek beplan het nie. Toe die video uitgelek het, het dit my reputasie, die Springbokke en Suid-Afrika groot skade berokken, en daarvoor het ek diep berou. Ek het opgefok. Sonder enige twyfel.

Op 17 Januarie 2022 het die tweemaande-verbod tot 'n einde gekom, en my drie dogters het 'n amusante tong-in-die-kies boodskap aan Wêreldrugby op Twitter geplaas: *Ons wil net sê baie dankie dat julle dit net twee maande gemaak het. Regtig, baie dankie. Ons is so moeg daarvoor om hom by die huis te hê. Ons het genoeg lewenslessies en raad oor alles gekry. Dis genoeg en ons dink dis tyd dat hy teruggaan. Ons is dankbaar dat die dag aangebreek het waarop hy terug werk toe moet gaan.*

Die jaar lange wedstrydverbod was egter steeds van krag, en ek het die drie wedstryde van die tuisreeks teen Wallis in Junie 2022 misgeloop, sowel as die Rugbykampioenskap. Nieu-Seeland het naelskraap gewen, ondanks die Springbokke se ongelooflike 26-10-sege op die Mbombelastadion in Nelspruit. Ek was so spyt ek het daardie wedstryde misgeloop.

MET DIE AANBREEK VAN DIE SPRINGBOKKE se jaareindtoer in November 2022 was die Wêreldrugby-skorsing agter die rug, en ek was terug by die span op wedstryddae. Ons eerste toets was teen Ierland op die Avivastadion in Dublin, 'n kragmeting tussen die wêreldkampioen en die nommereenspan op die wêreldranglys. Wêreldrugby het Nika Amashukeli van Georgië as skeidsregter aangewys. Hy was die blaser in Suid-Afrika se eerste toets teen Wallis in Julie, wat die Springbokke met 32-29 gewen het, maar hy was nog nuut op Vlak 1 van die kompetisie. Ons wedstryd teen Ierland was sy sewende op hierdie vlak. In 'n naelbystryd het ons met 16-19 verloor, met albei spanne wat twee drieë gedruk het.

Ná die tyd het ek 'n videogreep van die wedstryd getwiet, met die woorde: *Surely it was a game of big battles, but small margins*. Ek het nie Amashukeli se naam genoem nie. Ek het 'n voorval uitgewys waarin 'n Ierse speler die bal uit 'n losskrum geskop en Ierland 'n drie gedruk het uit die voordeel wat verkry is. In die TV-uitsending kon 'n mens nie die speler se voet sien wat die bal skop nie. Ek het 'n videogreep van 'n kamera aan die ander kant van die veld gebruik waarop 'n mens duidelik kon sien hoe die Ierse voet die bal uitskop. Dit het ook getoon dat die skeidsregter die voorval duidelik kon sien, maar dit ongestraf gelaat het. Ek het ook gewys hoe die Springbokke vir presies dieselfde ding geblaas is, so, Amashukeli het duidelik geweet dis teen die reëls.

Ons volgende toets was teen Frankryk in die Orange Vélodrome in Marseille, met Wayne Barnes as skeidsregter. Dit het beloof om 'n epiese stryd te wees, want die Franse was op pad na hul twaalfde agtereenvolgende oorwinning. In die 11de minuut is Pieter-Steph afgestuur toe hy kop eerste teen Jonathan Danty se gesig geduik het. Al moes ons met 14 man speel, het ons goed gevaar en teen rustyd was ons met 10-16 agter nadat Siya 'n drie gedruk het.

Sewe minute ná rustyd moes die Franse met 14 spelers klaarkom nadat

hul kaptein, Antoine Dupont, 'n rooi kaart gekry het omdat hy Cheslin in die lug geloop het. Cheslin en Faf het die skopwerk by Damian Willemse oorgevat en uitstekend gevaar met strafskoppe en doelskoppe. Toe druk Kurt-Lee Arendse 'n drie wat aan ons 'n 26-22-voorsprong besorg het. Barnes het egter, sonder enige waarskuwing, vir Deon Fourie 'n geel kaart gewys. Dit het beteken dat Frankryk voorlans meer spelers gehad het. Hulle het dié voordeel dadelik uitgebuit en hul stut Sipili Falatea het oorgebeur vir 'n drie. Nog 'n strafskop deur Thomas Ramos het die oorwinning vir Frankryk beklank: 30-26.

Daar was 'n aantal betwisbare oomblikke in daardie wedstryd, waarvan een nogal verdag voorgekom het. Ons het gevoel Falatea het 'n dubbelbeweging uitgevoer om sy drie te druk, maar verrassend genoeg is Barnes se radioverbinding met die TV-skeidsregter onderbreek, en die drie is nooit hersien nie. Dit het baie gerieflik voorgekom.

Die volgende dag het ek agt twiets en sewe videogrepe van betwisbare oomblikke in die wedstryd geplaas. Ek het 'n videogreep gewys waarop Barnes "*Joue-le!*" (Speel dit!) aan Faf geskree het, en ek het 'n grappie probeer maak en in isiXhosa getwiet: *Xolo asisiva isiFrench*. (Ons praat nie Frans nie.) Hoe moes ons spelers weet wat Barnes sê as hy instruksies in Frans gegee het? In nog 'n twiet het ek 'n video gewys van 'n lang aangee van Willie na Damian, wat Barnes geblaas het as sou dit vorentoe wees. My kommentaar was: *Leer! Daardie lang aangeë het nou maar eenmaal 'n ingeboude optiese illusie, ons sal hard daaraan werk!* Ek is daarna daarvan beskuldig dat ek sarkasties is.

Alle hel het losgebars oor die twiets, met Barnes en sy vrou wat erg op sosiale media deurgeloopt het. Ek het nie dadelik besef hoeveel moeilikheid die twiets veroorsaak het nie en het in 'n restaurant gesit toe Jurie my gebel het. Hy het gevra: "Rassie, watse kak het jy nou weer gemaak?"

Ek het gesê: "Jurie, ek het tweets getweet van fokken footage wat op die TV was, en ek het nie die ref se naam genoem nie, en ek sê nie die ref is kak nie."

Op 'n nuuskonferensie die Dinsdag voor die toets teen Italië het ek gesê my twiets was op die ondersteuners gemik en was nie as kritiek op die skeidsregter bedoel nie. Ek het gesê: "Ons was nog altyd regtig na aan ons ondersteuners. As jy die twiets gaan lees, is hulle in werklikheid bedoel vir Suid-Afrikaanse ondersteuners om te verstaan dat daar party dinge is wat

ouens regtig goed doen, wat ons nie mooi verstaan nie. Mense vorm dan hul eie mening en ek begryp dit. Hulle lees die twiets en wil iets byvoeg by die narratief wat hulle wil uitstuur. Dis duidelik iets aan ons kant wat ons moet regstel. Ek dink Suid-Afrikaanse ondersteuners wil dit graag verstaan, en as mense dan 'n narratief daaraan koppel, is dit ongelukkig buite my beheer.”

Ek het gesê: “Dis nie 'n poging om die blaser aan te vat nie, want ek dink nie Wayne Barnes sou al daai swak besluite kon neem nie. Hy is die wêreld se nommereen-skeidsregter met meer as honderd toetswedstryde op sy kerfstok.”

Wêreldrugby het my twiets hersien en my twee dae later vir twee wedstryde geskors. In 'n verklaring het hulle gesê hulle verdoem “enige openbare kritiek oor die keuse, optrede of integriteit van wedstrydbeamptes, wat hul rol, die afrigter/wedstrydbeampte-terugvoeringsproses en die waardes soos integriteit, respek, eensgesindheid en dissipline wat die hart van die sport is, ondermyn”.

Die verbod het beteken dat ek die Springbokke se wedstryde teen Italië en Engeland misgeloop het, wat ons albei gewen het. Ek is ook verbied om kontak met die media te hê en sosiale media te gebruik.

Ná die wedstryd teen Ierland het ons nie die protokol oor die bevraagtekening van skeidsregterbeslissings gevolg nie, want dit het ons buitendien nêrens gebring nie. Ek het besluit om nie die foute aan Wêreldrugby te stuur nie, want die proses was onbevredigend; in stede daarvan het ek die videogrepe op sosiale media geplaas en die publiek laat oordeel of ek verkeerd was. Ek was doodernstig toe ek gesê het ons sou ons spel moes aanpas indien ek 'n fout gemaak het. As die skeidsregter korrek was, sou ons moes sorg dat ons dit regkry.

Ek is daarvan beskuldig dat ek sarkasties is, en ek sal toegee ek was gefrustreerd en het toegelaat dat sarkasme my kommentaar binnesluis. Maar ek het met opset nie die blaser aangevat nie. Nigel Owens, 'n topblaser wat ek respekteer, het gesê ek bring die spel in oneer. Jutge het aan 'n Franse koerant gesê Wêreldrugby is teleurgesteld omdat ek sosiale media gebruik het om kommentaar op skeidsregters te lewer, en my twiets “teenproduktief en totaal onvanpas” genoem. Hy het my daarvan beskuldig dat ek die “deur oopmaak vir gewelddadige gedrag” en gesê my twiets is “uiters gevaarlik”.

Ek was omgekrap oor die manier waarop Barnes en sy gesin sleggesê is,

en ek het getwiet: *Like myself the referee of the French test & his family have received threats & abuse. Apparently it's partly due to my tweets which is totally unfounded. Tweets were not aimed at the officials, but to our [South African] fans on what we should do better. Have a go at me not the ref!*

My reaksie het min gedoen om mense op Twitter te oortuig dat my kommentaar opreg was, en ek is daarvan beskuldig dat ek sarkasties en agterbaks is. Ek het begin gewoond raak aan dié soort reaksie.

My aksies het daartoe gelei dat ek weer geskors is, maar dit het ook die aandag van die hoof- uitvoerende beampte van Wêreldrugby, Alan Gilpin, en die direkteur van rugby, Phil Davies, getrek, en ek is gevra om hulle in Londen te ontmoet. Ek het nou die kans gehad om van aangesig tot aangesig met die hiërargie van die spel te vergader en vir hulle te sê dat die stelsel, na my mening, nie werk nie.

Dit was 'n baie vrugbare gesprek. Alan en Phil was albei oopkop, het my besware verstaan en geluister na wat ek op die hart gehad het. Van my kant het ek verstaan waarom hulle ongelukkig was met die manier waarop ek die videogrepe getwiet het. Ek het hul besware verstaan en om verskoning gevra vir my gedrag en die toon van my kommentaar. Ek het geweet ek het foute gemaak. Ek was jammer dat Wayne Barnes op sosiale media deurgeloop het en dat sy vrou ook in die spervuur beland het. Ek het die punt gemaak dat die spelers ook eerbiedig moes word deur uitsluitsel oor skeidsregterbeslissings te kry. Die gesamentlike verklaring wat ons ná die samesprekings uitgereik het, het gelui:

Daar is ooreengekom dat verdere dialoog nodig is in terme van die verbetering van die proses wat tussen spanne en wedstrydbeamptes bestaan om te verseker dat almal hul deel kan doen om skouspelagtige rugby te lewer en frustrasie te vermy, dog op 'n wyse wat respek teenoor wedstrydbeamptes, afrigters en spelers voorop stel.

Dit was belangrik dat “afrigters en spelers” in daardie laaste sin ingesluit word. Ek was baie gelukkig met die uitkoms, want dit het beteken ek kon teruggaan na die spelers en vir hulle sê Wêreldrugby kon insien wat ons kon

insien.

Ek het slegs een ontmoeting met Phil en Alan gehad, maar dit het die weg gebaan vir 'n veel beter verhouding met Wêreldrugby. Ons kommunikasie het verbeter, Jacques is lid van die hoëprestasiekomitee en hulle deel baie inligting met ons. Ek het die verklaring wat ná ons ontmoeting uitgereik is, hertwiet, met die boodskap: *Thank you WR [World Rugby] and let's move on.*

Dit was vir my 'n verleentheid om geskors te word. Ek wil nooit geskors word nie, want rugby is my lewe. Ek het dit absoluut gehaat om nie langs die veld te wees wanneer my span speel nie. Dit was 'n baie effektiewe straf.

Eddie Jones wat die trekpas as Engeland se afrigter gekry het, kan as 'n goeie voorbeeld dien van hoe mense hul eie narratief op my twiets toepas. Ek het 'n skermshoot geplaas van 'n WhatsApp-gesprek tussen my en Eddie nadat Wêreldrugby my geskors het. In die gesprek het hy gesê hy hoop ek is oukei en my “'n goeie rugbyman” genoem. My twiet het gelui: *Enough said! He's a man who has rugby in his heart.* Ek het dit waardeur dat hy die moeite gedoen het om te hoor hoe dit gaan toe ek op 'n baie lae punt in my lewe was. Maar die twiet is totaal verkeerd verstaan. Mense het aangeneem ek was die een wat wou hoor of Eddie oukei was ná sy afdanking. Hulle het verdraai wie na wie se welstand verneem het. Gevolglik het dit gelyk asof ek die aandag op myself wou vestig en wys hoe 'n goeie mens ek is. Wat ek eintlik wou doen, was om te wys hoe 'n goeie mens Eddie is. Dis al. Dit het in my gesig ontplof.

Kieran Crowley, Italië se afrigter, was baie uitgesproke ná die Sesnasies-wedstryd tussen Italië en Wallis in Rome in Maart 2023, wat sy span met 17-29 verloor het. Hy was uiters krities oor die blaser, Damon Murphy, op regstreekse televisie en het gesê: “Daar's 'n groot klomp blerrie frustrasie.” Hy het die feit bevraagteken dat Italië 17 keer gepenaliseer is en nie een keer gewaarsku is nie, en gekla dat wat hy gevoel het 'n geldige strafdrie was, nie aan Italië toegeken is nie omdat die beslissing nie na die TV-skeidsregter verwys is nie. Hy het gesê hy is “siek” van Wêreldrugby se protokolle, wat beteken het spanne moes hul terugvoering oor die skeidsregter aan Jutge stuur sodat hy terugvoering kon kry en 'n antwoord

kon verstrek wat lui: “Jammer, ons was verkeerd.” Hy het ook die kwessie van teenstrydige skeidsregterbeslissings aangeraak nadat ’n Italiaanse speler ’n geel kaart gekry het omdat hy kontak met ’n speler in die lug gemaak het, terwyl Wallis met ’n soortgelyke voorval weggekom het. Dit was presies dieselfde klagtes wat ek tydens die Britse en Ierse Leeus se toer geopper het.

Tot vandag toe praat mense steeds oor my wat die video laat uitlek het asof dit ’n feit is. My vriende sal vir my sê: “Jy het *balls* gehad om daardie video te laat uitlek.” Dis moeilik om mense te oortuig dit was nie ek nie. Toe die skorsing verby was, was dit vir my moeilik om in ’n stadion rond te stap, want mense sou beledigings na my kant toe slinger en my ’n “fokken kroek” noem. Ek het dit probeer ignoreer; dit sou my buitendien niks baat om in ’n onderonsie met sulke mense betrokke te raak nie.

RUGBY SOU ALTYD 'N BELANGRIKE deel van my lewe wees. My liefde vir die spel is geïnspireer deur die mense van Despatch, wat gelewe het vir rugby en hul klub passievol ondersteun het. Rugby was vir hulle alles en dit het vir my alles geword. Dit was onmoontlik om nie passievol te wees oor rugby op Despatch nie, en ek het jonk begin speel.

Aanvanklik wou ek net vir Despatch speel. Toe, namate ek opgegroeï en my wêreld groter geword het, wou ek vir die Springbokke speel en die Curriebeker wen. Nadat ek dit reggekry het, wou ek op 50 die Springbokafrigter wees en die Wêreldbeker wen. Ek het afrigter geword toe ek 45 was en die Wêreldbeker drie dae voor my 47ste verjaardag gewen.

Ek beskou myself nie as 'n spesiale rugbyspeler nie, maar ek het die vermoë gehad om dinge te sien wat ander spelers nie kon sien nie. Ek het geweet as ek bloot doen wat die ander ouens op die veld doen, sou ek nie beter as hulle wees nie. Ek moes 'n manier kry om dinge anders te doen. Ek was nie die grootste of die vinnigste speler op die veld nie. Maar ek kon antisipeer en vinniger reageer, en dit het my 'n beter speler gemaak. Namate ek myself begin vestig het, het ek 'n rekenaar gekoop en begin kodeer en wedstryde ontleed. Sodoende kon ek patrone sien wat ander nie kon sien nie. Ek was nie bang om dinge te doen wat my fisieke grootte en spoed aangevul het nie. Partykeer was my idees 'n ramp, maar ander kere het dit briljant gewerk.

Ek het myself ook nie as 'n spesiale afrigter beskou nie, maar ek het 'n rykdom ervaring op en van die veld gehad. Ek het baie lewenslesse wat ek as 'n speler geleer het na my afrigting gebring. Ek kon die spelers vertel van die gevare van oordad en eiegeregtigheid, want ek het ook daardie paadjie gestap. Ek het verstaan hoe dit voel om die groot wedstryde te speel, want ek was self daar.

In die inleiding van Wêreldrugby se spelhandves staan: “Die groot verskeidenheid vaardighede en fisieke vereistes [...] beteken daar is 'n geleentheid vir individue van elke vorm, grootte en vermoë om deel te

neem.”

My denkwyses wat my benadering tot afrigting betref, was nog altyd eenvoudig. As ons span se bou en grootte by ’n sekere wedstrydplan pas, dan is dit hoe ons speel. Ons was groot en sterk, dus het ons fisieke rugby gespeel. Ons het vinnige, innoverende agterspelers gehad, dus het hulle kans gekry om te hardloop. Die ondersteuners en party ontleders voer aan dat ek Suid-Afrikaanse rugby wesenlik verander het deur hardloopspel by die tradisionele Springbok-spelpatroon te voeg. Dit is nie die geval nie. Ons het gehou by die beproefde harde, fisieke spel voorlans, maar geleenthede vir die agterspelers geskep en hulle aangemoedig om te hardloop.

Ek sou nie ons spelpatroon aanpas net om diegene gelukkig te maak wat flambojante hardlooprugby wil sien nie. Ons het nie verwag dat klein, vinnige spanne harde, fisieke rugby moet speel nie, en sou nie gekla het dat hulle te vinnig vir ons is as hulle ons klop nie.

Baie spanne het ’n aantal sleutelstrategieë deel gemaak van hul spel, veral wat verdediging betref, waar die agterspelers vinnig opkom en hul opponente van buite af na binne dwing, nader aan die voorspelers, wat die kans op omgekeerde besit vergroot.

Ons is dikwels gekritiseer dat ons te veel hangskoppe inspan. As ons wel aan enigiets skuldig is, is dit dat ons te veel swak hangskoppe geskop het. As ’n hangskop akkuraat is, is dit enigiemand se bal terwyl dit in die lug is; ons het ’n 50%-kans om dit terug te wen. As die aanvallende span hardloop ons vorentoe, en ons het oor en oor geoefen om die bal uit die lug te vat, met ondersteunende spelers wat gereed is om dit te wen as dit losspat (ons noem dit die “scraps”). As ons die hoë bal kan baasraak, lê ons agter hul verdedigingslyn en dwing dit hulle om terug te val en te hergroepeer. ’n Swak hangskop gee vir hulle besit op ’n skinkbord, en hulle kan daarmee doen wat hulle wil. ’n Mens moet om ’n hoë bal kan meeding en ten minste ’n 50%-kans hê om dit terug te kry.

Ek neem deel aan ’n opwindende projek wat rekenaarsagteware gebruik om rugby af te rig. Dit word Outfox genoem. Afrigters gebruik tradisioneel ’n witbord om hul bewegings en spel te teken, en ek het besef daar moet ’n meer moderne en effektiewe manier wees om dit te doen. Ek het 12 jaar gelede met sagtewareontwikkelaars aan my Outfox-konsep begin werk, en oor die jare het ek die program aanhou ontwikkel en verbeter.

Spelers gebruik ’n kontrole om ooreenstemmende ikone op ’n skerm te

laat rondbeweeg. Sodra hulle die bewegings in 'n klaskameromgewing met behulp van Outfox vervolmaak het, kan hulle dit op die veld gaan oefen, wat baie tyd spaar. Die sagteware is 'n unieke afrigtingshulpmiddel met verskeie ander voordele.

Outfox word regtens beskerm en het uitgebreide veiligheidskenmerke. Die Springbokke het dit al met groot sukses gebruik, veral tydens die 2019-Wêreldbeker. Dit kan vir enige spansport aangepas word en sal binnekort op die mark wees.

Met die 2023-Wêreldbeker wat nader kom, het Jacques aangekondig dat hy sy pos as Springbokhoofafrigter verlaat om 'n pos by Leinster te aanvaar. Sy kontrak eindig ná die toernooi, so, daar was geen rede om in sy pad te staan nie. Ons persoonlike verhouding word nie deur sy besluit geraak nie. Dit beteken bloot dat ons ná soveel jare saam nie meer dieselfde span kan afrig nie. Ek het geen planne om hom daarheen te volg nie, want my kontrak met Saru verstryk in 2025 – mits ek nie die trekpas kry nie!

Die drie Springbokhulpafrigters, Mzwandile Stick, Deon Davids en Daan Human, sowel as ons hoof van atletiese prestasie, Andy Edwards, se kontrakte is met nog vier jaar verleng, en hulle sal by die Springbokke aanbly tot aan die einde van die 2027-Wêreldbeker in Australië.

Ons voorbereidings vir die Wêreldbeker het 'n terugslag beleef toe Siya 'n verlamme kniebesering opgedoen het in 'n Rugbykampioenskapwedstryd vir die Haaie teen Munster op Kingspark, vier maande voor Suid-Afrika se Wêreldbekeropeningswedstryd teen Skotland. Hy het spesialiste geraadpleeg voordat hy 'n geskeurde voorste kruisligament laat opereer het.

Net die tyd sal leer of Siya gereed sal wees vir die Wêreldbeker, maar hy is een van die taaiste spelers wat daar is. Met intensiewe rehabilitasie is daar 'n goeie kans dat hy sy posisie as kaptein van die span kan inneem. Hy het in 2019 teruggekom ná 'n kniebesering en die Springbokke na 'n oorwinning gelei. Hy kan dit in 2023 weer doen.

So, wat is volgende? My pa het altyd gesê: “As jy iets liefhet en nie meer 'n bydrae kan maak nie, moet jy dit lief genoeg hê om pad te gee.” Wanneer ek nie meer 'n betekenisvolle bydrae tot rugby kan maak nie, sal dit tyd

wees om aan te beweeg. Ek is tevrede dat ons wedstrydplan goed is. As die ondersteuners my steeds ná die Wêreldbeker wil hê, sal dit fantasties wees. As hulle nie wil nie, is ek bereid om pad te gee in die belang van die spel wat ek liefhet. Ek is oopkop daaroor.

Ek is deur 'n paar donker tye. Daar was dae wat ek net wou slaap, en nagte wat ek nie 'n oog kon toemaak nie. Die laagtepunte was baie laag, ongelooflik laag. Geskors uit alle rugby, gedwing om by die huis te sit terwyl die Bokke in Australië en Nieu-Seeland speel, en wetend dat ek die ongelooflike atmosfeer misgeloop het toe ons die All Blacks op die Mbombelastadion in Nelspruit geklop het. Om verbaal aangeval te word deur mense op straat wat vir my sê ek het 'n boggerop gemaak, terwyl ek bloot nie die energie gehad het om myself elke liewe keer te verdedig nie. Om kwetsende opmerkings op sosiale media te lees. Om te beleef hoe mense besluit ek is 'n aaklige mens.

Maar die hoogtepunte was ook ongelooflik hoog. Om vir die Springbokke te speel en 17 wedstryde in 'n ry te wen, om teen die Britse en Ierse Leeus in my debuut te speel, om in die 1999-Wêreldbeker te speel. Om die Springbokke af te rig, my eie visie te implementeer, om die span van sewende tot eerste in die wêreld te neem, om die reeks teen Engeland te wen nadat ons glad nie as die gunsteling beskou is nie, en om die 2019-Wêreldbeker te wen.

My grootste oomblik in rugby was nie toe ek die Webb Ellis-beker omhoog gelig het nie – dit was om toe te kyk hoe my Springbokke met gemak drieë skep en druk in die Wêreldbekereindstryd. Hulle het mekaar vertrou en was gemaklik met mekaar. Hulle het verstaan dit was 'n voorreg om hul land te verteenwoordig en hulle het dit alles met 'n glimlag gedoen, ondanks die ongelooflike druk waaronder hulle verkeer het.

My grootste prestasie was die vestiging van die EPD. Ek put enorme genot daaruit om te kyk hoe jong spelers, wat andersins dalk nie geleenthede sou kry nie, Springbokke word en in 'n Wêreldbekereindstryd speel.

Ek onthou hoe ek saam met Jacques na die Grens toe is in 2013 om hul afrigter te help, en hoe ons 'n jong senter, Lukhanyo Am, raakgesien het. Ek het vir Jacques gesê ons moet hom op ons radar hou. Ses jaar later het hy die Wêreldbeker gewen. Dis sulke oomblikke wat my bybly.

Ek word dikwels daarvan beskuldig dat ek 'n politieke dier is, wat na

die pype van my politieke meesters dans, as gevolg van die manier waarop ek transformasie hanteer en my Springbokspanne gekies het. Laat ek dit baie duidelik stel – nie een keer in my loopbaan as Springbokafrigter het iemand my voorgesê wie om te kies op grond van politieke oorwegings nie. My spankeuses was my vrye keuse, in oorleg met my hulpafrigters. Ek kan amper hoor hoe mense wat wil glo ek speel politieke speletjies skree: “Kak!” Ek kan hulle nie van mening laat verander nie. Ek het probeer, maar ek besef party mense wil niks weet van die feite nie. Ek is eerlik wanneer ek sê ek het Siya kaptein gemaak en ’n groep jong swart spelers teen Engeland gekies nie omdat ek kwotagetalle moes volmaak nie, maar omdat hulle die regte spelers vir die taak was. En hulle almal het bo alle twyfel bewys dat hulle hul insluiting verdien het. Ek het jare gelede die grondslag gelê om rugby reg te ruk met die bekendstelling van die EPD. Toe dit vrugte begin afwerp het, het ek nie nodig gehad om my oor transformasiedoelwitte te bekommer nie, want die regte spelers was gereed vir die groot verhoog. Transformasie is nie ’n geval van wit speler uit, swart speler in nie. Dit gaan oor regverdige en gelyke kanse. Maar eers moes ons daardie geleenthede skep.

Ek dink die gemiddelde ou weet ek is net ’n gewone boikie. Hulle sal vir my sê: “Ons staan agter jou.” Tannies kom na my toe en sê: “My kind, kom hierso dat ek jou net ’n drukkies gee.” Ek is mal daarvoor om met mense wat my op straat voorkeer te gesels, of ’n jong outjie se hand te skud.

Ek is baie trots daarop dat rugby verander het van ’n sport wat deur ’n minderheid mense in Suid-Afrika ondersteun is, tot ’n sport wat deur al die land se mense omarm word. Rugby het gewys hoe Suid-Afrikaners, ongeag hul ras, die taal wat hulle praat, of hul agtergrond, almal kan saamwerk. Ons kan lande klop wat magtiger en ryker as ons is as ons saamstaan en al ons hulpbronne aanwend.

Ek kyk terug op my rugbylewe, met al sy prestasies en foute, met ’n mate van genoegdoening. Ek het in groot toetswedstryde gespeel en selfs nog groteres afgerig. Ek hoop my blywende bydrae sal wees dat ek geleenthede gebied het aan mense wat vorentoe getree en dit aangegryp het. Enige iemand kan rugby speel as hulle net die kans gegun word.

Jy kan ’n outjie van Bishops in Kaapstad wees, van Grey Kollege in Bloemfontein, of Paul Roos Gimnasium op Stellenbosch. Jy kan ’n outjie van die Hoërskool Brackenfell naby Kraaifontein wees, van die Jim

Mvabaza Senior Sekondêre Skool op King William's Town (nou Qonce), of van Nyatyambo Primêr in Zwide.

Of jy kan 'n outjie van die Hoërskool Despatch op Despatch wees.

Toetswedstryde as Springbokspeler (1997-2001)

DATUM/PLEK: 5 Julie 1997, Ellispark, Johannesburg	INLIGTING: Debuut vir RASSIE ERASMUS
TEENSTANDER: Britse en Ierse Leeus, Leeustoer	DRIEË: Montgomery, Rossouw, Snyman, Van der Westhuizen
UITSLAG: Wen, 35(13)-16(9)	DOELSKOPPE: De Beer (2), Honiball
	STRAFDOELE: De Beer (3)
	KAPTEIN: Gary Teichmann
	AFRIGTER: Carel du Plessis

MISGELOOP

DATUM/PLEK: 19 Julie 1997, Ellispark, Johannesburg	RASSIE ERASMUS vervang deur Ruben Kruger
TEENSTANDER: Nieu- Seeland	
UITSLAG: Verloor, 32-35	

DATUM/PLEK: 2 Augustus 1997, Suncorpstadion, Brisbane	RASSIE ERASMUS vervang deur Ruben Kruger
TEENSTANDER: Australië	
UITSLAG: Verloor, 20-32	

DATUM/PLEK: 9 Augustus 1997, Eden Park, Auckland	RASSIE ERASMUS vervang deur Ruben Kruger
TEENSTANDER: Nieu- Seeland	
UITSLAG: Verloor, 35-55	

DATUM/PLEK: 23 Augustus 1997, Loftus, Pretoria	DRIEË: RASSIE ERASMUS , Andrews, Brosnihan, Dalton, De Beer, Montgomery (2), Rossouw
TEENSTANDER: Australië, Drienasies	DOELSKOPPE: De Beer (6)
UITSLAG: Wen, 61(18)-22(15)	STRAFDOELE: De Beer (3)
	KAPTEIN: Gary Teichmann
	AFRIGTER: Carel du Plessis

DATUM/PLEK: 8 November 1997, Stadio Renato Dall'Ara, Bologna	DRIEË: RASSIE ERASMUS (2) , Du Randt, Muir, Rossouw (2), Small (2), Swart
TEENSTANDER: Italië, toerwedstryd	DOELSKOPPE: Honiball (7)
	STRAFDOELE: Honiball
	KAPTEIN: Gary Teichmann

UITSLAG: Wen,
62(22)-31(20) AFRIGTER: Nick Mallett

DATUM/PLEK: 15 November
1997, Stade de Gerland,
Lyon
TEENSTANDER: Frankryk,
toerwedstryd
UITSLAG: Wen, 36(19)-32(9) DRIEË: Dalton, Montgomery, Muir, Rossouw, Small
DOELSKOPPE: Honiball (4)
STRAFDOELE: Honiball
KAPTEIN: Gary Teichmann
AFRIGTER: Nick Mallett

DATUM/PLEK: 22 November
1997,
Parc des Princes, Parys
TEENSTANDER: Frankryk,
toerwedstryd
UITSLAG: Wen, 52(28)-10(3) DRIEË: Honiball, Rossouw (4), Snyman, Teichmann
DOELSKOPPE: Honiball (7)
STRAFDOELE: Honiball
KAPTEIN: Gary Teichmann
AFRIGTER: Nick Mallett

MISGELOOP

DATUM/PLEK: 29 November
1997, Twickenham, Londen
TEENSTANDER: Engeland
UITSLAG: Wen, 29-11 **RASSIE ERASMUS** vervang deur Andrew Aitken

DATUM/PLEK: 6 Desember
1997, Murrayfield,
Edinburgh
TEENSTANDER: Skotland,
toerwedstryd
UITSLAG: Wen, 68(14)-10(3) DRIEË: **RASSIE ERASMUS**, Montgomery (2), Rossouw,
Small (2), Smith, Snyman, Teichmann, Venter
DOELSKOPPE: De Beer, Montgomery (8)
KAPTEIN: Gary Teichmann
AFRIGTER: Nick Mallett

DATUM/PLEK: 13 Junie
1998, Vrystaatstadion,
Bloemfontein
TEENSTANDER: Ierland,
toerwedstryd
UITSLAG: Wen,
37(13)-13(10) DRIEË: Andrews, Terblanche (4)
DOELSKOPPE: Du Toit (3)
STRAFDOELE: Du Toit (2)
KAPTEIN: Gary Teichmann
AFRIGTER: Nick Mallett

DATUM/PLEK: 20 Junie
1998, Loftus, Pretoria
TEENSTANDER: Ierland,
toerwedstryd
UITSLAG: Wen, 33(19)-0(0) DRIEË: **RASSIE ERASMUS**, Dalton, Rossouw, Teichmann,
Van der Westhuizen
DOELSKOPPE: Montgomery (4)
KAPTEIN: Gary Teichmann
AFRIGTER: Nick Mallett

DATUM/PLEK: 27 Junie
1998, Loftus, Pretoria
TEENSTANDER: Wallis,
toerwedstryd DRIEË: **RASSIE ERASMUS**, Hendricks, Montgomery (2),
Otto, Rossouw (3), Skinstad, Smith, Terblanche (2), Van der
Westhuizen, Venter (2)

toerwedstryd
UITSLAG: Wen, 96(29)-13(6)

DOELSKOPPE: Montgomery (9)
STRAFDOELE: Montgomery
KAPTEIN: Gary Teichmann
AFRIGTER: Nick Mallett

DATUM/PLEK: 4 Julie 1998,
Nuweland, Kaapstad
TEENSTANDER: Engeland,
toerwedstryd
UITSLAG: Wen, 18(12)-0(0)

DRIEË: Terblanche, Van der Westhuizen
DOELSKOPPE: Montgomery
STRAFDOELE: Montgomery (2)
KAPTEIN: Gary Teichmann
AFRIGTER: Nick Mallett

DATUM/PLEK: 18 Julie
1998, Subiaco-ovaal, Perth
TEENSTANDER: Australië,
Drienasies
UITSLAG: Wen, 14(8)-13(8)

DRIEË: Van der Westhuizen
STRAFDOELE: Montgomery (3)
KAPTEIN: Gary Teichmann
AFRIGTER: Nick Mallett

MISGELOOP

DATUM/PLEK: 25 Julie
1998, Athletic Park,
Wellington
TEENSTANDER: Nieu-
Seeland
UITSLAG: Wen, 13-3

RASSIE ERASMUS vervang deur Andrew Aitken

DATUM/PLEK: 15 Augustus
1998, Kingspark, Durban
TEENSTANDER: Nieu-
Seeland, Drienasies
UITSLAG: Wen, 24(5)-23(17)

DRIEË: Dalton, Skinstad, Terblanche, Van der Westhuizen
DOELSKOPPE: Montgomery (2)
KAPTEIN: Gary Teichmann
AFRIGTER: Nick Mallett

DATUM/PLEK: 22 Augustus
1998, Ellispark,
Johannesburg
TEENSTANDER: Australië,
Drienasies
UITSLAG: Wen,
29(16)-15(12)

DRIEË: Garvey, Skinstad
DOELSKOPPE: Montgomery (2)
STRAFDOELE: Montgomery (5)
KAPTEIN: Gary Teichmann
AFRIGTER: Nick Mallett

DATUM/PLEK: 14 November
1998, Wembleystadion,
Londen
TEENSTANDER: Wallis,
toerwedstryd
UITSLAG: Wen,
28(14)-20(14)

DRIEË: Van der Westhuizen, Venter, straf drie
DOELSKOPPE: Smith (2)
STRAFDOELE: Smith (3)
KAPTEIN: Gary Teichmann
AFRIGTER: Nick Mallett

DATUM/PLEK: 21 November 1998, Murrayfield, Edinburgh TEENSTANDER: Skotland, toerwedstryd UITSLAG: Wen, 35(11)-10(7)	DRIEË: Rossouw, Skinstad, Snyman, Terblanche, Van der Westhuizen DOELSKOPPE: Montgomery (2) STRAFDOELE: Montgomery (2) KAPTEIN: Gary Teichmann AFRIGTER: Nick Mallett
DATUM/PLEK: 28 November 1998, Lansdowne Road, Dublin TEENSTANDER: Ierland, toerwedstryd UITSLAG: Wen, 27(7)-13(6)	DRIEË: RASSIE ERASMUS , Skinstad, Van der Westhuizen DOELSKOPPE: Montgomery (3) STRAFDOELE: Montgomery (2) KAPTEIN: Gary Teichmann AFRIGTER: Nick Mallett
DATUM/PLEK: 5 Desember 1998, Twickenham, Londen TEENSTANDER: Engeland, toerwedstryd UITSLAG: Verloor, 7(7)-13(7)	DRIEË: Rossouw DOELSKOPPE: Montgomery KAPTEIN: Gary Teichmann AFRIGTER: Nick Mallett
DATUM/PLEK: 12 Junie 1999, EPRFU-stadion, Port Elizabeth TEENSTANDER: Italië, toerwedstryd UITSLAG: Wen, 74(22)-3(3)	DRIEË: Boome, Du Toit (2), Fleck, Montgomery, Paulse (3), Teichmann, Terblanche, strafdrie DOELSKOPPE: Du Toit (8) STRAFDOELE: Du Toit KAPTEIN: Gary Teichmann AFRIGTER: Nick Mallett
DATUM/PLEK: 19 Junie 1999, Kingspark, Durban TEENSTANDER: Italië, toerwedstryd UITSLAG: Wen, 101(40)-0(0)	DRIEË: Drotské, Fleck, Kayser (3), Marais, Montgomery, Terblanche (5), Von Hoesslin (2), Vos DOELSKOPPE: Du Toit (8), Van Straaten (5) KAPTEIN: Corné Krige (debuut) AFRIGTER: Nick Mallett
DATUM/PLEK: 26 Junie 1999, Millenniumstadion, Cardiff TEENSTANDER: Wallis, opening van Millenniumstadion UITSLAG: Verloor, 19(6)-29(19)	DRIEË: Montgomery, Swanepoel STRAFDOELE: Du Toit, Van Straaten (2) KAPTEIN: Gary Teichmann AFRIGTER: Nick Mallett

MISGELOOP

DATUM/PLEK: 10 Julie 1999, Carisbrook, Dunedin TEENSTANDER: Nieu-	RASSIE ERASMUS vervang deur Corné Krige
--	--

Seeland
UITSLAG: Verloor, 0-28

DATUM/PLEK: 17 Julie
1999, Suncorpstadion,
Brisbane
TEENSTANDER: Australië,
Drienasies
UITSLAG: Verloor,
6(6)-32(20)

STRAFDOELE: Van Straaten (2)
KAPTEIN: **RASSIE ERASMUS**
AFRIGTER: Nick Mallett

DATUM/PLEK: 7 Augustus
1999, Loftus, Pretoria
TEENSTANDER: Nieu-
Seeland, Drienasies
UITSLAG: Verloor,
18(11)-34(20)

DRIEË: Snyman, Van der Westhuizen
DOELSKOPPE: Du Toit
STRAFDOELE: Du Toit (2)
KAPTEIN: Joost van der Westhuizen
AFRIGTER: Nick Mallett

DATUM/PLEK: 14 Augustus
1999, Nuweland, Kaapstad
TEENSTANDER: Australië,
Drienasies
UITSLAG: Wen, 10(3)-9(3)

DRIEË: Fleck
DOELSKOPPE: De Beer
STRAFDOELE: De Beer
KAPTEIN: Joost van der Westhuizen
AFRIGTER: Nick Mallett

DATUM/PLEK: 3 Oktober
1999, Murrayfield,
Edinburgh
TEENSTANDER: Skotland,
Wêreldbeker Groep A
UITSLAG: Wen,
46(13)-29(16)

DRIEË: Fleck, Kayser, Le Roux, Van der Westhuizen, André
Venter, Brendan Venter
DOELSKOPPE: De Beer (5)
STRAFDOELE: De Beer (2)
KAPTEIN: Joost van der Westhuizen
AFRIGTER: Nick Mallett

MISGELOOP

DATUM/PLEK: 10 Oktober
1999, Murrayfield,
Edinburgh
TEENSTANDER: Spanje
UITSLAG: Wen, 47-3

RASSIE ERASMUS vervang deur Ruben Kruger

DATUM/PLEK: 15 Oktober
1999, Hampden Park,
Glasgow
TEENSTANDER: Uruguay,
Wêreldbeker Groep A
UITSLAG: Wen, 39(27)-3(3)

DRIEË: Fleck, Kayser, Van den Berg (2), Van der Westhuizen
DOELSKOPPE: De Beer (4)
STRAFDOELE: De Beer (2)
KAPTEIN: Joost van der Westhuizen
AFRIGTER: Nick Mallett

DATUM/PLEK: 24 Oktober

DRIEË: Van der Westhuizen, Rossouw

1999, Stade de France, Parys
TEENSTANDER: Engeland,
Wêreldbekerkwarteindstryd
UITSLAG: Wen,
44(16)-21(12)

DOELSKOPPE: De Beer (2)
STRAFDOELE: De Beer (5)
SKEPDOELE: De Beer (5)
KAPTEIN: Joost van der Westhuizen
AFRIGTER: Nick Mallett

DATUM/PLEK: 30 Oktober
1999, Twickenham, Londen
TEENSTANDER: Australië,
Wêreldbekerhalfeindstryd
UITSLAG: Verloor,
21(6)-27(12)

STRAFDOELE: De Beer (6)
SKEPDOELE: De Beer
KAPTEIN: Joost van der Westhuizen
AFRIGTER: Nick Mallett

DATUM/PLEK: 4 November
1999, Millenniumstadion,
Cardiff
TEENSTANDER: Nieu-
Seeland, Wêreldbeker, derde
plek
UITSLAG: Wen,
22(16)-18(12)

DRIEË: Paulse
DOELSKOPPE: Honiball
STRAFDOELE: Honiball (3)
SKEPDOELE: Montgomery (2)
KAPTEIN: Joost van der Westhuizen
AFRIGTER: Nick Mallett

DATUM/PLEK: 10 Junie
2000, Absastadion, Oos-
Londen
TEENSTANDER: Kanada,
toerwedstryd
UITSLAG: Wen,
51(27)-18(10)

DRIEË: Barry, Fleck (2), Kempson, Montgomery, Paulse (2),
Vos
DOELSKOPPE: Van Straaten (4)
STRAFDOELE: Van Straaten
KAPTEIN: André Vos
AFRIGTER: Nick Mallett

DATUM/PLEK: 17 Junie
2000, Loftus, Pretoria
TEENSTANDER: Engeland,
toerwedstryd
UITSLAG: Wen,
18(15)-13(10)

STRAFDOELE: Van Straaten (6)
KAPTEIN: André Vos
AFRIGTER: Nick Mallett

MISGELOOP

DATUM/PLEK: 24 Junie
2000, Vrystaatstadion,
Bloemfontein
TEENSTANDER: Engeland
UITSLAG: Verloor, 22-27

RASSIE ERASMUS vervang deur Corné Krige

DATUM/PLEK: 8 Julie 2000,
Docklands-stadion,
Melbourne

DRIEË: Paulse (2), Swanepoel
DOELSKOPPE: Koen
STRAFDOELE: Koen (2)

TEENSTANDER: Australië,
toerwedstryd
UITSLAG: Verloor,
23(23)-44(17)

KAPTEIN: André Vos
AFRIGTER: Nick Mallett

DATUM/PLEK: 22 Julie
2000, Lancaster Park,
Christchurch
TEENSTANDER: Nieu-
Seeland, Drienasies
UITSLAG: Verloor,
12(12)-25(19)

STRAFDOELE: Van Straaten (3)
SKEPDOELE: Montgomery
KAPTEIN: André Vos
AFRIGTER: Nick Mallett

MISGELOOP

DATUM/PLEK: 29 Julie
2000, Stadium Australia,
Sydney
TEENSTANDER: Australië
UITSLAG: Verloor, 6-26

RASSIE ERASMUS vervang deur Corné Krige

DATUM/PLEK: 19 Augustus
2000, Ellispark,
Johannesburg
TEENSTANDER: Nieu-
Seeland, Drienasies
UITSLAG: Wen,
46(33)-40(27)

DRIEË: Delport, Fleck (2), Swanepoel (2), Williams
DOELSKOPPE: Van Straaten (5)
STRAFDOELE: Van Straaten (2)
KAPTEIN: André Vos
AFRIGTER: Nick Mallett

DATUM/PLEK: 26 Augustus
2000, Kingspark, Durban
TEENSTANDER: Australië,
Drienasies
UITSLAG: Verloor,
18(6)-19(13)

STRAFDOELE: Van Straaten (6)
KAPTEIN: André Vos
AFRIGTER: Nick Mallett

MISGELOOP

DATUM/PLEK: 12 November
2000, River Plate-stadion,
Buenos Aires
TEENSTANDER: Argentinië
UITSLAG: Wen, 37-33

RASSIE ERASMUS vervang deur Corné Krige

DATUM/PLEK: 19 November
2000, Lansdowne Road,
Dublin
TEENSTANDER: Ierland

RASSIE ERASMUS vervang deur Corné Krige

UITSLAG: Wen, 28-18

MISGELOOP

DATUM/PLEK: 26 November 2000, Millenniumstadion, Cardiff
TEENSTANDER: Wallis
UITSLAG: Wen, 23-13

RASSIE ERASMUS vervang deur Corné Krige

DATUM/PLEK: 2 Desember 2000, Twickenham, Londen
TEENSTANDER: Engeland
UITSLAG: Verloor, 17-25

RASSIE ERASMUS vervang deur Corné Krige

DATUM/PLEK: 16 Junie 2001, Ellispark, Johannesburg
TEENSTANDER: Frankryk, toerwedstryd
UITSLAG: Verloor, 23(11)-32(16)

DRIEË: Paulse
STRAFDOELE: Montgomery (6)
KAPTEIN: André Vos
AFRIGTER: Harry Viljoen

DATUM/PLEK: 23 Junie 2001, Kingspark, Durban
TEENSTANDER: Frankryk, toerwedstryd
UITSLAG: Wen, 20(14)-15(15)

DRIEË: Krige
STRAFDOELE: James (5)
KAPTEIN: André Vos
AFRIGTER: Harry Viljoen

Toetswedstryde as Springbokafrigter (2018-2019)

DATUM/PLEK: 2 Junie 2018, RFK-stadion,
Washington DC
TEENSTANDER: Wallis, vriendskaplik
SKEIDSREGTER: Matthew Carley, Engeland
UITSLAG: Verloor, 20(3)-22(14)

DRIEË: Ismaiel, Mapimpi
DOELSKOPPE: Elton Jantjies (2)
STRAFDOELE: Robert du Preez, Elton
Jantjies

DATUM/PLEK: 9 Junie 2018, Ellispark,
Johannesburg
TEENSTANDER: Engeland, Engelse toer
SKEIDSREGTER: Ben O'Keeffe, Nieu-
Seeland
UITSLAG: Wen, 42(29)-39(27)

DRIEË: De Klerk, Dyantyi, Le Roux, Nkosi (2)
DOELSKOPPE: Pollard (4)
STRAFDOELE: Pollard (3)

DATUM/PLEK: 16 Junie 2018, Toyotastadion,
Bloemfontein
TEENSTANDER: Engeland, Engelse toer
SKEIDSREGTER: Romain Poite, Frankryk
UITSLAG: Wen, 23(13)-12(12)

DRIEË: Vermeulen, straf drie
DOELSKOPPE: Pollard
STRAFDOELE: Pollard (3)

DATUM/PLEK: 23 Junie 2018, Nuweland,
Kaapstad
TEENSTANDER: Engeland, Engelse toer
SKEIDSREGTER: Glen Jackson, Nieu-
Seeland
UITSLAG: Verloor, 10(3)-25(6)

DRIEË: Kriel
DOELSKOPPE: Elton Jantjies
STRAFDOELE: Elton Jantjies

DATUM/PLEK: 18 Augustus 2018,
Kingspark, Durban
TEENSTANDER: Argentinië,
Rugbykampioenskap
SKEIDSREGTER: Ben O'Keeffe, Nieu-
Seeland
UITSLAG: Wen, 34(10)-21(14)

DRIEË: Am, De Klerk, Dyantyi (2), Mapimpi
(2)
DOELSKOPPE: Pollard (2)

DATUM/PLEK: 25 Augustus 2018, Estadio
Malvinas Argentinas, Mendoza
TEENSTANDER: Argentinië,
Rugbykampioenskap
SKEIDSREGTER: Angus Gardner, Australië
UITSLAG: Verloor, 19(7)-32(27)

DRIEË: Kolisi, Mapoe (2)
DOELSKOPPE: Pollard (2)

DATUM/PLEK: 8 September 2018,
Suncorpstadion, Brisbane
TEENSTANDER: Australië,
Rugbykampioenskap
SKEIDSREGTER: Glen Jackson, Nieu-
Seeland
UITSLAG: Verloor, 18(18)-23(17)

DRIEË: Mapimpi, Mbonambi
DOELSKOPPE: Elton Jantjies
STRAFDOELE: Elton Jantjies (2)

DATUM/PLEK: 15 September 2018, Westpac-
stadion, Wellington
TEENSTANDER: Nieu-Seeland,
Rugbykampioenskap
SKEIDSREGTER: Nigel Owens, Wallis
UITSLAG: Wen, 36(24)-34(17)

DRIEË: Dyantyi (2), Kolbe, Le Roux, Marx
DOELSKOPPE: Pollard (4)
STRAFDOELE: Pollard

DATUM/PLEK: 29 September 2018, Nelson
Mandelabaai-stadion, Port Elizabeth
TEENSTANDER: Australië,
Rugbykampioenskap
SKEIDSREGTER: Jérôme Garcès, Frankryk
UITSLAG: Wen, 23(20)-12(12)

DRIEË: De Klerk, Dyantyi
DOELSKOPPE: Pollard (2)
STRAFDOELE: Pollard (3)

DATUM/PLEK: 6 Oktober 2018, Loftus,
Pretoria
TEENSTANDER: Nieu-Seeland,
Rugbykampioenskap
SKEIDSREGTER: Angus Gardner, Australië
UITSLAG: Verloor, 30(6)-32(6)

DRIEË: De Allende, Kolbe, Kriel
DOELSKOPPE: Pollard (3)
STRAFDOELE: Pollard (3)

DATUM/PLEK: 3 November 2018,
Twickenham, Londen
TEENSTANDER: Engeland, jaareindtoer
SKEIDSREGTER: Angus Gardner, Australië
UITSLAG: Verloor, 11(8)-12(6)

DRIEË: Nkosi
STRAFDOELE: Pollard (2)

DATUM/PLEK: 10 November 2018, Stade de
France, Parys
TEENSTANDER: Frankryk, jaareindtoer
SKEIDSREGTER: Nigel Owens, Wallis
UITSLAG: Wen, 29(9)-26(16)

DRIEË: Nkosi, Mbonambi
DOELSKOPPE: Pollard (2)
STRAFDOELE: Pollard (5)

DATUM/PLEK: 17 November 2018,
Murrayfield, Edinburgh
TEENSTANDER: Skotland, jaareindtoer
SKEIDSREGTER: Romain Poite, Frankryk
UITSLAG: Wen, 26(20)-20(17)

DRIEË: Kriel, Pollard
DOELSKOPPE: Pollard (2)
STRAFDOELE: Elton Jantjies, Pollard (3)

DATUM/PLEK: 24 November 2018,
Millenniumstadion, Cardiff
TEENSTANDER: Wallis, jaareindtoer
SKEIDSREGTER: Luke Pearce, Engeland
UITSLAG: Verloor, 11(3)-20(14)

DRIEË: Kriel
STRAFDOELE: Elton Jantjies, Pollard

DATUM/PLEK: 20 Julie 2019, Ellispark,
Johannesburg
TEENSTANDER: Australië,
Rugbykampioenskap
SKEIDSREGTER: Paul Williams, Nieu-
Seeland
UITSLAG: Wen, 35(14)-17(10)

DRIEË: De Jager, Herschel Jantjies (2), Nkosi,
Reinach
DOELSKOPPE: Elton Jantjies (5)

DATUM/PLEK: 27 Julie 2019, Skystadion,
Wellington
TEENSTANDER: Nieu-Seeland,
Rugbykampioenskap
SKEIDSREGTER: Nic Berry, Australië
UITSLAG: Gelykop, 16(6)-16(7)

DRIEË: Herschel Jantjies
DOELSKOPPE: Pollard
STRAFDOELE: Pollard (3)

DATUM/PLEK: 10 Augustus 2019, Estadio
Padre Ernesto Martearena, Salta
TEENSTANDER: Argentinië,
Rugbykampioenskap
SKEIDSREGTER: Romain Poite, Frankryk
UITSLAG: Wen, 46(24)-13(13)

DRIEË: Kolbe, Mapimpi, Mbonambi, Pollard
(2)
DOELSKOPPE: Pollard (3)
STRAFDOELE: Pollard (5)

DATUM/PLEK: 17 Augustus 2019, Loftus,
Pretoria
TEENSTANDER: Argentinië, vriendskaplik
SKEIDSREGTER: Luke Pearce, Engeland
UITSLAG: Wen, 24(8)-18(10)

DRIEË: Nkosi (2)
DOELSKOPPE: Elton Jantjies
STRAFDOELE: Elton Jantjies (4)

DATUM/PLEK: 6 September 2019,
Kumagaya-sportstadion
TEENSTANDER: Japan, vriendskaplik
SKEIDSREGTER: Nic Berry, Australië
UITSLAG: Wen, 41(22)-7(0)

DRIEË: Herschel Jantjies, Kolbe (2), Mapimpi
(3)
DOELSKOPPE: Pollard (2), Steyn (2)
STRAFDOELE: Pollard

DATUM/PLEK: 21 September 2019,
Internasionale Stadion, Yokohama
TEENSTANDER: Nieu-Seeland, Wêreldbeker
Groep B
SKEIDSREGTER: Jérôme Garcès, Frankryk
UITSLAG: Verloor, 13(3)-23(17)

DRIEË: Pieter-Steph du Toit
DOELSKOPPE: Pollard
STRAFDOELE: Pollard
SKEPDOEL: Pollard

DATUM/PLEK: 28 September 2019,

DRIEË: Am, Brits, Gelant, Kolisi, Louw,

Toyotastadion, Toyota
TEENSTANDER: Namibië, Wêreldbeker
Groep B
SKEIDSREGTER: Mathieu Raynal, Frankryk
UITSLAG: Wen, 57(31)-3(3)

Mapimpi (2), Mbonambi (2)
DOELSKOPPE: Elton Jantjies (6)

DATUM/PLEK: 4 Oktober 2019, Shizuoka
Ecopa-stadion, Fukuroi
TEENSTANDER: Italië, Wêreldbeker Groep
B
SKEIDSREGTER: Wayne Barnes, Engeland
UITSLAG: Wen, 49(17)-3(3)

DRIEË: Am, Kolbe (2), Mapimpi, Marx,
Mbonambi, Snyman
DOELSKOPPE: Pollard (4)
STRAFDOELE: Pollard (2)

DATUM/PLEK: 8 Oktober 2019, Kobe
Misaki-stadion, Kobe
TEENSTANDER: Kanada, Wêreldbeker
Groep B
SKEIDSREGTER: Luke Pearce, Engeland
UITSLAG: Wen, 66(47)-7(0)

DRIEË: Brits, De Allende, Gelant, Malherbe,
Nkosi, Reinach (3), Steyn, Willemse
DOELSKOPPE: Elton Jantjies (8)

DATUM/PLEK: 20 Oktober 2019,
Tokiostadion, Tokio
TEENSTANDER: Japan,
Wêreldbekerkwarteindstryd
SKEIDSREGTER: Wayne Barnes, Engeland
UITSLAG: Wen, 26(5)-3(3)

DRIEË: De Klerk, Mapimpi (2)
DOELSKOPPE: Pollard
STRAFDOELE: Pollard (3)

DATUM/PLEK: 27 Oktober 2019,
Internasionale Stadion, Yokohama
TEENSTANDER: Wallis,
Wêreldbekerhalfeindstryd
SKEIDSREGTER: Jérôme Garcès, Frankryk
UITSLAG: Wen, 19(9)-16(6)

DRIEË: De Allende
DOELSKOPPE: Pollard
STRAFDOELE: Pollard (4)

DATUM/PLEK: 2 November 2019,
Internasionale Stadion, Yokohama
TEENSTANDER: Engeland,
Wêreldbekereindstryd
SKEIDSREGTER: Jérôme Garcès, Frankryk
UITSLAG: Wen, 32(12)-12(6)

DRIEË: Kolbe, Mapimpi
DOELSKOPPE: Pollard (2)
STRAFDOELE: Pollard (6)

Toekennings en prestasies

1990	Hoërskool Despatch se Rugbyspeler van die Jaar
1992	Weermag (Vrystaat) se Rugbyspeler van die Jaar
1996	Suid-Afrika “A”: Belowendste Speler
1997	Vrystaat se Rugbyspeler van die Jaar
1998	Vrystaat se Rugbyspeler van die Jaar
1999	Benoem vir die Goue Leeus se Rugbyspeler van die Jaar
2000	Benoem vir SA Rugbyspeler van die Jaar
2001	Cheetahs: Waardevolste Speler
	Super 12: Spelers se Speler van die Jaar
2002	Cheetahs: Waardevolste Speler
2004	Cheetahs: Waardevolste Speler
2005	Vrystaat se Afrigter van die Jaar
2006	Vrystaat se Afrigter van die Jaar
	<i>Sports Illustrated</i> se Afrigter van die Jaar
2008	Benoem vir SA Rugbyafrigter van die Jaar
2017/18	Pro12 se Afrigter van die Jaar
2019	Wêreldrugby se Afrigter van die Jaar
	SA Rugby se Afrigter van die Jaar
	SA Sporttoekennings: Afrigter van die Jaar (2018)
2022	SA Sporttoekennings: Afrigter van die Jaar (2019/20/21)

DStv Mzansi Viewers' Choice Awards: Gunsteling-
sportpersoonlikheid

Erkennings

BOAAN MY LYS VAN ERKENNINGS is die spel wat my lewe sedert my vroeë kinderjare gevorm het en steeds my wêreld oorheers – rugby. Dit was aan die voorpunt van byna alles wat ek gedoen het en steeds doen. Sonder rugby sou ek nie die mens kon wees wat ek vandag is nie.

Ek gee graag erkenning aan almal – te veel om afsonderlik op te noem – wat saam met my op hierdie ongelooflike reis was, van my spanmaats en afrigters op skool, die weermag, universiteit en junior rugby tot die Cheetahs, Cats, Leeus en die Springbokke. Ek gee graag erkenning aan ’n ewe groot groep mense wat saamgereis het op my avonture as afrigter by die Cheetahs, Stormers, Munster en die Springbokke. As ek kon, sou ek elkeen van julle afsonderlik wou noem.

My bure op Despatch, die Human-gesin, het na my omgesien, my beïnvloed, en my liefde vir sport gekoester. Ek is hulle ewig dank verskuldig.

Ek wil graag ’n man uitsonder wat my onbaatsugtig in ’n jong stadium van my lewe help vorm het – Gideon van Rensburg. Hy was die eerste wat my potensiaal as rugbyspeler raakgesien en my onder sy vlerk geneem het, nie omdat hy verplig was of gevra is om dit te doen nie, maar omdat hy wou. Hy het geen lof of applous verwag nie, maar stil-stil sy passie vir rugby aan my oorgedra. Ek kan nie sê hoeveel ek aan hom verskuldig is nie.

In die besonder wil ek Jacques en Elmarie Nienaber bedank vir hul volgehoue ondersteuning en vriendskap. Jacques is soos ’n broer vir my sedert ons mekaar in ons jong dae in die weermag ontmoet het. Ons het saam die asemrowende hoogtepunte en die verpletterende laagtepunte beleef wat deel is van rugby. Ek waardeer dit dat hy regdeur alles aan my sy was.

Frikkie Erasmus is my rots. Hy is meer as ’n vriend. Hy is familie. Sy leiding, raad, ondersteuning en vriendskap het my deur goeie en slegte tye gehelp. Sonder hom sou ek nie die helfte van die man wees wat ek vandag is nie.

Ek wil graag vir David O’Sullivan bedank omdat hy hierdie boek geskryf het. Hy het my op ’n wonderlike nostalgiese geneem, gevul met wonderlike herinneringe en diep emosies. Ek het elke oomblik van ons gesprekke geniet.

Maar my grootste dankie gaan aan my familie. Aan my ma, Marie, wat in my grootwordjare soveel liefde in moeilike tye gegee het en wat my liefde vir sport aangewakker het. Aan my susters, Martlie en Gerda, wat hul kleinboetie liefgehad en beskerm het. Aan my wonderlike, beeldskone vrou, Nikki, dankie dat jy verstaan jy is getroud met ’n man wat ook met rugby getroud is, vir jou onwrikbare ondersteuning terwyl ons gesin van Bloemfontein na Kaapstad, na Castleconnell en terug Kaap toe getrek het sodat ek my rugbydrome kon volg. Ek weet dit was nie maklik nie, maar jou liefde beteken meer as wat ek kan sê. En aan my ongelooflike kinders – Nikki, Carli en Jani – julle is die middelpunt van my heelaal.

RASSIE ERASMUS

Kaapstad

Junie 2023

EK HET RASSIE ERASMUS OP ’n warm dag in Januarie 2023 by die De Grendel-wynlandgoed ontmoet. In daardie stadium het ek alles van hom geweet omdat ek oor sy loopbaan as speler en afrigter verslag gedoen het. Ná drie maande van intense gesprekke, waarin hy my in sy vertroude geneem en sy lewe blootgelê het, het ek besef ek het eintlik baie min van hom geweet. My dank aan Rassie dat hy sy storie dadelik aan my, ’n volslae vreemdeling, toevertrou het. Hy is ’n diep private man, wat ver buite sy gemaklike beweeg wanneer hy die publiek toelaat om hom te betrag. Tog het hy my toegelaat om in die diepste hoekies te graaf terwyl ons die vele lae van sy lewe afgeskil het. Dit het nooit soos werk gevoel terwyl ons ure lank gesels het om hierdie boek te laat vorm aanneem nie. Ek kan net hoop ek het reg aan hom laat geskied.

My dank aan Jacques Nienaber, Nick Mallett, Frikkie Erasmus en Russell Belter, wat tyd opgeoffer het om met my te gesels en hul insig in hierdie enigmatiese mens te deel. Dankie ook aan Ken Vernon vir sy terugblik op ’n aaklige tyd in Suid-Afrika se stormagtige verlede.

Ek is baie verskuldig aan Vivien Wray, wat die transkripsie baie vinnig en akkuraat gedoen het, en haar werk met insigte, opmerkings en skakels na artikels vir toekomstige navorsing verryk het.

My dank aan dr. Emile Gouws, wat rugbyboeke uit sy groot biblioteek beskikbaar gestel het, asook dosyne artikels oor Rassie uit sy enorme versameling rugbytydskrifte. Sy ongelooflike vermoë om in 'n oogwink te onthou waar om die artikels te vind, het my verstom.

Dankie ook aan Terry Morris en Andrea Nattrass van Pan Macmillan vir hul vertroue dat ek hierdie boek kon skryf, asook vir hul insig en raad. Dankie aan my goeie vriend en kollega Mandy Wiener, wat al soveel keer die skrywerspad geloop het en haar wysheid en raad met my gedeel het. Ek is ook baie verskuldig aan Sean Fraser, wie se skerp oog vir detail tot hierdie fantastiese eindproduk gelei het.

Laastens wil ek graag my vrou, Jacqui, bedank wat heel gewillig die fort gehou het wanneer ek Kaapstad toe verdwyn het vir nog 'n stel onderhoude of eindelose ure in my studeerkamer deurgebring het om hierdie manuskrip klaar te kry. Ek kan nou weer skoolkar ry. En aan my seuns, Michael en Tom, julle kan nou weer na hartelus lawaai sonder om te hoor: “Dis julle eerste waarskuwing ...!”

DAVID O'SULLIVAN

Johannesburg

Junie 2023

Eerste publikasie in 2023
deur Pan Macmillan Suid-Afrika
Privaat Sak X19
Northlands
Johannesburg
2116

ISBN: 978 1 7701 0872 1
e-ISBN: 978 1 7701 0873 8

© Rassie Erasmus 2023

Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie publikasie mag gereproduseer, in 'n inligtingsbewaring-en-ontsluitingstelsel geberg of opgeneem word, of versend word, in enige vorm, of op enige wyse (elektronies, meganies, fotokopiëring, opname of andersins) sonder die vooraf skriftelike toestemming van die uitgewer nie. Enige persoon wat enige ongemagtigde daad ten opsigte van hierdie publikasie verrig, is onderhewig aan strafregtelike vervolging en siviele eise vir skade.

Terwyl alles moontlik gedoen is om die akkuraatheid van die besonderhede, feite, name en plekke wat genoem word te verseker, is hierdie boek as memoires gedeeltelik op herinneringe gebaseer. Die uitgewer- en-skrywerspan verwelkom terugvoering, kommentaar en/of regstellings wat hierdie boek verder kan verryk.

Afrikaanse vertaling deur Jaco Jacobs, met insette deur Francois Griebenow

Redigering deur Sean Fraser
Geproeflees deur Jackie Pienaar-Brink
Transkripsie deur Vivien Wray
Indeksering deur Christopher Merrett
Voorbladontwerp deur publicide
Voorbladfoto deur Steve Haag Sports
Agterbladfoto van die skrywerspan by Just Joey Lodge

eBoek geskep deur Full Circle
marike@fullcircle.co.za